

'N HANDLEIDING VIR  
SEKONDÊRE  
AFRIKAANS-LEERLINGE

en ander Belangstellendes

(Volgens die leerplane van die vier provinsies.)

deur

C. P. VAN DER MERWE, B.A., B.Ed.



(Tweede hersiene en verbeterde druk.)



NATIONALE PERS BEHEER

Kaapstad, Bloemfontein en Port Elizabeth

1941


SKB  
439.368  
VAN

'N HANDLEIDING VIR  
SEKONDÊRE  
AFRIKAANS-LEERLINGE  
en ander Belangstellendes

(Volgens die leerplanne van die vier provinsies.)

deur

C. P. VAN DER MERWE, B.A., B.Ed.



(Tweede hersiene en verbeterde druk.)



NASIONALE PERS BEPERK — KAAPSTAD  
BLOEMFONTEIN EN PORT ELIZABETH

1941

*Aan my ow skool, die Hoërskool  
Dirkie Uys, waar ek vir die eerste  
keer die moedertaal met liefde leer  
doseer het.*

### Ter Verskoning (by die eerste druk)

Die doel van hierdie poging is om aan elke sekondêre Afrikaans-leerling die kans te gee om deur middel van een boek die essensiële in die hele leerplan te wete te kom. Die baie „leerboeke”, hoe voortreflik hulle ook al mag wees, en die menigvuldige aantekeninge is verwarrend, onekonomies en tydrowend; en 'n doeltreffende plaasvervanger is dringend noodsaaklik.

Dat so 'n breë opset baie probleme oplewer en veel aan die oordeel van die opsteller oorlaat, spreek vanself. Of so 'n „eenboek-ideaal” verwesenlik kan word, moet hierdie eerste poging bewys. Menings in hierdie verband sal besonder hoog op prys gestel word. Dit is egter noodsaaklik dat, terwyl die leerling van hierdie boek gebruik maak, die onderwyser aanvullende werk uit die baie voortreflike, bestaande hulpmiddele sal doen.

Aan verskillende persone is ek opregte dank verskuldig. In die eerste instansie aan mnr. Jan Rossouw wat so vriendelik was om die manuskrip van die eerste druk na te sien, en sonder wie se rype kennis en simpatieke leiding veel minder sou tot stand gekom het. Ook wens ek mnr. Pierre Uys vir wenke, mej. K. Dreyer en mnr. A. van Niekerk vir stof, en mej. E. Keet vir die lees van proewe hartlik te bedank.

Voorts moet ek die baie bronne wat 'n mens vandag kan raadpleeg soos Proff. Bouman en Pienaar, Proff. Botha en Burger, en Mnr. D. Potgieter se grammatika-boeke, Proff. Botha en Burger, en Mnre. van Rouendal en du Toit se stylleerboeke, Prof. Malherbe e.a. se idioomboeke, Oom Taalwag se vrugbare artikels in „Die Burger”, die baie mooi oefeningboeke en ander verwante hulpmiddele dankbaar erken.

Dat hierdie boek by elke leerling groter belangstelling in en meer liefde vir ons mooi Afrikaans sal opwek, is die hartewens van

DIE SKRYWER.

Hoërskool Dirkie Uys,  
Moorreesburg,

15 November 1939.

### **Voorwoord (by die eerste druk)**

Ek het met belangstelling na die lees van die manuskrip uitgesien om te kan te wete kom of die boek sal voorsien in die diepgevoelde behoefte aan 'n taalboek wat die hele bestek van die huidige leerplan dek. Die boek het my bevredig. Nie alleen dek dit die leerplan nie; dit bied meer en op 'n wyse wat duidelik toon dat die skrywer praktiese onderwyser is, dat die taak wat hy hom gestel het, spruit uit ondervinding opgedoen in die klas-kamer, en as eksaminator. Die skrywer is iemand, goed bekend met die moelikhede aan taalonderwys verbonde, en om die rede sal onderwysers sy geslaagde poging om ons in die opsig hulp te bied stellig verwelkom.

Ons beskele mening is dat die boek 'n baie gunstige ontvangs sal geniet.

J. H. Rossouw,  
Senior Onderwyser in Afrikaans.

H.J.S. Stellenbosch,  
26 Oktober 1939.

## Ter Inleiding (by die tweede druk)

Die bemoedigende ontvangs van die eerste druk het ten gevolg dat die tweede, hersiene druk só gou verskyn. Mag die ongerief wat kollegas en leerlinge moet uitstaan as gevolg van so 'n spoedige verandering vergoed word deur die feit dat hierdie werk veel meer omvattend is — en dat dit vir 'n langer periode ongewysigd sal verskyn.

Die radikale veranderinge beteken veral dat die grammatika-afdeling geweldig uitgebrei moes word, dat oefeninge (op kollegas se versoek) moes ingesluit word en dat 'n aantal vertalings gegee word hoofsaaklik met die oog op 'n suiweringsproses. Die hoofstuk „Mylpale” is veral bedoel vir dié skole wat 'n studie van die Taalbewegings maak. In „Beskouinge” word sekere aspekte van taalstudie bespreek.

Die doel van die boek is om op 'n praktiese manier aan alle „na-primêre” leerlinge in die verskillende provinsies deur middel van een boek die belangrikste sake i.v.m. Afrikaans (soos deur die verskillende leerplanne vereis) te verduidelik. („Sekondêre” beteken leerlinge van middelbare-, sekondêre- en hoërskole, terwyl vakskole en belangstellende leke ook nie vergeet is nie). Die kern van die verskillende leerplanne sal leerlinge dan ook in die boek vind, sodat die onderwyser(es) net aanvullingswerk kan doen.

Die volgende kan by die gebruik van die boek as leidraad dien: Die eerste nege hoofstukke moet beskou word as algemene en junior werk, terwyl die orige meer gevorderde en gespesialiseerde werk is. Aangesien elke aspek egter in 'n bepaalde hoofstuk **afgehandel** word, sal daar noodwendig gevorderde dele wees wat oorgeslaan en later behandel kan word. Alles hang af van hoeveel tyd aan taalwerk bestee word. Dit dien egter beklemtoon te word dat dit 'n **leerboek** is waarin leerlinge die korrekte antwoord van oefeninge wat hulle dikwels nie kan doen nie, sal vind. Hierdie leerwerk moet egter aangevul word deur skryfoefeninge, soos dié in hierdie boek, in ander oefeningboeke en in die vraestelle van die verskillende provinsies geverg.

'n Woord van diep-gevoelde dankbaarheid aan 'n paar persone: Dr. W. Kempen en mnr. Luther Bruwer het die manuskrip deurgewerk en aanbevelings gedoen. Hulle belangstelling, onvermoeide ywer en buitengewone vakkennis word baie, baie hoog op prys gestel. Wat tereg gekom het, is aan hulle te danke. Wat verkeerd gebly het, is aan die skrywer te wyte. Mej. Erina Keet wat proewe help lees het, se hulpvaardigheid en besieling was 'n besonder groot steun. Dankie daarvoor.

Benewens die bronne, in die eerste druk erken, wil die skrywer nog dankbaar noem: „Die Verkleinwoord in Afrikaans” van dr. W. Kempen, „Die Invloed van Engels op Afrikaans” van dr. H. J. Rousseau, die F.A.K.-reeks vertalings, Dr. le Roux se „Sintaksis”, mnr. D. Brand se „Drietellige Idioomboek”, Mnr. Booysen, Steyn, Bonthuis en Marais se grammatikaboek, „Die Afrikaanse Taalbewegings” van mnr. A. Meiring, dr. G. Dekker se „Literatuurgeskiedenis”, dr. P. C. Schoonees en dr. J. R. van Bruggen se „Inleiding tot die Studie van Literatuur”, dr. F. E. J. Malherbe se „Kortverhaal as Kunsvorm” en „Aspekte van die Literatuurgeskiedenis” en mnr. A. H. Jonker se „Prosarigtings en -Ontleding”.

Ten slotte ’n beroep op kollegas en veral leerlinge: As u aantekeninge i.v.m. „glipse”, foute en veral probleme en „nuwe” materiaal aan die skrywer wil stuur, sal hy dit besonder hoog op prys stel, en dan het die volgende druk nog meer ’n kans om die **leerling** se boek te wees. Taalwerk beteken gedurig wakker wees, luister, aanteken, versamel en rangskik.

Dat die boek leerlinge sal prikkel om meer te wil weet en beter te skryf en praat, is die wens van

DIE SKRYWER.

Hoërskool Dirkie Uys,  
Moorreesburg,  
1 Augustus 1941.

## VOORWOORD (by die tweede druk)

Die ontvangs deur resesente en onderwysers van die eerste druk van hierdie handleiding, het bewys dat die skrywer sy oogmerk bereik het: om die *hele* bestek van die leerplan te dek. Tans is hierop nog belangrike verbeteringe aangebring: dit dek die *hele* bestek vir *al* vier die provinsies, die inhoud is heelwat aangevul sonder om dit te oorlaai, en die belangrikste: die taalbeskouing en die indeling is modern ingestel. Sodoende bring dit in verskeie opsigte die skolier, die eksaminator en die universiteitsdosent in noue aanraking met mekaar, terwyl dit, gesien die omvattendheid van die inhoud, ook 'n hoogs waardevolle bydrae lewer om meer eenvormigheid in die taalonderwys van die Unie te bewerkstellig. Les bes bewys hierdie bundel dat formele grammatika behandel kan word sonder om tussen die spreekwoordelike doodsbeendere te verval.

W. KEMPEN.

Snr. Lektor,  
Departement van Afrikaans-Nederlands,  
Die Universiteit, Stellenbosch. 25 Julie 1941.

## INHOUD

Hoofstuk	Bls.
I. DIE OPSTEL .. .. .	1
II. DIE BRIEF .. .. .	9
III. PARAFRASE EN INDIREKTE REDE .. .. .	20
IV. DIE UITTREKSEL .. .. .	25
V. BEKNOPT E GRAMMATIKA .. .. .	26
1. <i>Klankleer</i> .. .. .	26
Spelling .. .. .	27
Uitspraak .. .. .	29
Klem .. .. .	30
Assimilasie .. .. .	31
Klankverandering .. .. .	31
Klanknabootsing .. .. .	32
2. <i>Buigingsleer</i> .. .. .	33
Rededele .. .. .	33
Funksieverandering .. .. .	34
Die Naamwoord (Soorte, Geslag, Getal, Verkleinwoord, Naamval) .. .. .	37
Die Voornaamwoord .. .. .	48
Die Byvoeglike Naamwoord .. .. .	51
Die Lidwoord .. .. .	56
Die Werkwoord (Soorte, Tyd, Vorm, Wyse, Deelwoord) .. .. .	57
Die Bywoord .. .. .	66
Die Voorsetel .. .. .	68
3. <i>Woordvorming</i> .. .. .	80
Samestelling (Samevoeging van verskillende Rededele, die Koppelteken, Skeibare en Onskeibare Wwe., Intensiewe Adje.) .. .. .	81
Afleiding (Stamverandering, Persoonsname, Abstrakte Selfst. Nwe., Afgeleide Adje., Afgeleide Wwe., Afgeleide Bywe., Voor- en Agtervoegsels, Paronieme) .. .. .	92
4. <i>Sinsleer</i> .. .. .	109
Enkelvoudige Sinne .. .. .	110
Veelvoudige Sinne .. .. .	110
Samegestelde Sinne .. .. .	111
Sinsontleding .. .. .	115
Sinsbou .. .. .	116
Foutiewe Sinne .. .. .	117
Die Dubbele Ontkenning .. .. .	118
5. <i>Betekenisleer</i> .. .. .	119
Sinonieme .. .. .	119
Antonieme .. .. .	122
Homonieme .. .. .	123
Paronieme .. .. .	(sien) 106
Betekenisverandering .. .. .	124

<i>Hoofstuk</i>	<i>Bls.</i>
Passende Werkwoorde .. .. .	126
Passende Selfst. Nwe .. .. .	128
Een Woord vir Baie .. .. .	129
Woorde wat Verwar word .. .. .	132
Woorde en Uitdrukkinge in Sinne .. .. .	134
<b>VI. IDIOME .. .. .</b>	<b>140</b>
Vir die Juniors .. .. .	140
Vir die Seniors .. .. .	153
Idiome en Rym .. .. .	162
Die Volk as Skepper van Idiome .. .. .	166
<b>VII. TAALSUIWERHEID EN ANGLISISMES .. .. .</b>	<b>169</b>
<b>VIII. VERTALINGS .. .. .</b>	<b>182</b>
<b>IX. AFKORTINGS .. .. .</b>	<b>192</b>
<b>X. TAALVERSKYNSELS .. .. .</b>	<b>194</b>
Klankverandering .. .. . (sien)	31
Betekenisverandering .. .. . (sien)	124
Woordeskatverandering (Archaismes, Taalfossiele, Volks- etimologie, Kontaminasie, Stapelvorme, Reduplikasie en Analogie) .. .. .	195
<b>XI. STYL .. .. .</b>	<b>199</b>
Taal en Styl .. .. .	199
Paragrafe .. .. .	200
Interpunksie .. .. .	200
Hoofletters .. .. .	204
Styleienskappe .. .. .	206
<b>XII. I.V.M. LITERATUUR .. .. .</b>	<b>214</b>
Prosa en Poësie .. .. .	215
Letterkundige Terminologie .. .. .	215
Beeldspraak .. .. .	216
Ritme .. .. .	225
Metrum en Versvoete .. .. .	226
Skandering .. .. .	228
Rym .. .. .	229
Soorte Poësie .. .. .	231
Soorte Prosa .. .. .	237
Vereistes vir mooi Romankuns .. .. .	241
Die Drama .. .. .	243
Soorte Dramas .. .. .	244
Vereistes vir die Drama .. .. .	246
<b>XIII. OEFENINGE .. .. .</b>	<b>248</b>
Die Opstel .. .. .	248
Die Brief .. .. .	249
Parafrese en Indirekte Rede .. .. .	249
Die Uittreksel .. .. .	249
Grammatika .. .. .	250
Klankleer .. .. .	250
Buigingsleer .. .. .	250
Woordvorming .. .. .	253
Sinsleer .. .. .	254
Betekenisleer .. .. .	255

<i>Hoofstuk</i>	<i>Bls.</i>
Idiome .. .. .	256
Anglisismes en Vertalings .. .. .	256
Taalverskynsels .. .. .	257
Styl .. .. .	257
Literatuur .. .. .	257
<b>XIV. MYLPALE OF TAALBEWEGINGS .. .. .</b>	<b>259</b>
<b>XV. BESKOUINGE .. .. .</b>	<b>267</b>

## HOOFSTUK 1

### Die Opstel

In die goeie ou tyd het leerlinge elke week 'n opstel geskryf, en die opstel was seker die mees gehate vorm van huiswerk. Sedert daardie dae het hierdie vorm van taalwerk 'n geweldige ontwikkelingsproses deurgemaak, maar populêr het dit ongelukkig nog nie geword nie. Dit sou seker goed wees, as taalmanne metodes kon aanwend om die opstel meer gewild te maak. Jy skrywe nie jou hele lewe opstelle nie; en waarom, so redeneer bv. die wetenskaplik-onderlegde maar taalkundig-minderbevoorregte leerling, moet 'n mens dan so baie van die „nare goed” skrywe? Daar sit seker iets in so 'n argument, maar enige mens moet tog sy gedagtes oor ten minste sy *belangstelling* kan uitdruk. Dan is daar ook nog die pragtige veld van eie skepping en die literatuur. As leerlinge sover kan kom om in die opstel 'n lewende **skepping**, en geen sielodende vermoelenis nie, te sien, dan het hulle al baie ver gevorder.

Hoe dit ook al sy (om terug te keer tot die bestaande orde), vandag speel die opstel veral in ons hoërtaalvraestelle 'n baie vername rol, en ambisieuse leerlinge dien spesiaal op verbetering van hierdie afdeling te let.

'n Opstel het spesiale voorbereiding nodig, wil die leerling iets skoons skeep. Dit is noodsaaklik dat die leerling baie aandag aan die versameling van materiaal en verwerking van die stof sal wy. Dit is dus 'n groot fout om onderwerpe vir opstelle neer te skryf, dadelik los te trek en dan te verwag om skoonheid en wysheid daaroor uit te kraam. Die beste metode is om die onderwerpe neer te skryf, daaroor te lees en meer uit te vind, in elk geval daaroor te dink, hoofgedagtes wat later paragrawe word, neer te skryf en eers dan die opstel te skryf. Die voorbereiding kan nie sterk genoeg beklemtoon word nie, want so baie van die swak kandidate se moeilikhede is meer toe te skryf aan *dinkfoute*, verkeerde interpretasie van die onderwerp en ander simptome van slegte voorbereiding as 'n swak taalbeheer. Die knapste mens kan gewoonlik nie iets ordentliks neerskryf sonder om hoofgedagtes mooi puntsgewyse neer te skryf nie—en hoe wil die middelmatige of swak leerling nou so onverskrokke losslaan sonder enige skema en 'n goeie resultaat verwag? Nee, die hoofpunte moet daar wees, al wil die eksaminator hulle nie sien nie. Die leerling moet leer om hierdie soort voorbereiding 'n **lewensgewoonte** i.v.m. die geskrewe en gesproke woord te maak.

(Op taalfoute kan hier nie ingegaan word nie; dit is immers 'n saak, waaroor eksaminatore in hulle verslae en onderwysers(esse) in hulle klaswerk nie sommer uitgepraat raak nie).

As 'n leerling eers korrek en netjies skryf (sonder dat hy al veel op *styl* kan aanspraak maak) dan het hy al byna sestig persent bereik; en dan het hy 'n fondament waarop hy kan voortbou. Styl is egter iets veel meer gevorderds as taal. Dit moet iets *natuurliks* wees, en die poging van leerlinge om alte gou „mooi” te skryf, loop baie gou op allerhande wangedrogte uit, waaroor ons eers 'n bietjie kan gesels:

Die populêrste stylfout is die opsetlike *mooiskrywery*, die voorliefde vir die sg. „hoë” woord, wat gewoonlik uitloop op 'n onsierlike *hoogdrawendheid*, 'n bombas van die ander wêreld. So baie stylfoute is tot hierdie *gekunstelde onnatuurlikheid* te herlei, dat 'n mens leerlinge waarlik met groot klem kan toeroep: „Wees uself!”

Baie leerlinge is weer so onbeholpe *langdradig*, dat die kern van die saak heeltemal verlore gaan. Verwante stylfoute is *vaagheid* en *dubbelsinnigheid* — alles direkte gevolg van die feit dat die leerling sy moedertaal nie kragtig, fris en spontaan-duidelik kan skryf nie.

En hierdie laaste woorde lei ons tot meer positiewe styleienskappe. Afgesien van korrektheid, hoe moet 'n leerling skrywe om „hoë punte in die eksamen te behaal?” Laat ons maar dadelik sê dat die sogenaamde letterkundige styl tot 'n groot mate ingebore talent is — 'n talent wat hom gewoonlik vroeg in die lewe openbaar en wat tot voortreflike hoogtes kan ontwikkel word. Dit moet die „onletterkundiges” egter nie ontmoedig nie; 'n mens is alte vaak onbewus van hierdie talent van jou, en 'n mate van ontwikkeling is selfs vir die talentlose moontlik.

So baie leerlinge meen dat styl sommer op 'n goeie dag van uit die hemel op 'n sterfling neerdaal, en dan is hulle nie gewillig om 'n bietjie sleurwerk te doen nie. Dit is 'n baie dwase idee. Elke leerling moet hard werk om sy woordeskat uit te brei, om iets so mooi as moontlik te sê — om sy *seggingskrag* te verbeter; en dan kan hy aan sy styl begin dink.

Soos reeds gesê, sal voortreflike styleienskappe *spontaan* kom. Is Langenhoven se geestigheid, Sangro se digterlikheid of Celliers se plastiek dan miskien doelbewus aangekweek en vooraf bepeins? Nee, dit het spontaan opgewel uit die kunstenaarsiel. Die geniale kandidaat kan net soos ons groot prosateurs nie alleen vooraf die akkers bewerk vir daardie letterkundige plant nie, maar ook iets doen om daardie plant tot volle wasdom te laat ontplooi. Veral in die begaafde leerling se lewe kom daar oomblikke wanneer hy die sagte drang van die inspirasie onmiskenbaar voel. Hy moet gehoorsaam wees aan daardie innerlike roepstem en op die vlering van die besleling die mooiste skep

waartoe sy gees in staat is. Daardie gehoorsaamheid lei tot die hoogste kuns.

Die mooi opstel gee die indruk dat dit **spontaan en natuurlik** geskryf is. Dit is **vlot, ter sake, dikwels eenvoudig** en vol treffende **skoonheid**. En wat verleen onder andere skoonheid aan die geskrewe woord? Alle groot kuns is **oorspronklik**, gebore uit 'n volle kunstenaarshart. As jy digterlik-liries aangelê is, sal jou prosa as vanself sing; en verrassende, oorspronklike beelde sal jou styl so **plasties** maak, dat dit die leser sal ontroer. Is jy geestig en satiries aangelê, dan sal jou fyne spot, jou komiek en humor jou leser blywende genot verskaf. Alle groot kuns is vol **stemming en atmosfeer**, en daarin is 'n onverklaarbare element, vaag-weg **skoonheid** genoem, wat jou verpletter en verhef, jou ontroer en streel soos karmosyn berge in die sterwende aandson, soos somernagte met 'n donker gewelf vol flonkerende sterre. Waaragtig geïnspireerde opstelle, soos alle groot kuns, vergaan nooit, maar bly ons by om ons gelukkig te maak in ons oomblikke van dorre verveling en prosaïese saaiheid.

Hier volg nou opstelle soos senior leerlinge hulle vir hulle jaarblad geskryf het. Let op die verskillende aard (ons is immers gelukkig nie almal digters nie):

#### „O, MAGTIGE OSEAN, JY WYDGESTREKTE”

Jy, kalme moeder met jou strelende hande — simbool van die Ewigheid! In jou moederarms rus die verborgene en die diep geheimsinnige. Jy, met jou elegante kleed van ritselfende voue, wat saggies teen die kuste suis! Blou is jou kleed aan die begin — ligblou, heerlik blou soos die onskuldig-laggende oë van 'n suigling, en dan donkerder — die blou van die koringblom, gemeng met die ontwakende dou-benatte groen van die velde in die lente — en nog verder 'n sagte purperblou soos die fluweelkelk van die violet. Rustig prewel jou fluisterstem — sag-strelend soos dié van 'n moeder — vertroostend — salwend . . .

Jy, ewig-veranderlike, 'n moeder omskep in 'n woedende gedierte wat, alles verbryselend, met vreesaanjaende vaart voortdonder . . . Jy, woestaard, wreedaard met jou brullende donderstem! Waansinnige, met jou koorsige rumoerigheid, met jou woeste geskop en geskel soos dié van 'n veronregte gevangene, totdat jy met hees-krakende stem, en met geel oë vol wraak-gedagtes alles voor jou verpletter!

Jy, somber-weemoedige . . . Het jou woede jou gebreek? Het jou bulderende hartstog jou vermoel? Jy is moeg soos die slap hand van 'n sterwende grysaard wat verlaas nog opgetel word. Traag sleep jy voort . . . gebrokene, met jou verrimpelde, vervalle gesig. En dor lyk jy en vaal-geel verouderd soos 'n verhongerde wandelaar; en gebroke weeklaag en steun en kreun jy voort . . .

Maar ook jy, laggende en speelsieke! Jy, wat huppelende dans — vrolik soos 'n dartelsieke vlinder; en die jeugdebloed deurtintel jou are! Bly is jou hart soos blomme op 'n lentemôre; fris is jou glimlag soos die doudruppel wat op 'n oop roosknop glinster. Jy, speelsieke, met jou onbesorgde kinderstem en jou tinkelende kinderlaggies! Jy, dansende simbool van die jeug!

\* \* \* \*

A! Kalme moeder met jou strelende hande — simbool van die Ewigheid . . . .

### SNELHEIDSREKORDS

Dit is merkwaardig dat met die jare die onlesbare dors na snelheidsrekords toeneem, en so af en toe staan die wêreld onwillekeurig verbaas oor die prestasie van een of ander van sy kinders.

Om hierdie aanloklike en benydenswaardige doel te bereik is nie, soos met die eerste oogopslag skyn, so danig maklik nie. In sommige gevalle eis dit van die aspirant-rekordslaner weke en selfs maande van harde afrigting. In ander gevalle weer eis dit sekure berekenings en doeltreffende voorbereidings, sodat alles op die bepaalde dag in perfekte orde sal wees.

Die persoon wat van voorneme is om 'n rekord te slaan, moet 'n private vermoë besit of deur ander persone gesubsidieer word, want die jag op rekords is tegelyk tyd- en geldrowend. Het jy ook eenmaal probeer, kan jy verseker daarvan wees dat die dors, om „nog hoër hoogtes” te bereik, jou sal beetpak.

Die feit dat die wêreld jaar na jaar atlete oplewer wat met Spartaanse uithouvermoë bestaande rekords vernietig, is 'n bewys dat die bewering dat die mensdom op liggaamlike gebied agteruitgaan, hopeloos verkeerd is.

Die eerste persoon wat voor ons geestesoog opdoem, as ons die motorwêreld betree, is Sir Malcolm Campbell met sy byna spreekwoordelike „Bluebird”, waarmee hy die verbysterende snelheid van driehonderd myl per uur op Daytona-strand behaal het. 'n Ander reuse-figuur op hierdie gebied, kaptein Eyston, het egter al weer hierdie spoed oortref en die rekord staan vandag op driehonderd-en-twaalf myl per uur.

Blaal ons deur die geskiedenis van snelheidsrekords op water, tref ons weer Sir M. Campbell se naam aan. Hierdie keer is hy met sy motorboot op Meer Maggiore in Italië waar hy die rekord vir hierdie vaartuie op honderd-en-dertig myl per uur gebring het, en waar hy nou probeer om homself te oortref.

Verder sien ons die vriendskaplike mededinging op die Atlantiese Oseaan om die besit van die Blou Wimpel. Veral die Engelse en Franse passasierskepe, die „Queen Mary” en die „Normandie”, is hierin betrokke. Die huidige besitter is die

„Queen Mary”. Duitsland is besig om die grootste passasierskip in die wêreld te bou, en daar word gehoop dat hierdie skip die Blou Wimpel aan Duitsland sal besorg.

Ons het nog nie mooi begryp dat die Duitser, Dr. Wurster, driehonderd-en-tagtig myl per uur met sy vliegtuig behaal het nie, toe 'n Engelsman al weer die rekord slaan en dit na meer as vierhonderd myl per uur verskuif.

Nie alle ondernemings slaag nie, soos maar alte duidelik blyk uit die lys slagoffers wat hierdie afdeling van die beskawing al geëis het.

Alhoewel die rekordslaner in sy poging om nuwe snelhede te bereik, in baie gevalle doelbewus op 'n gewisse dood afstuur, skrik dit hom geensins af nie, maar doen hy enige onverskrokke ding om sy doel te bereik, wat die normale mens onder geen omstandigheid sou doen nie.

En van watter nut is hierdie skitterende triomfe nou vir die mensdom? Wen iemand daar iets by? Die antwoord is 'n besliste: „Nee!” En waarom word rekordslaners dan as helde vereer? . . . .

Maar — die feit bly daar dat, solank as die mensdom nog bestaan, snelheidsrekords geslaan sal word, en waarom nie? Word 'n rekord dan nie maar daar gestel sodat dit weer oortref kan word nie?

#### WAAR KRY JY DAARDIE HOED?

Dis skroeiend warm, maar daar heers groot opgewondenheid in die skoolsaaltjie op Bobbejaansvlei. Die boere sit soos uitgeryste mosbolletjies teen mekaar gedruk, want vandag word gedebatteer oor die oproerwekkende onderwerp: „Behoort vrouens nie liewers kappies as die moderne, sogenaamde hoede te dra nie?” Vandag sal hulle vir die vrouens wys wat 'n ordentlike boer van 'n sopskottel dink.

Skielik bars 'n luide handeklap los, want die voorsitter, Oom Koen Hoenderpaai, verskyn op die lampoliekissie-verhoog. Na 'n luidrugtige gekeelskoonmakery trek die ou los: „Geliefde vrinne, ons het vandag hier saamgekom om die, hoe sal ik sê, om die hoedemodes van ons vrouens uit te pluus, maar, solank soos ons 'n bietjie afkoel, sal Nig Mieta Viljoen vir ons 'n baie onbekinne lied sing.”

Dit duur ook nie lank nie, of Nig Mieta staan op die verhoog en, begelei deur ou Jaap Viljoen met sy konsertina, sing sy met haar koringbesiestem die „onbekinne” lied, „My matras en jou kombers”.

Nou kom die debatonderwerp onder bespreking. Die inleer is Oom Rooikerneels. Sy gesig gloei vandag net soos sy rooikop. Die ou het ook skaars gestaan, toe dreun dit soos hy praat: „Vrinne, ek sê 'n vroumens moet 'n kappie dra, want hierdie

sopkomme, suikerpotte, teekanne en kastroldeksels, glo my vrinne, sal ons vrouens tot in die verderf laat sink!" En hy stamp met die donklestewel dat die ou verhogie kraak. Die mense klap dat dit so gons. Oom Jan Petoors, heelagter in die saal, sit al byna in die lug van opgewondenheid, en Oom Frederik Bossie se sweet tap al op die grond. Ai! maar daar lewe nie nog so 'n redenaar soos dié rooikop nie! 'n Paar vrouens is egter bloedrooi van verontwaardiging.

Nou volg die teenstander, Klaas Kluitjie, en, toe hy eindig met: „Het zij zo,” trek die klomp vrouens los en sing: „Kluitjie is 'n lekker kêrel” dat dit so dreun, met die gevolg dat die oorblufte kêrel glad sy stoel misst.

„Nadat die voorsitter weer die „vrinne” tot bedaring gebring het, vind die stemmery plaas. Na 'n rukkie weerklink die ou saaltjie van drie harde hoera's, want dié wat meen dat vrouens kappies behoort te dra, is die meerderheid.

Toe Oom Koen Hoenderpaai sê: „Ik heb gezegd,” sit ou Jaap al reg met die konsertina, en, nadat almal die treffende lied, „Waar kry jy daardie hoed?” saamgesing het, verdaag die vergadering.

Dit is seker nie nodig om vir leerlinge 'n hele aantal onderwerpe neer te skrywe waaroor hulle opstelle moet skrywe nie. Opstelonderwerpe, deur volwassenes aangegee, is baie maklik te bekom, maar leerlinge vind hulle oor die algemeen nie danig interessant nie. Hoe sal dit nou wees as leerlinge self 'n slag onderwerpe aan die hand gee? Die lengte en aard van hierdie „take” moet so afwisselend moontlik wees. Hier is nou o.a. dinge wat leerlinge „nie omgee om te doen nie”. (Dit is egter bloot 'n leidraad. Eers wanneer leerlinge self aanvul en uitbrei, word die onderneming vir hulle waardevol en interessant):

Gee 'n saaklike beskrywing van: (a) Jou geboorteplaas, (b) Een of meer eienaardige maats van jou, (c) Enige lid van jou personeel, (d) 'n Snaakse tipe op jou dorp, (e) 'n Treffende natuurtoneel wat jy dikwels bewonder, (f) Enigemand of -iets wat heeldag in jou gedagte is.

Skets saaklik: (a) Jou klas oor veertig jaar, (b) Jou ideale skool, (c) Die wêreld in die jaar 2000.

Stel jouself voor as: (a) Die rykste man op die wêreld, (b) 'n Diktator in jou vaderland, (c) Burgemeester van jou dorp of stad, (d) 'n Arme bedelaar, (e) 'n Rolprentster.

Gee 'n grappige beskrywing van: (a) 'n Bakleiery wat jy „bygewoon” het, (b) 'n Snaakse party, (c) 'n Eerste besoek aan 'n stad, (d) Enige insident wat jou vermaak het.

Bespreek die kwessie: (a) Of seuns en dogters saam opgevoed behoort te word, (b) Van huiswerk, (c) Hoe om die armoede in ons land minder te maak, (d) Hoe ons onderwysstelsel hervorm moet word, (e) Spaarsin, (f) Handhaaf en bou, (g) Enige vraagstuk waarin jy belangstel.

Skrywe 'n samespraak tussen: (a) 'n Kwaai onderwyser en 'n ondeuende seun, (b) 'n Konserwatiewe boer en sy progressiewe kind, (c) Twee skoolkinders oor enige saak, (d) Enige twee mense wat jou laat lag het.

Vertel van jou held(in): (a) In die geskiedenis, (b) In die literatuur, (c) Op die (rolprent)doek, (d) Op die verhoog, (e) In die vliegkuns, (f) Op enige ander terrein.

Vertel hoe te werk gegaan word om: (a) Brood te bak, (b) Wasgoed te was en te stryk, (c) 'n Skaap te slag en af te slag, (d) Graan te dors, (e) Vrugte te droog, (f) Met 'n motor weg te trek, (g) 'n Vliegtuig te bestuur, (h) Enige ander ding te doen wat jy dikwels doen of dikwels sien doen.

Sê of skrywe neer hoe die volgende lyk: (a) 'n Hospitaal, (b) 'n Groot boot, (c) 'n Museum, (d) 'n Dieretuin, (e) Enige ander ding wat 'n groot indruk op jou gemaak het.

Skrywe die toespraak neer wat jy by die volgende geleentheid sou afsteek: (a) By jou verkiesing as leier of leidster van jou klas of skool, of as kaptein van enige span; (b) By jou afskeid aan dié, in (a) genoem; (c) By jou verkiesingsveldtog as aspirant-lid van die stadsraad of die provinsiale raad of die parlement; (d) Na jou verkiesing tot enigeen van dié, in (c) genoem; (e) By enige seremonie van gelukwensing. Oefen enigiets, wat jy vermoedelik eendag sal nodig kry.

Stel die volgende op: (a) Skoolreëls, (b) Verkeersreëls of sanitêre reëls vir jou dorp of stad, (c) 'n Konstitusie vir enige liggaam, (d) Enigiets wat volwassenes soms moet opstel.

Soek eentalige kennisgewings uit, en vertaal hulle.

Skrywe bydraes vir (a) Jou klaskoerantjie, (b) Jou jaarblad, (c) 'n Kunstwedstryd, (d) „Die Jongspan”, (e) „Die Huisgenoot”.

Probeer om die volgende te skrywe: (a) Enige gediggie, (b) 'n Kort drammatjie, (c) 'n Spookverhaal, (d) 'n Speurverhaal, (e) 'n Liefdesverhaal, (f) Enige ander verhaal.

#### Stelling i.v.m. stelwerk (veral die Opstel):

[Onderstaande stelling is in Mei 1940 voor 'n konferensie van taalonderwysers(-esse) neergelê en verdedig, en hulle word hier in gewysigde vorm ingelas — natuurlik nie in die eerste instansie vir leerlinge nie, maar wel vir leerkragte]:

1. Die opstel-skrywery is vir ons leerlinge oor die algemeen 'n pyniging en 'n vermoënis des geestes, waar dit **skeppingsvreugde** behoort te wees.

2. Om 'n kind opstelle te laat skrywe oor onderwerpe waarin hy hoegenaamd geen belang stel nie, is 'n pedagogiese misdaad, deur onoorspronklike leerkragte gepleeg.

3. Skeppinge soos bydraes vir 'n klas- of skoolkoerant, jaarblaale, kunstwedstryde ens., en die skrywe van verhaaltjies, samesprakies, gediggies ens. is baie minder sielododend en baie meer vormend as die saale opstel.

4. Oefeninge wat uitbreiding van die woordeskat, taalbeheer, korrektheid en letterkundige smaak beoog, kan die opstel soms met vrug vervang, en is in elk geval onontbeerlike aanvullingswerk.

5. Netjiese transkripsie moet in die mode kom, outyds of nie.

6. Te veel opstelle ondermyn die kind se deeglikheid, indien nie sy eerlikheid nie, en maak van die onderwyser 'n sleg-betaalde, afgesloofde, lewensmoë masjienmens.

7. Die feit dat die leerling **strew**e is oneindig belangriker as die feit of die onderwyser nasien.

8. Die beste beoordelingsmetode is na alles maar om 'n algemene-indruk-punt toe te ken.

9. Leerlinge behoort foute ten minste **drie** keer korrek neer te skrywe — selfs vir sagmoedige taalmeesters(esse).

10. Elke onderwyser(-es) behoort 'n „sondeboek" daarop na te hou, waarin die populêre foute aangeteken word, sodat hulle later behandel kan word.

11. As teengif behoort elke skool 'n leerlingbloemlesing „op te bou," waarin mooi opstelle en ander puik bydraes 'n trotse plekkie kan verower.

12. Die voordra van kunsopstelle en ander ontroerende prosa is die onderwyser se magtigste wapen.

13. Die kort opstelletjie kan sterk aanbeveel word.

14. Die groot persentasie „buffels van die middelmatigheid" het net soveel reg op aandag as die paar moontlike digters. Moraal: Alle stelwerk moet rekening hou met wat die leerling **eendag in die lewe** gaan praat en skrywe. Laat hom dinge sê en skrywe, waarmee u gedurig volwassenes moet help. Op die manier doen u inderdaad **praktiese voorbereidingswerk**.

## HOOFSTUK II

### Die Brief

Die algemene beginsels vir stelwerk wat vir die opstel geld, geld ook vir die brief, behalwe dat die brief 'n spesiale vorm moet hê. Ook moet 'n mens sorg om in die brief die regte verhouding tussen die skrywer en die ontvanger te bewaar. Leerlinge is so lief om hulle ouers, vreemdes en meerderes te „jy” en te „jou”; of anders 'n yskoue, formele en onnatuurlike toon aan te slaan. Teenoor 'n mens se vriende en familie is jy hartlik, vriendelik en natuurlik; teenoor vreemdes waardig en beleefd; en in die sakewêreld saaklik, presies en onpersoonlik. 'n Mens kan oor die algemeen briewe in vyf soorte verdeel:

- (1) Private briewe, (2) Sakebriewe, (3) Offisiële briewe, (4) Uitnodigings, en (5) Briewe aan die Pers.

Maar leerlinge moet verstaan dat briewe nie in waterdigte kompartemente kan verdeel word nie. In die praktyk loop dit egter nie juis op flaters uit nie, mits die leerling onthou om maar liewers aan die formele sy te sondig, en in elk geval die vorm te gebruik wat die algemene toon van die brief verg. Al skryf ek bv. aan my oom, moet ek nogtans formeel skryf, as ek aan hom skryf in sy kapasiteit as sekretaris van die skoolraad. Maar, as ek aan die ander kant selfs 'n wildvreemde persoon by voorbaat skriftelik welkom heet met een of ander aanstelling (sê 'n nuwe hoofonderwyser op my dorp), dan skrywe ek 'n private brief, omdat die hele aard van die brief persoonlik is.

Nou kom ons tot die moeilike kwessie van die vorm van die brief—moeilik, omdat niemand in die land vandag van die vorm van briewe heeltemal seker skyn te wees nie; ons skrywe verskillend en daar is nog geen finale rigsnoer, geen standaard nie. Leerlinge moet dan ook hierdie skema nie as 'n wet van Mede en Perse beskou nie, maar hulle kan in elk geval die troos hê dat die aanbevole vorm ten minste nie verkeerd is nie. Ook word nie baie verskillende, opsionele vorme aan die hand gedoen nie, want dit werk net verwarrend.

Hier volg die adres van die private brief van 'n plaas, 'n dorp en 'n stad onderskeidelik:

Geelkuil,  
Moorreesburg,  
8 Maart 1938.

Hantam,  
Langstraat,  
Piketberg,  
9 Mei 1938.

Kotze-straat 9,  
Tamboerskloof,  
Kaaipstad,  
11 Mei 1938.

Let nou op 'n paar dingetjies:

1. Die hele adres loop mooi netjies skuins.
2. Die naam van die huis of plaas hoef nie tussen aanhalings te staan nie.
3. Dit kom aanneemlik voor om 'n eiennaam alleen as een woord te skryf, as geeneen van die dele 'n eiennaam is nie, bv. Langstraat, Diepkuil, Watervlei, Koringberg; maar sodra daar 'n eiennaam in voorkom, kan dit op onleesbare samestellings uitloop, as ons nie gebruik maak van die koppelteken nie. Skryf dus liewers Belle Ombre-weg, Klein-Drakenstein-stasie, St. George-straat en so meer. Waar daar egter 'n verbindings-s is, verander dit die saak heeltemal, bv. Egbertsvlei, Bainskloof, Laingsburg, Du Toitspan, Jagersfontein.
4. Die nommer van die straat word agter die naam geskryf met 'n komma alleen agter die nommer.
5. Agter die reël net bokant die datum word liefs 'n komma geplaas en nie 'n punt nie.
6. Agter die maand se naam sit ons niks — alleen agter die jaartal 'n punt.
7. As die brief na 'n ander land (of selfs provinsie) moet gaan, moet dié van die afsender ook liewers vermeld word.

Die aanhef lewer betreklik min moeilikheid op. Dit is oor die algemeen maar gevalle soos „Liewe Ouers”, „My liefste Moedertjie”, „Beste Jan”, „Seer geagte Vriend”, „Geagte Mnr. Smit”, ens. Oor die liggaam van die brief wei ons nie uit nie; as 'n leerling 'n opstel goed kan skryf, dan sal daar op die manier waarop hy sy brief stel, ook nie veel te sê val nie.

Maar nou die slot: Let weer op 'n paar voorbeelde:

Alles ten beste.

Jou maat,  
PIET.

Groete aan die broers en susters.  
U dogter,  
SANNIE.

Nogmaals welkom onder ons.  
U toegeneë vriend,  
LOUW WEPENER.

Ook hier is dit goed om op 'n paar besonderhede te let:

1. „Ek bly” en sy verwante is al jare uit die mode.
2. Sodra soos ons die woordjie „van” gebruik, ontstaan daar verwarring.
3. Dit is die beste om 'n elliptiese sinnetjie soos „Alles ten beste”, „Groete aan almal tuis”, ens. te skryf, en daar-agter 'n punt te plaas.
4. Die slot moet 'n bietjie na die regterkant verskuif word; en „maat”, „dogter” of „vriend” hoef nie met 'n hoofletter geskryf te word nie.
5. Vir familie en vriende skryf jy net jou naam sonder jou van; wanneer persone jou egter nie goed ken nie, is jou van ook noodsaaklik.
6. „Liefhebbende”, „belangstellende”, ens. mag voor die nw. geplaas word.

Hier volg nou die raamwerk van 'n paar private briewe, m.a.w. die adres, aanhef en slot bymekaar:

(a) Moerasvlei,  
Pos de Keur,  
Ceres,  
16 Mei 1938.

Liewe Ouers,

Dit .....

.....

Groete aan almal tuis.  
U seun,  
CARL.

(b) Retief-straat,  
Moorreesburg,  
11 Mei 1938.

Beste ou Maat,

Verlede week .....

.....

Die beste wense vir 'n aangename vakansie.

Jou ou vriend,  
IZAK.

(c)

Warren-straat 3,  
Pretoria,  
25 April 1938.

Geagte Mnr. Malan,

Onlangs het ek .....

.....

By voorbaat dank vir u belangstelling.  
U vriend,  
P. VAN DER BYL.

Vervolgens 'n voorbeeld van die private brief:

Hoërljongenskool,  
Stellenbosch,  
7 Maart 1940.

Beste Pietman,

Hier moet ek dan nou aan jou (nogal volgens eksamenvoorskrif) een en ander meedeel. Nare situasie om in 'n eksamenkamer 'n brief te moet skryf! Briewe skrywe sonder die nodige besieling is al erg genoeg, maar om jou onderwerp vir jou te laat dikteer . . . dis gewoonweg beklemmend! Nietemin, eksamenvoorskrifte moet geëerbiedig word . . .

Ek wil sommer met die deur in die huis val en jou vra om die volgende seswekevakansie by ons op die plaas te kom deurbring. Kyk, Pieta, dit gaan sommer 'n koninklike „affêre” afgee; en jy moet eenvoudig daardie halsstarrige oubaas van jou (as ek dit so oneerbiediglik mag sê) omhaal om toestemming te gee.

Dit sal 'n vakansie wees net so na ons twee se smaak: geer knellende dasse, boordjies of ander stywigheid nie; geen boeke, penne of ander foltermiddele van die beskawing nie. Maar kort broekies, berge, braaivleis en gewere! Dis mos die lewe vir 'n man. Ek sal sorg dat ou Kolbooi en Venter uitgerus is vir die twee lewenslustige, nuwe base.

Ek droom nou al van ons twee se gelukkige samesyn. Die ou plaas daar naby die magtige, getande berge, met sy stewige eike en sy dromende wilgers, en met so baie wat 'n egte boer-kwagga intens gelukkig kan maak—daardie ou plaas roep vir my en ook vir jou, my beste maat.

Stel my nie teleur nie.

Jou ou maat,

CHARL.

As ons tot die sakebrief kom, moet ons net 'n paar dingetjies meer onthou; maar laat ons eers die felt beklemtoon dat die sakebrief altyd i.v.m. sake („besigheid" soos ons verkeerdelik sê) staan — briewe aan firmas, kopers en verkopers — kortom die brief van die **handelswêreld**.

Die adres van die afsender is by alle briefvorms dieselfde. Dit is egter gewoonte om die adres van die ontvanger in hierdie geval ook neer te skryf.

Let wel dat ons die adres van die firma neerskryf en *nie* dié van die persoon nie; die veronderstelling is altyd dat 'n bepaalde persoon self weet dat briewe wat aan 'n firma geadresseer is, deur hom moet gelees word.

Dan is dit ook gewoonte om nie Mnr., Mnre. of die Heer voor die firma te plaas nie, maar eenvoudig P. Andrag & Kie. (let op die Kie., verkorting vir Kompanjie); en, in gevalle van 'n vennootskap, Nelson en De Kock. As jy aan 'n private persoon skryf, dan skryf jy natuurlik Mnr., die Heer, ens. Die adres van die ontvanger is verder dieselfde as dié van die afsender.

By die aanhef dek Waarde Heer, Mevrou of Mejuffrou (met hoofletters) feitlik alle gevalle. Ons hoef dit nie in die meervoud te skryf nie, selfs al skryf ons aan 'n vennootskap, want dit is weer 'n bepaalde persoon wat die brief lees.

Die inhoud van die sakebrief moet presies, duidelik en saaklik wees.

Die slot verdien verder spesiale aandag:

As jy nog iets van die ontvanger verlang, dan skryf jy: „By voorbaat dank". Verder die saaklike „dienswillig die uwe", wat alle gevalle insluit. As dit egter 'n dame is, moet „mej." tussen hakies voor die naam staan, en natuurlik is die van noodsaaklik.

Hier volg nou 'n voorbeeld van die sakebrief:

Hoofstraat,  
Beaufort-Wes,  
1 April 1938.

„Die Burger"-Boekhandel,  
Keeromstraat,  
Kaapstad.

Waarde Heer,

Stuur my asseblief per kerende pos die volgende boeke:

D. F. Malherbe: Hans die Skipper,  
Hobson en Hobson: Kees van die Kalaharie,  
C. M. v. d. Heever: Droogte,  
N. P. van Wyk Louw: Die Halwe Kring.

By voorbaat dank.

Dw. die uwe,  
P. POGGENPOEL.

Die offisiële brief word aan of van **regeringsliggame** (hetsy uniaal, provinsiaal of munisipaal) geskryf, en veronderstel 'n mate van algemene kennis. Leerlinge maak dikwels groot flaters i.v.m. die persoon of liggaam aan wie of waaraan 'n offisiële brief moet geskryf word, omdat hulle werklik nie die nodige burgerleerkennis het nie. Ons kan natuurlik nie op alle moontlike briewe wat dorpsbesture, provinsiale rade en die unie-regering skryf en ontvang, ingaan nie, maar op 'n paar besonderhede moet ons tog wys:

Die adres van die afsender is dieselfde as die vorige twee gevalle.

Die adres van die ontvanger hang af van die omstandighede. Plaaslike offisiële briewe word natuurlik aan die stadsklerk geadresseer; briewe van 'n provinsiale aard gaan dikwels na plaaslike verteenwoordigers (i.v.m. paaie en brûe skryf ons dikwels aan die afdelingsraadsekretaris en oor onderwyssake aan die skoolraadsekretaris), terwyl briewe vir die regering sover moontlik aan plaaslike siviele amptenare soos die posmeester, die magistraat, die stasiemeester ens. moet geskryf word; maar daar is natuurlik talle gevalle wanneer die brief na die betrokke regeringsdepartement moet geadresseer word. Uit die voorafgaande behoort die adres van die ontvanger duidelik te wees: Is dit nie 'n bepaalde siviele amptenaar nie, dan die Departement van Justisie, Landbou, Binnelandse Sake, ens., wat gewoonlik in Die Unie-geboue, Pretoria, setel, maar somtyds tydens parlamentsitting na Kaapstad verhuis.

Dan is dit ook gewoonte om tussen die adres van die ontvanger en die aanhef in een reëltye die doel van die brief neer te skryf — 'n nuttige gewoonte vir latere verwysing.

Die aanhef hang af van die posisie van die amptenaar. „Waarde Heer” is in die oorgrote meerderheid van gevalle voldoende, maar meer deurlugtige persoonlikhede verg natuurlik 'n meer neerbuigende aanhef en gevolglik ook 'n eerbledige slot. Hier volg nou 'n aantal voorbeelde van hoe briewe aan hooggeplaaste amptenare moet aangehef en afgesluit word:

U Eksellensie (Die Goewerneur-generaal),  
 Edele Heer ('n Minister, Konsul of Administrateur),  
 Weledele Heer (Parlementslid of Direkteur van Onderwys),  
 Hooggeleerde Heer ('n Professor),  
 Edelagbare Heer ('n Burgemeester),  
 Eerwaarde Heer (Here) ('n Kerkraad),  
 Waarde Heer (gewone aanhef).

Net soos „Waarde Heer” in die meeste gevalle 'n bevredigende aanhef is, so is „Dienswillig die uwe” ook 'n bevredigende slot met 'n „by voorbaat dank” of iets dergeliks

voorafgaande (Indien nodig). Maar natuurlik is hooggeplaasheid 'n kwessie van graad: „Met (die meeste) hoogagting” voor „dw. die uwe” of „u dienswillige dnr.” is natuurlik gewoonlik nie misplaas nie.

So lyk die gewone offisiële brief bv. aan 'n stasie-meester oor 'n verlore handsak:

Pleinstraat,  
Stellenbosch,  
8 April 1938.

Die Stasie-meester,  
Worcester.

### Ondersoek re Verlore Handsak.

Waarde Heer,

Verlede Saterdag, die sesde deser, het ek per ongeluk my handsak op Worcester-stasie in die wagkamer laat lê. Dit is 'n gewone bruin leer-handkoffer van middelmatige grootte met my voorletters daarop. Dit is nie toegesluit nie; en, as u dit oopmaak, sal u o.a. 'n pak blou-gestreepte pyjamas, drie syhemde en twee paar gebreide sokkies (almal geletter) benewens twee pakke klere daarin vind.

Sal u so vriendelik wees om dit vir my na bogenoemde adres aan te stuur?

By voorbaat dank.  
Dw. die uwe,  
J. B. M. SMUTS.

'n Soort brief wat vir so baie leerlinge van aktuele belang is, is 'n aansoek, omdat dit so dikwels vir 'n mens 'n betrekking besorg of nie besorg nie. So 'n brief kan natuurlik 'n sakebrief of offisiële brief wees na gelang van die werkgewer. Alle aansoeke is natuurlik nie eenders nie; dit hang af van die advertensie of aard van die werk, maar bepaalde onderliggende beginsels soos netheid, saaklikheid, volledigheid en beklemtoning van belangrikhede is van belang by alle aansoeke. Die meeste leerlinge kan eenvoudig nie uitwei nie, selfs nie oor punte wat in die aanstelling lewensnoodsaaklik is nie. Dan word die fyne balans tussen spoggerigheid en 'n oordrewe beskeidenheid ook dikwels nie in ag geneem nie.

Aangesien so baie aansoeke om siviele betrekkings gedoen word (behalwe daardie waarvoor net bloot vorms ingevul word), gaan ons so 'n aansoek bekyk. Veronderstel 'n aansoek om 'n algemene klerklike betrekking soos dié van skoolraadsekretaris. 'n Mens kan die meeste aansoeke op dieselfde lees skoei, want

daar is sekere algemene bevoegdheede soos gesondheid, karakter, ens., wat ten grondslag van alle aanstellings lê, maar dan kan 'n mens nog altyd spesiale bevoegdheede vir 'n bepaalde betrekking beklemtoon:

Dirkie-Uys-straat,  
Moorreesburg,  
3 Maart 1938.

Die Skoolraad,  
Malmesbury.

**Aansoek om die betrekking van skoolraadsekretaris.**

Waarde Heer,

Met referte tot u advertensie in „Die Burger” van 25 ll. wil ek hiermee aansoek doen om die betrekking van skoolraadsekretaris te Malmesbury. Hoewel my getuigskrifte en sertifikate volle besonderhede bevat, wil ek volledigheidshalwe 'n paar puntjies beklemtoon:

Ek het my Senior Sertifikaat aan die Hoërskool Seodin 'n paar jaar gelede in die eerste graad afgelê. My kursus het vakke soos Tikskrif, Snelskrif en Boekhou ingesluit, wat my in u werk goed te stade behoort te kom. Ek het in beide my Afrikaans en Engels Hoër Graad en in die eerste klas geslaag, wat u tweetaligheidsvereistes behoort te bevredig.

Na my skoolkursus het ek 'n kursus aan die Paarlse Tegniese Kollege met sukses deurloop, waarna ek 'n jaar onder-sekretaris van die Paarlse skoolraad was.

Ek sluit 'n mediese sertifikaat in om blakende gesondheid te waarborg. Daarby kan ek nog voeg dat ek 'n geesdriftige sportman is. Op skool het ek in my laaste jaar die Victor Ludorumbeker verower, en op kollege was ek lid van die eerste voetbal- en die eerste tennisspan. In buiteskoolse bedrywighede het ek baie belang gestel. Op skool was ek bestuurslid en op kollege ondervoorsitter van die debatsvereniging, terwyl ek op skool ook 'n vereniging ter bevordering van dramatiese kuns help stig het.

Wil u benewens die aangehegte getuigskrifte nog bewyse hê van goeie gedrag en onbesproke karakter, dan noem ek die feit dat ek op skool sekretaris van die Christen-Studentevereniging was, en op kollege lid van die Studente-Verteenwoordigende-Raad.

Ten slotte wil ek u net sê dat ek steeds my bes sal doen om my pligte met die grootste nougesetheid te volbring; en ek hoop u sal my aansoek sorgvuldig oorweeg.

Met die meeste hoogagting,  
Dw. die uwe,  
B. SMIT.

'n Ander soort brief wat spesiale behandeling verdien, is die uitnodiging. Dit is te betwyfel of die formele uitnodiging by ons volksaard pas. Ons kry 'n bietjie lag om onself so ewe van uit die hoogte te „meneer”. Nee, in die gewone loop van sake verkies ons om hoogstens 'n private briefie te skryf, maar dit gebeur tog soms dat ons met mense te doen kry, wat baie op formaliteite gesteld is, en dan is dit 'n onvergeeflike sonde om onbekend te wees met die formele! Let dus op so 'n uitnodiging met sy antwoord:

Mnr. en mev. J. Koch nooi mnr. F. Kellerman uit om Dinsdagaand, 10 deser, om 8-uur n.m. in die Hotel Avalon te kom dineer.

Mon Desir,  
Seepunt,  
Woensdag.

Mnr. F. Kellerman neem met genoeë mnr. en mev. J. Koch se uitnodiging aan om Dinsdagaand te kom dineer.

Hantam,  
Kaapstad,  
Vrydag.

Gaan 'n slag die vorm van 'n brief aan die pers in enige koerant na. Daar sal jy min of meer die volgende sien:

Waarde Heer,—Laat my toe om 'n paar woorde te sê in antwoord op die skrywe van Konserwatief insake die kleredrag van die moderne vrou, en meer bepaald oor haar neiging om die man ook in haar kleredrag na te volg.

Konserwatief ontwyk heeltemal die kwessie van gerief. Ek wil hom aanraai om Tafelberg in die hoepelrok van sy oumagrootjie te gaan bestyg, of om na die Kruger-wildtuin in 'n oudmodiese tabberd te gaan toer! Miskien kom hy dan tot ander insigte.

Wat die besparing van tyd en geld betref, kan ek ook nie met u korrespondent akkoord gaan nie. Ek wil beweer dat die moderne vrou haar, relatief gesproke, betreklik goedkoop *kan* klee, en dit in werklikheid ook doen, en dat sy ook verreweg nie soveel tyd aan haar kleredrag bestee soos ons swierige voor-geslag nie. Die dra van „mansbroeke” (kort en lank) is in elk geval besparend, beide aan geld en tyd.

Om te insinueer dat die moderne vrou minder karakter as gevolg van sogenaamde losbandige kleredrag het, is om 'n baie onredelike en valse aantyging te maak. Karakter is iets **innerliks**, en word nie *noodwendig* deur oppervlakkige gebruikles weerspleël nie.

Nee, u geagte korrespondent kan gerus die saak in hersiening neem, en met 'n meer oorwoë mening voor die dag kom.

Dankie vir plasing.

(Dw. die uwe.)

PROGRESSIEF.

Hoofstraat,  
Keimoes.

Dit is soos dit in die blad staan. Die redaksie moet egter die naam en adres van elke korrespondent hê. Gevolglik moet die regte naam, indien die skuilnaam in die brief gebruik word, met die volledige posadres van die korrespondent onder-aan geskryf word. Dit kan gerieflikheidshalwe gedoen word, maar die formele manier is eintlik om by die stuk vir plasing 'n briefie aan die redaksie te skrywe, waarin die naam en adres van die korrespondent en die naam en adres van die blad vermeld word, en waarin verder net gesê word dat jy 'n brief vir plasing insluit. (Vir eksamendoeleindes is hierdie laaste briefie nie nodig nie — net die brief soos dit in die pers sal verskyn met of sonder die naam en adres van die koerant links bo; dit word tog gewoonlik nie gepubliseer nie).

Iets wat streng genome nie eintlik 'n brief is nie, maar wat ons tog hier wil behandel, is die getuigskrif, omdat dit eintlik 'n ope brief aan alle belanghebbendes is, en omdat elkeen behoort te weet hoe dit geskryf word. Hier volg 'n voorbeeld:

H. d. L.

Dit doen ondergetekende groot genoë om te kan getuig dat hy mnr. M. Bester die afgelope vier jaar grondig leer ken het, aangesien hy die hele sekondêre kursus aan die plaaslike hoërskool deurloop het.

Van Mnr. Bester se skranterheid en toewyding getuig die feit dat hy beide die Junior- en die Senior-Sertifikaat in die eerste graad afgelé het.

Maar Mnr. Bester het hom nie alleen i.v.m. eksamens onderskei nie; hy was ook 'n geesdriftige voetbal- en tennisspeler, en 'n bestuurslid van die Debatsvereniging en die Christenstudentevereniging.

Dit is veral kragtens sy onbesproke karakter, sy beginselvastheid en sy taktvolle beslistheid dat ons hom as 'n leier onder sy mede-leerlinge beskou het.

Om hierdie en ander redes beveel ons hom baie sterk aan vir verantwoordelike werk, en ons beste wense vergesel hom.

A. J. BEZUIDENHOUT, M.A., B.Ed. (Hoof).

Hoërskool, Estcourt,  
1 Maart 1940.

As 'n vriend of bloedverwant sterf, en jy wil 'n brief van deelneming skryf, sal die brief dieselfde vorm hê as die gewone private brief. Gewoonlik word meegevoel egter op 'n netjiese roukaartjie betuig, en dan neem dit die volgende vorm aan:

Ontvang ons innige meegevoel in u groot verlies. Mag u krag na kruis ontvang.

ANNA EN PIETER DE KLERK.

Om 'n aantal briefonderwerpe te gee, is om leerlinge die voorreg te ontnem om te gaan uitvind watter soorte briewe 'n mens in die alledaagse lewe moet skrywe. Dit is baie vrugbaarder om by ouers en ander private persone, by sakemanne en amptenare te gaan uitvind watter briewe hulle moet skrywe, en om dan daardie briewe te skrywe. Eksamenvraestelle lewer ook talle voorbeelde op. Hoe meer verskeidenheid 'n leerling kry, hoe beter.

Leerlinge moet ook leer hoe 'n mens 'n adres op 'n koevert skrywe — iets i.v. waarmee elke onderwyser(-es) die nodige voorligting kan gee. Dit is interessant om 'n aantal briewe en ook koeverte in die hande te kry, om te sien hoe onbeholpe baie mense briewe skrywe en hulle ook adresseer, en om dan te verbeter. Op dié manier begin die taalles mos lewe.

### HOOFSTUK III

#### Parafrase en Indirekte Rede

Die meeste leerlinge weet seker dat jy 'n stuk **parafraseer**, as jy dit in jou eie woorde weergee sodat die styl, stemming en algemene trant van die oorspronklike behoue bly. Parafrase bly een van die populêrste taaltoetse, want dit toets nie alleen jou *begrip* van 'n gelese stuk nie, maar ook jou *uitdrukkingsvermoë*.

As jy gesê het dat parafrase min of meer 'n weergawe in **jou eie woorde** beteken, dan kan jy nie meer baie byvoeg nie. Dan moet die leerling maar gaan doen. Laat ons egter tog 'n paar dinge beklemtoon:

Dit is noodsaaklik om die gegewe stuk 'n paar keer oor te lees, alvorens ons met die oefening begin, want as jy dit nie goed verstaan nie, kan jy dit onmoontlik in jou eie woorde sê.

By die weergawe is dit verder noodsaaklik om jou by die inhoud te bepaal. Sommige leerlinge is geneig om gedagtes by te voeg wat nie in die oorspronklike voorkom nie. Maar nog meer kandidate laat belangrike gedagtes uit, en skryf ander gedeeltes onnodig omslagtig oor. Al die gedagtes moet weergegee word, maar **op jou eie manier**.

Hierdie laaste gedagte verdien verdere klem. Parafrase is nie alleen 'n begriptoets nie, maar dit is ook 'n uitdrukkingstoets. Ingewikkelde konstruksies moet vereenvoudig word en minder bekende woorde of uitdrukkings moet op 'n makliker manier gestel word. Alhoewel dit goed is om die stemming en styl van die oorspronklike te behou, moet die leerling onthou om sy eie woorde te gebruik.

Hier volg nou 'n paar voorbeelde van hoe te parafraseer:

#### Die Os

Hoe rustig stap hy aan  
Die eed'le jukgediert!  
hoe waggel hy die kop  
met horings swaar gesierd  
en stewig ingestrop.

(Totius).

„Die goeie jukdier stap kalm voort, terwyl hy die swaar, gehoringde kop heen en weer swaai in die stewige stroppe.”

### Eensaamheid

Maar al is ek, ver van die skaar,  
in eensaamheids woning getrede,  
ek voel my soos een  
met die Heer alleen —  
'n Kind aan Sy boesem tevrede.

(Celliers).

„Al verkeer ek daar in die eensaamheid ver weg van mense, dan voel ek, hoewel alleen, God se teenwoordigheid. Dan is ek soos 'n kind, wat aan Sy bors tevrede is.”

Ons gee geen gedigte om te parafraseer nie, omdat ons glo dat die onderwyser baie meer en geskikter voorbeelde uit die voorgeskrewe digbundel kan haal (of uit dié van ander klasse); en dan raak leerlinge ook sommer meer vertrouwd met die inhoud.

#### Indirekte Rede:

Indirekte rede word hier saam met parafrase behandel, omdat die oorspronklike poësie gewoonlik natuurlik in die eerste persoon is, maar as ons dit parafraseer (veral as ons begin met „die digter sê”), dan is ons ook tegelykertyd besig om die stuk van die direkte rede tot die indirekte rede te verander.

Hiervan kan 'n mens mos nou al aflei wat indirekte rede beteken. As ek 'n spreker se direkte woorde bv. „Ek werk hard”, weergee, dan praat ek van die direkte rede. Kom daar egter 'n ander persoon wat die woorde as 't ware aan 'n derde kom rapporteer en sê: „hy sê dat hy hard werk” of „hy sê hy werk hard”, dan praat ons van die indirekte rede.

Let op die volgende paar gevalle:

Direkte Rede: „Ek sien hom nie.”

Indirekte Rede: Hy sê hy sien hom nie.

Direkte Rede: Die vader sê: „Jan, jy moet kom.”

Indirekte Rede: Die vader sê aan Jan dat hy moet kom  
(of om te kom).

Direkte Rede: My vriend sê aan my: „Jy moet loop.”

Indirekte Rede: Sy vriend sê aan hom dat hy moet loop,  
of beveel hom om te loop.

As ons 'n stuk van die direkte tot die indirekte rede verander, sal dit ons baie help, as ons op die volgende vier dinge konsentreer, want die veranderinge geskied veral daar: Bywoord, Omset, Voornaamwoord, Imperfektum (die ww.). Probeer

**B-O-V-I** onthou. Die eerste drie is eenvoudig. Hier is 'n paar gevalle van bywoordveranderings:

„Hier”	word	„daar”
„Hiernatoe”	„	„daarnatoe”
„Vandag”	„	„daardie dag”
„Gister”	„	„die dag vantevore”
„Môre”	„	„die volgende dag”
„Eergister”	„	„twee dae vantevore”
„Oormôre”	„	„twee dae later”
„Nou”	„	„toe” ens.

Voorbeelde:

„Ek kan dit nie nou doen nie” word *Hy het gesê dat hy dit nie toe kon doen nie*. „Kom,” sê die speurder, „ons moet netnou gaan”, word *Die speurder het gesê dat hulle 'n rukkie later moes gaan*.

Natuurlik is daar uitsonderings, maar die verband sal ons self reg help. So bv. sal *hy sê: „ek kom vanaand nog”* verander tot *hy sê hy sal nog vanaand kom*, indien dit uit die verband duidelik blyk dat die spreker nog *dieselfde aand* bedoel; maar dit sal natuurlik *daardie aand* word, indien hy 'n aand in die verlede bedoel.

○ beteken **omset**, dus die hele manier waarop die inleiding gestel word. Hier kan ons alleen 'n leidraad, en geen definitiewe reëls nie, neerlê: As dit 'n mededeling is, dan gebruik ons woorde soos „sê”, „beweer”, ens.; is dit 'n vraag, dan „vra”, „versoek”, en as dit 'n bevel is, dan „beveel”, „gebied” e.s.m. wat dan eenvoudig deur „om te” gevolg word. Vervolgens kom ons so dikwels uitroepe soos „O!”, „Foeitog”, „Sies”, „Siestog”, ens. teë. Die beste plan hier is om die gemoedstoestand 'n bietjie te omskryf: Ons kan sê dat hy *verbaasd, medelyënd, veragtelik* uitgeroep het. Kyk hierna:

*Vader vra aan die huilende kindjie: „Ag foeitog! het hy dan sy toontjie gestamp?”* word *Vader vra medelyënd aan die kindjie of hy dan sy toontjie gestamp het*.

V staan vir voornaamwoord, wat die eenvoudigste is, want almal word derde persoon; dus „ek” en „jy” word „hy” („hy” bly so) en „ons” en „julle” word „hulle” („hulle” bly so). Dit hang natuurlik daarvan af wie rapporteer. *Vader sê: „Jy moet kom”* kan op drie maniere verander word; dit hang daarvan af wie met wie praat, maar die ander gevalle spreek gewoonlik vanself, en gevolglik bepaal ons ons by die derde persoon.

Weer 'n paar voorbeelde:

Dir. Rede: „A nee a, jy kan nie so maak nie.”

Indir. Rede: Hy het verontwaardig gesê dat hy (daardie man) nie so kan maak nie.

Dir. Rede: Die Israëliete het gesê: „Ons verlang na die vleispotte van Egipte.”

Indir. Rede: Die Israëliete het gesê dat hulle na die vleis-  
potte van Egipte verlang.

Die moeilikste geval is dié van die I, die imperfektum, d.w.s. die onvoltooid verlede tyd, wat hier altyd die populêrste tydsvorm is. Dit is 'n gebied wat 'n mens in Afrikaans vandag huiwerig moet aandurf, want daar is feitlik nog geen bronne in hierdie verband nie; en daarby is ons taal in hierdie opsig baie vinnig aan die verander. Die vraag is hier in hoe verre die werkwoord van die hoofsin die tyd van die ww. in die bysin moet beïnvloed. Dit is die ou kwessie van die **opvolging van tye** (sequence of tenses), wat Afrikaanssprekende leerlinge met die aanleer van Engels soveel hoofbrekens gee. Engels is baie streng i.v.m. die opvolging van tye. Ons taal steur hom nie veel daaraan nie. Daar is gevalle waar 'n strenge toepassing van opvolging van tye jou beslis iets anders sal laat sê as wat jy wil sê. Daarby gebruik ons so graag die teenwoordige tyd (die historiese praesens) dat die werkwoord in die teenwoordige tyd ná een in die verlede tyd ons nie hinder nie. Let weer op 'n paar gevalle:

Eng. Dir. Rede: He said: „I can do it.”

Eng. Indir. Rede: He said he **could** do it.

Afr. Dir. Rede: Hy sê: „Ek kan dit doen.”

Afr. Indir. Rede: Hy sê hy **kan** dit doen.

In die Afr. sin sou „kon” beteken dat dit vir hom voor die oomblik, waarop hy gepraat het, moontlik was, maar hy wou klaarblyklik sê dat dit op daardie selfde oomblik nog altyd moontlik is. Ons kan soortgelyke sinne met „is”, „sal” en „wil” bou. Dit bring ons tot die verskil tussen „sou gedoen het”, „sou doen”, „sal gedoen het” en „sal doen” (sien die ww.). M.a.w. 'n mens moenie na die inleidende werkwoorde soos in die geval van Engels kyk nie, maar na die verband en die betekenis. Die meeste wwe. bly maar in dieselfde tyd van die direkte rede. Luister bv.: Dir. Rede: Hy sê: „My pa werk hard.” Indirekte Rede: Hy het gesê dat sy pa hard werk („gewerk het” is alweer verkeerd).

Daar is wel gevalle waar die bywoord 'n mens se taalgewoel teen die teenwoordige tyd laat rebelleer: „Soel maar die windjie waai vanaand koud.” As ek dit na die indirekte rede verander, dat dit nog *dieselfde* aand beteken, dan is dit eenvoudig; maar as dit 'n aand *in die verlede* moet beteken, dan voel ons dat ons (vanweë „daardie aand”) beswaarlik kan sê *hy het koud uitgeroep dat die windjie daardie aand baie koud waai*, alhoewel dit tog is wat hy werklik bedoel. Nee, ons sê in dié geval liewers *hy het koudlik gesê dat die windjie daardie aand baie koud gewaai*

het, al insinueer ek alweer daarmee dat die wind eintlik vroeër in die aand koud gewaai het (en miskien nou nie meer nie).

*Die voorsitter het gesê: 'n Mens moet jou in hierdie tyd maar bedwing'* word *Die voorsitter het gesê dat 'n mens jou in daardie tyd maar moes bedwing.* In sulke opmerkbare gevalle word die ww. in die bysin na die verlede verander, maar owerigens bly dit meestal onveranderd.

Nou 'n paar voorbeelde wat alles insluit:

- Dir. Rede: „Toe maar,” het die speurder aan die onrustige moeder gesê, „u behoef u nie vanaand hieroor te verontrus nie. Die inbreker sal tog nie vannag weer kom nie. Of wil u met my saamgaan?” „Konstabel, jy moet vanaand hier waghou.”
- Indir. Rede: Die speurder het gerusstellend aan die onrustige moeder gesê dat sy haar daardie aand nie daarvoor behoef te verontrus nie. Die inbreker sou tog nie daardie nag weer kom nie. Hy het verneem of sy met hom wil saamgaan; en daarop die konstabel beveel om die nag daar wag te hou.
- Dir. Rede: „Hier jou karnallie!” skree ou Moos en spring in die lug. „Hoe laat so 'n vervlakste koggelman my skrik! Maar laat ek 'n paar klippe in die hande kry, sodat ek jou vanoggend kan wys waar Dawid die wortel gegrawe het.”
- Indir. Rede: Ou Moos het geweldig in die lug gespring en opgewonde uitgeroep dat die koggelman hom (toe net) geweldig laat skrik het. Hy het egter voortgegaan dat hy net 'n paar klippe in die hande moet kry, om hom (die koggelman) daardie oggend te wys waar Dawid die wortel gegrawe het.

Soek nou voorbeelde van direkte rede uit leesboeke en die omgangstaal uit en verander hulle na die direkte rede. Gaan van die standpunt uit dat die aangesproke persoon rapporteer.

## HOOFSTUK IV

### Die Uttreksel (Précis of Ekserp)

Dis alweer 'n gebied van die daad. Uitweiding is onnodig. Précis beteken dat jy die **hoofgedagtes** van 'n bepaalde stuk kort en **kernagtig** in mooi **volsinne** weergee. Anders as die parafrase beoog die uittreksel nie *noodwendig* omskrywing of die leerling se eie woorde nie; hoofsaak bly **begrip** en 'n **saaklike weergawe**.

Dit is verstandig om die gegewe stuk 'n paar keer oor te lees, die hoofpunte iewers (bv. op 'n los vel) neer te skryf, en dan die **hoofgedagtes** in mooi **volsinne** saaklik weer te gee. 'n Uttreksel is wel geen *telegram* nie, maar tegelykertyd het die kandidaat wat gebruik maak van **pittige** bepalings en ander soortgelyke metodes, die voorsprong.

Leerlinge moet onthou om onder geen omstandighede *die gevraagde lengte te oorskry nie*; en om die stuk van 'n opskrif te voorsien, indien dit nie reeds gedoen is nie.

Hier volg nou 'n voorbeeld van hoe dit gedoen moet word:

Wat ons vandag nodig het, is kultuurdaders en nie kultuurpraters nie. Dit het al spreekwoordelik geword dat die Afrikaner sy taal in die ekonomiese wêreld nie handhaaf nie. Maar hoe is dit nou gesteld met sy begeerte om sy kultuur ook met die daad te bevorder? Ons is nie eens gewillig om die Afrikaanse boeke in ons biblioteke te lees nie, laat staan die gewilligheid om ons eie boeke aan te koop. In verband met ons skilderkuns is die toestand ewe ontmoedigend. Ons mure word ontsier deur goedkoop, onafrikaanse prente, terwyl ons kunstenaars swoeg om te bestaan. Bioskope, waar uitlandse rolprente vertoon word, sit dikwels vol Afrikaners, terwyl ons toneelspelers(-speelsters) kla van 'n karige ondersteuning. Vroom praatjies hoor ons genoeg, maar die daad — gee ons dié, ja! (128).

'n Uttreksel van 44 woorde van bogenoemde is:

#### Kultuurdaders en Kultuurpraters.

In verband met ons kultuur het ons teenswoordig dade nodig en nie woorde nie. By die Afrikaner se laksheid om op ekonomiese gebied te handhaaf is hy ook traag om sy eie literatuur, sy skilderkuns en sy toneelkuns te ondersteun en te help bevorder.

Dit word aanbeveel dat leerlinge uittreksels uit hul voorgeskrewe en ander boeke maak.

## HOOFSTUK V

### BEKNOPTE GRAMMATIKA

#### Inleiding:

Grammatika is vir die meeste leerlinge nie interessant nie, maar dit behoort nie die geval te wees nie. Die grammatikus se strewe is mos tog maar om die taalverskynsels, wat hy daarbuite in die lewe waarneem, te groepeer en te verduidelik. Grammatici se uitgangspunt by die waarneming van taalverskynsels kan verskillend wees: As jy bv. Nederlands en ons taal in sy verlede baie in aanmerking neem, dan skrywe jy 'n **Historiese Grammatika**; het jy meer te doen met huidige verskynsels en ontwikkelingsrigtings, dan praat ons van 'n **Beskrywende of Verklarende Grammatika**. Hoewel 'n mens in so 'n boek soos hierdie die historiese standpunt moet beklemtoon ten einde lastige afwykings 'n bietjie te strem, moet ons tog ook op die ontwikkelingsgang van die taal let, want anders probeer ons 'n dorre, siellose boektaal bestendig. Dit dien beklemtoon te word dat die taal iets **lewends en veranderliks** is. Vergelyk maar die geskrewe Afrikaans van vandag met dié van vyf-en-twintig jaar gelede. Sou ons taal vandag tot so 'n mate sy plastiese vermoë gehad het, as ons taalmanne van die verlede baie despoties opgetree het? Nee, grammatici, woordeboekmakers en akademici kan leiding gee, maar dikwels moes hulle ook maar wyk vir die hardnekkige afwykings of die treffende vindingrykheid van die spraakmakende gemeenskap. Dit is interessant om aan te teken hoeveel woorde en uitdrukkinge in grammatikaboeke staan wat haas deur niemand in die gewone spreektaal gebruik word nie. Soms gee die geleerde mense die toon op so 'n manier aan, dat die ander later almal volg, maar miskien meermale word die geleerde mense gedwing om agter die volk aan te kom.

#### **KLANKLEER:—**

#### **Indeling van klanke:**

Die spraakklanke word verdeel in vokale en konsonante (klinkers en medeklinkers). Die volgende letters stel klinkers voor: a, e, eu, i, ei, y, u, o, oe, ê, î, ô, en die orige letters medeklinkers. 'n Tweeklank ontstaan, wanneer twee klinkers as een lettergreep uitgespreek word: **ai, aai, oi, ôi, ooi, ul, oel, ou, eeu**. Ons onderskei verder tussen **lang** klinkers soos ons vind in

„ba-ne”, „bē-ne” e.a., en kort klinkers soos in „bän”, „mēt” en andere. Medeklinkers kan weer stemhebbend of stemloos wees (vgl. die w en die f). Stem ontstaan, wanneer die twee stembande so na aan mekaar kom dat die lug deur die nou opening gepers word, sodat albei bande vibreer soos trillende vioolsnare. 'n Mens kan dit voel as jy jou vinger op jou strottehoof lê.

### Lettergrepe:

'n Woord moet soms in lettergrepe gesplits word. Hoewel 'n mens gewoonlik intuïtief voel hoe dit gedoen word, kan ons tog op 'n paar puntjies wys: Ons verdeel gewoonlik so, dat 'n nuwe lettergreep met 'n medeklinker begin, bv. „moe-der”, „da-rem”. As daar twee medeklinkers is, kom die verdeling gewoonlik tussen die twee: „bom-me”, „kat-jie” (maar A-fri-ka). Let op die volgende geslote lettergrepe, wat met die verbuiging oop lettergrepe word: „baan” — „ba-ne”, „skip” — „ske-ple”.

### Spelling:

Oor spelling kan 'n mens teenswoordig eenvoudig nie dogmaties wees nie. Die geleerde mense kan dan nie eenstemmigheid bereik nie, en hoe wil ons arme leerlinge presies weet wat om te doen? Ons het ons spellingprobleme vandat ons Afrikaans begin skryf het. Die baanbrekers van vroeër het gesê 'n mens moet skryf soos jy praat, m.a.w. hulle wou 'n fonetiese spelwyse volg maar die historiese inwerking en die baie afwykings het hierdie ideaal laat skipbreuk ly. Vandag het ons nog meer moelikhede. Gevolglik gaan ons maar net daardie woorde, wat baie dikwels verkeerd gespeld word en waaroor daar nogal meestal eenstemmigheid bestaan, behandel:

### Die a-klank:

Aartappel, aambeeld, aambeie, aamborstig, aarbei (wat jy eet), hamel, hamer, afdraend, opdraend, maatjie (verkleinw. van „ma”), aalwyn (aalwee of alewee), gla(a)s, ha(a)s.

### aï en uï:

Prosaïes, naïef, naïwiteit, intuïsie.

### e en eë, ei, ië en ie, y, ê:

Enig, eenders, medelye, tweede, weens, jeens, teen, reent, gereeid, maar teë, reën, teël, seël, geseënd, treë, weë, seë, geër, geëry, gedweër, breër, uitveër, geërf.

Ateïs, beïnvloed, beëindig, geïnteresseerd, finansiële (maar finansiëel), kommersiële (maar kommersieel), priële (maar prieel), audiënsie, piëteit, definieer, kopieer, subsidieer.

Besonder, belangrik, betyds, dikwels, dergelike, korswel, maar byvoorbeeld, bosryk, desgelyks, soortgelyk en talryk.

Dè en nè, perd, werd, vetkers en vlermuis, maar blêr, kêrel, kês, pêrel, skêr, wêreld, whê, êe, êende, lêende, lêer, lêery, voorsêer.

### Die i en ie:

Confetti, impi, spagetti, vermicelli, alibi, historici, fisika (maar fisiese).

Blondine, dissipline, aktrise, dissipel, tipe, konsertina, satire, turbine, familie (maar miëlle).

Polsie, petisie, posisie, klandisie, edisie, artikel.

Kritikus, kritiek, krities, liter, minimum, lirie, lirie, minus, trio, piano.

Piering, piesang, kielie, klerie, stiebeuel, bolmakiesie, fiemies, wriemel, wiebel, kiewel.

Musiek, intiem, Israeliet, parasiet, elektries, republiek, maar musikaal, musikaliteit, intimiteit, Israelities, parasities, elektrisiteit, republikein.

### o, ô, u en û:

Burootjies, kommandootjie, boontoe, boonop, moonheid, soëloë, ko-opereer.

Môre, sôe, trôe, gô.

Prokureur (naas bobbejaan en prinsipaal), populêr, balju, parvenu, ruuste, gehuud, hernubaar, lukwarte.

Rûens, brûe.

### g en gh:

Gholf, ghoen, ghries, ghitaar (kitaar), ghwano (koewana), ghwar, ghwarrie, ghrommel.

Angora, Jingo, mango.

### v en w:

Vaas, variasie, veranda, vokaal, visie, adverbiaal, divisie, provisie, diverse, konvensie, provinsie, universeel, universiteit (uniwersiteit), rewolwer, papawer, aktiwiteit, serwituit.

### Allerlei moeilike gevalle:

Beampte, bylae, moorddadig, adellik, liniaal, beoordeling, geallieerdes, rekord, hamers, brûe, sonnette, kursus, dynserig,

katkisant, terrasse, sommer of somaar, tweedens, tweërlei, interessant, onmiddellik, onverbiddelik, komitee, kommissie, adresseer, beïnvloed, ko-operasie, na-apery, republiek, republikein, musikaliteit, misterieus, majestueus, verdraaling, verstrooiing, verrassing, verrassinkie, dissipel, tipe, tipies, bolmakiesie, teenspoed, teespoed, ruïnes, rûens, blêr-blêr, veronagsaam, karba's, flerrie, pasiënt, poëet, poëties, appêlhof, soëwe, soölogie, neë-oog, misnoeë, reënboë, burgemeester, bye-sel, geïllustreer, neën-en-neëntig, rêrig, drieërlei, moeër, vroeë, koeël, sôe, aktuele, adres, adresseer, agtelosig, kwêvoël, silhoeët, toe-eien, hiënas, eeue-oue, sanderig, klipperig, hobbelrig, Suid-Afrika, gehuud, hernude.

### Uitspraak:

Hoewel Afrikaners in die verskillende provinsies en streke taamlik eenders praat, is daar tog interessante afwykings, waarop 'n mens kan wys. Alvorens 'n mens afwykings kan vasstel, moet jy egter eers 'n standaard, 'n maatstaf hê; en hier lê juis die knoop. Wat is die beskaafde uitspraak? (As ons hierdie interessante taalvraagstuk grondig wil nagaan, sal ons op die gebied van die fonetiek en sy verwante beland, wat buite ons bestek val. Ons kan alleen verwys na die verdienstelike werk van dr. P. de V. Pienaar, „Praat u Beskaaf”, en die leerling verder dringend aanraai om interessante uitspraakafwykings aan te teken — min of meer soos ons nou sal doen, maar net vollediger):

Ons behoort te sê: **gemeente**, **speel**, **sleutel**, **skree**, **agent**, **goewernement** (**goewerment**), **tent**, **ewenwel**, hy sal **wel** kom, **gemmer**, en nie **gemeinte**, **speul**, **sluitel**, **skrou**, **agint**, **gormint**, **tint**, **enewil**, hy sal **wil** kom, **gimmer** nie.

Ons moet egter erken dat woorde soos **hingsel**, **tingerig**, **stingel**, **drumpel**, **wil(le)sand**, **wink** (roep) vir **hengsel**, **tenger**, **stengel**, **drempel**, **welsand**, **wenk** nie alleen vandag burgerreg verkry het nie, maar selfs die oorspronklike verdring het.

**Geseg**, **serieus**, **familjêr**, **ken**, **guit**, **mensag**, **magtag**, **wens**, **krokodel**, **kastag**, **kettang**, i.p.v. **gesig**, **serieus**, **familiêr**, **kin** (of **kan**), **geut**, **mensig**, **magtig**, **wins**, **krokodil**, **kastig**, **ketting** is interessant maar verkeerd. (**Rottang** is korrek).

**Muur**, **duur**, **muisie**, **kombuis** en **kultuur** is nie *mier*, *dier*, *meisie*, *kombys* en *kaltier* nie.

Hierdie verskynsel noem ons **Ontronding**, en dit moet as 'n voorbeeld van slordige uitspraak teëgegaan word, hoewel die ander uiterste onnatuurlik aandoen.

Die korrekte uitspraak is **geel**, **geld**, **kerk** en nie *gjeel*, *gjeld*, *kjerk* nie. **Genie**, **genre**, **prestige** en **regiment** word **zjenie**, **zjanre**, **prestiezj** en **rezjiment** uitgespreek. („Signaal” word uitgespreek as „sinjaal”).

Let vervolgens op die volgende gevalle, wat alleen in die korrekte vorm aangegee word, maar die leerling sal wel al gehoor het wat die interessante afwykings is: **Probeer, politiek, amandel, ook, betaal, presies, present** (maar **honderd persent**), **beloof** of **belowe, genoeg, granaat, Satan, vreemde, vriende, soheentoe, fondament, hande, 'n enkele, tande, spektakel, perde, grawe, grendel, affère, stapel, troebel, naderhand, kelder, suid-oos, Desember, Oktober, oorlede, daarnatoe, porselein, kersregop, perskes, kleinmeid, soldate, hinder, populier, skinder, timmer, suiwer uit, almelewe.**

In die gewone omgangstaal sal ons natuurlik nie bv. „Die kinders help in die kelder” net so uitspreek soos ons skryf nie; dit sou „gemaakt” klink. Daar is natuurlik, ook wat uitspraak betref, 'n verskil tussen die spontane volkstaal en die taal van die „geleerde mense”. Veral in dialoogvorm het ons die frisse volkstaal nodig, maar dit is tog noodsaaklik om teen agtelosigheid te waarsku en 'n algemeen beskaafde uitspraak aan te prys.

Ons moet ook wys op die verkeerde uitspraak onder Engelse invloed: In plaas van *gheset, professer, senniter, joentor, joemor, waas* (op die tafel), *wetaraan, werenda, bravoe, proewinsie, proewisie, prowiand, mouter* sê ons op Afrikaans: **gasét, proféssor, senátor, junior** (soos in „Junie”), **humor, vaas, veteraan, veranda, bravo, provinsie, provisie, proviand, motor**. Die v-klank word uitgespreek soos in „vat”.

(Leerlinge moet nou egter hiervan nie aflei dat die y-klank altyd so uitgespreek word aan die begin van woorde of lettergrepe nie. Baie wisselvorme word al toegelaat, soos die woordelys i.v.m. uniwersiteit (of universiteit), pawiljoen (of paviljoen) en andere aangee. Dit is egter raadsaam om die v-klank soveel soos moontlik te behou).

### **Klem of Nadruk**

Alle lettergrepe word natuurlik nie eweveel benadruk nie; daar is een lettergreep wat die hoofklem dra, en die ander lettergrepe het minder klem — met graadverskille. Reëls i.v.m. die klem in Afrikaans kan ons nie neerlê nie, omdat daar geen uitsonderinglose taalwette is nie. Ons moet egter aan die begin onthou dat die klem in Afrikaans radikaal verskil van dié van Engels, en dikwels is 'n verkeerde verskuiwing van die klem anglisisties. Let bv. daarop hoedat die volgende woorde moet uitgespreek word: **Minister, paragráaf, telegrám, aspékte, telefóon, standáard, grammofóon, bioskóop, kontrás, katálogus, apologie, fantasie, masjinerie, biologie, teologie, chemie, Desember, manuskrip, radiográm, definitiéf, silinder** en so meer.

'n Belangrike punt i.v.m. aksent is die manier waarop ons deur die nadruk verskille in die betekenis aantoon: **Appel** en **appèl**, **mótor(s)** en **motór(e)**, die **man** (wat daar loop) en dié **man** (uit baie), na **jou** (kom) en ná **jou** (nie voor nie), **gesèls** en **gésels**,

lókásie en lokásie, róman ('n soort vis of spinnekop) en romàn ('n soort boek). Hierdie selfde beginsel geld vir die klem by skeibare en onskeibare werkwoorde: voorkòm en vóorkom, onder-skèp en ónderskep en andere wat ons later behandel.

Die gravis-aksent (agteruit-strepie) gebruik ons by kort klinkers, bv. „dè” en „nè”, waar die akuut-aksent (vooruitstrepie) in die meeste ander gevalle gebruik word. *Ie, oe* en die tweeklanke geld altyd as lank: „Staan hier (en nie daár nie),” jy móet dit eenvoudig doen. Die strepie mag op elke letter of net op een geplaas word.

### Assimilasie:

Ons tref *assimilasie* aan, wanneer twee buur-klanke mekaar so beïnvloed, dat die een gemakshalwe net soos die ander of meer soos die ander gevorm word. „Ogenblik” word „oomblik”, „kelder” word „keller”, „kinders” word „kinners”, „Stellenbosch” word „Stellembosch”. Daarom praat ons ook van „ombruikbaar”, „ommoontlik”, „op pie daad” en „in nie tuin”. Dit spreek vanself dat die meeste voorbeelde van *assimilasie* in die skryftaal nie aanvaar kan word nie. Die verskynsel is tog maar verwant aan slordige uitspraak.

### Nasalering:

Luister na die *-n* in woorde soos „angora”, „bang”, „spens”, „lunsriem”, „trens”, „saans” teenoor die *n*-klank in woorde soos „aandag”, „aanloklik”, „indien”, „industrie”, „ingenieur”, „onnosel” en „onsimpatiek”. Ons sê dat die vokaal in die eerste aantal gevalle *genasaleer* is. (Dit is op hierdie stadium haas onmoontlik om reëls neer te lê i.v.m. nasalering, want daar is invloed aan die werk wat hierdie verskynsel, so tipies Afrikaans en mooi ook, teenwerk: Die Engelse wat ons taal aanleer, nasaleer oor die algemeen nie, en, deurdad die vokaal en die meeste sg. kultuurwoorde nie *genasaleer* word nie, is daar, so skyn dit altans, 'n neiging om veral in die „boektaal” minder te nasaleer. Leerlinge moet maar mooi luister as mense praat. Ons moet hierdie interessante verskynsel (soos die meeste taalverskynsels) maar sy natuurlike ontwikkelingsgang laat gaan, mits ons net nie in ons onkunde meen dat nasalering „onkundig” en „boers” is nie, want die teenoorgestelde is nader aan die waarheid).

### Klankverandering:

Woorde verander gedurig ten opsigte van klanke. Soms is dit 'n geval van:

- (a) „**Klankverlies** of **Elisie**” soos „stroois” (strooihuis), „foon” (telefoon), „spens” (dispens), „apteek” (apoteek), „auto”

(outomobiel), „dol(f)”, „vlak(te)”, „(be)hoort”, „vlie(g)”, „ploeg)”, „dit (be)let my nie”. (As die klankverlies aan die begin is, word dit **voorafkapping** of **prokopee** genoem, in die middel **uitkapping** of **sinkopee** en aan die einde **agterkapping** of **apokopee**).

- (b) **Klanktoevoeging**, — wanneer klanke toegevoeg word soos „traak” (raak), „yster” (yzer), „dubbeld”, (dubbel), „skuil(t)ing”, „wesen(t)lik”, „put(s)”, „patat(ta)”, „verlang(st)e”, „besonder(s)e”, „wys(t)er”, „wa(s)ter”, „reken(t)”.

Hier praat ons natuurlik weer van **voorvoeging**, **invoeging** en **agtervoeging**, na die geval mag wees.

(Leerlinge moet nou nie vergeet om nog voorbeelde aan te teken nie).

### **Klanknabootsing (Onomatopeë):**

Daar is dosyne woorde in ons taal wat niks anders is as die nabootsing van sekere klanke nie — „die perd se **runnik**”, „die skaap se **blêr**” en so voort. Dit is belangrik om die klanke te leer opvang en hulle weer te gee, want dit is een aspek van **musikaliteit** in ’n taal. (Benewens die oefening wat hier neergeskryf word, sal dit ook vrug dra, as leerlinge leer om gaandeweg skilderende klanknabootsings te beluister en ook om treffende klankskildering in prosa en poësie aan te streep). Hier volg in elk geval ’n aantal klanknabootsings en -suggesties:

Die sonbesies **soem**. Die slang **sis**. Die leeu **grom**, terwyl hy die vleis vreet. Vinke **kwetter**. Tortelduifies **koer**. Die vreedsame voëltjies **tjilp** (tierelier) in die bome. Die doodsroggel in die sterwende se keel. Donderweer **rammel** in die verte. Kanonne **bulder**. Die bekke **murmél**, terwyl hy **kabbelend** oor die klippe vloei. Reëndruppels **kletter** teen die ruite. Die vuur **knetter** onder die pot. Die storm **loei**. Die golfies **klots**, maar die magtige bare **bulder**. Die boom se blare **ritsel**. Graanhalme **ruis** in die wind. Die wind **suis** deur die bome. Jy moet soutwater **gorrel**. Die hen **kloek** vir die klein kuikentjies. Die bier **bruis** in die glas. In die boeke **balk** die esels nog, maar op die plase **skree** of **runnik** hulle al lank al. Die vlag **wapper** aan die paal. Ek het die knal van die geweer ver gehoor. Sommige meisies **giggel** gedurig. Die remme van die motor **knars**. Hy **knars** op sy tande. Hoenders roep jy **kiep-kiep**, eende **wielie-wielie**, kalkoene **koel-koel**, varke **ot-ot** ens. Celliers sê van die ossewa: „Dit **kraak** in die **knakkende knokke**”.

**BUIGINGSLEER:—****Woordsoorte of Rededele:**

Aangesien leerlinge reeds in die primêre standerds kennis maak met die belangrikste woordsoorte, is 'n elementêre uiteensetting van die saak oorbodig. Dit is ook onnodig om rededele van buite te leer; die lewende taal in sy funksie bly immers ons oogmerk. Benaminge is egter dikwels handig en ook noodsaaklik, en daarom word 'n algemene oorsig van woordsoorte gegee, alvorens hulle in hulle vormverandering bekyk word. Op hierdie stadium moet ons hulle net bekyk; later sal hulle (by wyse van hersiening) weer genoem en breedvoeriger behandel word):

1. **Naamwoorde of Benaminge:** (a) Gewone Selfst. Nwe. (kos, pen, boek ens.); (b) Versamelname (trop, leër, swerm); (c) Stofname (goud, silwer, koper); (d) Eiename (Plet, God, „Die Burger”); (e) Abstrakte Selfst. Nwe. (liefde, vriendskap, mensheid).
2. **Byvoeglike Naamwoorde of Adjektiewe** soos „mooi”, „getrou”, „lang en lank” vertel ons gewoonlik iets meer van 'n nw.
3. **Die Lidwoord** ('n, ene, een, die, de, der, den, ter, ten) maak die nw. bepaalder en definitiewer.
4. **Die Voornaamwoord** is die plaasvervanger van die nw. Hulle is hoofsaaklik: (a) **Persoonlik** (ek, jy, hy, sy, dit, ons, julle, hulle, u, U, Gy, my, jou, hom); (b) **Besitlik** (myne, joune, syne, s'n, hare, my, jou, sy, haar); (c) **Onpersoonlik** (dit in „dit spyt my”, „dit reën); (d) **Wederkerend** (my, jou, hom, haar, ons, julle, hulle in sinne soos „ek vergis my”, „jy skaam jou”, „hy verspreek hom”, „ons verlekker ons”, „julle beroem julle”, „hulle verlaat hulle op hom”); (e) **Wederkerig** (mekaar); (f) **Vragend** (wie, wat, watter, waffer, waarin, waarmee, waartoe ens.); (g) **Betreklik** (wat, wie ens.); (h) **Onbepaald** (iemand, niemand, niks, iets, 'n mens, jy, elkeen, iedereen, enigiets, almal, alles ens.); (i) **Aanwysend** (hierdie, daardie, dié, sulke, sodanige, dergelike).
5. **Die Werkwoord**, 'n baie belangrike rededeel, dui 'n werking, toestand ens. aan. Behalwe dat werkwoorde **Sterk** of **Swak**, **Oorganklik** of **Onoorganklik** kan wees, is hulle ook: (a) **Selfstandige Wwe.** (staan, eet, slaap); (b) **Hulpwerkwoorde** van **Tyd**, **Vorm**, **Wyse** (het, sal, sou, word, is, was, kon, mag, mog); (c) **Koppelwerkwoorde** (is, word, lyk, blyk, skyn, heet); (d) **Onpersoonlike Wwe.** (reën, kapok, blits ens.); (e) **Wederkerende Ww.** wat toevallig

is in gevalle soos „ek was my”; en **noodsaaklik** in gevalle ons „bekommer”, „bemoei”, „bevind”, „ontferm”, „verspreek”.

6. **Die Bywoord** waarvan daar byna net soveel soorte is soos byw. bysinne, vertel ons gewoonlik iets meer van die werkwoord of 'n ander bywoord of 'n adj. of 'n telw. soos „Hy werk **verskriklik hard, vlytig, langzaam** ens.”
7. **Die Telwoord**, wat weer verdeel word in **hooftelwoorde** (een, twee, drie) en **rangtelwoorde** (eerste, tweede, derde).
8. **Voorsetsels** soos: In, met, aan, uit ens.
9. **Voegwoorde** wat woorde of sinne verbind (nadat, mits, of, namate ens.).
10. **Tussenwerpsels** (Ai! Hiert! Eina!)

Sommige woorde is baie moeilik te klassifiseer, wat die vergeefsheid van oordrewe skoolse reëls bewys: „Dis” is bv. nóg 'n vnw. nóg 'n ww., maar 'n sametrekking van albei, nl. „dit” en „is”. Pa-hulle is 'n samestelling wat ontwikkel het uit „pa en hulle”. „Se” wat ontwikkel het uit die Ned. „zijn”, is vandag 'n besittingsrededeeltjie wat los en vas van woorde staan al na gelang van omstandighede.

#### **Funksieverandering:**

Dieselfde woord het dikwels meer as een funksie, m.a.w. dit kan as meer dan een rededeel gebruik word. Hier volg 'n paar uit baie voorbeelde:

Sy het **bruin** oë (Adj.). Ek hou van **bruin** (Nw.). Die omgeploegde lande **bruin** ver weg (Ww.).

Gee my dan maar **een** of **ene** (Tw. as Nw.): Die koejawel is **ene** pitte (Byw.). Hy is **ene** Cloete (Adj.).

Ek skrywe briewe (Ww.). Ons het 'n **skrywe** aan al ons oudleerlinge gerig (Nw.).

Trek 'n **streep** (Nw.). Hulle **streep** die trop agterna (Ww.).

Haar hart is **week** (Adj.) **Week** die beskuit (Ww.).

Dis 'n **donker** nag (Adj.). Ek is bang in die **donker** (Nw.). Die bome **donker** teen die aandhemel op (Ww.).

Sy hare is **lig** (Adj.) Meer **lig** asseblief (Nw.). **Lig** vir my (Ww.).

Dit is **erg** genoeg (Adj.). Ek **erg** my vir sulke onmanierlikheid (Ww.). Hy is ongerekend en sonder **erg** (Nw.).

Sy **pols** klop swak (Nw.): **Pols** hom om te hoor wat hy sê (Ww.).

Moeder kam Boetie se kop met 'n **fynkam** (Nw.). Die **polisie fynkam** die hele gebied in hulle soektog (Ww.).

Die res kan ons verstaan (Nw.). Dis res(te) van 'n ou beskawing (Nw.). Na alles wat ek gesê het, res my nou nog net een aangename taak (Ww.).

Die huis staan op 'n heuwel (Voorsetsel). Hy loop op (Byw.). (Baie Voorsetsels kan op hierdie manier ook as Bywoorde gebruik word. Probeer gerus).

Dis 'n goeie man (Adj.). Ons moet die grote en die goeie nastreef (Nw.).

Gebreekte mielies (Dw. as Adj. gebruik). Gooi die gebreektes eenkant (Dw. as Nw. gebruik). ('n Adj. en 'n byvoeglik-gebruikte Dw. word dikwels as Nw. gebruik).

Hy is sy koers kwyf (Nw.). Die rivier koers deur die vlakke (Ww.).

Die party het baie setels verloor (Nw.). Die regering setel te Pretoria (Ww.).

Dis die enigste nugter persoon (Adj.). Hy het hom nugter geskrik (Byw.). Nugter weet hoe hy dit doen (Nw.).

Ek glo dit nie (Ww.). Hy speel glo goed (Byw.).

Ek soek lug (Nw.). Lug jou gevoelens (Ww.).

Soek hom (Ww.). Dit raak soek (Adj.).

Piet is trots (Adj.). Die perd draf trots (Byw.). 'n Mens moet familietrots hê (Nw.). Trots baie moeilikhede het hy volhard (Voorsetsel).

Dis 'n skimmel perd (Adj.). Brood skimmel gou, as dit klam is (Ww.).

Die nat grond (Adj.). Gooi hom nat (Byw.). Hy sit in die nat (Nw.).

Dit is skemer aand (Adj.). Ons werk so in die skemer (Nw.). Sy jaloesie skemer in al sy dade deur (Ww.).

'n Kort buksie (Adj.). Sny dit kort (Byw.). Die owerheld kort ons regte in (Ww.).

Ons bly op die bult (Nw.). Die wol bult uit in die baal (Ww.).

Hy lyk oud (Adj.). 'n Ou man (Adj.). Die oues van dae (Nw.).

'n Sterk man of drie man sterk (Adj.). Jy sterk hom in sy kwaad (Ww.).

„Eina! hoe seer kry ek!” (Uitroep). Die ou graantjies staan maar eina (Byw.).

Vader is regverdig (Adj.). Dit regverdig nie sy optrede nie (Ww.).

Die boere het altyd met gaffels op die vloer gewerk (Nw.). Die kwaal vooros gaffel die leier (Ww.).

Vergeet my nie (Ww.). Ons is al vergeet hier (Byw.).

Die draad is van staal (Nw.). Hy het 'n stale geheue (Adj.). Staal jou vir die stryd (Ww.).

Die wat aanhou, wen (Ww.). Hy kan so aanhou lol (Byw.).

Elkeen handel volgens sy aard (Nw.). Vyebome aard hier (Ww.).

Dls 'n swak leerling (Adj.). Hy het 'n swak vir vyekonfynt (Nw.).

Gee my stoel (Nw.). Die koring stoel mooi (Ww.). (So kan ons ook „blaar” en „kop” gebruik).

Die wind waai (Ww.). Die tak het hom in die waai van sy been gekrap (Nw.).

'n Stil man (Adj.). Honger stil (Ww.).

Iemand billik behandel (Byw.). 'n Billike vraag (Adj.). Daardie onregverdigde handelwyse kan ek nie billik nie (Ww.).

Spits ore (Adj.). Dit loop spits (Byw.). Sy ore spits (Ww.). Jou op 'n bepaalde ding toespits (Ww.). Aan die spits (Nw.).

'n Slegte vent (Adj.). Werk sleg doen (Byw.). „Jou ou sleg!” (Nw.).

Die kat se pootjie (Nw.). Iemand pootjie dat hy val (Ww.).

Koffie bitter drink (Byw.). Bitter koffie (Adj.). Om bitters wil toegee (Nw.).

Hy is kwaad (Adj.). Piet voel kwaad (Byw.). Daar is kwaad in die seer plek (Nw.).

'n Breë strook afsny (Nw.). Dit strook nie met my planne nie (Ww.).

Besige arbeiders (Adj.). Hou jou besig (Byw.). Hy besig 'n mooi taal (Ww.).

'n Drom olie (Nw.). Die skape drom om die bakke (Ww.).

(Onder bogenoemde voorbeelde is daar baie gevalle van **Denominatiewe Wwe.** en ook gevalle van **Letterlike** en **Figuurlike** gebruik wat ons later sal behandel).

Die behandelde voorbeelde behoort vir ons aan te toon dat ons nie mag sê 'n woord is *altyd* hierdie of daardie rededeel nie, want dit hang van die funksie in die sin af. As ons bv. sê „stoel” is 'n nw., dan beteken dit dat „stoel” alleen in 'n sekere verband 'n nw. is. 'n Goeie oefening is dit dus om te probeer uitvind wanneer die voorbeelde, onder woordsoorte behandel, daardie bepaalde woordsoorte is en wanneer nie.

In hierdie lig gesien, kan 'n mens die hele gebied van die grammatika verdeel in **Klank**, **Funksie** en **Betekenis**, want 'n alleenstaande woord sê niks; alleen as ons dit in verband bring met ander woorde, as ons die funksie nagaan, kry dit betekenis.

### Verbuiging en Vervoeging:

Verbuiging beteken die **vormverandering** wat dieselfde woord ondergaan. So bv. verander 'n woord mos van vorm, as dit in die mv., vroulike of as verkleinwoord gebruik word. Sommige ander rededele soos die adj. en ander ondergaan ook soms verbuiging. Die verbuiging van die werkwoord noem ons **Vervoeging**.

**DIE NAAMWOORD:—****Soorte:**

Hoewel ons die verskillende soorte Selfst. Nwe. nie van buite hoef te leer nie, moet ons darem weet waarvan mense praat, as hulle geséls van: **Soortname** (mens, stoel, ster ens.), **Afgetrokke** (Abstrakte) **Selfst. Nwe.** (liefde en haat), **Stofname** (goud, ferweel ens.), **Versamelname** en **Eiename**. Die laaste twee verdien verdere aandag. Laat ons begin met die volgende oefening:

**Versamelwoorde:**

'n	Versameling	visse is 'n	<b>skool</b> visse.
"	"	bye is 'n	<b>swerm</b> bye.
"	"	skape, varke, beeste is 'n	<b>trop</b> .
"	"	pêrels is 'n	<b>snoer</b> pêrels.
"	"	gedigte is 'n	<b>bundel</b> gedigte.
"	"	wasgoed is 'n	<b>bondel</b> wasgoed.
"	"	sterre is 'n	<b>heir</b> sterre.
"	"	soldate is 'n	<b>regiment</b> soldate.
"	"	skote (wat afgevuur word), is 'n	<b>sarsie</b> skote.
"	"	mense wat sing, is 'n	<b>koor</b> .
"	"	mense wat speel (musiek), is 'n	<b>orkes</b> .
"	"	mense wat luister, is 'n	<b>gehoor</b> .
"	"	mense wat kyk, is	<b>toeskouers</b> .
"	"	eiers (onder 'n hen) is 'n	<b>broeisiel</b> .
"	"	varkies (van een sog) is 'n	<b>worp(sel)</b> .
"	"	berge is die	<b>gebergte</b> .
"	"	skepe is 'n	<b>vloot</b> .
"	"	koffers ens. is jou	<b>bagasie</b> .
"	"	brode in die pan is 'n	<b>baksel</b> .
"	"	rytuile en mense agter 'n lykwa is 'n	<b>stoef</b> .
die	"	vrouens van die Sultan is die	<b>harem</b> .

(„Troepe” is vandag by ons nie meer net afdelings van 'n regiment nie, maar wel „manskappe”).

**Eiename** is die name wat spesiaal aan mense en dinge gegee word. Die saak is nogal nie altyd so eenvoudig soos dit met die eerste oogopslag voorkom nie. Is „Job” bv. 'n eiename in „hy is 'n ware Job?” (Dit is die probleem van die hoofletter, maar, aangesien hoofletters in meer gevalle as in eiename gebruik word, behandel ons dit later).

**Getal:**

(Die doodgewone meervoude kan ons nie behandel nie, en die baie reëls sal die behandeling eentonig maak. Die enigste oplossing is die goue middelweg: die belangrikste gevalle saam groepeer).

**Meervoude op -e:**

Tot hierdie groep behoort die meeste eenlettergrepige selfst. nwe.:

Skubbe, dade, rade, grade, miede(ns), klede, kieuë (kuwe), tweë, feë, seë, sleë, drieë, riwwe, siwwe, nawe, krewë, werwe, dae, boë, teue, kroëë, voëë, wieë (wiege), boëë, ploëë of ploëëns, rûe of rugge of rûens of ruggens (in die veld), brûe of brugge, weë, vlae (mv. van „vlag” en „vlaag”), vlieë, bedrae, dakke („dake” nog in die Bybelse sin van „verkondig dit van die dake”), trokke, beke, dele, rame, swamme, tiene, dasse, glase, jasse, lesse, neuse, basse, trosse, vase, else, tiere, skêre, sesse (maar standerd-sessers), Swartse, klede, skare(s), trôe of trogge, sôe, wie (wigge), êe (egge).

Uitsonderinglose reëls is hier egter onmoontlik. Die vlg. eenlettergrepige woorde se meervoudsuitgang is bv. -s:

Ooms, broers, seuns, neefs, koks, leeus, roers, ags, jaarts, tjeks ens.

Tot die groep met die mv. op -e behoort verder meerlettergrepige selfst. nwe. **met die klem op die laaste lettergreep**, soos: Manelle, krokodille, priële, bedrae, trofeë, kwartiere, tarentale, kwartale, linalie, luitenante, offisiere, hotelle, pondokke, teoloë, soöloë, fotograawe, basare, adresse, matrasse, ghitare, viole.

Ook hier is daar ongelukkig uitsonderings:

Akteurs, barbiers, generaals, kapteins, majoors, kolonels, patats, koepons, komitees, kafees, dinees, winkeliers, juweliers, koetsiers, inspekteurs, kondukteurs, admiraals, korporaals.

Aan die ander kant behoort tot hierdie -e groep baie woorde wat jy, volgens die reël, nie hier sou verwag nie:

Eksaminatore, professore, doktore, aanlêe, hemelinge, sendelinge, lotgevalle, potlode, monnike, bakterieë, Hottentotte (hoewel ons baie „Hotno(t)s” in die spreektaal hoor), leeurike, vonnisse, betekenis, sekretarisse, roersele, ideë.

Baie samestellings met minder klem op die eindlettergreep val tog onder hierdie groep, aangesien samestellings die mv. van die laaste deel kry: Meerkatte, spoorweë, neusgate ens.

**Meervoude op -s:**

Die meeste meerlettergrepige selfst. nwe. **met die klem op 'n ander lettergreep as die laaste** se meervoudsuitgang is -s:

Bedelaars, bydraes, gevangenes, dienaars, massas, konsertinas, outas, aias, oupas, oumas bruidegoms, kêrels, besems, prinsipale(s) (mv. van „prinsipale”), en so ook: presidente(s), sekretarisse(s), inspektrise(s), lektrise(s) ens. Ook woorde soos swerms, halms, kolonnes, hordes, sekonde(s), halte(s).

**Meervoude op -e of -s:**

Daar is baie woorde met die meervoud op -e of -s. (Dit is interessant om te dink watter vorm op die lange duur sal „wen”. In gevalle van twyfel moet ons voorkeur gee aan die -e vorm, aangesien die ander dikwels Engelse invloed verraaï):

Martelare(-aars), verwagtinge(-ings), norme(-s), opdraande(-s), wandelinge(-s), vergaderinge(-s), ontdekkinge(-s), opgrawinge(-s), lerare (leraars), ribbe (ribbes), skepsele(-s).

**Meervoude op -te:**

Sommige woorde, waarvan die meervoud in Ned. -ten was, se meervoudsuitgang is nog -te:

Oeste, leeste, ampte, abte, manuskripte, leeste, brullofte, distrikte, koloniste, geskifte, kamaste, produkte, resepte, wors(t)e, peste, korste, kwaste, barste, tekste, orkeste, dienste. (Ons sê ook „grafte(s)”).

**Op -de:**

Die mv. van die volgende is -de: Deugde, voogde, smaragde, (en ook) **hemde**.

**Die -(e)ns-groep:**

Genoeëns, vermoëns, gevoelens, waens, lewe(n)s, wesens, vroue(ns), ploëe(ns), nôiens, miede(ns), varke(ns), bedde(ns), hawens, vulle(ns), gewewens.

**Mv. op -ers en -ere:**

Lammers, maters (maats), geleedere, gemoedere, liedere, radere, volke(re), splinte(rs), vente(rs).

**Die -'s as meervoudsuitgang:**

Letters van die alfabet val onder hierdie groep, bv. a's, b's, d's (maar **esse** en **xe** of **ekse**). So ook naamwoorde, wat op 'n **beklemtoonde a** eindig en vreemde woorde op **-e, -i, -o, en -u**. Dus: ma's, pa's, karba's, hoera's, impi's, café's, banjo's, duo's, kado's, tablo's, eggo's, outo's, parvenu's, balju's.

Ons skrywe: Oupas, alas, massas, konsertinas, pápas.

(Die mv. van „indiwidu” is **indiwidue**”).

'n Mens kan natuurlik ook skrywe (as jy wil windmaker wees!): tableaux en cadeaux.

Onder hierdie groep val ook vanne wat op 'n vokaal eindig, bv. Hugo's, Van der Merwe's ens. Ons skrywe egter: Annas, Marias, Magdalenas.

(Die mv. van „Celliers”, „du Preez” en „Francois” is „die Celliers’”, „die du Preez’” en „die Francois’”).

### Vreemde woorde op -us, -cus (-kus) en -um:

Vreemde woorde met genoemde uitgange se meervoudsuitgange is -i en -a onderskeidelik: Radii, primarii, secundi, politici, kritici, musici ens. Musea, criteria, stadia, strata.

(Die mv. van „eisteddfod” is „eisteddfods” of „eisteddfodau”).

### Onreëlmatiges:

(a) Die vlg. selfst. nwe. verander of verleng die stamklinker in die mv.: Smid—smede, lid—lede, stad—stede, hof—howe, slag—slae, dal—dale, skip—skepe, vat—vate, gat—gate, bevel—bevele, gebed—gebede, gebrek—gebreke, gebod—geboode, oorlog—oorloë, pad—paaie, skilpad—skilpaaie, spel—spele, verdrag—verdrae. weg—weë.

(b) Enkelvoud -heid word mv. -hede, bv. kleinighede, swarighede ens.

(c) -Man word -mans, -manne, -mense ens., bv. voormanne, Boesmans, koopmans (kooplui), werksmense, seeliede, bure, Engelse, Franse, koggelmande(rs).

(d) Baie selfstandige nwe. het geleende meervoude, bv. aanbod—aanbiedinge, bedrog—bedriegerye, eer—eerbewyse, genot—genietinge, seën—seëninge, slagding—slaggoed (slagvee).

(e) Baie verkleinwoorde het meer as een mv.: goedjies of goetertjies, kalfies of kalwertjies, klippies of klippertjies, lammetjies of lammertjies, maatjies of matertjies.

### Net in die Meervoud:

Daar is woorde wat ons net in die mv. aantref: Fiemies, hurke, groete, koste en onkoste, masels, medisyne, pökkies, pluens, notule, ingewande, reisie, sinkings, stuipe, klassieke, Trope, hartkloppings, winter(s)hande, -voete ens., kwaalvriende, semels.

Sommige van hierdie woorde se enkelvoud en meervoud verskil in betekenis, bv. aanstelling—aanstellings (ook „fiemies”), pampoentjies (groente en ’n siekte), komplimente (pluimpies en groete). Vgl. ook „kruid” en „kruie”, „kleed” en „klere”.

### Meervoudlose Nwe.:

Daar is selfst. nwe. soos Stofname, Elename, Afgetrokke Selfst. Nwe. e.a., wat gewoonlik geen mv. het nie, bv. koper, Jan, liefde, griep, lot, beroerte, graan, rugte en so meer. Daar is egter

gevalle, waar ons praat van „die ysters”, „die Janne”, terwyl ons selfs in sekere streke van „ruigtes” en „grane” hoor. „Maanhaar” en „maanhare” en „mane” word almal erken.

### Samestellings:

Gewone samestellings se meervoud word deur die laaste deel bepaal (bv. spoorweë), maar ons skrywe „posmeesters-generaal”, „goewerneurs-generaal”, „superintendente-generaal”, „skoute-by-nag” en „mandjiesvol”.

### Twee Meervoudsvorme met Verskil in Betekenis:

Die vlg. woorde het meer as een mv. met verskil in betekenis:

**Asse** van hout (meer gebruik in figuurlike sin van „verrys uit die asse”) — **aste** van voertuie; **baaie** om in te baai (warm bronne) — **badde** of **baddens** om in te bad; **balle** is speelgoed — **bals** is danspartye; **basse** (basstemme) — **baste** van bome; **blaaie** van mense en diere (of van ’n boek) — **blare** van bome; **burge** is varke — **burgte** is vestings; **doele** in sport — **doeleindes** is mikpunte; **giwwe** maak dood — **gifte** (presente) maak bly; **harte** van mense se liggame — **hartens** in kaartspel; **kindere** Israels — **kinders** van ouers; **lere** en **leerstellings** is albei die mv. van leer; **mae** of **mage** wat vol is—vyf dwase **maagde**; **maats** (maters) om te gesels — **mate** om te meet; **middele** om jou doel te bereik — **middels** teen siekte; **manne** is helde — **mans** en **nie** vrouens **nie**; **rugge** (rûe) van mense — **rûens** waarteen die vee wei; **ruite** in ’n venster — **ruitens** in kaartspel; **rade** en **raadgewings** is albei die mv. van „raad”; **saals** op perde — **sale** vol mense; **skowwe** van diere — **skofte** is werkperiodes; **skoppe** wat jy iemand toedien — **skoppens** in kaartspel; **tafels** om op te eet — **tafele** van God; **vaders** van kinders — **vadere** in die sin van voorvadere; **vrouens** van mans — vrome Voortrekker­vroue; **waters** van ’n rivier — diepe **watere** van beproewing; **kusse** is soene — **kuste** van die see; **lasse** wat saamvoeg — **laste** wat jy dra.

Ons moet ten slotte ook op die volgende verskynsel wys: „Drie **pond** suiker” beteken drie pond bymekaar (in een kardoes); „drie **ponde** suiker” beteken los ponde. Ons sal seker dieselfde verskil voel tussen „drie **paar** kouse” en „drie **pare** kouse”; „tien **jaar** lank” en „tien **lange** **jare**”.

(Die neiging om te sê „gaan *bees* haal” en „gaan *perd* koop” i.p.v. „*beeste* haal” en „*perde* koop”, moet sekerlik nie in die skryftaal aange­moedig word nie).

(Ken jy die betekenis van al die behandelde woorde)?

**Geslag:**

Leerlinge ken natuurlik almal die begrippe, **Manlik** (man), **Vroulik** (vrou), **Gemeenslagtig** (kind) en **Onsydig** (tafel). 'n Belangriker aspek van die saak wat ons wil aanroer, is die neiging om in Afrikaans alles te wil *vermenslik*. Sommige mense praat wel van 'n skip of 'n trein as van „sy”, onder Engelse invloed, maar die neiging om van 'n boek, 'n blom, die regering ens. as van „hy” te praat, is baie algemener. Of dit korrek is? Streng genome is dit nie toelaatbaar nie, maar dit is so 'n algemene neiging in Afrikaans, dat ons dit nie meer vandag as foutief kan beskou nie.

Die vroulike word van die manlike gevorm deur middel van **uitgange, aparte woorde en voor- en agtervoegings**:

Boerin (boervrou), Christin, gemalin, godin, gravin, heidin, heldin, hertogin, Jodin, keiserin, koningin, slavin, vorstin, barones, bedelares, dienares, digteres, elenares, meesteres, profetes, sangeres, sondares, towenares (beter bekend as „heks”), bakster, begeleidster, beskermster, besoekster, helpster, kleremaakster, speelster, spreekster, tikster, verpleegster, verkoopster, voorsitster, waarsegster, werkster, bibliotekaresse, sekretaresse, eggenote, presidente, prinsipale, orreliste, pianiste, masseuse, regisseuse, romaniëre (romanskryfster), aktrise, eksaminatrise, eksekutrise, inspektise, lektrise, redaktise, abdis, tsarin, goewernante, outrise, vloogdes, regentes, assistente.

(„**Blondine**” en „**brunette**” word net in die vroulike aangefref).

Die vroulike uitgange op -e skyn in onbruik te raak. 'n Mens hoor baie selde „leerlinge”, „studente”, „erfgename” en so meer, terwyl so 'n woord soos „dievegge” louter „grammatika”-taal is.

**Aparte woorde:**

Baas—nôl, nool; beer—sog (berin of beerwyfie = 'n wilde-dier); bruidegom—bruid; heer—dame; hings(-vul)—merrie(-vul); kleinjong (klong)—kleinmeid (klimmeid); meneer—mevrou, mejuffrou, juffrou; monnik—non; oujongkêrel—oujongnôl; reun—teef; swaer—skoonsuster; strooijonker—stroolmeisie; wewenaar—weduwee, weduvrou; bulkalf—verskalf; meermin—meermin.

**Voor- en Agtervoeging:**

Koedoebul—koedoekoei; springbokram—springbokkooi; sebrahings—sebra-merrie; kalkoenmannetjie—kalkoenwyfie; leu-mannetjie—leeuwyfie (leeuin); mannetjie-eend—wyfie-eend; kombulsjong—kombuismeid; ramlam—oolam; mannetjie-volstruis (ook volstruismannetjie)—volstruiswyfie; seekoeibul—seekoei-koei.

(Van „bul” kry ’n mens „os”; van „hings”—„reun”; van „beer”—„burg”; van „ram”—„hamel”; van „bokram”—„kapater”).

(Kan jy die woorde, onder geslag behandel, almal in sinne gebruik)?

### Verkleinwoorde:

Dit is baie interessanter om die gebruiksverskeidenheid van die verkleinwoord na te gaan as om reekse verkleinwoorde van buite te leer. Ons gebruik die verkleinwoord sommer dikwels sonder dat ons noodwendig iets kleins bedoel. (Dit behoort vir leerlinge ’n baie interessante studieveld te wees, as hulle die verskillende gebruike van die verkleinwoord wil aanteken. ’n Mens kry baie waardevolle leiding in dr. W. Kempen se uitgebreide studie van „Die Verkleinwoord in Afrikaans”).

Verkleinwoorde dui baie dikwels **liefde** en **toegeneentheid** aan. Die moeder praat soms van ’n groot kêrel as van haar ou kindjie, haar skatjie, haar hartjie, haar liefie, of selfs haar lammetjie. Verliefde mense kan maar nie genoeg verkleinwoorde vind nie. Die verkleining van ons eiename moet hiermee in verband gebring word. Dink maar aan Willie (Willempie), Hennie, Callie (Careltjie), Orgie ens. Die gebruik van „omie”, „oompie”, „nefie”, „ou kindjie”, „kinnie”, „ons liewen Heertjie” ens. is verwante gevalle.

(Ons moet hier wys op die interessante variante op -a: „Nee, kinna, ’n mens doen dit mos nie so nie.” „Ons het almal baie respek vir Oom Polla.” „Lekker ou Henna” (Hendrik).

’n Ander gebruikseer is dié van **gemeensamheid** wat dikwels, maar nie noodwendig nie, aan toegeneentheid grens. Die Afrikaner is baie lief om iemand onder bepaalde omstandighede „oompie”, „tannie”, „nefie”, „boetie” (boeta) ens. te noem.

Net so bekend is die gevoel van **veragting** wat dikwels in verkleinwoorde opgeslote lê: „Ek laat my nie van ’n ou klerkie beledig nie.” „Foei tog! so ’n niksbeduidende ou kêreltjie.”

Daar is egter talle skynbaar onverklaarbare gevalle, waar een of meer van die voorafgaande saam met analogie of gewoonte ’n rol speel: **Noumaartjies**, **dalkies**, **kamtie**, **flussies**, **ampertjies**, **mooitjies**, so **wraggies**, o **maggies**! ag **toggie**! o **aardetjie**! die **spulletjie**, die ou **geldjies**, die liewe **reëntjie**.

In sommige van hierdie gevalle skemer verkleining, versagting, vertedering tog deur wat ons sterker vind in: **Effentjies**, so ’n **ietsie**, net so ’n **titseltjie**, dis darem maar **minnetjies**, handel **saggies** of **sagkens** met hom, so **ampertjies**, ewe **mooitjies** omdraai, **stilletjies** omdraai, **skelmpies** loer, **soetjies** of **stilletjies** nader, **opstootjies**, **staaltjies**.

En wat sal ons sê van „netjies” wat „net” aan die verdring is. (Let daarop dat dit hoegenaamd nie net naamwoorde is wat verkleiningsuitgange het nie. Dit word ook deur Langenhoven se melodieuse wiegelledjie bewys).

Ons tref verkleining ook in die volgende soort samestelling aan: **Apiesdoring, bakkiespomp, rantjiesveld, knopiespinnekop (knoppiespinnekop).**

Daar is woorde waarvan die (oorspronklike) verkleinwoord nie meer as iets kleins beskou word nie en wat nou (om verklein te word) 'n dubbele verkleiningsuitgang het. Waar ons in Nederlands „mand”—„mandjie” aantref, is die Afrikaanse vorme „mandjie”—„mandjietjie”. Soortgelyke gevalle is: **Meisietjie, koppietjie, boordjietjie, kelkietjie, mossietjies, sokkietjie, dassietjie.**

(„Baadjie” beteken nie iets kleins nie, maar wel „baadjietjie”. 'n „Fluitjie” is 'n ander soort fluit as 'n „fluit”. „Bossies” beteken bossies bome, groente en gewone bossies. „Potjie” is 'n klein pot en 'n liggaamsdeel: „Van die draal het sy heup uit die potjie gespring”).

Verkleinwoorde word deur middel van buigingsuitgange gevorm:

**-ie:** Grafie, hoffie, hofle, sagie, vlaggie (wat waal), vlagie (reën), bogie, magie, gediggie, uitweggie („uitweëntjie” word ook gehoor), uitvuggie, rokkie, rokie, sakle, sakkie, skapie, strepie, blasie, bloesie, blesie, hasie, trossie.

**-jie:** Hondjie, potloodjie, ratjie, windjie, voorskootjie, rantjie, endjie (abstrak), entjie (konkreet), raadjie, raatjie, graadjie, graatjie.

**-tjie:** Maatjie (verkleinwoord van „ma”), paatjie, kafeetjie, treetjie, ootjie, buurootjie, reëltjie, skaaltjie, sieltjie, pyltjie, maantjie, speentjie, lanterntjie, loontjie, koeëltjie, spieëltjie, drawwertjies, draertjies, outjie.

(Ons sê egter **wieletjie**).

**-etjie:** Balletjie, belletjie, vulletjie, rolletjie, kammetjie, rammetjie (rample), lammetjie, bommetjie, kannetjie, karretjie, torretjie, manelletjie, ribbetjie, kanon(ne)tjie, mannetjie (ons hoor tog dikwels „Boesmantjie”), slangetjie, tongetjie (maar „klonkie”), ringetjie, gesangetjie, wandelingetjie, vreemdelingetjie, sendelingetjie.

(Woorde op -ng het egter almal 'n neiging om die verkleinwoord op -kie te vorm. Ons hoor nie alleen ook van „vreemdelinkie”, „wandelinkie” en „sendelinkie” nie, maar ons sê en skrywe feitlik konsekwent „rekeninkie”, „tekeninkie”, „vergaderinkie” ens.).

**-kie:** Koninkie, kettinkie, piesankie, bestellinkie, woninkie, rottankie.

**-pie:** Raampie, boompie, besempie, skelmpie, armpie ens.

#### Wisselvorme:

Ons sê „goedjies” en „goetertjies”, „kalfies” en „kalwertjies”, „klippies” en „klippertjies”, „lammetjies” en „lammertjies”, „maatjies” en „matertjies”.

### Verandering van Betekens:

„Mammie”, „pappie”, „tannie”, „sussie”, „boetie” naas „maatjie”, „paatjie”, „tantetjie”, „sustertjie”, „broertjie” dui geen verkleining meer aan nie, maar eerder toegeneentheid en gemeensaamheid.

### Onreëlmatiges:

Let op „blaadjie”, „enetjie”, „gaatjie”, „glasie”, „paadjie”, „ribbetjie”, „speletjie”, „vaatjie”, „nôientjie”, „waentjie”, „lewe(n)tjie”.

(„Vroutjie” is verkleslik bo „vrouentjie”).

### Allerlei:

- (a) Ons tref dikwels die woorde „klein” en „ou” nog voor die verkleinwoord aan, bv. „'n ou klein seuntjie” ens.
- (b) Die populêre uitspraak van **paadjie**, **bootjie**, **hondjie**, **voetjie** as *paaitjie*, *bootjie*, *hoitjie*, *voeitjie* moet ons nie in ons skryftaal verwar nie.

### Oefening:

Dit sal die leerling se woordeskat uitbrei as hy al die tot dusver gebruikte woorde se betekenis nagaan. Daarna moet die mv., vroulike en verkleinwoord van elkeen neergeskryf word.

### Naamval:

Ons leerlinge wat tale soos Latyn en Duits bestudeer, weet hoeveel hoofbrekings die lastige **naamvalsuitgange** hulle besorg; die woord het 'n sekere vorm as dit onderwerp (1e Nv.) is, 'n ander vorm as dit besitting (2e Nv.) aandui, 'n derde vorm as dit indirekte voorwerp (3e Nv.) is, en nog 'n ander vorm as dit die direkte voorwerp (4e Nv.) is ens. In ons taal is daar gelukkig nie hierdie vormverandering nie behalwe in die geval van die voornaamwoord, waarvan die vorme tog verskil. Vgl. „ek” — „myne” — (aan) „my” — „my”. Dit is ook waar van „jy” en „hy”.

Ons moet egter wys op 'n hele aantal interessante ou Nederlandse genitiewe (2e Naamvalle) en Datiewe (3e Naamvalle) wat vandag nog in Afrikaans gebruik word. In plaas van te sê „'n kind van die dood”, sê ons „'n kind **des** doods” (die gen. vorm van die manlike in die enkelv.), en in plaas van „die koninkryk van die hemele”, sê ons „die koninkryk **der** hemele” (gen. van die meervoud). Hier volg nou 'n groep ou genitiewe, en, aangesien sommige van hulle selfs vir senior-leerlinge nog onbekend is, word hulle in sinne gebruik:

As daardie giftige slang jou byt, is jy 'n **kind des doods**.

Sy onpleserige geaardheid is orals 'n **steen des aanstoots**, want hy stoot mense orals af.

Van die sondeval af moet die mens sy brood in die **sweet des aanskyns** verdien.

God het 'n **engel des ligs** gestuur om die mense die verskil tussen goed en kwaad te help onderskei.

Die hofsak het vir hom geen gemoedsrus gebring nie; in-teendeel, dit is maar net 'n **kwelling des geestes**.

Hy het dit **destyds** al voorsien en daarteen gewaarsku, maar aangesien niemand daar ag op geslaan het nie, was dit soos 'n **stem des roepende in die woestyn**.

Die twee broers het hulle besittings verdeel en elkeen het **syns weegs** gegaan.

Ons kan vinniger stap om betyds te kom, of ons kan **desnoods** hardloop.

As 'n straf vir sy goddelose handelwyse moes hy swaar boet en die **brood der smarte** eet.

Jesus het beveel dat die kindertjies nie moet verstoot word nie, want die **koninkryk der hemele** behoort aan hulle.

So 'n geslaagde toer is darem **allesins** die moeite werd.

Daardie boek wat vanoggend ter perse gegaan het, sal **eersdaags** verskyn.

Ons het gesê dat hy daardie plan **onses insiens** maar moet laat vaar, want dit was ons eerlike oortuiging.

Die weer was baie ongunstig; **desondanks** het hy tog gekom.

Sonder dat ek hom enige aanleiding daartoe gegee het, het hy my sommer ewe **goedsmoeds** 'n klap gegee.

### Ou Datiewe:

Die Datief (of 3e Naamval) word in Duits vir die indirekte voorwerp en na sekere voorsetsels gebruik. In die gevalle van die vroulike is dit veral herkenbaar aan die „der” of „ter” (’n sametrekking van „te der”), en owerigens aan „ten” (van „te den”) of aan die ekstra -e, bv. „by magte” (presies soos in Duits).

Hier volg voorbeelde in sinne:

Ten spyte van groot inspanning was hy nie **by magte** om die aanstormende water te keer nie.

Hy het sy humeur verloor en lelik teen die opposisie **te velde** getrek.

As jy iemand 'n goeie nagrus toewens, sê jy altyd: „**Wel ter ruste.**”

Wanneer jy 'n brief begin na aanleiding van 'n ontvangse brief, dan sê jy: „**Met referte tot u skrywe van 5 deser.....**”

Na al sy treurige ondervindings was hy uiters **droewig (droef)** te moede.

In die buiteland is dit onbekend, maar hier te lande is dit baie bekend.

Deur sy verstandige bemiddeling is die saak in der minne geskik, en so is vrede herstel.

Ek is nou besig; kom my te gelegener tyd spreek.

God sal uitkoms gee te Syner tyd.

Iemand wat alle mensekinders vertrou, handel altyd te goeder trou.

Ons het hom te(r) kwader ure gaan spreek, want hy was in 'n besonder kwaai bui.

Christus het met luider stemme een van sy kruiswoorde uitgeroep.

Hy het op sy ou dag al sy goed verkoop en hom metterwoon op Stellenbosch kom vestig om te rus.

Hy het al die inligting verskaf behalwe dié wat die skelmstuk kan verraa; daardie het hy agterweë gehou.

'n Man met so baie gereedskap het ook altyd die regte ding byderhand.

Daardie heerlike vakansie het ons ten seerste geniet.

Die voordrag, deur die arties ten beste gelewer, het ons geweldig ontroer.

Die eerste minister is gevra om 'n verklaring te maak ten opsigte van ons onafhanklikheid.

Dit is maar laag om 'n grap ten koste van 'n ander te maak.

'n Basaar ten behoeve van die armes is gehou.

Vanmelewe was dit anders, maar hedentendage lewe elkeen net vir homself.

'n Man wat so wel ter tale is, praat baie lekker in die openbaar.

Hy het ter elfder ure daar opgedaag, want dit was byna te laat.

Stuur my die boek net ter insage, sodat ek dit vlugtig kan deurkyk.

Jy moet ter sake praat en nie oor dinge wat niks met die onderwerp te doen het nie.

As ons onderwerp ter sprake kom, moet jy darem iets sê.

Die mense dra so baie nuus aan, dat dit hom seker maar ter ore sal kom.

God gee altyd 'n oplossing ter bekwamer tyd.

Hy het ter verduideliking op die bord geskryf, waarna almal dit beter verstaan het.

Die spreker het die regering se beleid verduidelik ten aanhore van 'n hele skare.

Die departement van volksgesondheid doen baie navorsing ten bate van ons gesondheid.

Ons vergader ten huise van die voorsitter, want daar is die meeste ruimte.

Die huis val **ten prooi** van die vlamme en word verwoes.  
 Ek hou nie van die werk nie; ek doen dit maar **om den brode**,  
 want 'n mens moet tog leef.

Ek sal dit doen, maar **na regte** moet jy dit doen.

Ons het ons omgord en **ten stryde** opgetrek om die vyand  
 te verslaan.

Die klas rig versoeke tot die hoof **by monde** van hul leiers.  
 Omdat hy die punt so graag wou bespreek, het hy dit op die  
 vergadering **te berde** gebring.

Ek gun hom sy verhoging **van aller harte**.

My hare het van skrik **te berge** gerys.

Die geweldige onreg skrei (skree) **ten hemel** om wraak.

Ek laat dit **ten enemale** nie toe nie.

### **Ander Vorme van die Genitief:**

Op die vlg. genitiefsvorme dien ook gelet te word:

Vertel my gou iets **moois**. Sy koms voorspel niks **goeds** nie.  
 Ek sal jou wat **moois** wys. **Veels** geluk daarmee. Dan is dit **tyds**  
 genoeg. Hy het veel **goeds** tot stand gebring. Die winkelier het  
 'n voorraad van alles **begeerliks**. Skryf nou weer iets **verhewens**.  
 Hy het my iets baie **treurigs** vertel (wat tog iets anders is as  
 „iets baie treurig”). Daardie gebeurtenis is iets intens **dramaties**.  
**Mans** genoeg.

Ons tref in Afrikaans die volgende verskynsel aan: In 'n paar  
 gevalle bestaan die -s nog, maar sonder die afkappingsteken, bv.  
 „Gods liefde”, „Salomos wysheid”, „Jobs geduld”, maar die -s het  
 in die meeste gevalle verbleek tot 'n blote verbindingsklank, soos  
 in: godswonder, godsonmoontlik, 'n jobstrooster en so meer. Dan  
 is daar natuurlik die bekende Afrikaanse „se” (Ned. „zijn”) wat  
 'n suiwer adjektiewiese funksie het, as ons „die” daarvoor gebruik,  
 bv. Die Darlingse tentoonstelling, die Berlynse omroep, die  
 Vrystaatse vlaktes. (By plekname soos Ceres, Stellenbosch en  
 Beaufort-Wes lewer dit nie min moeilikheid op nie). As die „die”  
 weggelaat word, dan staan die „se” natuurlik los, bv. Moorrees-  
 burg se boere.

### **DIE VOORNAAMWOORD:—**

Hierdie **plaasvervangers van die selfstandige naamwoord** val  
 almal onder sekere hoofgroepe:

1. **Die Persoonlike Voornaamwoord**, bv. ek, jy, u, hy, sy, dit,  
 ons, julle, hulle, my, jou, hom, haar.

Aangesien die gebruik min moeilikhede oplewer, wys ons net  
 op 'n paar puntjies:

(a) „Ekke” vervang „ek” soms, veral in gevalle van klem, bv. „Nie ékke nie”. „Wie? Ekke?” „Arme ekke.” (b) Gebruik „u” teenoor vreemdes en jou meerderes. (c) „Gy” raak heeltemal uit die mode, word soms nog teenoor die Opperwese gebruik. (d) „Julle” of „jul”, „hulle” of „hul” word na willekeur gebruik. (e) Die samestelling „pa-hulle” (vir „pa en hulle” of „pa en dié”) is gebruiklik. (f) „Ons praat dikwels van „jou waarlik”, „jou wrintig” ens. (g) Sommige mense sê: „wil *hy* of *sy* dan nie nog eet nie”, waar hulle „jy” of „u” behoort te sê. (h) Die voorsetsel + dit word altyd daar+die voorsetsel, bv. **daarmee, daarvoor, daaronder** ens. (i) Ons tref nog die vorm (hoewel pedanties) aan: „My is gevra”, „my is vertel” (omdat dit eintlik is „(aan) my is (dit) gevra”).

**2. Die Besitlike Vnw., bv. my, jou, u, sy, haar, ons, julle, hulle, myne, jou(n)e, syne, hare, ons s'n, julle s'n, u s'n, hulle s'n.**  
Die laaste agt word as nwe. gebruik).

(a) Die eerste groep word as byvoeglike naamwoorde, terwyl die ander almal gebruik word soos „dit is myne”. (b) Ons tref dieselfde vorm aan (sonder dat dit besitting aandui) in gevalle soos „jou lae skurk!” (c) Ons verbulg die „Ons” nie behalwe in gevalle soos „onse Vader” en „onse maat”. (d) Sommige mense praat nog van „Anna haar moeder”. (e) „Haar syne” is foutief. (f) „Joune” en „joue” is albei korrek.

**3. Die Aanwysende Vnw., bv. hierdie, daardie, dié, dit, dieselfde, sulke(s), (diesulkes), dergelike(s), diegene, soortgelyke(s).**

(a) Sommige word as byv. nw. gebruik en ander sonder die nw. (b) Ons tref nog ou vorme aan soos „dese en gene”, „die tiende deser”. (c) Saam met 'n nw. vorm dit 'n bywoord soos in „vandeseweek”, „vandeemaand”, „deuskant”, „duskant”, „tot dusver”. (d) „Hieruit,” „daarmee” ens. kan ook as aanwysende voornaamwoorde gebruik word. (e) „Doer” is vinnig aan die veld wen, en beteken iets anders as „daar”.

**4. Die Vra(g)ende Vnw., bv. wie, wat, watter, wat vir (waffer), wie (se), wat (se).**

(a) Ook hierdie woorde kan as adj. gebruik word. (b) „Waarop”, „waarteen”, „waarmee” ens. is ook soms vragende vnw. (c) „Wie” of „wat” is die vnw. en „se” 'n *besittingsrededeel*. (d) 'n Mens hoor dikwels in die spreektaal: „Hy dink hy is 'n watter ('n wattergoedse, 'n watwonderse) man.” (e) Onder Ned. invloed gebruik ons nog uitdrukkings soos „welk 'n vriend”.

5. Die Betreklike Vnw., bv. wat, wie (se), (aan) wie, (vir) wie, (deur) wie, waaraan, waarteen, waarvoor ens.

(a) „Dit is die man, vrou ens. wat . . .” (en nie *wie* nie). Sels „die Here, Wat . . .” (b) „Die man wie se dogter” (of „van wie die dogter . . .”). (c) Wie dit nie weet nie, is dom. (d) „Die tak waaraan ek hang . . .” (en nie „die tak *waar ek aan hang*” nie).

6. Die Wederkerende Vnw., bv. my(self), jou(self), hom(self), ons(self), jul(self), hul(self):

(a) Ons gebruik „self” gewoonlik nie in Afr. nie; die Eng. „wash myself” word „ek was my”. (b) „Self” het egter ’n bywoordelike funksie en word gebruik in sinne soos „ek het my self gewas” (en nie iemand anders nie). (c) „Ek self het dit gedoen” is ook korrek, maar die „self” het hier minder klem as in die vorige sin. (d) „Hy skeer hom” is dubbelsinnig, as ons nie ’n „self” byvoeg nie. (e) „Sig” kom baie selde voor in boek-uitdrukkings soos „die komitee moet sig op hoogte hou van . . .” ’n Uitdrukking soos „op sigself” is egter heel algemeen. (f) „selwers,” „my eie sigselwers” (soos Oom Bart sê) is interessant, maar geen standaard-Afrikaans nie. (g) „Selwe” is ’n wisselvorm van „self”.

7. Die Wederkerige Vnw.

Daar is net een wederkerige vnw., nl. „mekaar”, met wisselvorme „mekander” en „elkaar”.

8. Die Onbepaalde Vnw. bv. albei (beide), algar, almal, ene, enige, enigeen, elkeen, elk, iedereen, ieder, enkele, ’n mens, g’n mens, die mense, jy, hulle, ons, iemand, niemand, iets, niks, dit, party, sekere, sommige, wie, wat, menige.

(a) „’n Mens” en „mens” word albei gebruik. Saam daarmee gebruik ons „jy”: „’n Mens weet nooit wat **jou** voor die deur staan nie.” (b) I.p.v. „’n paar dae” sê ons dikwels „’n dag of wat”. (c) In die spreektaal hoor ons dikwels: „Hy is **enige dag** so goed soos sy broer. (d) „Elk en ’n ieder” of „’n iegelik” is gebruiklik. (e) Ons gebruik „menige” so: „Menig(e) kind vergeet wat sy ouer vir hom doen.” (f) Ons tref nog die ou vorm aan in ’n uitdrukking soos „vleis, brood, groente en wat **dies** meer sy”.

9. Die Onpersoonlike Vnw.:

„Dit reën”. „Dit kom my voor”. Dit blyk dat . . . .”

**DIE BYVOEGLIKE NAAMWOORD:—**

Dit is die woord wat ons iets (meer) van die naamwoord vertel. Van 'n stillstiese standpunt is die byv. nw. een van die belangrikste rededele. Aangesien skilderende adjektiewe veel bydra tot plastiek, moet leerlinge veral hierdie rededele goed nagaan in mooi prosa wat hulle lees. Verder moet hulle tekenende adjektiewe invul voor sekere naamwoorde, by. golwe, graanvelde, berge ens.

**Attributief en Predikatief:**

As die byv. nw. voor (en soms onmiddellik agter) die nw. staan, dan word dit **attributief** gebruik, by. 'n **mooi** nōl of drie sakke **vol**, vyf voet **lank**, drie man **sterk**. Word dit deur 'n ww. van die nw. geskei, sodat dit 'n deel van die gesegde uitmaak, dan word dit **predikatief** gebruik.

**Verbuiging van die Byv. Nw:**

Sommige attributief-gebruikte byv. nw. word soms verbuig, d.w.s. hulle kry 'n bugingsuitgang agteraan. Dit is baie moeilik om hier reëls neer te lê, aangesien die spreektaal dikwels so radikaal en konsekwent afwyk van die taal van die grammatika-boek.

**Die Figuurlike Gebruik:**

As 'n adj. **figuurlik** of met **nadruk** gebruik word, dan word dit gewoonlik verbuig: „'n Arme drommel” teenoor „'n arm man (sonder geld)”, „'n bitter appel”—, „bittere beproewing”, „'n diep gat”—, „diepe vernedering”, „'n duur rok”—, „dure ondervinding”, „'n gryse hare”—, „die gryse ouderdom”, „'n ryp pere”—, „na rype beraad”, „'n skoon hemp”—, „'n skone geleentheid”, „die skone Anna (sy lyk net soos Anna)”, „'n suur lemoen”—, „sure ondervindings”, „swaar vragte”—, „sware belastings”, „taai velle”—, „taai volharding”, „teer hande”—, „tere gemoed”, „vol bottels”—, „by sy volle verstand”, „suiwer wyn”—, „die suiwere waarheid”, „'n heel pak”—, „'n hele week”, „'n stom mense”—, „die stomme diere”, „'n waar verhaal”—, „ware helde”, „'n dwaas kêrel”—, „'n dwase plan”, „ou perde”—, „die oue tyding”, „los klippers”—, „op losse voet”, „lang vingers”—, „op die lange baan skuiwe (uitstel)”, „'n naar man (voel sleg)”—, „'n nare man (is veragtelik)”, „'n wakker kêrel (is nie vaak nie)”—, „'n wakkere kêrel (is lewendig)”, „'n lompe vent”—, „'n lompe uitdrukking”, „'n lang tydperk”—, „elf lange jare”, „'n stout kind”—, „so 'n stoute kind”, „'n swart perd”—, „so 'n swarte tater”, „'n mal mens”—, „jou malle verstand”.

(Dit is tog opvallend dat baie woorde wat figuurlik gebruik word, in die spreektaal nooit en in dié skryftaal uiters selde verbuig word. Ons het hier blykbaar met 'n oorgangstadium te doen, en dogmatiese reëls kan die taalele geweld aandoen. Wie praat bv. van 'n *soete kinā, vuile taal, skerpe tong, taaie klappe* ens.? Wie gaan wen — die boek of die volk?)

#### Ander gevalle van Verbuiging:

##### (a) Eenlettergrepige Byv. Nwe.:

Eenlettergrepige byv. nwe. op **d, f, g** en **s** word gewoonlik verbuig, bv. **harde** hout, **dowe** mense, **growwe** brood, **vroeë** môre, **logge** gevaarte, **brose** liggame, **breë** skouers, **koue** môres, **halwe** werk, **flukse** seuns, **krasse** bewerings, **snaakse** aanmerkings, met **rasse** skrede, **trotse** vaders, **moeë** esels, **wye** rokke, **snode** bedrog, **vlugge** voete, **trae** vleuelslae, **muwwe** ruik.

Opmerkings: (i) As die **g** en **s** vir 'n oorspronklike **cht** en **st** staan, is die uitgang **-te**, bv. **slegte** mense, **vaste** voornemens, **sagte** pere, **onegte** diamante, **juiste** getalle.

(ii) Daar is baie uitsonderings op die **s** reël, bv. **los** klippe (maar **losse** gerugte), **vos** perde, 'n **fris** seun (maar sy **frisse** styl), 'n **voos** lemoen, 'n **boos** gesig (maar **bose** infuisterings; vgl. „ult die **bose**”), **vals** grond (maar **valse** aantygings), **steeks** perde, **nors** gesigte.

(iii) Let daarop dat die intervokaliëse **d** en **g** soms verdwyn.

(iv) Eenlettergrepige adje. op **-ng** verbuig nie, tensy hulle **figuurlik** gebruik word — „**lang** bene”, „**streng** ouers” ens.

(v) Onder Ned. invloed hoor ons nog „'n **lief** kleintjie” (vgl. „**Anita lief**” en „**moederlief**”).

(vi) Ons praat van „'n **halfwas** dier” (teenoor „'n **halfgewaste** koppie”).

(vii) Teenoor „'n **halwe** stuk”, „'n **halwe** dag” tref ons „'n **halfmaan**” ('n merk) en 'n „**halfaam**” aan.

##### (b) Meerlettergrepige Byv. Nwe.:

**Meerlettergrepige** byv. nwe. (behalwe dié op **el** en **er** wat onvas is) word **gewoonlik** verbuig: Op **wetenskaplike** gebied, van **staatkundige** belang, die **daaglikse** brood, die **intellektuele** ontwikkeling, **middelbare** onderwys, **gehoorsame** kinders, **brutale** aanvalle.

Opmerkings: (i) Veral die vergrotende trap van adje., maar ook ander adje. op er word gewoonlik nie verbuig nie, maar ons tref darem gevalle aan soos „vroeëre besluite” (vroeër is vroeër in die oggend), „verdere moeilikhede”.

(ii) Adje. op el se verbuiging is heeltemal onvas; sommige het die e en ander nie: „troebel water”, „skamel kleding”, „'n enkele keer”, „dubbele ellende”, „'n enkel bed”, „'n miserabele affêre”.

#### Allerlei:

Daar is nog 'n paar eenlettergrepige byv. nwe. (behalwe die behandelde) wat ons moet bekyk:

(a) Eenlettergrepige byv. nwe. op **p, t, k, l, m, n, r**, klinkers en tweeklanke bly onverboë. Dus: **Sku** kinders, **ru(we)** spele, **waar** verhale (ware helde), **puur** koffie (die pure water, pure perd, dis pure van dié). (Ons sê tog: „die **naakte** waarheid”). „In elk geval” en „in elke geval” is twee aparte dinge.

(b) „**Lang** stokke”. „Die stokke is **lank**”. „**Lang**-verwagte besoekers”.

#### Ou verboë Vorme:

Bale ou Nederlandse verboë vorme lewe nog as taalfossiele in Afr.: Te **gelyker** tyd, ter **elfder** ure, op **heter** daad, te **goeder** trou, van **ganser** harte, in **koelen** bloede, **onverrigtersake**, **velerlei**, **allermins**, ten **kwade**, **saliger** nagedagtenis, **elke(n)** dag, **goeie(n)** dag, (teen die **laatte**), **latenstyd**, ons **liewen** Heer.

#### Gemengd:

Let nou ten slotte op die volgende: **Goue** oorlosies, **goue** stroop, **stale** wilskrag, by 'n **sekere** geleentheid, 'n **lompe** uitdrukking, 'n **gek** vent is mal — 'n **gekke** vent is snaaks, 'n **rats** speler, op **vrye** voet, **vry** gevangenes, in **besondere** mate, die **verre** toekoms, die **blote** oog, **laagwater** ('n **lae** peil), **droë** klere, 'n **vae** idee.

#### Trappe van vergelyking:

Die volgende voorbeelde (sonder reëls) behoort vir leerlinge i.v.m. trappe van vergelyking 'n rigsnoer te wees:

<i>Stellend</i>	<i>Vergrotend</i>	<i>Oortreffend</i>
Smal	smaller	smalste
skoon	skoner	skoonste
bros	brosser	brossste
snaaks	snaakser	snaaksste
vinnig	vinniger	vinnigste
lelik	leliker	lelikste
breed	breër	breedste
traag	traer	traagste
laag	laer	laagste
moeg	moeër	moegste
hoog	hoër	hoogste
arm	armer	armste
warm	warmer	warmste
droog	droër	droogste
gehoorsaam	gehoorsamer	gehoorsaamste
fris	frisser	frisste
skaars	skaarser	skaarsste
fluks	flukser	fluksste
skeef	skewer	skeefste
dof	dowwer	dofste
doof	dower	doofste
duur	duurder	duurste
gaar	gaarder	gaarste
teer	teerder	teerste
seer	seerder	seerste
sleg	slegter	slegste
vas	vaster	vasste
woes	woester	woesste
juis	juister	juisste
na (by)	nader	naaste
nuut	nuwer (nuter)	nuutste
ru	ruwer	ruuste
slu	sluwer	sluuste
{ bietjie	{ minder	{ minste
{ weinig	{ meer	{ meeste
{ min		
{ goed	beter	beste
baie (veel)	{ meer	die meeste
	{ (minder)	(die minste)
laat	later	laa(t)ste
kwaad	kwater	kwaadste
graag	liewer(s)	{ (graagste)
		{ liefs(te)
		{ (liewerste)

Opm.: (1) Adje. op **e** en **deelwoorde** se trappe van vergelyking is **meer** en (die) **mees(te)**:

tevrede — meer tevrede — die meeste tevrede  
 gelate — meer gelate — die meeste gelate  
 besielend — meer besielend — die meeste besielend  
 beseer(d) — meer beseer(d) — die meeste beseer(d)  
 gebroke — meer gebroke — die meeste gebroke.

(Die neiging om „meer” en „mees” by enige minder bekende woord te gebruik, is heeltemal onnodig, en om aan die ander kant te praat van „geslepeners” en „boeiendste” skep ’n verkeerde presedent).

(2) Aan die voorafgaande kan darem toegevoeg word dat, as ons nie „meer” en „mees” aan sekere woorde (veral bywoorde) toevoeg nie, dit dan ’n lompe affêre afgee. Sommige mense sê mos: „Sit *opper*”, „*affer*”, „*boëntoër*” i.p.v. „**meer op**”, „**af**”, „**na hoëntoe**”. Selfs gevalle soos „*welkommer*” en „*pessimistiesste*” klink maar bra lomp. Daar skyn ’n neiging te wees om by anders lomp-klinkende gevalle „meer” en „mees” te gebruik.

(3) I.v.m. woorde soos „*min*”, „*baie*” ens. hang dit daarvan af na watter kant jy redeneer: „*minder*” — „*minste*” of „**meer**” — „**meeste**” al na gelang van omstandighede.

(4) Ons tref dikwels die **forme** van die vergrotende en die oortreffende aan sonder die *betekenis*. Dink aan: „**Besmoontlik**”, „**allerliefste**”, „**allermins**”, „**einste**”, „’n **opperste** vabond” („*goeiste*”, „*o my goeiste*”).

(5) Let op die vlg.: „Die **vroegs** moontlike datum”, „die **laags** denkbare gedrag”, „**hoogswaarskynlik**”. (Leerlinge kan nagaan of hulle soortgelyke forme gebruik).

(6) Ons gebruik dikwels ’n voornaamwoord of die lidwoord met die oortreffende trap: „Sy is op **haar** mooiste”. „Op sy slegste.” „Die mes is die **skerpste** van die twee”.

(7) „*Anderster*” is onnodig; „**anders**” is so **anders** as jy maar kan verlang.

(8) Bale adje. soos „*goue*” (stof), „*Wellingtonse*” (eie) en andere het geen trappe van vergelyking nie.

(9) **So groot soos** of **as** is albei korrek.

(10) Ons sê „**groter as**” en nie „*dan*” nie, maar wel: „Hy is groter as filosoof **dan** as staatsman.”

(11) Die dubbele komparatief en superlatief, bv. „*meer geriefliker*” en „*mees verdienstelikste*” is ’n bale lelike taalfout.

(12) Kyk na die vlg. gevalle (deurmekaar):

Oud	—	ouer	—	oudste
jonk	—	jonger	—	jongste
lank	—	langer	—	langste
vroeg	—	{ vroëër	—	{ vroegste
		{ eerder	—	{ eerste
vaag	—	vaer	—	vaagste
verlate	—	meer verlate	—	mees verlate
miserabel	—	miserabeler	—	miserabelste
presies	—	presieser	—	presiesste
romanties	—	{ meer romanties	—	{ die meeste
		{ romantieser	—	{ romanties
				{ romantiesste.

### DIE LIDWOORD:—

Hoewel die lidwoord wat saam met die byvoeglike naamwoord en die voornaamwoord in verband met die naamwoord kan gebring word, nie 'n baie belangrike rededeel is nie, moet ons tog op die een en ander wys:

- (a) Naamwoorde word maar gewoonlik met lidwoorde gebruik. As die naamwoord sonder die lidwoord staan, dan is dit dikwels Engelse invloed: „most people” behoort „die meeste mense te wees”. „Hy studeer in die medisyne.” „In die praktyk kom dit daar nie op aan nie.”
- (b) Soms word die lidwoord weggelaat om te onderskei, bv. „Op die stal”, „op stal” (en „opstal”); „op die skool” en „op skool”; „op die hande” en „op hande”. „'n Filosoof en staatsman” is een; „'n filosoof en 'n staatsman” kan twee wees.
- (c) Daar is 'n verskil tussen „die man” en „dié man”.
- (d) Die Nederlandse lidwoord is nog as 'n taalfossiel te herken in uitdrukkings soos „hy is aan 't werk”, „'n kwaai derduiwel”, „wat de ongeluk”, „de jostie in”, „as 't ware”, „dienooreenkomstig”, „in dier voege”, „dientengevolge”.
- (e) Ken jy die voorafgaande se betekenis?

### TELWOORDE:

Ons onderskei veral (bepaalde) Hooftelwoorde en (bepaalde) Rangtelwoorde, by een, twee, drie en eerste, tweede en derde onderskeidelik. (Daar is egter ook onbepaalde Hooftelwoorde soos „bale”, „min”, „weynige” ens. en onbepaalde Rangtelwoorde

soos „soveelste”, „hoeveelste” e.a., wat soms as byv. nwe. en soms as nwe. gebruik word).

Die vlg. verduidelik die algemene skryfwyse:

- (a) 2 Twee (tweede) die helfte  
 9 nege 'n (een-) neënde (negende)  
 88 ag-en-tagtig een ag-en-tagtigste  
 (taggentig)  
 100 honderd een honderdste  
 10I honderd-en-een die ('n) honderd-en-eerste (eenste)

(b) Groot getalle skrywe ons so:

555 = vyfhonderd vyf-en-vyftig.  
 5555 = vyfduisend vyfhonderd ens.  
 55555 = vyf-en-vyftigduisend ens.  
 555555 = vyfhonderd-vyf-en-vyftigduisend ens.

(c) I.v.m. mate praat ons dikwels van 'n aks, i.p.v. 'n agste.

(d) Vyf-agstes, maar vyf drie-en-twintigstes.

(e) Hy het twee uur of vyf uur lank gery. Hy het twee-uur of vyf uur hier aangekom.

(f) Let op die vlg.: Sy beweegredes is tweërlei. Jy moet dit tienkeer uitskryf. Die saad het honderdvoud opgelewer.

## DIE WERKWOORD:—

### Soorte:

Behalwe wwe. soos **Selfstandige Wwe.** (staan), **Koppelwerkwoorde** (is, word, blyk, lyk, skyn, heet), **Onpersoonlike Werkwoorde** (blits, sneeu, donder), **Wederkerende Wwe.** (skeer, bekommer), waarop ons net terloops wys, is daar ander soorte werkwoorde wat breedvoeriger omskrywing verdien:

**Hulpwerkwoorde** (soos die naam aandui) **help** ander wwe. om (a) 'n bepaalde **Tyd** te vorm (het, sal), om (b) 'n bepaalde **Wyse** te vorm (mag, sou, kon ens.), en (c) om 'n bepaalde **Vorm** (die lydende) te vorm (was, is, word).

Verder kan ons sê dat alle werkwoorde **Oorganklik** of **Onoorganklik** is. Hulle kan 'n voorwerp hê en later passief gemaak word of nie.

Die meeste werkwoorde in Afrikaans is **swak**, d.w.s. daar vind geen **stamverandering** by verbuiging plaas nie. (Vgl. „kom” — „het gekom” by Eng. „come” — „came” — „come” en Dts. „kommen” — „kam” — „gekommen”). Daar is tog 'n paar reste, bv. „moes”, „sou”, „kon”, „wou”, („had”, „dag”, „wis”, „mog”).

(Natuurlik praat ons nie nou hier van die sterk verlede dw. soos „gebroke” nie).

Die leerling moet die drie begrippe, Verlede, Teenwoordige, Toekomende baie duidelik in gedagte hou. Daarby kom dat 'n handeling in al drie gevalle **voltooid, onbepaald** (onvoltooid) en **voortdurend** kan wees. Let op die volgende:

**TYD:**

Verlede	}	Toe ek met my werk begin, het hy syne al/reeds/alreeds gedoen — Voltooid.
		Ek het my werk gedoen, wanneer ek wou — Onbepaald.
		Ek was besig om my werk te doen (aan 't/die doen) — Voortdurend.
Hede	}	Ek het dit nou (net) gedoen — Voltooid.
		Ek doen dit, wanneer ek wil — Onbepaald.
		Ek is besig om dit te doen (aan die doen) — Voortdurend.
Toekoms	}	Môre sal ek dit gedoen het — Voltooid.
		Ek sal dit <i>een of ander tyd doen</i> — Onbepaald.
		Ek sal besig wees om dit te doen — Voortdurend.
	}	Ek sou dit <i>voor daardie tyd gedoen het</i> , maar ek het nie . . . . — Volt. Verlede Toek.
		Ek sou dit <i>enige tyd doen</i> , as jy gekom het . . . . — Onvolt. Verl. Toek.

Let nou daarop watter rol die klein hulpwoordjies speel in plaas van die aparte vorme van Engels en Duits. Ook is dit goed om te beklemtoon dat alle voltooid tye 'n op **daardie tydstip afgehandelde handeling** veronderstel, terwyl die onbepaalde tye se handeling *nie noodwendig voltooid is nie* (selfs al het dit in die verlede geskied).

'n Mens kan natuurlik die verlede (die onvoltooid) ook op ander maniere uitdruk: (a) „Toe ek daar *kom*, kry ek hom daar” (toe + teenw. tyd); en (b) „ek *kom* daar en *vind* dat hy besig is om kwaad te doen” (Historiese Praesens). In die skryftaal werk dit baie storend, as leerlinge so gedurig van tyd verander; gevolglik word die verlede of die teenwoordige aanbeveel.

Die Historiese Praesens is natuurlik nie die enigste geval waar 'n bepaalde tydsvorm 'n ander tydsbegrip aandui nie. Let bv. op die volgende:

„Ek gaan môre weg” (teenw. vorm en toek. betekenis).

„Dit sal wel nie so erg wees nie” (toek. vorm en teenw. betekenis).

„Ek merk toe dat hy bloos” (teenw. vorm met verl. betekenis).

„Wil gekom het”, „moet gekom het”, „kan gekom het” in plaas van „wou kom”, „moes kom” en „kon kom” moet liefs nie toegelaat word nie. Op dieselfde manier word „sal gekom het” ook verkeerd gebruik. Die vlg. voorbeelde verklaar die gebruik: „Môre hierdie tyd sal hy seker al gekom het.”

„Hy sou toe enige tyd kom.”

„Hy sou voor 'n vasgestelde dag gekom het, maar hy het nie.”

Vorme soos „sou dit kon doen”, „ek het dit nooit kon droom nie” i.p.v. „kan” is interessanter as korrek.

(Maar wat die tyd betref, is daar vandag nie so iets as absolute vastigheid nie. Dink maar aan die volgende: „Dit sal wel die geval gewees het” i.p.v. „dit was waarskynlik die geval”, „toe sal ek hom eers gewaar” i.p.v. „toe gewaar ek hom eers”, „jy moet dit al gesien het” i.p.v. „jy het dit seker al gesien”, „hy sal wel (wil) sê” i.p.v. „hy sê altyd”).

Daar is 'n verskil tussen „ek wou dit gedoen het” en „ek wou dit gedoen hê”.

„Het gewees” i.p.v. „was” is nie nodig nie. Ons sê egter: „Toe hy daar kom, was ek al daar gewees.”

Let op die volgende verlede tye: Ek het dit durf doen. Hy het dit mag doen (mog dit doen). Hy het dit geweet (wis dit). Ek het so gedink (dag so). Hy het my hoor kom. Ek het dit gehad (had).

#### VORM:

Dis goed om te onthou dat die voorwerp van die aktief die onderwerp van die passief word. Dis te sê, as ons nie sinnetjies kry soos „daar word vertel”, „dit is beweer” en dergelike gevalle nie. Die volgende sinne behoort 'n leidraad te wees:

A. Toe ek my werk begin, het hy syne al gedoen.

P. Toe my werk begin is, was syne al (deur hom) gedoen.

A. Ek het dit gister gedoen.

P. Dit is gister (deur my) gedoen.

Die voltooië (Eng. „had been”) is dus „was”, terwyl die onvoltooië (Eng. „was”) „is” word.

A. Ek sal die werk gedoen het.

P. Die werk sal (deur my) gedoen geword het.

- A. Loop haal die koele.  
 P. Die koele moet deur jou gehaal word (loop haal word).
- A. Ek het hom sien val.  
 P. Hy is deur my sien val.
- A. Hy kon dit doen.  
 P. Dit kon deur hom gedoen word.
- A. Hy kon dit gedoen het.  
 P. Dit kon deur hom gedoen geword het.
- A. Hy behoort dit te doen.  
 P. Dit behoort deur hom gedoen te word.
- A. Hy behoort dit te gedoen het.  
 P. Dit behoort deur hom gedoen te geword het.

(Sommige onoorganklike wwe. word soms in die passief met 'n „dit” of „daar” gebruik: „Daar word toe stlgehou.” „Dit word vertel.” Hierdie neiging is in sy oordrewe vorm hinderlik — „*daar word toe so stadigaan weggetrek*”. Ons moet nie die taal verwring ten einde 'n sin in die lydende vorm te skryf nie. Sinne soos „ek was besig om die werk te doen”, „hy het dit durf doen” en so meer word in die spreektaal (en ook in die skryftaal) nouliks passief gemaak, hoewel dit grammatikaal natuurlik moontlik is).

**WYS(E)** (d.w.s. die hoe van die handeling):

Die **Aantonende Wys** (die wys van die werklikheid) en die **Gebiedende Wys** (die wys van die bevel) verg geen verdere bespreking nie, maar die **Onbepaalde Wys**, die **Aanvoegende Wys** en die **Deelwoorde** moet behandel word.

Die **Onbepaalde** of **Infinitief** kom o.a. as volg voor:

(Om te) **skrywe** is moeilik (Onderwerp). Die kind leer (om te) **skrywe** (Voorwerp). Ons hoor die sagte **ruise** (geruis) van die halme (Voorwerp). 'n **Heenkome** vind (Vw.). Die betekenisvolle **gebeure** het sy **denke** benewel (Ond. en Vw.). Ons hou van **swem**. Kom na die **lese** (brei Gesegde uit na Vw.). Gee my net die **wete** (ook Vw.). Ons eet om te **lewe**. Sy gedrag laat baie **te wense** oor. Iets te **drinke** gee. Te **oordeel** na sy gedrag, moet hy onopgevoed wees (Byw. Bep.). Die te **betale** gelde. Die diep te **betreure** wandaad (Byv. Bep.). Dis nou weer te **sê** (voltooi die Gesegde). Ek sal (sou), wil (wou), kan (kon) dit **doen** (na Hulpww.). Ek het hom **hoor** roep (vorm van Infin. en funksie van Verl.

Dw.). Hy het (ge)staan en slaap, (ge)sit en lag (iets anders as „gestaan en geslaap”, „gesit en gelag”).

Al die genoemde gevalle is voorbeelde van die **Teenwoordige of Onvoltooides Infnitief**. Ons tref hulle beide in die verboë en die onverboë vorm aan. Ons moet hier wys op die onvastheid van die vorm van die ww. Ons hoor „ploë”, „ploeg”, „ploë” en selfs „ploeg”; „skryf” en „skrywe”; „aan 't dwaal” of „dwale”; „roer” of „roere”. Daar het in sommige gevalle 'n verskil van betekenis ontwikkel: Vgl. „daar lê hy” en „daar leg hy been in die lug”, „ek sê dit nou” en „ek seg dit nie weer nie”, „daar gaan hy weg” en „daar gaat die ellendeling al weer”.

Tussen die verboë en die onverboë vorm van die infinitief is daar soms ook 'n definitiewe verskil: Vgl. „te wense” en „te wens”, „te kenne (gee)” en „te ken”, „te danke” en „te dank”, „te hope” en „te hoop”, „te kere (gaan)” en „te keer”, „te wagte” en „te wag”, „te wete” en „te weet”, „te bekome” en „te bekom”. Ander verboë vorme is „te wyte”, „tot vervelens toe”, tot barstens toe”, (dit gaan) barstens, „lewensmoeg”, „strydensmoede”, „sy doen en late” „in jou pasoppens bly”.

Die **Voltooides of Verlede Infnitief** is skaarser: „Jy behoort dit te gedoen het”, „hy blyk 'n held te gewees het”, „jy behoef hom nie te betaal het nie”.

Vorme soos „na die brief te gelees het” en „na 'n tyd afwesig te gewees het”, tref ons ook aan, maar 'n volle bysin is verkiesliker. (Gebruik soos „ek is dankbaar dit te kon geniet”, is grammatikaal heeltemal verkeerd. Liewers: „Ek is dankbaar dat ek dit kon geniet”).

### Die Aanvoegende Wys(e):

Die **Aanvoegende Wys(e)** (Eng. „subjunctive” en Dts. „konjunktiv”) veronderstel **onwerklikheid** soos 'n wens, 'n **veronderstelling**, 'n **moontlikheid** en dergelike. Sommige tale soos Duits verg vir die aanvoegende heeltemal 'n aparte vorm. Met Afrikaans is dit egter nie die geval nie, want in ons taal word gebruik gemaak van **verandering van woorderde, hulpwoorde** en ook **interpunksie**.

Die volgende voorbeelde verduidelik dit:

„Was ek maar ryk” (terwyl „ek was ryk” aantoonende wys is).

„Ek mag nog kom.” „Ek kon jou (miskien) help.”

„As ek jy was, sou ek dit doen.” „Ek wou dat ek daar was.”

„Altemit help hy my.” „Hy word dalk (altemit, straks, moontlik) kwaad.”

„Lewe die koning!” „Heil Suid-Afrika!” (Sinne soos „ek wens ek is dood” en „veronderstel jy is koning” is nie aanvoegend nie, maar wel „was ek dood” en „as ek koning was . . .”).

Let daarop dat die aanvoegende wys dikwels die verlede-vorm gebruik vir die teenwoordige tyd:

„Ek kon jou tog miskien help” is teenwoordige tyd en beteken maar net dat dit darem miskien moontlik is (op die oomblik). „As ek jy was, sou ek my skaam” veronderstel dat ek my **nou** in jou plek stel. Die verlede is: „as ek in jou plek gewees het, sou ek my geskaam het.”

### Die Deelwoord:

Die **Teenwoordige** of **Onvoltooide Dw.** (wat gewoonlik — (e)nd(e) eindig) is betreklik eenvoudig, bv. „werkende”, „bloeiende”, „rasende”, „komende”, ens. Let egter op gevalle soos „wagtende”, „lawende”, „skrywende”, „(om)liggende”, „lêende” (henne), „siende”, „gaande”, „staande”, „jubelende”, „dartelende”, „etende”, „minagtende”, „versagtende”, „versoenend”, „blasend”, „verwoestend”.

Daar is gevalle waar die teenwoordige deelwoord egter nie attributief gebruik word nie — nie eens altyd as 'n adj. gebruik word nie:

„Sommige mense is **horende** doof en **siende** blind.” „Dit sal **voldoende** wees.” „Jy praat **verregaande** onmanierlik.” „In ons land is baie **hulpbehoewendes** en **noodlydendes**.” „Dit is **ontsettend** swaar.” „**Nieteenstaande** sy siekte het hy tog gekom.” „Die polisie wil alle besonderhede **aangaande** (betreffende) die saak weet.” „Die saak is nog **hangende**.” „Hy praat so **onsamehangend**.” „Dit sal net die gemoedere **gaande** maak.” „Hy is 'n stem **roepende** in die woestyn.” „Hier is 'n pond, **synde** die bedrag wat ek jou skuld.”

(Is die betekenis van die voorafgaande bekend?)

Ons kan Eng. uitdrukkings soos „the child, **crying** after its mother, was picked up”; „**having** stolen the sheep, he was punished; „**thanking** you in anticipation, I remain” nie deur die teenwoordige deelwoord in Afrikaans vertaal nie — hiewers „die kind wat . . . .”, „**nadat** hy die skaap . . . .” en „by voorbaat dank.”

Die **Voltooide** of **Verlede Dwe.** (bv. geslaan, onderskep, gemeubileer(d), gebreekte, gebroke, onomwonde ens.) verdien spesiale behandeling:

Hoewel die verl. dw. gewoonlik met ge- gevorm word, is daar belangrike gevalle sonder die ge-:

(a) Wwe. beginnende met **be-**, **ge-**, **her-**, **er-**, **ont-**, **ver-** vorm die verl. dw. sonder **ge-**. Dus „ek het begin, gesels, herwin, erken, onthou, verneem” ens. (Nou kan ons

verstaan hoe verkeerd dit is om te praat van „*gebegin*”, „*gevertel*” ens. Uitsonderings „*herberg*” en „*herkou*”).

- (b) Dieselfde is waar van **Onskeibare Wwe.**, bv. „ons het oorwéeg, onderskèp, omsingel, openbaar, misken, onderhandel, deurstáan ens. (maar „*gewantrou*”).
- (c) Hoewel ons geneig is om die *ge-* uit te skakel, i.v.m. woorde op *-eer*, moet ons dit liewers behou, aangesien die weglating onafrikaans is. Dus: „*Ek het geloseer, geïnspireer, geïllustreer, geïnteresseer, gefloreer*” (maar „*ek het probeer*”). (Ons wil dit beklemtoon dat hierdie afskaffing liewers moet teengewerk word. Vorme soos „*hy het karwei of baklei*” en „*dit het kapok*” in plaas van „*gekarwei*”, „*gebaklei*” en „*gekapok*” is nie verkieslik nie).
- (d) Ons sê: „*Ek het hom sien gaan, hoor roep, voel trek.*”

(Leerlinge moet nou baie van die woorde met of sonder die *ge-* hard lees of sê, sodat hulle oor daaraan gewoon kan word).

Dit is egter veral die verl. dw. as attributief-gebruikte byv. nw. wat dikwels foutief gebruik word. Ons weet dat die sterk vorm van die verl. dw. meestal figuurlik gebruik word naas die letterlike gebruik van die swak vorm, bv. „*'n gebroke hart*” naas „*'n gebreekte tak*”, maar daar is ook talle gevalle waar die letterlike gebruik tog die sterk vorm verg. Ons sal hierdie gevalle bekyk, maar dit is noodsaaklik om daarop te let dat ons taal in hierdie opsig op 'n oorgangstadium is; ons is geneig om die swak vorm voorkeur te gee bo die sterk vorm. So sê ons al somaar maklik „*verslyte klere*” i.p.v. „*verslete klere*”, „*'n gegeede (?) perd*” i.p.v. „*'n gegewe perd*”. Hier volg nou 'n lys verl. dwe., eers met die letterlike en figuurlike gebruik, en dan die vorme wat sterk is ten spyte van die letterlike betekenis:

Onbesproke karakter — onbespreekte plekke  
 opgeskote seun — opgeskiete koeël  
 geslepe diewe — geslypte messe  
 'n laag-gesonke man — gesinkte skepe  
 agter geslote deure — 'n gesluite hek  
 geskonde eer — geskende aangesig  
 geskeie vriende — geskelde melk  
 met bewoë stem — beweegde klippe  
 'n uitgesogte kans — uitgesoekte vrugte  
 'n onverskrokke held — verskrikte wild  
 'n gebonde lewe — gebinde gerwe  
 die betrokke lug — betrekte wild  
 'n verworpe voorstel — 'n verwerpte kled  
 'n opgeblase mens — 'n opgeblaaide bal  
 'n geswolle styl — geswelde voete

verslae hart — verslaande koffie  
 vervloë dae — 'n weg-gevligde duif  
 afgeleë dorpe — die afgelegde reis  
 bedorwe kinders — bederfde vrugte  
 geswore vriende — versweerde voete  
 'n beklonke saak — omgeklinkte spykers  
 goed-oorwoë voorstelle — oorgeweegde koring  
 'n deurgestoke kaart — 'n deurgesteekte tou  
 (afgesproke plan)

Christus se duur-gekogte kerk — gekoopte klere  
 opgewonde massas — opgewende oorlosies  
 berede polisie — geryde perde  
 welgeskape kinders — geskepte water  
 'n beskonke Hottentot — geskinkte koffie  
 fyn-besnede gelaatstrekke — gesnyde hout  
 besope mense — versuipde katte  
 afgetrokke houding — afgetrekte bedrag  
 ontslape helde — verslaapte kinders  
 opgewasse teen iemand — opgewaste skottelgoed  
 'n ondergane operasie — die ondergegaande son  
 ontstoke toorn — ontsteekte wonde  
 ontgonne gebiede — ontginde myne.

Die volgende is nou sterk ten spyte van 'n letterlike betekenis:

Aanbevole kandidate, aangebode gode, aangebode geskenke, aangese te gaste, die aangewese weg, agtergeblewe dierbares, bedroë uitkom, bewese diens, die begonne taak, 'n onbeholpe drommel, onbesonne daade, onbestrede mosies, gedane sake, gedwonge onderwys, genote spyse, gekose komitee, gelede smaad, goed-oorwoë mening, nooit-volprese roem, berede polisie, gesonge liedere, ongeskrewe wette, gesplete ertjies, die gesproke woord, gestorwe broer, verborge sondes, verbode vrugte, verdagte persone, verdwene geld, verkreë regte, verskene boeke, voorgeskrewe boeke, genese kwale, belese mense, gesiene lede, op 'n gegewe oomblik, uitgestane pyn, gegote yster, vergane skepe, 'n aangename dogter, ek is geholpe, 'n volbragte taak.

(Wat is die stamwoord in die genoemde gevalle? En wat is die betekenis?)

Opmerkings: (a) Daar is sterk vorme van die verlede deelwoord waarvan die grondwoord nie meer bestaan nie, t.w. „oorlede”, „verlede”, „voldonge”, „ingetoë” en „beskeie”.

(b) Sterk vorme beteken nie noodwendig 'n **verandering van stamlinker** nie. Die stam verander nie in „op die gegewe oomblik”, „aangekome rekrute”, „geskeie egpaar”, „'n gevalle meisie”, „vergane skepe” en „verlore kansie” nie, maar tog is hulle sterk (die swak vorme sou **-de** of **-te** gehad het).

Aangesien die uitgange **-de** en **-te** so verwar word, moet ons probeer duidelikheid kry:

Ons tref **-de** in die volgende gevalle aan:

Afgetobde moeders, geskubde lywe (op **b**); bekladde boeke, geskende gesig (op **d**); beloofde geskenke, afgeleefde grysaards, bedroefde familie, gestoofde vrugte, gekloofde hout, gesalfde hcof, gekerfde tabak (op **f**, voorafgegaan deur 'n lang vokaal of 'n tweeklank, e of r); gesaagde hout, afgesaagde grappe, gebuigde takke, vertraagde kinders, gemengde klasse, gespringde mielies, getergde kinders, gevergde inspanning (op **g** na 'n vokaal, tweeklank, n of r); besielde mense, vernielde lande, gemaalde koring, beskermde gebied, vermomde gesig, geseënde jare, gebaande weë, beslaande esels, verslaande bier, geteisterde streke, bepoeierde gesig, beroerde werk, benarde toestande (op **l, m, n, r**); verbaasde toeskouers, verdwaasde aanhitters, vergruisde skedel (op **s** na 'n lang vokaal of 'n tweeklank); gehude pare, hernude aanvalle, broeide eiers (na 'n vokaal of tweeklank).

**-te** kom voor in:

Gestrafte leerlinge, gesifte meel, oorblufte toeskouers, uitgekafte graan (op **f**, voorafgegaan deur 'n kort vokaal); verpligte vakke, verknegte volk (op **g** na 'n kort vokaal); geharkte boontjies, verswakte oë, opgekropte woede (op **k** en **p**); gepaste toesprake, gemorste melk (op **s** na 'n kort vokaal of r).

Let nou op die vlg. gevalle (deurmekaar aangegee): **Goed-**geklede dames, **gebalde** vulste, **verwende** kinders, die **gehate** vyand, die **vereiste** lengte, **gedagvaarde** getuie, **geëerde** besoekers, **geënte** bome, **ingelegde** vrugte, **gesogte** beelde, **ontsmapte** misdadigers, **geëgde** lande, **uitgebragte** stemme, **gevraagde** inligting, **ongekamde** hare en **ongewaste** hande, **verlate** huise, **ingesonde** stukke, **bedrewe** werksmense, **geskepte** kos, 'n **wel-geskape** seun, **gestoofde** patats, **geradbraakte** taal, **hooggeplaaste** amptenare, met **voorbedagte** rade, **gedwonge** onderwys, **beskonke** dronkaards, **berede** skutters, **gedane** sake, **gesnede** beeld, 'n **onbestrede** mosie, **geholpe** kinders, 'n **onbeholpe** styl, **verrese** Heiland, 'n **onbestorwe** boedel, **beantwoorde** vrae, **besproete** gesigte, **verhitte** stowe, **bebloede** hande, **vergrote** portrette, **verafgode** helde, **uitverkore** volk.

(Is die betekenisse bekend)?

Sommige verl. dwe. word net as bywe, of predikatief-gebruikte adje. gebruik:

Ek is van die voorreg **verstoke**. Ek is **vasbeslote** om te gaan.  
Ek moet maar die saak **gewonne** gee. Christus het ons gelyk geword, die sonde **uitgenome** (of „**uitgenome** die sonde”).

(„Liefgehad” kan weer glad nie as adj. gebruik word nie).

Daar dien op die vlg. gelet te word:

„Die gebroke hart” — „die gebrokene(s) van hart.” „Die verslae gees” — „die verslagene(s) van gees.” „Die aangebede persoon” — „die aangebedene(s).” „Die oorwonne vyand — die oorwonnene(s).

Volledigheidshalwe moet ons ook wys op die -d i.v.m. die predikatief-gebruikte verl. dw. Gevalle soos „ek voel teleurgesteld”, maar „hy het my teleurgestel” is eenvoudig genoeg, maar dit lyk asof ons veral in die spreektaal vinnig besig is om die -d weg te laat. Kyk maar na die volgende gevalle. In sommige gevalle voel ons die noodsaaklikheid van die -d; in ander nie:

Ek het die balke geskaaf. Hulle lê mooi geskaaf(d) eenkant.  
Sy kom beskaafd voor.

Ek het die boom afgesaag. Die bome lyk my afgesaag(d).  
Die beeld is afgesaagd.

Ek het afgedulwel. Jy is beduiweld, nè?

Die gas het my bedwelm. Ek het bedwelmd neergeslaan.

God het ons geseën. Die boere is vanjaar geseën(d).

Sy het haar gepoeler. Sy het gepoeler(d) verskyn.

Die hen het gebroei. Die eiers lyk my bebroeid.

Hulle het glster gehu. Hoe lyk dit my of julle gehu(ud)  
kan wees?

Ek het dit gehoor. So iets is ongehoord.

Het ek jou gesteur? Hy lyk gesteurd.

Ek het die yster gestel. Hy is gestel op sy werk. Gestel(d)  
dat dit die geval is.

## DIE BYWOORD:

Net soos die adj. in nw. verder omskrywe (eintlik 'n bietjie kleur), net so bepaal die byw. die ww. of 'n ander byw. of 'n telw. (Dit is van 'n stilistiese standpunt 'n baie belangrike rededeel. Gaan 'n bietjie die gebruik van die adj. en die byw. by ons groot kunstenaars na).

Behalwe belangrike afgeleide bywe. wat ons later behandel, word hier 'n aantal in sinne gebruik:

Daar is vredesonderhandelinge, maar **inniddels** gaan die vegtery maar voort. Die moeë wandelaar sien **reikhalsend** uit na rus. Sy kan **hoogstens** een-en-twintig wees. Jy moet my **minstens** vyf pond betaal. Ons moes **noodgedwonge** van ons planne afsien. Ek gooi hom mooi **volskoot** met die waatlemoenskil. Hy kan darem nie **verbrands** alles wil hê nie. Kom ons ruil **onbesiens**. Daar **gunter** wei die bokke. Ons het **herwaarts** en **derwaarts** gesoek. Jy moet **soheentoe**, **boontoe**, **buitentoe** gaan. Hy is **hoogs** in sy **skik**. Dit sal ek jou **geredelik** toegee.

Ek kan nie met hom werk nie, want hy is **aljimmers** siek. Dit is **enigsins** lastig om so baie in die rede geval te word. 'n Vakansie aan die strand is **allesins** die moeite werd. Hy het sy plaas verkoop en sal **eersdaags** vertrek. Ek gaan weg, sodat jy my **voortaan** nie meer sal sien nie. So 'n **unieke** verskynsel kom maar **selde** voor. **Vanmelewe** het mense meer gekuier as vandag. Jy het jou **inderdaad** goed van jou taak gekwyd. Sulke onbeskoffheid sal ek **geensins** toelaat nie. Hy soek tevergeefs ('n vergeefse soektog). Hy het nie opgedaag nie; **vermoedelik** het hy siek geword. Hy het **eertyds** anders gehandel as vandag. Loop solank; ek kom **aanstons**. Wag, laat ek loop; **aans** kom ek in die moelikhed. Hy het die werk somer so **spelenderwys** gedoen.

'n Interessante verskynsel is die reduplikasie-vorme (onder „taalverskynsels” behandel te word) wat as bywoorde diens doen: Ons het **fruit-fluit** deurgekom. Hy wil die saak so **blou-blou** laat. Hy kom **kort-kort**. Die jongmense stap so „**paar-paar**”.

„**Toe**” word vas aan die vlg. geskrywe om bywe. te vorm: **Soheentoe, boontoe, daarnatoe, buite(n)toe, binnetoe** ens. Met 'n nw. vorm dit ook 'n bywoord wat gewoonlik met 'n koppelteken geskryf word: **Huis-toe, strand-toe, Kaap-toe**. (Die „toe” staan altyd los, as daar 'n voorsetsel voor die nw. staan, bv. „ná die huis toe”, „ná die strand toe” ens.)

Ons sal later sien hoe dieselfde woord as verskillende rededele kan gebruik word. Dit is ook waar van die byw.; voorsetsels, adje., dwe. e.a. doen diens as bywe. Let o.a. op die volgende samestellings wat as bywe. diens doen: „Jy moet **haastyd** kom,” „hy eet **langtand**” ens.

### Gewone Verbuiging van die Byw.:

Die byw. word natuurlik in die meeste gevalle nie verbuig nie, maar, as dit 'n adj. bepaal, dan lewer dit probleme op: Ons sê natuurlik almal „'n taamlike groot huis”, „'n verskriklike warm dag” (iets anders as „'n taamlike, groot huis” of 'n verskriklike, warm dag”). (Dit help nou eenvoudig nie om die taal terug te wil dwing na die Nederlandse segswyse nie. Ons sê wel „'n bitter koue dag”, „'n besonder mooi nôi”, „wit-geschilderde tralies”, „die swaar-beproefde hulsgesin” (let op die koppelteken voor die dw.), maar „'n yslike groot slang”, „'n ordentlike mooi huisie”. Dit is alweer 'n neiging in ons taal wat dalk baie veld sal wen).

### Trappe van Vergelyking:

Die byw. se trappe van vergelyking is maar dieselfde as dié van die byv. nw., bv. „hard — harder — hardste”, maar daar is

ook hier uitsonderings (behalwe die uitsonderings onder die byv. nwe. wat ook as bywe. kan diens doen), byv.:

selde	{ meer	{ die meeste
	{ minder	{ die minste
veraf	{ verder af	{ die verste af
dikwels	{ minder	{ die minste
	{ meer	{ die meeste
bo	{ hoër (of laer)	{ heel bo (of onder)
	{ meer boontoe	{ die hoogste
		{ die boonste
onder	{ laer (of hoër)	{ laagste (of hoogste)
	{ meer ondertoe	{ die meeste ondertoe.

Daar is natuurlik talle bywoorde soos „pligshalwe”, „asvaal” (skrik) ens. wat uit die aard van die saak geen trappe van vergelyking het nie.

Ons gebruik die oortreffende trap baie dikwels so: „Hy het op sy beste gespeel”, „Piet lag die hardste”.

#### TUSSENWERPSELS OF UITROEPE:

Dit is nou 'n gebied waarop leerlinge deskundiges behoort te wees. Luister maar na die taal van die grootmense as hul *kwaad*, *verlief*, *skaam*, *opgewonde* of sommer „anders” word! Daar is vloekwoorde, kragwoorde, verbloemings, verkleinings, onsinnighede ens. Ons teken net 'n paar aan waarop die leerling interessant kan uitbrei: „Kiep...kiep...kiep!” „Wielie-wielie-wielie!” „Hook!” „Hokaal!” „Hanou!” „Hok!” „Voert!” „Voertsek!” „Plaas-toe!” „Ooi'rin!” „Bok'ruit!” „Daai!” „Nam-nam!” „Magtig!” „Alla kragtig!” „Maggies!” „Mapstieks!” „Allamintig!” „O hene!” „O hete (jete, jette)!” „Gonna!” „Deksels!” „Drommels!” „Genugtig!” „Ag hemel!” „Foel tog!” „Loop jy!” „Ag nee!” „Juls!” „Almiskie!” „Bepaald!” „Presies!” „Dié (Piet) darem!” „Jou askoek!” „So 'n blikoor!” „Jou blikslaer!” „Op dees aarde!” „G'n vir jou!” „Raai vir jou!” „Ag sie vir jou!” „Dis hy!” „Skote Pertoors!” „Sak Sarel!” „Stadig oor die klippe!” „Jou dinges!” „Jou voet!” „Ek sal jou netnou!” „Sabander in die wapad!” „Hotnot!” „Bees!” „Bulperd!” „Skilpadram!”

#### DIE VOORSETSEL:

In plaas van 'n lang bespreking en definisies toon ons die gebruik (idiomaties en andersins) van 'n aantal belangrike voorsetsels aan:

### Aan

Hy dink nie vir homself nie, maar laat hom deur andere aan die neus lei. Die beste spreker kom die laaste aan die woord. Die sterkste party is altyd aan (die) bewind. Ons is baie dank aan ons ouers verskuldig. Voldoen aan my versoek. Ons onderwerp ons aan ons leiers. Die dronkaard is verslaaf aan die drank. Sy poësie win aan diepte. Almal het kwaad gedoen, en nou ry ek alleen aan die pen. Ek erger my aan (vererg my vir) sy onmanierlikheid. Die ouer vertrou die kind aan die onderwyser toe. Ons bou 'n monument vir Dirkie Uys ten einde hom aan die vergeetheid te ontruk. Dit is maar moeilik om jou aan 'n stoeier se greep te ontworstel. Hy het agterdog op my, en nou rig hy daardie beskuldiging aan my adres. 'n Verstandige man doen (gee) wenke aan die hand hoe om uit die moeilikheid te kom. Die aandagtige gehoor hang aan die goeie spreker se lippe. Die geneesheer wanhoop aan die ernstige siek man se lewe. Hul plaas grens aan ons plaas. Ons glo aan God se bestaan (en in Sy mag). „Reservoir” is aan Frans ontleen. In plaas van definitief te sê hou hy 'n mens gedurig aan 'n lyntjie. Sy mooi lewe is vrugbaar aan goeie daade. Ek gee voorkeur aan melk bo koffie. Het jy uitvoering gegee aan sy opdrag? Raadsbesluite is aan die hoof se goedkeuring onderhewig. Ek sal jou by die hoof gaan verkla en aldus jou slegte gedrag aan die kaak stel. Moet jou nie aan gevare blootstel nie. 'n Toornige mens moet lug gee aan sy gevoelens. Die drommel gaan mank aan baie gebreke. Gee gehoor aan my pleidooi. Die held het baie moed aan die dag gelê. Dit skeel aan die werksman en nie die gereedskap nie. Hy het aan sy wonde beswyk. Sy armoede is aan droogtes toe te skrywe. Voorspoed is aan vlyt te danke, en teenspoed aan luiheid te wyte. Hy is geheg aan sy vriend. Sy slegte gedrag doen afbreuk aan sy skool se naam. Die eenvoudige het 'n hekel aan seremonie.

### Agter

Hulle is somer agter die bos getroud (en nie voor 'n magistraat of predikant nie). Jy vis nou agter die net, want jy probeer waar jy niks sal uitrig nie (en die saak is ook al afgehandel). Ek sal nie rus, alvorens die dief agter slot en grendel is nie. Agter daardie onskuldige storie skuil iets, waarvan ons nie weet nie. Hy is so skelm, dat 'n mens swaar agter die waarheid kom.

### Bo

Die swak leerling het bo verwagting goed gepresteer. Die moeilike probleem is darem bo my vuurmaakplek (jakkals). Ek verkles somer bo winter.

### Buite

Ons laat die onbelangrikes **buite beskouing**. Ek het **buite die waard gereken**, en mag my misgis. Hy handel **buite die perke** van sy mag.

### By

Hy weet nie wat hy doen nie, want hy is nie **by sy positiewe** nie. Ek kan nie voorsitter wees nie, want ek is **by die saak betrokke**. Die aantreklike kêrel het die ander een **by die nôi uitgesit**. **Bepaal jou aandag by jou werk**. Die party het sy gevoelens **by monde van sy leiers uitgespreek**. Jy **oordeel by verstek**, aangesien die beskuldigde nie hier is om hom te verdedig nie. Hy is 'n vegter **by uitnemendheid** of **by uitstek**, want hy veg besonder goed. **By wyse van afwisseling** volg ek nou weer 'n ander metode. Ons **dank jou by voorbaat** vir wat jy gaan doen. Jy hoef nie presies te sê nie; sê maar **by benadering**. Hy het **voet by stuk gehou** en sy planne deurgevoer. Hy begaan **by my kool (by my siks)** dieselfde flater na my waarskuwing.

### Deur

Moenie uitsoek nie; vat sommer **deur die bank**. Jy is skoon **deur die wind** om so verward te werk. So 'n sot **praat** sommer **deur sy nek** **Deur bemiddeling** van sy invloedryke oom het hy die betrekking gekry. Ons kan daar niks meer aan doen nie, want **die koeël is deur die kerk**. As jy strenger was, sou jy minder foute **deur die vingers sien**. **Deur toedoen** van die goedhartige man is ek weer **in my betrekking herstel**. Ek het lelik **deur die mat geval**, want ek het hom onwetend in die teenwoordigheid van sy broer belaster.

### In

Sy swak gedrag **steek sy ouers in die skande**. Daardie aantreklike nuwe mode **val in die smaak**. Ek moet **in my spoor trap**, want Pa wil my slaan. Die kinders het hom **in die sak** en doen net wat hulle wil. 'n Mens moet die hoof **in kennis stel**, as jy wil vertrek. Hy het verbrou (verbrui), en nou **sit hy lelik in die knyp**. Die polisie het die dief **in hegtenis geneem** en tronk-toe gebring. Die ongehoorsame kind **slaan die ouer se raad in die wind**. Die agterdogtige **trek goeie bedoelings in twyfel**. Jou goddelose handelwyse sal jou **in die verderf stort**. Die twee mededingers het mekaar lelik **in die wiele gery**. Die nuwe regulasies **tree aanstaande maand in werking**. Die knap politikus **kom in aanmerking** vir die Kabinet. 'n Mens behoort andere se gevoelens **in aanmerking te neem**. Hou **in stand** wat jy **tot stand** gebring het. Om 'n mooi huis te besit moes ek my lelik

in die skuld steek (dompel). Die beweging is in die lewe geroep om armes te help. Sommige outydse woorde het heeltemal in onbruik geraak. Die kind se ontydige versoek het die ouer in die verleentheid gebring. Die eertydse gunsteling het later in die koning se ongenade geval (in onguns geraak). Hy is net in sy skik (noppies) met die nuwe aangename wending. Die skelm sakeman het my lelik in die nek gekyk. Sy buffelagtige houding steek my dwars in die krop (is 'n doring in die vlees). Eers het net 'n paar deelgeneem, maar nou is die spelery in volle swang. Ek verlustig my in die mooi blomme. Die klas moet besluit in oorleg met die leiers. Ek doen niks in stryd met my beginsels nie. Ons is stil, in blye verwagting van wat gaan gebeur. Die vinnige werkers is in 'n kits (in 'n japtrap) klaar. Toe die brand uitbreek, was die hele huls in rep en roer. Die perde slaan (sit) op loop en kom in volle vaart op my af. In 'n ommesientjie het die baie honde die bok gevang. So 'n hakkelaar is nie in die wieg gelê om 'n groot redenaar te word nie. Die berouvolle man sit in sak en as oor sy misdaad. Die sterk jong werk die swakker een in die bak. Die ongewenste boek is deur die sensor in die ban gedoen. My goele vriend tree vir my in die bres(se), as ek beskuldig word. Daardie onpraktiese besluit is in die doofpot gestop en vergeet. Die salarisman word in klinkende munt betaal. Aangesien jy my so sleg behandel het, gaan ek jou in dieselfde munt betaal. Hy voel baie bly, want dit pas in sy kraam. Alvorens ons tot 'n besluit kom, moet ons die posisie eers goed in oënskou neem. Daardie saak moet darem in die reïne gebring word, sodat ons kan weet wat die posisie is. 'n Man met so baie planne sal wel iets in die skild voer. Die winkelier het baie ware in voorraad. Ek voorsien hom van kos en in sy behoeftes. Die administrateur het in sy begroting die bou van die brug in vooruitsig gestel. 'n Volksleier moet met sy volk in voeling bly. Hierdie oponthoud sal ons planne in die war stuur. Kragtens sy mooi persoonlikheid sal hy altyd in aansien wees. Hy sit in Abraham se skoot, want sy posisie is te beny. Die voorbarige kind is altyd in die gelid. In 'n oogwenk het die petrol vlam gevat. Deurdat hy so 'n lekker betrekking gekry het, het hy lekker in die botter geval. Hy is al so in die werk gekonfyt, dat hy dit met die grootste gemak doen. Vinnig skrywe werk net slordigheid in die hand. In die kort bestek van een bladsy kan ek dit nie doen nie. Die agtelosige luiaard het in gebreke gebly om sy werk klaar te maak. Die hoogmoedige nôi sing graag, in die waan dat sy dit goed doen. Die vergadering het 'n mosle van wantroue in die kandidaat aangeneem. In weerwil van die ongunstige weer het hy gekom. Verdriet gaan darem nie in 'n mens se klere sit nie; jy hou daar iets van oor. Jy probeer hom verniet by daardie man verkla (verklik); hulle twee is kop in een mus. Bly weg van my nôi af; jy kom nou in

**my kraal.** Die skelmagtige vent wou my met die transaksie net weer sand in die oë strooi. Die jong het my kwaad gemaak, waarop ek hom in die pad gesteek het. Hy het kwaad gedoen, en nou sit hy lelik in die pekel (in die verkorsing). Die gawe seun staan by die onderwyser in 'n goeie blaadjie, maar die kwajong staan in 'n slegte reuk. Die knap leerling stel sy minderbegaafde broer baie ver in die skaduwee. Die skaam seun wil maar net altyd in sy dop kruip en nie 'n bietjie na vore kom nie. Met die baie misoeste het die geldinsameling vir ons skool in die gedrang gebly. Ek het niks gesê nie, maar in my enigheid gewonder wat gaan gebeur. As jy in daardie kwaai man se vaarwater kom, kan jy moeilikheid te wagte wees. Ek maak beswaar teen jou handelwyse, want dit is nie in ooreenstemming met ons besluit nie. Paulus het in Christus geroem. Die noukeurige man het 'n afkeer (renons) in agtelosigheid. Alleen 'n verwaande mens dink dat hy al die wysheid in pag het. Daardie besluit was nie goed nie; ons sal dit weer moet in hersiening neem. Ek dag jy is dood, en hier staan jy in lewende lywe voor my. Die arm man het in gebreke gebly om sy skuld te betaal. Die spoorweg is nog in aanbou, maar een van die dae sal dit klaar wees. Jy wil nou die slegte saak in goeie voue lê, maar dit help niks. Teen sonder is die grootwildtroppe in aantog na die drinkplekke. Hy is so swak, dat hy nie gebore in staat (in gebore staat) is om die gewig op te tel nie. Die eens sieklike man verkeer nou in blakende gesondheid. Man, hou in vadersnaam op met jou ewige gesanik! Deur sy onverstandige optrede het die leier al meer in onguns geraak. Hy is in hegtenis geneem op aanklag van moord. Ek verheug my in my aanstaande verhoging. 'n Tevere mens berus in sy lot. Die vakansie is in sig. Die jong speler is 'n kampioen in wording. Ons deel in mekaar se leed. Die onverwagte teleurstelling stuur nou my planne in die war. Verstandige mense probeer sake in der minne skik en twis nie. My werk neem al my tyd in beslag en laat niks vir my familie oor nie. Val liewers in my sop as in my rede.

### Jeens

Wees vriendelik jeens almal.

### Met

Ons liewe ouers staan ons met raad en daad by. Hy dweep eintlik met die skrywer van wie hy so baie hou. Vermenigvuldig drie met tien. Hy het daar opgegroeï en is volkome vertrouwd met omstandighede. Boetie is ingenome met sy nuwe speelding. Die moedswillige vent doen dit met opset en nie per abuis nie. Met verloop van tyd het die sieke heeltemal herstel. Eers het hy met vakansie gegaan en daarna met siekteverlof. Met betrekking

tot wat jy my gevra het, wil ek jou die een en ander meedeel. Die besliste man het daardie kwaad met wortel en tak uitgeroei. Die hongerige leeu het sy prooi met huid en haar verslind. Jou leuenaar, jy skiet natuurlik weer met spek! Sy eetlus is weg; hy eet met lang tande. Elke mens behoort met sy talent te woeker. Eers het jy baie gepraat, en nou sit jy met jou mond vol tande. Met verwysing na daardie lelike voorval het die spreker hulle net lelik geroskam. Die verwaande vent is behep met die idee dat hy 'n leier is. Ek wil ook iets sê, want ek is ook met die saak gemoeid. Hy kan nie anders nie, want dit sit in sy bloed; hy het dit met moedermelk ingesui. Hy het die daad met voorbedagte rade gedoen, want hy berei hom al lank voor. Hy het nie met verdrag tot die onderwerp gekom nie, maar sommer met die deur in die huis geval. Ek is so omring deur moeilikhede, dat ek met die hande in die hare sit. Jy gee voor dat dit jou eie werk is, en een manier ploeg jy met 'n ander se kalf. Na so baie onder- vinding is hy heeltemal vertrouwd met die saak. Met referte tot u skrywe van 15 Jan., het ek die eer om te sê . . . Ek wou die geheim nog 'n bietjie bewaar, maar daar kom my broer met die hele mandjie patats uit. As jy sulke halwe werk doen, sal jy later met die gebakte pere sit. Na al jou beledigings wil ek graag met jou 'n potjie loop. Hy lieg so baie, dat jy sy stories maar met 'n korreltjie sout moet neem. Hy voel ook soos ek en gaan volkome akkoord met my voorstelle. Daardie mooi werk is nie sy eie nie; hy pronk met 'n ander se vere. Neem hom nie kwalik nie; hy is met die maan gepla (half mal). Jy verwar die een broer met die ander. Hy boer vir my met dien verstande dat ek 'n deel van die oes kry. Sy volk vertrou hom nie meer nie, want hy heul met die vyand. 'n Trek gaan gewoonlik gepaard met baie ontberings. Die vriendelike mense het ons met ope arms ontvang. Daar is honderd met inbegrip van die nuwes.

### Na

Met die haelstorm is my hele oes na die maan. Hy is baie gesond en uitgelate; hy skop na sy kwas. Skik jou maar na omstandighede en berus in die onvermydelike. Die vrolike pare dans na hartelus. Ek weet nie wat ek sal doen nie; ek sal handel na bevind van sake. Na regte moes ons nog geoefen het, maar ons hou maar op. Na aanleiding van u advertensie van 20 deser, wil ek aansoek doen om die betrekking . . . Die moeë kinders sal uitsien na die vakansie. Hy is so gaaf, dat almal gek na hom is. 'n Mens moet na ander ook luister en nie net na willekeur handel nie. Jy kan nie op hom peil trek nie, want hy draai sy mantel na die wind. So 'n tydsame vent is altyd mosterd na die maal. Sit die tering na die nering, en moenie bokant jou inkomste lewe nie. My afhanklike familie moet my altyd na die

oë sien. Ek werk lekker met my bediendes, want ek het hulle **na my hand geleer**. 'n Slek mens kan nie sy werk **na behore** doen nie. Na dese sal hy dit nie weer waag nie. Vir verdere besonderhede verwys ek u **na my hoof**. 'n Mens moet handel **na gelang van omstandighede**.

### Om

Hulle kom nie elke dag nie, maar **al om die ander dag**. Ek steur my nie aan die ander nie, maar ek doen dit **om jou ontwil**. Die steeks perd wil **om die dood nie** verder trek nie. Die swaar-moedige man het homself **om die lewe gebring**. Die geslepe prokureur het ons lekker **om die bos gelei**. **Om die rede** is dit vir my **om 't ewe**. Daardie ou swak toesprake **het ook maar min om die lyf**. Ek weet nie presies hoeveel dit is nie, maar dit is **om en by die sestig**. Jy moet **aansoek doen om die betrekking**.

### Onder

Hy vrywe my dit so **onder die neus** dat ek dit nie kan vergeet nie. Hy het dit nie reguit gesê nie, maar hy het my darem **onder die indruk gebring**. Die saak wat **onder bespreking** was, is nou weer **ope vir bespreking**. Die arme kêrel gaan **gebuk onder 'n sware las**. Die moeder het die vuil seun **onder hande geneem**, en toe het hy daar beter uitgesien. Jy moenie dink ek is **onder 'n kalkoen (skilpad, volstruis) uitgebroei** om my dit wys te maak nie. Ek kan dit nie voor almal sê nie; ek moet jou **onder vier oë spreek**. Die skynheilige kêrel doen baie kwaad **onder die dekmantel van godsdiens**. Jy moet maar baie versigtig wees, want jy staan reeds **onder verdenking**. Hoewel ek nog niks kan sien nie, glo ek dat hy die siekte **onder lede** het. Dit spyt my, maar **onder omstandighede** kan ek niks anders sê nie. Die advokaat het die getule lank **onder kruisverhoor geneem**. Die gebied van die aansteeklike siektes is **onder kwarantyn**.

### Oor

God **ontferm Hom oor** die sondaar. Die onderwyser het die stout seun lelik **oor die kole gehaal**. Hy het **oor die tou getrap** en moes straf ondergaan. Streng onderwysers sien nie foute **oor die hoof** nie. Met lui mense kan ek nie **oor die weg kom** nie. Die knap nôi beskik **oor baie talente**. Ek verheug my **oor die tyding** (maar in 'n ander se leed). Die jammerhartige vader kan dit nie **oor sy hart kry** om te straf nie. Dit het so **hals-oor-kop** gegaan, dat hulle halwe werk gedoen het. Die wittebroodspaar lyk my **tot oor die ore verlief**. Die hoogmoedige man is **oor sy perd getel**. Maak 'n onderskeid en moenie almal **oor een kam skeer** nie. Die onrustige moeder is **begaan oor** die seun se veiligheid.

## Op

Jy moet maar versigtig wees met hom, want hy is baie gou op sy agterpote. Dit het eers swaar gegaan, maar toe ek op dreef kom, het ek lekker geskrywe. Hy het eers baie maats gehad, maar nou moet hy maar so op sy eentjie aangaan. Met die eerste oogopslag lyk dit nie so nie, maar, as jy die saak op die keper beskou, vind jy dit gou uit. As jy iets op die hart het, sê dit. My belangstellende vriende dra my belange op die hart. Sy lyk op 'n haar (op 'n druppel water) soos haar moeder. Ons het so op 'n haar na (byna) verongeluk. Jy kan met die opvlieënde kèrel nie eens 'n grap maak nie, dan is hy op sy perdjie. Die seun maak aanspraak op die erfenis. Die kwartaal is byna om en die vakansie is op hande. Stuur dit eers op sig; dan sal ek later besluit of ek sal koop. Hy vertrou op God (en sy kind aan die onderwysers toe). Ons verskil van mekaar op daardie punt. Die voorsitter beroep hom op die vergadering. Hy is voor die regter op aanklag van moord. Dit spyt my om inbreuk te maak op jou regte (of tyd). Die edelman beroem hom op sy afkoms. Die netjiese dogter is gesteld op haar klere. Help soek; die boek is (op) soek. Ek help jou op gevaar af dat ek betrap word. Ons gaan later op die saak in, wanneer daar tyd is. Hy is so lief vir herhaal, dat hy altyd op dieselfde aambeeld hamer. My donker broer het op ou Alida se kop getrap (donker van kleur wees). Ons span is sterker; julle sal lekker op die baadjie kry. Ons besluit nie nou nie; kom ons skuïwe dit op die lange baan. Hy kan nie stry nie; hy is op heter daad betrap. Ons dra ons geliefde onderwyser op die hande. Ons sal aandrang op 'n verbetering, totdat ons dit verkry het. Die berugte misdadiger het al baie op sy kerfstok. Moenie die geld mors nie; dit groei nie op jou pa se rug nie. Die haastige oom sit op hete kole, en jy kan nie klaar kry nie. Dit is presies soos jy daar sê; jy slaan die spyker so op sy kop. Hy loop nie draaitjies nie; hy vra jou op die man af wat gebeur het. 'n Mens se skoonfamilie het 'n manier om soms op jou nek te lê. Dit het nie gebeur nie, maar dit was so op nerf na (op 'n haar, op die nippertjie). Na sy beskamende repliek het sy teenstanders lelik op hulle neus gekyk. Toe ek op sy nommer druk, het hy dadellik gehandel. „Van die os op die esel” word gesê, as iemand onverwags van die een onderwerp op die ander spring. Hy is nie oud nie, maar op sy fleur. Dit gaan sommer op 'n akkoord (orrelstryk, voorste-bos-toe). Hy het op tyd aangekom en nie laat nie. Die oorwinnaars lê beslag op ons eiendom. Ek wou dit stil hou, maar nou bring jy dit op die lappe. Die boek is op die pers en sal eersdaags verskyn. Hulle praat nie hard nie, maar op gedempte toon. 'n Versigtige man is altyd op sy hoede. As jy hierdie een koop, kry jy daardie op die koop toe. Die kalm kèrel is op sy gemak. Hy wou nie wag nie, maar het dit sommer op stel en sprong gedoen.

Ons het aangelê op die bok, maar nie geskiet nie. Jou argument berus op 'n verkeerde veronderstelling. Ek kan nie ingaan op die kwessie nie; ek noem dit net. Die dogter het haar ou vader op gesette tye kom besoek. Die siek klerk is nie op kantoor nie. Die behoeftige kind gaan skool op koste van haar oom. So 'n kwaai vrou laat nie op haar tone trap nie. Na al die herhaling ken ek die werk op my duim (my tien vingers). Hy kan nie sy mening uitspreek nie, want hy is nie op hoogte van sake nie. As jy nie op jou tyd pas nie, dan is jy jou maaltyd kwyt. In antwoord op jou brief wil ek net sê . . . . Hy doen dit ook maar so op 'n manier — nie besonder goed nie.

### Per

Per slot van rekening is ek nie daarvoor verantwoordelik nie. Stuur my die pakkie per kerende pos, want ek is haastig. Hy het per fiets gekom. Stuur dit aan J. Smit, per adres F. Koch.

### Sonder

Hulle sal vervolg word sonder aansien des persoons. 'n Mens kan darem nie sonder meer sulke stellings maak nie. Hulle het feitlik sonder uitsondering geslaag. Daardie knap seun is sonder weerga in die klas.

### Te

In die lente is daar blomme te kus en te keur. Kom my te eniger tyd spreek, as jy hulp nodig het. By die gasvrye mense was ek te alle(n) tye welkom. 'n Groot eer het my te beurt geval. Die dagboekskrywer stel sy ondervindinge te boek. Die bitsige spreker het teen sy vyande te velde getrek. Jy moet die saak wat jy bespreek wil hê, maar te berde bring. Die kwaai tannie het my te lyf gegaan oor haar seun. Die ander het niks gesê nie, maar die manhaftige kêrel wou my te woord staan. Hou dit maar; dit mag jou te pas kom. Sy kostelike onderneming het die onderwys goed te stade gekom. Toe daardie boot te water gelaat is, was daar baie mense teenwoordig.

### Ten (te + den) en ter (te + der)

(Ons het die gebruik van hierdie twee voortsetsels oor die algemeen onder ou Datiewe behandel; hier volg egter nog 'n paar gebruike):

As jy hom te na kom, sal hy jou beledig. Die skuldige is ter strafsitting verwys en daarna tot die dood veroordeel. Ek gee jou dit ter ere na dat jy jou werk goed gedoen het. Die een kandidaat het bedank ten gunste van die ander. Die voorstel is

ter tafel gelê, sodat dit kan bespreek word. Die ontslape broer word môre ter aarde bestel. Jy moet my dit nie ten kwade dui dat ek nie daar was nie. Hy kan nie sy planne ten uitvoer bring nie. Die welsprekende man is wel ter tale. Niks ter wêreld sal hom van sy planne laat afsien nie.

### Teen

Die kind was so kwaad, dat hy uitgevaar het teen die hele skool. 'n Konserwatiewe persoon is gekant teen alle veranderings. Hy het te velde getrek teen die persoon wat hy wil opponeer. Die Boesman is bestand teen die koue. 'n Gehoorsame mens versit hom nie teen gesag nie. Sulke skelmstreke druis in teen die eerlike man se beginsels. Hy jaag teen 'n baie hoë snelheid. Hulle is vyandig teen(oor) mekaar gesind. Teen (in vergelyking met) hom is sy broer 'n swakkeling. My pa het so aangehou, dat ek dit maar teen wil en dank gedoen het.

### Tot

Nadat hy tot inkeer gekom het, was hy heeltemal 'n ander mens. Die flukse skoolhoof het in sy lewe veel tot stand gebring. Tot my groot spyt (leedwese) moes ek die teleurstellende nuus verneem. Jy moet maar help tot tyd en wyl (dat) ons 'n plaasvervanger kry. Die vervelige vent het tot satwordens toe geneul. Sy rustige persoonlikheid dwing 'n mens tot kalmte. Die vriendelike oom het sy motor tot ons beskikking gestel. Die geheime deur verleen toegang tot 'n groot kelder. Die beledigende taal het aanleiding gegee tot 'n algemene bakleiery. Daardie mooi prestasie strek hom tot groot eer. Na die groot skok kon hy nie bra tot verhaal kom nie. Sy besielende leiding het sy volgelinge tot groot dade aangespoor. Alle mense is maar geneig tot sonde. Al my vriende het my verlaat — tot jy ook. Sulke bevoorregte mense het baie stof tot dankbaarheid. In sy nood het hy sy toevlug tot God geneem. Hy moes hom by gebrek aan tyd tot die belangrike dinge beperk (by die belangrike bepaal). Deur die baie skades het die arme kêrel uiteindelik tot die bedelstaf geraak. Tot oormaat van ramp het die arm man ook siek geword.

### Tussen

Dit gaan so tussen die boom en die bas. Baie myle lê tussen doen en sê. Dis nie ter sake nie; ek sê dit maar tussen hakies.

### Uit

Daardie gevierde volksleier is sommer 'n man uit een stuk. Jy moet maar uit sy vonke bly; hy is gevaarlik. Hy moes dit uit sy duim gesuig het, want dit is geen offisiële berig nie. Ek

was so uit die veld geslaan, dat ek nie geweet het wat om te sê nie. Daardie gewoonte is uit die borse en moet afgeskaf word. Uit skone moedeloosheid het hy weggehoop. Alle goeie dinge bestaan uit drie. Wat jy te sê het, moet jy nie sommer uit die lug gryp nie; dit moet op pote staan. Hy hoef hom nie voor te berei nie; hy praat sommer uit die vuis. Die slegte werk blyk uit die swak uitslae. Die kwaal haan baklei uit alle mag. Hy kan nie werk nie, want sy arm is uit lit. Sy moeilikhede is uit die weg geruim, en dus is die saak opgelos. Hy het sommer uit die staanspoor lekker gewerk, en teen die end gewen. Hy het nie versuim nie, maar hulle sommer uit wans uit opgekeel. 'n Mens kan die tweeling nie uit mekaar ken nie. Hy doen dit uit sy eie (uit eie beweging) — sonder dat iemand hom gesê het. As jy goeie werk wil doen, moet jy hierdie belangrike sake nie uit die oog verloor nie.

### Van

In die moeilike tye kon die handelaar nie baie van sy ware van die hand sit nie. Hy voorsien die troepe van benodigdhede. Jy moet afsien van jou dwase voornemens. Al sy aanmerkings het my heeltemal van stryk gebring. As gevolg van die ongeluk is die arme dier van die gras af. Gee my 'n bietjie tyd om te bekom van die skrik. Na die bespreking moet ons afstap van die onderwerp. 'n Gebrekkige dier moet 'n mens liewers van kant maak. Daardie regulasie is in die oorlog nie meer van krag nie. Die goeie spreker het hom meesterlik van sy taak gekwyd. Jy is van jou wysie af, as jy sulke onsinne dinge sê. Sulke swak hulp is van nul en gener waarde. Hy is nie oud of jonk nie, maar van middelbare leeftyd. Na die gebeurtenis is sy voorstel van die baan af. Die arm kinders is verstoek van baie voorregte. Dit is 'n gewoonte wat van oudsher onder Afrikaners bestaan. Van (weë) die baie bome kan hy nie die hele bos raaksien nie. Die siek man is genees van alle kwale. Tot my verbasing het hy my vriendelike versoek van die hand gewys. Hy spring van die hak op die tak en voer nie veel uit nie. Aangesien ons van die hand in die tand lewe, spaar ons nie eintlik nie. Jy het alles gesê, maar geen gewag gemaak van sy sport nie. Ek is nou nog meer in die moeilikheid, want hy het my van die wal in die sloot gehelp. Na sy koms is ek van die verantwoordelijkheid onthef. Alles is totniet, en ons sal van meet af aan moet begin. As 'n mens siek voel, dan gaan alles nie so van 'n leidakke nie. Hou dit vir jouself en moet dit nie van die dakke verkondig nie.

### Vir

Ek het 'n swak vir vye, my gellefkoosde vrug. Ek hou jou verantwoordelik vir daardie onreg. Ek sal swaar kry; jy moet

vir my duim vashou. Niemand kyk na die kind nie; hy word sommer vir wind en weer groot. Eers het hy my uitgemaak vir al wat sleg is en nou prys hy my. As jy jou uitgee vir 'n skrynerker, moet jy houtwerk kan doen. 'n Mens word bale teë vir sy lawwe grappe. Ek is haastig maar jy stap tog so voetjie vir voetjie. Aangesien jy weggaan, kan jy darem vir oulaas nog saamgaan. Jy moet dit nou eens en vir altyd verstaan; ek sê dit nie weer nie. Maar hy steek darem daar vir jou 'n toespraak af, hoor! Vir sover ek weet, sal dit nie gebeur nie.

### Voor

Jy weet voor jou siel dat hy lieg, en tog sê jy niks. As dit mooi gereën het, gaan alles voor die wind, maar oppas vir die droogte! Vee eers voor jou eie deur, voordat jy my kritiseer. Ons het maar weer omgedraai, want ons het voor dooelersdeur gekom. Ek is verbaas dat jy dit nie gesien het nie, want dit lê so voor die hand.

### Sommer van alles wat:

Die kwaai vrou het die man lelik onder die tong gekry. Die dom kind is maar swak met verstand bedeel. 'n Mens ken 'n ander maar sleg, want jy sien hom voor die kop maar nie in die krop nie. Ek het in my vuil gelag, toe dit gebeur, want ek het dit een manier verwag. Hulle is nie wettig getroud nie, maar agter die bos (oor die puthaak). Die geheimsinnige kêrel voer altyd iets in die skild. Jy behoort die agtelosige vent op sy vingers te tik. Dis nou van my, maar ek is nie bang nie. Besluit en moenie te lank op twee gedagtes hink nie. Na lange laaste het hulle tog daarin geslaag om dit reg te kry. Dit het sleg gegaan, en toe word hy tot oormaat van ramp nog siek ook. Teenswoordig resorteer dit onder 'n ander groep. Aan so 'n onaantreklike persoon het 'n mens ook niks. Die persoon wat nie sy mond kan hou nie, het die aap uit die mou gelaat. Die seun is 'n aartjie na sy vaartjie — net soos sy vader. As die mark sleg is, verkoop jy alles vir 'n appel en 'n ei. Die aantreklike kêrel het my hand in die as geslaan (by die nôl). Hy doen dit met 'n bepaalde doel en nie om dowe neutte nie. Die ledige seun loop net vir kwaadgeld rond. Wag maar eers 'n bietjie en kyk die kat uit die boom. Die spreker het onder beskerming van die kultuurvereniging opgetree. Daar is min mense wat van die gewone manier afwyk. Luidens 'n berig is daar weer woes geveg. Die afskaffer is afkerig van 'n drinkery. Die kind is ontvanklik vir indrukke. Koppige mense is nie vatbaar vir oortuiging nie. die veelbelowende atleet is 'n kampioen in wording. Die betrapte kwaaddoener is nou in die verleentheid (die pekel, die verknorsing). Sy vriende wil hom altyd na die mond praat. Hy is net

daar vir spek en boontjies; hy doen niks. As al sy doen en late aan die lig kom, dan word hy afgedank. Vriende het mos niks teen mekaar nie. Dis bo sy vuurmaakplek (jakkals); hy kan dit nie doen nie. Jy moet nie so lui wees nie, maar die hand ywerig aan die ploeg slaan. Vir so baie beslommernis het ek darem geen trek nie. Die twis het die twee broers vervreem van mekaar. 'n Mens moet jou geselskap nie aan 'n ander opdring nie. Omdat ek hom graag wou verdedig, het ek vir hom in die kryt getree. Dit het baie moeite gekos om die impulsiewe man tot besinning te bring en hom van sy dwase plan te laat afsien. Sy beledigende manier van praat jaag mense gou in die harnas. 'n Proklamasie is uitgevaardig te dien effekte dat niemand meer ammunisie mag koop nie. Die roekelose mens bedien hom van 'n onbeskaafde taal. Die oorlogsugtige nasie is tot die tande gewapen. Die vader is besonder verknog aan sy liefingdogter. Hy wou my vet om die oë smeer, maar ek laat my nie so maklik fop nie. Kragtens die hoof se bekwaamheid en ywer het die skool met rasse skrede vooruit gegaan. Die organisasie was so goed, dat alles vlot van stapel geloop het. Die onbillike vader lê gedurig die kind se strewende aan bande. Blykens sy gedrag was hy nooit ons vriend nie. Jy kan my dit nie ten laste lê nie, want ek is daar onskuldig aan. Die administrasie moet uitvoering gee aan die hoof se besluit. Al die mense is verdoid op die lieflike dogtertjie. Ek sit neffens my nól. Benewens die geld het ek hom nog ander dinge ook gegee. Ek wil langs dié weg my waardering toon. Wat gaan jy in pand gee, as ek jou dit solank gee? Die vryheidsliewende mense snak na meer vryheid. Ek is belus op daardie kos. Toets die verhaal aan die gestelde eise. Na rype beraad het hulle uiteindelik besluit om dit te doen. Dit ontbreek die bang man aan moed. Die swak kandidaat is bedug vir die eksamens. Trots baie moeilikhede het hy oorwin. Soms was hy tevrede, maar by wyle het hy weer uitgebars.

#### WOORDVORMING:—

##### Maniere om Nuwe Woorde te Vorm:

Die woordeskat van 'n taal is veranderlik en onstabiel, want sekere voorwerpe en gebruike raak in onbruik, terwyl daar gedurig benaminge vir nuwe uitvindings, gewoontes ens. moet gevind word. Daar is dosyne woorde in die taal wat louter Klanknabootsings is (soos ons reeds aangetoon het). Ander is sulwer nuwe skeppinge of Neologismes wat ons later sal behandel). Op hierdie gebied beïnvloed die een taal ook die ander, sodat ons Ontleninge kry wat soms onveranderd bly voortbestaan soos „garage”, „vermicelli” en so meer, of wat heeltemal 'n Afrikaanse vorm kry soos „krieket”, „skrum”, „bloskoop” en

andere. Daar word egter veral gebruik gemaak van bestaande woorde om nuwe te vorm; dit is die geval met **samestellinge**, **afleidinge** en **samestellende afleidinge** wat ons veral wil behandel. (Ons moet egter in die verbygaan daarop wys dat sommige van die taalverskynsels soos **Volksetimologie**, **Kontaminasie**, **Doeblette** e.a. ook tot 'n mindere of meerdere mate vir nuwe vorme verantwoordelik is):

### Samestelling:

Hier het ons met die samevoeging van twee of meer **aparte woorde** te doen. In die skryftaal kom dit neer op die aanmeekaarskrywe van woorde, iets wat in ons taal vir baie mense nou al 'n nagmerrie geword het.

Dit kan met veiligheid beklemtoon word dat leerlinge maar **een woord** moet skrywe waar **hulle twyfel**, want oor die algemeen word daar net gesondig deur die woorde los van mekaar te skrywe.

### Saamvoeging van Twee of meer Naamwoorde:

Ons neem aan dat die gemiddelde Std. VII-leerling weet om „graanlande”, „bloekomboomblare” en soortgelyke gevalle korrek te skryf. Die eerste moelikheid ondervind ons waar verbindingsklanke soos **-s**, **-e**, ens. insluip. Daar is in hierdie opsig geen konsekwensie nie. Ons praat mos van „boerbeskuit” maar van „boerelaer”, van „miershoop” maar „miernes”, van „lewensblyheid” maar „leefwyse”, van „vrouetrou” maar „vroumens”, van „manwording” maar „manspak” en „mannemoed”, van „kindsbeen” maar „kindertaal”, van „pennemes” maar „pentekening”, „kalfvleis” maar „kalweroë” (naas „kalfsoog” = „poached egg”).

Verder lyk dit asof die **-s** as verbindingsklank in Afrikaans baie wissel. Die spraakmakende gemeenskap skyn nie seker te wees of dit „badskamer” of „badkamer” is nie, „wintersvoete” of „wintervoete”, „verjaarsdag” of „verjaardag”, ens. Die woorde wys hier dan ook konsekwent die **-s** tussen hakies, wat seker moet geïnterpreteer word dat ons die **-s** alleen behoef te skryf, waar ons dit nog baie sterk voel. Dit moet beslis geskryf word waar dit differensieer. So bv. is „landsman” mos 'n man van die vaderland (vaderlander), terwyl „landman” 'n boer is. „Watersnood” is 'n oorstroming, maar „waternood” veronderstel 'n skaarste aan water. „Stadshuis” is 'n huis in die stad; „stadhuis” is 'n stadsaal (Eng. „town-hall”).

'n Ander interessante puntjie i.v.m. die **-s** is wanneer 'n mens twee esse skrywe en wanneer een: Net wanneer die nuwe samestelling uit twee woorde bestaan, waarvan die eerste op 'n **-s** eindig en die tweede met een begin, daar word die twee esse geskrywe, bv. „jassak”, „jakkalsstreke”, „toetssaak”, „messteek”

ens. Waar die tweede woord van die samestelling wel met 'n -s begin, maar die eerste gedeelte slegs 'n verbindings -s (of -ens) bevat, daar word slegs een -s geskryf, bv. „jongenskool” (maar „jongenshart”), „meisieskool” en „meisiestem” (maar „meisiesafdeling”), „dameskoen” (maar „damesklere”), „gewetensaak” (maar „gewetensvryheid”), „lewenskets” (maar „lewenstaak”), „lewensat” (maar „lewensmoede”).

Soos reeds aangedui, is daar i.v.m. die verbindingsklanke geen vaste reëls neer te lê nie. Dit is beter om die lastige gevalle maar onder die oë te kry. Hier volg hulle:

Dame	+	aand	=	damesaand
dame	+	skoen	=	dameskoen
dood	+	kop	=	doodskop
dood	+	skop	=	dood-skop
dubbel	+	ganger	=	dubbelganger
dubbel	+	door	=	dubbel(e) door(eier)
eet	+	saal	=	eetsaal
eet	+	tyd	=	etenstyd
gewete	+	wroeging	=	gewetenswroeging
gewete	+	stryd	=	gewetenstryd
gees	+	skepping	=	geesteskepping
god	+	loënaar	=	godloënaar
god	+	diens	=	godsdienst
(af)god	+	diens	=	(af)godediens
god	+	onmoontlik	=	godsonmoontlik
hout	+	kool	=	houtskaal
hoog	+	verraad	=	hoogverraad
hoog	+	veld	=	hoëveld
kind	+	been	=	van kindsbeen af
kind	+	tuin	=	kindertuin
kop	+	ent	=	koppent
lam	+	vleis	=	lamsvleis
lewe	+	storm	=	lewenstorm
lam	+	vanger	=	lammervanger
mens	+	vleis	=	mensvleis
mens	+	vrees	=	mensevrees
meisie	+	skoen	=	meisieskoen
rund	+	pes	=	runderpes
rug	+	are	=	rug-are
ru	+	gare	=	ru-gare
siel	+	leed	=	sieleleed
siel	+	wroeging	=	sielwroeging
salaris	+	skaal	=	salariisskaal
toets	+	steen	=	toetssteen
vark	+	oë	=	varkoë
vark	+	sôe	=	varksôe
wa	+	as	=	wa-as

wa	+	huis	=	waenhuis
yster	+	êe	=	ysterêe
dier	+	kunde	=	dierkunde
dier	+	tuin	=	dieretuin
dood	+	berig	=	dood(s)berig
dood	+	ryk	=	doderyk
dood	+	mars	=	dodemars
krul	+	kop	=	krulkop
krul	+	bol	=	krullebol
leeu	+	bekkie	=	leeubekkie
leeu	+	aandeel	=	leeue-aandeel
man	+	persoon	=	manspersoon
man	+	moed	=	mannemoed.

Verder: Briefwisseling, briewebesteller; bynes, bye-sel; beeld-spraak, beeldediens (beeltenis); bokknieë, bokkesprong; ewe-beeld, ewemens, eweneens, ewenwel; godgeleerde, godedrank, godsdiens, godsonmoontlik; gebedeboek, gebedsverhoring; hel-hond, hellevaart; hartkloppings, hartlam, hartbloed, hartelus, hartewens; hondelewe, hondsdolheid; katderm, kattekwaad; lipstrop, lippetaal; manmoedig, manslag, mannemoed, manne-taal; noordekant, noorderson; skuldbewys, skuldelaas; skeepvaart, skeepslading, skipbreuk; staatskulde, staatsdiens, statebybel; vraagteken, vraestel; woordvoerder, woordewisseling.

### Geografiese Name:

Samestellings i.v.m. geografiese name lewer heelwat moeilikheid op, en daar is vandag in die praktyk in hierdie opsig nog geen eenvormigheid nie. Dit lyk asof die volgende leidraad die meeste bevrediging gee:

- (1) Waar die samestellings bestaan uit 'n eienaam + 'n soortnaam, moet ons konsekwent 'n koppelteken gebruik. So skrywe ons dan bv. Moorreesburg-stasie, Drakensteinberge, Klein-Drakenstein-stasie, Retief-straat, Montagu-pas, Kaap-provinsie, Oranje-Vrystaat.

(As die geheel geen geografiese eienaam is nie, volg ons nog maar dieselfde beginsel, bv. Hertzog-prys, Pierneef-tentoonstelling, Milner-régime, Malmesbury-voetbalspan, Stellenbosch-boerorkes. So ook „die Knysna—George-roete” ens.).

- (2) Daar is natuurlik gevalle waar die verbindings-s mettertyd ingesluip het en waar ons die geheel definitief as 'n eenheid voel en skrywe, bv. Laingsnek, Ventersburg (maar Venterstad), Karcospoort, Egbertsvele, en dus ook Bainskloof.

- (3) Is die eerste gedeelte geen elenaam nie, dan skrywe ons in elk geval een woord: Dieprivier, Hoofstraat, Patrysvlei, Langrug, Gousblomkloof.
- (4) Dit bevredig ons taalgevoel meer as ons die verboë vorm ook met 'n koppelteken skrywe, bv. Breë-rivier, Die Sentrale-pers ens.
- (5) Die vraag ontstaan verder wat ons met die tipies Engelse geografiese name soos „St. George's Street” en „Kingwilliamstown” moet doen. As die eerste gedeelte maklik geskei kan word soos die geval met „St. George-straat” is dit seker sterk aan te beveel, maar „Kingwilliamstown”, „Queenstown”, „Grahamstown” (of „Grahamstad”) en hul verwante moet maar as een woord geskrywe word.
- (6) Voorbeelde sal ons aantoon hoe ons te werk gaan as die rigtings ook daarby gehaal word. Oos-Londen, Suid-Afrika, Pretoria-Oos, Duits-Wes, Suidwes-Afrika, Brits-Oos-Afrika ens.
- (7) Dit is goeie Afrikaans om „'n Wellingtonse vrugteplaas”, „die Moorreesburgse Hoërskool” te verkies bo „Die Moorreesburg-Hoërskool”—iets wat nogal lastig is, omdat dit ons in dilemmas soos „die Stellenboschse student” laat beland. Oor die algemeen moet ons egter maar skrywe: „Die Darlingse tentoonstelling”, „die Ceresse vrugteboere”, „die Parysse modes” (maar „Parys se modes”).
- (8) Die maklikste en aanbevelenswaardigste skryfwyse is (waar enigsins moontlik) die volgende: Die Hoërskool Jan van Riebeeck, Die Hoërmeisieskool la Rochelle, Die Laerskool Dirkie Uys, Hotel Avalon—net soos ons skrywe: Gebroeders de Wet, die familie Smit ens.

### Die Adjektief en die Naamwoord:

Hierdie verbinding lewer in die praktyk geen moeilikheid op nie. Ons skrywe oor die algemeen die adjektief los van die naamwoord behalwe waar ons dit ook as een woord skrywe om die verskil in betekenis te laat blyk:

Blink leer is blink gevryf. Blinkleer is kunsleer.  
 Blou boontjies het 'n blou kleur. Blouboontjies is koeëls.  
 Geelwortels is groente. Geel wortels van bome.  
 Dis 'n baie groot man. Jy hou vir jou grootman, nè?  
 My pa drywe groot handel. Die pryse is baie laer volgens groothandel.  
 'n Grys hemp is dienlik. Die Gryshemde haat die Jode.

'n Hoër skool is hoër geleë. 'n Hoërskool het 'n hoër rang.  
 Die Hoëveld van Transvaal. Die hoë veld van ons plaas.  
 Outa bring altyd vir Kleinbaas iets. Dit is 'n klein baas;  
 hy is maar 'n bietjie oor vyf voet.  
 Die jongkêrel is nie getroud nie. Die jong kêrel is nie  
 oud nie.  
 So 'n heerlike, koel kamer is aangenaam. Die vrugte word in  
 koelkamers gehou.  
 'n Mak bok melk jy maklik. 'n Makbok skiet ons nie.  
 'n Rooi nek is so gebrand. 'n Rooinek is 'n Engelsman.  
 Dit is 'n warm plek waar ek staan. As hy kwaad word, sê hy  
 jy moet na die warmplek gaan.  
 'n Wit man is 'n blanke of baie wit blanke. 'n Witman is 'n  
 gawe man.  
 Langs die pad lê 'n dooie lam. As dit 'n slegte jaar is, kry  
 die ooie baie dooilam.  
 Die lang wa is nie kort nie. Die langwa van die wa  
 is stukkend.  
 Die jong by is nog nie groot nie. Ratels lewe van jongby.  
 So 'n ou maer merrie is baie lelik. Hy het my seer op my  
 maermerrie geskop.

(Ons kan dieselfde onderskeid voel tussen „vars waterplante” en „varswaterplante”, „suur lemoenkonyf” en „suurlemoenkonyf”, „bitter bessiestroop” en „bitterbessiestroop”).

In gevalle van die verboë vorm gebruik ons natuurlik 'n koppelteken, bv. „wilde-beeste in die Kruger-park”, „harde-pad” (tronkstraf) en so meer.

### Verdere Differensiasie:

Hierdie differensiasie kom ook nog by ander rededele voor:

Af gaan en nie op nie. Afgaan na onder.  
 Al tē ver om weer om te draai. Darem alte oud om nog by  
 te hou.  
 Ek hou van 'n skoon veld. Toe ek weer kyk, was hy skoonveld.  
 Hard loop en nie sag nie. Hardloop en nie stap nie.  
 In loop en nie uit nie. Inloop van agter af.  
 Les opsé soos 'n kind. Les-opsé (om gestraf te word).  
 Mooi praat soos 'n redenaar. Mooipraat om nie slae te  
 kry nie.  
 So iets, maar nie alles nie. So-iets het ek nog nie gehoor nie.  
 Vry spreek sonder bang te wees. Vryspreek en nie  
 veroordeel nie.  
 Die perd staan op stal. Hy het die grond verkoop en die  
 opstal gehou.

Die vakansie is in sig. Sy insig in sake het ons baie gehelp. Stuur dit maar op sig; miskien koop ek later. In daardie opsig is jy anders as ek.

Ons loop al om die boom. „Nou bly die lug alom in stil aanbidding staan.”

Hou dit in gedagte. Hy is ingedagte.

### Samestellinge van ander Rededele:

Samestellinge (behalwe koppelteken-gevalle en skeibare en onskeibare werkwoorde) wat uit ander rededele as die behandelde bestaan, lewer wel veel minder moeilikheid op, maar veral sommige moet tog 'n bietjie bekyk word:

„Eetkamer”, „danssaal”, „werkwinkel” (Ww. + Nw.). (As die nw. eerste staan, dan skrywe ons los, bv. „tennis speel”, „gerwe ry” en „skuld maak”, want skrywe ons hulle as een woord, dan sal ons later om konsekwent te wees „gedigtevoordra” en „skaapkralemaak” moet skrywe).

„Ageros”, „voorbok”, „bokant” (Voorsetsel + Nw.). (Klem en duidelikheid kan dit egter noodsaaklik maak om 'n koppelteken te gebruik, bv. „uit-tand”, „voor-boer” ens.

„Driehoek”, „viervoet” (Telwoord + Naamwoord). (Ons praat van „vyf pond betaal” en „drie weke duur”, maar „'n vyfpondnoot” en die „drieweke-vakansie”).

„Uitgaan”, „inloop”, „saamgegaan” (Voorsetsel + Werkwoord). (Oor die algemeen moet ons die voorsetsel en die werkwoord aanmekaar skryf, maar ons mag los skrywe om te differensieer, bv. „Jy moet in gooi en nie uit nie”. Dit bring ons tot die moeilike vraagstuk van die bywoord en die werkwoord, want voorsetsels word tog maar dikwels as bywoorde gebruik. Die vraag is of ons moet „rondloop” of „rond loop”, „misvat” of „mis vat”, „skoonwas” of „skoon was” skrywe? Op hierdie gebied heers daar vandag die grootste verwarring (en 'n finale oplossing val buite die bestek van hierdie boek). Dit sal egter duidelikheid bevorder as ons die suiwere bywoord los skrywe behalwe waar ons wil differensieer soos „mooipraat” en „mool praat” en ook gevalle waar die bywoord heeltemal verbleek het in betekenis soos „miskien”, „rondgaan”, „loskom” ens.)

„Sag-lispelende”, „swaar-hygende”, „goed-oorwoë” (Nw. of Byw. + Dw.). (Al weer 'n gebied waarop daar geen eenvormigheid is nie. Die koppelteken word aanbeveel, omdat dit by die lees altyd duidelik is, maar ons kom natuurlik in die praktyk gevalle teë soos „soetklinkende”, „weldeurdagte”, „veelbelowend” e.a.).

**Probleme:**

Hier volg nou allerlei gevalle wat verskillende skrywers op die oomblik verskillend skrywe. Die manier waarop hulle hier geskrywe word, word aanbeveel. In sulke gevalle word die neiging om los te skrywe voorgestaan, veral waar die verskillende rededele nog in hulle oorspronklike krag en funksie gevoel word. Die oordrewe aanmeekaarskrywery is in die praktyk altyd lastig. ('n Koppelteken los gelukkig altyd die probleem op). Dit moet egter maar as wenke en nie as reëls beskou word nie.

Nietemin (iets anders as „nie te min” (nie)). Nog nie. Kan nie. Vyf keer. Die selfde (te onderskei van „dieselfde”). En so voort. Ek raak deurmekaar (maar „die kinders vleg deur mekaar”). Ten minste tien keer (iets anders as „tenminste, hy meen so”). In staat stel. In hegtenis neem. Ter syde. Ter sake. Ter wille van. Ten spyte van. Totnogtoe. Besmoontlik. Heel moontlik. Anders om. Al hoe meer. Daarso (iets anders as „daar so”). Daarop (teenoor „daar op”). Lepel lê. Glad nie. Geheel-en-al. Doole-rus skiet. Aanmeekaar skrywe. So-te-sé. In ag neem. In staat stel. Op tou sit. Bruin-gestreepte materiaal (anders as „bruin, gestreepte materiaal”). 'n Half-vrot appel (te onderskei van „'n halwe, vrot appel). Ewe-eens of eweneens. Een maal (maar „daar was eenmaal 'n man”; dus ook „eendag” en „een dag”). Nou-al. Belangstel en teleurstel. Te-na-kom (anders as „te na kom”). Deurentyd. Die anderdag-môre. Vir sover. Vir goed. Al drie. Sommer so. Des te meer. Van ouds her. Hy lê daar diékant. Onder-vyftien-span. Posvry. Voëlvry. Belasting-vry. Vanpas kom.

**Die Koppelteken:**

Dit mag vrugbaar wees om op die volgende gebruike van die koppelteken te let:

1. Tussen twee klinkers in aparte woorde: see-eend, wa-as, na-aap, ko-opereer.
2. In gevalle van dubbelsinnigheid: bok-kies, pronk-ertjies, bye-sel, lok-asie. (Somtyds kan verskille ook deur die aksent-strepie aangedui word; so kan ons skrywe lokasie (teenoor „lokásie”) net soos ons „dié” en „die”, „ná” en „na”, „appèl” en „appel”, „gésels” en „gesèls” skrywe).
3. Definitiewe eenhede wat sonder die koppelteken haas onleesbaar is: Traak-my-nie-houding, wag-'n-bietjie-boom, 'n ek-verstaan-goed-uitdrukking.
4. 'n Elenaam plus 'n soortnaam, bv. Die Moorreesburg-pers, die Stofberg-gedenkskool, Hertzog-prys.
5. By samegestelde titels soos superintendent-generaal, skout-by-nag, luitenant-kolonel.

6. Ons skrywe altyd oud-ouderling, oud-professor, visevoorsitter, onder-kaptein.
7. By herhalingsamestellings en verbindings met „hulle”, bv. lag-lag, skeef-skeef, stuk-stuk en Pa-hulle.
8. Dit is goed om ander rededele (veral naamwoorde, byv. nw. en bywoorde) wat deelwoorde onmiddellik voorafgaan met ’n koppelteken aan laasgenoemde te verbind, bv. die sneeu-bedekte berge (maar die met sneeu bedekte), die bang-huilende kind, groen-geverfde huise.
9. Baie vryheid word toegelaat i.v.m. die koppelteken: Word samestellings te lank, te lomp of te vreemd, word die koppelteken eenvoudig gebruik: Lewensassuransiemat-skappy-agentstreke, kafferwaterlemoen-konfyfstukke, bysel, kwagga-politiek, bangmaak-stories, straat-op, jaar-in en jaar-uit.
10. Let op die volgende gevalle: „die Junior Sertifikaat” maar „die Junior-Sertifikaat-eksamen”, „’n rooi kop” maar „rookop-seun”, „vaal hare” maar „’n vaalhaar-nôl”, „’n groot maag” maar „’n grootmaag-oom”.

#### Allerlei:

Blaasorkes, buitegeboue, dikkop-skape, etenstyd, gewetenswroeging, grondverspoeling, lokasielewe, messelwerk, ogiesdraadheining, perdediewe, praatprent, rotssteen, suurvygie, volstruis-elerdoppe, vakansietariewe, voorpote, liefdesband.

Plak- en skilderbehoefes; swartbont-hond; die psalm- en gesangboek; grondverspoeling en -bewing; peer-, perske- en ander bome; die Riversdal-George-Port-Elizabeth-roete; die treurige, triestige herfs- en wintermiddae; ruisende suidewinde; met trae vleuelslae; pletsende stertkwas; gevleuelde oerwoudbewoners; welriekende lemoenboombloeiels; groen soetdoringpeule; die koue-koors; jy kan lekker grootpraat; jou grootpraatstories; sy het rooi hare; die rooihaarnôl; blou-vitriool; breërant-hoede; ’n ou kruidjie-roer-my-nie; die maer varksôe van die boerplase; die woelige klomp langbeen-dogters; volbek-ou-ooie; unieleningsertifikate; lelike bobbejaan-spinnekoppe; die heen- en terugreis; wat vir ’n heen en weer hardlopery is dit; die vierperdewa; verleidelike vyfpondnote; ’n mooi peper-en-soutsteltjie; die totstandkoming van die Unie; hy het die dief in hegtenis geneem; die inhegtenis-neem van die dief; lekker, lang voorarm-dryfhoue; rooiwang-taalpitperskes.

„Verstikkende rook” maar „tabakrook”.

„Losse praatjies” maar „skinderpraatjies”.

„’n Bad water” maar „die badwater”.

„Patetiese gehuil” maar „hondegehuil”.

„Sy grote verering” maar „die heldeverering”.  
 „’n Vrag hout” maar „brandhout”.  
 „Harde stene” maar „dobbelstene”.  
 „’n Pak slae” maar „’n pakdonkie”.  
 „Heerlike kos” maar „padkos”.  
 „’n Snoer pèrels” maar „’n pèrelsnouer”.  
 „’n Skool visse” maar „’n visseskool”.

### **Skelbare en Onskeibare Samegestelde Wwe.:**

As die twee dele van ’n ww. deur ander woorde van mekaar kan geskei word soos bv. „hy hou sy hand voor (in voorhou), dan praat ons van **Skelbare Wwe**. Kan die dele nie geskei word nie soos in „miskien ’n ander nooit sy regte nie”, dan praat ons van **Onskeibare Wwe**.

Hier volg nou werkwoorde waarvan die dele altyd geskei word:

Agterhou, asemhaal, voorhou, kwytskel, inhou, ophou, afkom, neerkom, weergee, gelukwens, oorhaal, saamkom, neerbuig, nagee, opkom, afgaan, teengaan, gadeslaan, ompraat, blootstel, omkoop, brandstig, uitstal, volhou, prysgee, aankom, volskiet.

Vervolgens ’n groep wat altyd onskelbaar is:

Deur ons sonde het ons God **mishaag**.

Hy **oorrompel** die opposisie baie gou.

Kragtens sy vernuf het hy die vyand **uitoorlê**.

Hy het sy nuwe werk **aanvaar**.

Jy het jou voorregte **misbruik**.

Mislei jou ewemens nie.

Die kind het sy moeder **omhels**.

Hy het sy wens maar moellik **omskryf**.

**Ondermyn** tog nie so jou gesondheid nie.

Die prokureur het die beskuldigde **ondervra**.

Met sy houding het hy die opposisie heeltemal **oorbluf**.

Die beeld is in die water **weerkaats**.

**Weerspreek** my nou weer; dan sal jy sien.

Die generaal het met die vyand **onderhandel**.

Christus het sy werk **volbring**.

**Volhard** en jy sal oorwin.

Hy het die betrekking **aanvaar**.

Dit **voldoen** nie aan die vereistes nie.

Dan is daar die groot groep woorde wat soms skelbaar en soms onskelbaar gebruik word. As die klem op die laaste gedeelte van die woord val (wanneer dit ook gewoonlik figuurlik gebruik word), dan is dit onskelbaar; maar as die klem op die eerste

gedeelte val (gewoonlik letterlik) dan is die woord skeibaar. Dink aan „die son het óndergegaan”, en „moeder het 'n operasie ondergáan”. Maar daar is gevalle waar die woord onskeibaar gebruik word in sy letterlike betekenis. Hier is die gedagte van „in alle rigtings”, „geheel-en-al” of „deur-en-deur” gewoonlik teenwoordig. Dink bv. aan „Ek het déur die kamer gesoek (eenkeer)” en „ek het die kamer (in alle rigtings) deursoék, maar niks gekry nie”. „Ek het dwarsdeur die plank geboor,” maar „Gods oog deurbóor die hart van die sondaar”.

Nou 'n aantal woorde wat skeibaar en onskeibaar gebruik word. (Ons neem aan dat woorde soos „onderhou”, „ondergaan”, „oorweeg” en „voorspel” in albei betekenisse bekend is):

Jy volg heel ágter. Waarom agtervolg jy my?

Die beproefde moeder het baie smart déurstaan. Ons het so déur die dag gestaan.

Die reën dring déur my jas. Sy woorde deurdring die hardste hart.

Die Israeliete het deur die woestyn getrek. Die jong is deurtrék van die dagga.

Jy lê oor die muur, totdat jy afval. Hoe oorlê jy dit met jou klein salaris?

Die koning heers óor sy onderdane. Sy sterke persoonlikheid oorhéers al die teenwoordiges.

Tree óor hierdie streep, dan slaan ek. Moenie die wet oortrée nie.

Ons het om die boom gevat. Daardie toespraak omvát al ons beginsels.

Ek skep ónder en jy skep bo. Die losskakel het die bal onderskép en deurgehardloop.

Hy het sy naam ónder geteken en ek myne bo. Jy moet die brief ondertéken, voordat jy dit wegstuur.

Hy het die saak goed oordink, voordat hy sy mening gegee het. Ek het 'n bietjie oor die saak gedink, maar verstaan dit nie.

Dit was my asof ek die angs weer oorgelewe het. Die vrou het haar man oorléwe.

Hy het eers óor die muur gelê en toe geval. Hy oorlê dit so dat hy altyd deurkom.

Hy het óor sy eie bene geval. Die siekte het hom oorvál en hy moes in die bed bly.

Moeder het die rok óngesoom. Die see se skuimgordel omsóom die land.

Ek het sy foute óorgesien. Die skipper het van die rantjie die hele seevlak oorsien.

Dit het my ook al óorgekom. Die trotse man kan die vernedering nie oorkòm nie.

Ons het die vraag maar weer óorgelaai. Die bruidspaar is met goeie wense oorlál.

Die vloedwater het óor die walle gestroom. Gelukwense het die oorwinnaar oorstróom.

Druk sy kop ónder die water. Onderdrúk jou minderes nie.

Miswolkles dryf gou óor. Die leuenaar oordrýf graag.

As gevolg van halwe werk het hy óorgewerk. Die vlytige man het hom oorwérk.

Die trekkers het óor die rivier getrek. In die lente is die veld oortrèk met blomme.

### Skynbare Samestellings:

Die leerling het in die voorafgaande seker opgelet dat die verlede deelwoord van die onskeibare ww. **sonder 'n ge-** is, bv. „Ek het hom uitoorlê,” terwyl die **ge-** by skeibare wwe. tussen die twee dele ingeskuif word, bv. „Hy het my omgepraat”. (Dit is dan ook 'n goeie oefening om die verlede deelwoord van die voorafgaande en ander wwe. neer te skrywe.) Nou is daar egter wwe. wat skeibaar lyk en dit tog nie is nie, en wat ook nie onskeibaar is in die sin dat die verl. dw. sonder 'n **ge-** gevorm word nie, maar wel met 'n **ge-** voor die stam. Wwe. soos „dagvaar”, „glimlag”, „seëvier”, „weerlig”, „raadpleeg”, „dwarboom”, „ginnegaap”, „radbraak”, „fynkam” is maar gewone wwe. met 'n **ge-** voor vir die verlede deelwoord.

Samestellings soos „kreunkla” en „slingerstap” is onskeibaar en die verl. dw. is „gekreunkla” en „geslingerstap”.

(Die hele kwessie van skeibare en onskeibare wwe. is moeilik onder reëls te bring, omdat daar so baie afwykings is. Die aksent is 'n rigshoer, maar oefeninge is beter. Leerlinge moet met die behandelde voorsetsels en bywoorde werkwoorde vorm en dan kyk of hulle skeibaar of onskeibaar is).

### Intensiewe Adje.:

In plaas van te sê „so bitter soos gal” sê ons „galbitter”. Hierdie saamgestelde byvoeglike naamwoorde waarvan die herkoms nie altyd so duidelik is nie (en wat dikwels komparatiewe is), word **Intensiewe Adje.** genoem, en hier volg die bekendstes:

Brandarm, rûensagteroor, morsaf, baftablou of potblou, galbitter, doodbedaard, knuppeldik of trommeldik, kurkdroog of horingdroog, pikdonker of stikdonker, potdig, smoordronk, peperduur, plankdun, stokdoof, haarfyn of piekfyn of ragfyn, stapelgek, doodgoed of ingoed, spotgoedkoop, dolgraag, goudeel of borriegeel, hemelhoog, snikheet, boeglam, skreeulelik, dolleeg, springlewendig, helderligdag, ellelang, klinkklaar, smookwaad, hondmak, bloedmin, poedelnakend, splinternuut, broodnodig, penorent, kersregop, pylreguit, loodreg(af), reëlreguit, silwerskoon of beeldskoon, stroopsoet of suikersoet, rietkraal, blitssnel, ystersterk, asynsuur, loodswaar, pikswart of gitswart,

droogsonder, stokstyf, doodswak of hoenderswak of kuikenswak, doodstil of tjoepstil, digtoe of pottoe, neutvars, rotsvas, smoorverlief of doodverlief, spekvet of moddervet, voëlvry, propvol of stampvol (of boordvol).

Interessant is dit om te let op die dubbele nadruk in sommige gevalle. Let bv. op: Hout(pop)gerus, pap-sop-nat, ys-sneeu-koud; naas vingeralleen tref ons ook aan stok(siel)alleen en moeder(siel)alleen, klip(steen)hard; naas wildwakker ook wawydwakker, wawydoop.

### Opmerking:

Voordat ons van samestelling afstap, dien beklemtoon te word dat **die neiging in Afrikaans is om aanmekaar te skrywe** (behalwe waar die duidelikheid in die gedrang bly). Leerlinge het al ver gevorder, as hulle kan onthou **omf samestellinge waarvan die verskillende dele naamwoorde is, aanmekaar te skrywe**. (Meer oefeninge gee ons nie, maar dit is noodsaaklik dat die leerling oefen. Behalwe om die behandelde gevalle na te gaan, kan leerlinge voorbeelde uit hulle leesstof uitsoek en onderstreep. Die beste is egter om bekende woorde soos „huis”, „man”, „loop”, „staan”, „in”, „deur” en ander te neem en samestellings te vorm deur ander woorde voor en/of agter aan te las).

### AFLEIDING:—

#### Wat dit eintlik is:

Waar ons by samestelling met twee of meer bestaande woorde te doen gehad het, beteken afleiding **die verandering van een woord deur stamverandering (klankwisseling) en voor- en/of agtervoegsels tot 'n ander woord**.

#### Stamverandering (Klankwisseling):

Die proses van ander woorde van bestaandes deur middel van klankwisseling te vorm, is vandag nie meer aan die gang nie, maar o.a. is die vlg. woorde tog op die manier gevorm:

Bid — bede, gebed, bedel. Bind — band, bond, bende, bondel. Bied — bod, bode, gebod. Bedrieg — bedrog. Byt — bete, bietjie, beitel, gebit. Bulg — bog, boog, beuel. Breek — brok, breuk, brokkel. Dink — dunk, gedagte. Dryf — draf, dreef, drif. Dring — drang. Drink — drank, dronk. Dwing — dwang, gedwonge. Doen — daad, gedane. Geniet — genot, genote. Gee — gawe, gif. Glo — geloof. Grawe — graaf, grag, groef. Gryp — greep, begrip. Help — hulp, geholpe. Kies — keuse, keur, gekose. Krimp — kramp, bekrompe. Knyp — knip. Meet — maat. Ry — rit, berede. Skiet — skoot, skot, skut, geskote. Skrywe — skrif, geskrewe. Sluit — sleutel, slot,

geslote. Sny — snede, gesnede, snit. Spreek — spraak, spreuk, gesprek, sprokie, onbesproke. Spring — sprank, sprong. Slaan — slag. Steek — stok, stekkie. Stink — stank. Vind — vonds, gevonde. Vlieg — vleuel, vlug, vervloë. Werp — worp, verworpe. Wreek — wraak, wrok.

Ons het mos gesien dat die meervoud, vroulike en verkleinwoord deur middel van verbuiging gevorm word. Hier wil ons die persoonsname en die abstrakte selfst. nwe. behandel:

#### Persoonsname:

Aankom — aankomeling	leer — leraar
ageer — agent	laf — lafaard
agiteer — agitator	materie — materialis
beoordeel — beoordelaar	meedeel — mededeler
bewonder — bewonderaar	nuut — huweling
dien — dienaar of diender	nasionaal — nasionalis
dirigeer — dirigent	onderkruip — onderkruiper
dobbel — dobbelaar	onderwys — onderwyser
doen — dader	politiek — politikus (politicus)
doseer — dosent	praktiseer — praktisyn
dik — dikkerd	preek — prediker
ekonomie — ekonoom	produseer — produsent
ellende — ellendeling	psalm — psalms
eerste — eersteling	redigeer — redakteur
grammatika — grammatikus (-cus)	reis — reiser, reisgenoot
gierig — gierigaard	registreer — registrateur
guns — gunsteling	slag — slagter
hemel — hemeling	stink — stinkerd
hof — howeling, howenier	snood — snoodaard
herberg — herbergier	stom — stommerik
ideaal — idealis	stout — stouterd
indiwidueel — indiwidualis	verdrink — drenkeling
kritiek — kritikus	vlieg — vlieër, vliegenier
krue — kruidenier	woes — woestaard
kanon — kanonnier	wreed — wreedard
letterkunde — letterkundige	wen — wener

#### Nou Abstrakte Selfstandige Naamwoorde:

Aanvaar — aanvaarding	appresieer — appresiasie
absurd — absurditeit	assureer — assurance
aktief — aktiwiteit	beproof — beproewing
absorbeer — absorpsie	belese — belesenheid
amendeer — amepdement	bely — belydenis
annekseer — anneksasie	beken — bekentenis

- blokkeer — blokkade  
 banaal — banaliteit  
 barbaars — barbarisme  
 bedeesd — bedeesdheid  
 bedrewe — bedrewenheid  
 begrens — begrensheid  
 bekrompe — bekrompenheid  
 brutaal — brutaliteit  
 besorg — besorgdheid  
 bevrug — bevrugting  
 demonstreer — demonstrasie  
 depresieer — depresiasie  
 erger — ergernis  
 formeel — formaliteit  
 finaal — finaliteit  
 geheg — gehegtheid  
 geneig — geneigdheid  
 geslepe — geslepenheid  
 gespleerd — gespleerdheid  
 geveins(d) — geveinsdheid  
 geleë — geleentheid  
 geneë — geneentheid  
 gepas — gepastheid  
 geswolle — geswollenheid  
 huigel — huigelry  
 handhaaf — handhawing  
 intiem — intimiteit  
 inneem — inname  
 inspireer — inspirasie  
 identies — identiteit  
 intree — intreding  
 juls — juistheid  
 kasty — kastyding  
 kandidaat — kandidatuur  
 kombineer — kombinasie  
 kontroleer — kontrole  
 konstrueer — konstruksie  
 kapituleer — kapitulasie  
 lê — ligging  
 lieg — leuen  
 mismaak — mismaaktheid  
 mobiliseer — mobilisasie  
 magtig — magtiging  
 nalaat — nalatenskap  
 nasionalis — nasionalisme  
 (so ook materialisme, idealisme, individualisme, spiritisme, optimisme ens.)
- naïef — naïwiteit  
 ontstel — ontsteltenis  
 objektief — objektiwiteit  
 opereer — operasie  
 ontaard — ontaarding  
 onbedrewe — onbedrewenheid  
 onbeperk — onbeperktheid  
 onbeskaaf — onbeskaafdheid  
 onbeskof — onbeskoftheid  
 ongeërg — ongeërgdheid  
 ontlas — ontlasting  
 produseer — produksie  
 produktief — produktiwiteit  
 praktiseer — praktyk  
 populariseer — populariteit  
 raas — raserny  
 rym — rymelary  
 repareer — reparasie  
 registreer — registrasie  
 riskeer — risiko  
 resenseer — resensie  
 redigeer — redaksie  
 rehabiliteer — rehabilitasie  
 referent — referaat  
 rym — beryming, rymelary  
 send — besending  
 sink — besinking  
 steur — stoornis  
 stom — stommititeit  
 spesifiseer — spesifikasie  
 stipuleer — stipulasie  
 sentraliseer — sentralisasie  
 sensor — sensuur  
 sterial — sterilititeit  
 uitgelate — uitgelatenheid  
 uitgee — uitgawe  
 vakant — vakature  
 voltooi — voltooiing  
 verdraai — verdraaiing  
 vergewe — vergifnis  
 verwant — verwantskap  
 verknog — verknogtheid  
 varieer — variasie  
 vervreem — vervreemding.

## Kan jy bostaande in sinne gebruik?

### Lande, Volkere, ens.:

In Amerika woon Amerikaners — Amerikaanse gewoontes  
 In Arabië woon Arabiere — Arabiese perde  
 In Asië woon Asiate — Asiatiese vraagstuk  
 In Argentinië woon Argentyners — Argentynse trek  
 In België woon Belge — Die Belgiese ineenstorting  
 In Berlyn woon Berlyners — Berlynse samespreking  
 In China woon Chinese — Chinese oorloë  
 In Denemarke woon Dene — Deense ko-operasie  
 In Europa woon Europeane — Europese bevolking  
 In Hongarye woon Hongare — Hongaarse sameswering  
 In Indië woon Indiërs — Indiese kunste  
 In Italië woon Italianers — Italiaanse sangkuns  
 In Japan woon Japanners — Japannese kleurskemas  
 In Java woon Javane — Javaanse koffie  
 In Kanada woon Kanadese — Kanadese appels  
 In Mexico woon Mexicaners — Mexicaanse twiste  
 In Noorweë woon Noorweërs — Noorweegse fjords  
 In Pole woon Pole — Poolse atlete  
 In Pruisie woon Pruisie — Pruisiese offisiere  
 In Portugal woon Portugese — Portugese stiergevegte  
 In Peru woon Peruviane — Peruviaanse kunsmis  
 In Swede woon Swede — Sweedse masjinerie  
 In Switserland woon Switsers — Switserse bokke  
 In Spanje woon Spanjaarde — die Spaanse burgeroorlog  
 In Turkye woon Turke — Turkse tabak  
 In Kaapstad woon Kapenaars — Kaapstadse winkels  
 In London woon Londonners — Londonse gewoel  
 In Parys woon Parysenaars — Parysse modes  
 In Pretoria woon Pretoriane — Pretoriase besluite  
 In Pêrel woon Pêrellete — Pêrelse boere  
 In Vlaandere woon Vlaminge — Vlaamse hingste.

### Afgeleide Werkwoorde:

Werkwoorde word van verskeie ander rededele met of sonder voor- en/of agtervoegsels gevorm. Die wat van ander werkwoorde gevorm word, word **Deverbatiewe Wwe.** genoem, en die wat van byvoeglike en selfstandige naamwoorde (maar ook voorsetsels en bywoorde) gevorm word, word **Denominatiewe Wwe.** genoem.

### Denominatiewe Wwe.:

Soms word 'n byvoeglike of 'n selfstandige naamwoord eenvoudig 'n werkwoord sonder enige verandering van vorm.

Dink aan „wit”, „week”, „droog”, „vrot”, „stoel”, „peul”, „dop”, „stempel” ens.

Daar is 'n paar gevalle waar naamwoorde van voorsetsels en bywoorde gevorm word soos „herinner”, „uiter”, „opper”, „nader”.

Verreweg die meeste **Denominatiewe Wwe.** word egter deur middel van voor- en/of agtervoegsels gevorm, soos onderstaande lys aantoon:

**Adj. of Nw. — Ww.**

Arm — verarm  
 afgod — verafgood  
 Amerika — amerikaniseer  
 Afrika — verafrikaans  
 angs — beangs  
 applikasie — appliseer  
 antwoord — beantwoord  
 bleek — verbleek  
 blaam — blameer  
 broer — verbroeder  
 bloem — verbloem  
 definisie — definieer  
 drama — dramatiseer  
 diagnose — diagnoseer  
 dier — verdierlik  
 damp — verdamp  
 dwaas — verdwaas  
 erg — vererger  
 elektrisiteit — elektrifiseer  
 een — verenig  
 eelt — vereelt  
 Engels — verengels  
 fraai — verfraai  
 formule — formuleer  
 groot — vergroot  
 gunstig — begunstig  
 goud — verguld  
 goed — vergoed, vergoelik  
 glas — verglaas  
 gif — vergiftig  
 genade — begenadig  
 groep — groepeer  
 grens — begrens  
 half — halveer  
 heilig — ontheilig  
 harmonie — harmonieer  
 hand — hanteer

**Adj. of Nw. — Ww.**

heet — verhit  
 inspeksie — inspekteer  
 klein — verkleineer  
 kort — verkort  
 klem — beklemtoon  
 kontrole — kontroleer  
 klee — beklee, inklee,  
 ontklee  
 kalk — verkalk  
 kool — verkool  
 kiem — ontkiem  
 kopie — kopieer  
 lang — verleng  
 liggaam — beliggaam  
 maklik — vergemaklik  
 moeilik — bemoelik  
 min — verminder  
 meer — vermeerder  
 moed — bemoedig, ont-  
 moedig  
 man — beman, verman  
 nag — vernag  
 nugter — ontnugter  
 newel — benewel  
 oud — verouder  
 oog — beoog  
 parafrase — parafraseer  
 protes — protesteer  
 propaganda — propageer,  
 propagandeer  
 rein — reinig  
 ryk — verryk  
 rapport — rapporteer  
 rym — berym  
 ruïne — ruïneer  
 reaksie — reageer  
 stout — verstout

Verder: Akkordeer, dineer, notuleer, dateer, inpalm, kalmeer, eindig, beëindig, eksamineer, balanseer, onteer, onthoof, verdubbel, onteien, kruisig, bekroon, verkleineer, ontketen, verklank, verpand, verleng, verguld, presteer, ontlas, ontsenu, versteen, verstom, ontruim, ontnugter, verseël, sekondeer, sentraliseer, sistematiseer, stenig, inprent, molesteer, moderniseer, verteder, torpedeer, ontsenu, vervel, trotseer, vervolmaak, verwater, verwyf.

(Kan jy bostaande in sinne gebruik)?

### Deverbatiewe Wwe.:

Die een ww. word van die ander gevorm veral deur middel van voorvoegsels (en/of agtervoegsels), waarmee soms stamverandering gepaard gaan.

Soms druk die ww. 'n **herhaling** van die grondwoord uit, wanneer dit **Frekwentatief** genoem word: Bibber (beef), duikel (duik), krabbel (krap), klapper (klap), stotter (stoot), skuifel of skoffel (skuif), snuffel (snuif), trappel of trippel (trap), kibbel (kyf), knibbel (knyp), stribbel (stry), bedel (bid), brokkel (breek), steier (styg).

Die handeling van die grondwoord word weer **veroorzaak** in die geval van **Kousatiewe**. So bv. beteken „drenk” mos „laat drink”. Ander voorbeelde is:

vel (val), soog (suig), voer (vaar), wek (waak), set (sit).

By **Intensiewe Wwe.** word die betekenis van die grondwoord meer intens gemaak, bv. buk (buig), hik (hyg), knik (neig), verspil (speel), splits (splyt), swik (beswyk), wik (weeg).

(Sommige **Frekwentatiewe Wwe.** het ook 'n intensiewe betekenis).

Daar is egter besonder baie wwe. wat gevorm word net deurdat daar voorvoegsels voor die stam van 'n ww. gelas word. Kyk hoe verander die voorvoegsels die betekenis in die volgende gevalle:

Die koei **storm** my. Die honde **bestorm** die leeu van alle kante.

Hy haal nooit sy bestemming nie. Ons het ons vriende **onthaal**.

Ek **spring** op van vreugde. My vyand **besprings** my.

Ons **roem** ons voorvadere se godsvrug. Ek **beroem** my op my afkoms.

Ek **roep** jou. Ek **beroep** my op 'n hoër gesag.

Ek val en breek my been. Sy verwaande houding **beval** my nie.

- Die moeder het die kindjie in 'n tjalle **gewikkel**. Deur oefening kan 'n mens jou liggaam **ontwikkel**. Sake het nou so **verwickel**, dat jy nie maklik 'n uitweg sien nie.
- Bind** hom vas en bring hom hier. Die dokter het sy wonde **verbind**. Na die dood **ontbind** die liggaam.
- Hou** my hand. **Onthou** jou van alle kwaad.
- Die droë hout **vlam** lekker. Paraffien **ontvlam** maklik. Sy toorn het gou **ontvlam**.
- Hy **klee** hom(self) baie swierig. God **beklee** die dale met blomme. Vir aandete moet 'n mens **verklee**. As jy gaan slaap, **ontklee** jy jou.
- Ek **stel** 'n slagyster vir die muls. Die tuig is te klein; verstel dit 'n bietjie. Hy het spoedig van sy siekte **herstel**. As ek moeg is, **sit** ek. Die geloof kan berge **versit**. My pa **skiet** grootwild. As jy 'n pyn vasvat, **verskiet** dit.
- Ons **bou** huise. Die boere **verbou** koring en tabak. Die koloniste het die land **bebou**.
- Die wysgeer **dink** oor lewensvraagstukke. Ek wou hom slaan, maar ek het my **bedink**. **Gedenk** ons in jou voorspoed. Die konstabel **pak** hom en neem hom tronk-toe. Die bye **bepak** die kalf. Vrugte vir verskeping word sorgvuldig **verpak**.
- Ons **stook** brandewyn. Die gepeupel **bestook** 'n mens met klippe.
- Ek **tas** in die duisternis rond. Die beoordelaars het die perd deeglik **betas**.
- Die kinders **speel** buite. Die kunstenaar **bespeel** die harp. Hy het sy kans **verspeel**.
- Elke mens **lewe** maar in 'n moeilike tyd. So-iets het ek nog nooit **belewe** nie.
- My ryk oom het aan my geld **bemaak**. Ek laat my nie van jou **vermaak** nie.
- Sal jy my kom **help**? By gebrek aan beter het ek my maar met swak gereedskap **behelp**. Jy moet die gewel **verhelp**; anders gaan dit val.
- Ek **sien** iets. Hy het die motor goed **besien**, voordat hy gehandel het.
- Voor die eksamen moet 'n mens jou werk **hersien**. Die oneerbiedige kind **ontsien** nie eens sy vader nie. Die gebou is bouvallig; jy moet dit 'n bietjie **versien**.
- Staan**, as jy nie kan sit nie. Alle goeie dinge **bestaan** uit drie. Op politieke vergaderings **ontstaan** daar dikwels rusie. 'n Onnosel mens **verstaan** ook niks.
- Ek **ken** jou nie. **Beken** jou skuld, as jy 'n man is. Na soveel jare het ek hom weer **herken**. **Erken** nou maar dat ek gelyk het. Hy kan nie **ontken** dat dit so is nie. Verkenners gaan uit om te **verken**.

Hy lê op sy rug. **Belê** jou gelde verstandig. Die pad is alweer **verlê**.

Kom môre weer. Hy het nog nie van die skrik **bekom** nie. Ons is trots op ons **herkom(s)**. Hy het ternouernood aan die gevaar **ontkom**.

**Praat** so min moontlik. Kom sodat ons die saak kan **bepraat**. Ons het weer ons tyd **verpraat**.

### Afgeleide Adjektiewe:

Apostel — die apostoliese sekte	dialek — dialektiese afwykings
adel — van adellike afkoms	diplomaat — diplomatieke
amp — 'n amptelike besoek	diens, diplomatieke ontkenning
argitek — argitektoniese skoonheid	despoot — despotiese optrede
alkohol — alkoholiese drank	departement — departementele eksamens
apologie — apologetiese optrede	dokument — dokumentêre bewyse
atmosfeer — atmosferiese stoornisse	erger — ergerlike tussenwerpsels
analise — analitiese metodes	epiek — epiese (vertellende) gedigte
alfabet — alfabetiese volgorde	elastisiteit — met elastiese tred
ambisie — ambisieuse leerlinge	element — elementêre kennis
adjektief — adjektiewiese gebruik	epikuur — epikuristiese leefwyse
aandag — 'n aandagtige gehoor	energie — energieke optrede
aktuari(u)s — aktuariële berekenings	estetiek — estetiese waardering
allegorie — allegoriese verhale	figuur — die figuurlike betekenis
amuseer — 'n amuseer voorval	fragment — fragmentariese behandeling
baat — onbaatsugtige, d.w.s. onselfsugtige moeders	fundament — fundamentele verskille
broer — broederlike onderhoud	fiksie — fiktiewe verhale
balans — gebalanseerde diëet	genoeë — 'n genoeglike aand
chaos — chaotiese verwarring	genie — geniale kunstenaars
drama — sy dramatiese verskyning	help — hulpvaardige mense
	higiëne — higiëniese toestand

- horison — horisontale lyne  
 (teenoorgestelde: vertikale lyne)  
 instink — (instinktlewe)  
 instinkmatige handelwyse  
 industrie — industriële  
 omwentelings  
 intellek — intellektuele  
 ontwikkeling  
 idioom — 'n idiomatiese  
 uitdrukking  
 indiwidu — indiwiduele  
 verskille  
 jeug — op jeugdige leeftyd  
 konstitusie — konstitusionele  
 veranderings  
 kolossus — die kolossale  
 gevaarte.  
 koning — koninklike  
 families  
 kramp — krampagtige  
 bewegings  
 kritiek — 'n kritiese  
 houding  
 kondisie — kondisionele  
 promosie  
 kronologie — kronologiese  
 volgorde  
 kollega — kollegiale groete  
 konvensie — konvensionele  
 gebruik  
 kultuur — kulturele bloei  
 koors — met koorsagtige  
 gejaagdheid  
 liriek — liriese poësie  
 logika — 'n logiese redenasie  
 legende — 'n legendariese  
 verhaal  
 meester — die meesterlike  
 vertoning van die kunstenaar;  
 maar 'n verwaande, meesteragtige  
 optrede  
 majestelt — majestieuse  
 berge  
 motief — gemotiveerde  
 handelwyse  
 monarg — monargistiese  
 party, monargale stelsel  
 monument — monumentale  
 skoonheid  
 melodie — melodieuse  
 liedere  
 metode — 'n metodiese  
 behandeling  
 munisipaliteit — 'n munisipale  
 verkiesing  
 mite — mitologiese oorlewering  
 notaris — notariële akte  
 ouer — die ouerlike woning  
 oorsig — 'n oorsigtelike  
 behandeling  
 opvoeding — opvoedkundige  
 vraagstukke  
 opsie — opsionele vakke  
 ornament — ornamentele  
 raamwerk  
 pyn — pynlike ondervindings  
 patriot — patriotiese daad  
 periode — periodieke  
 verskynsels  
 poësie — 'n poëtiese geaardheid  
 praktyk — praktiese planne  
 patriarg — 'n patriargale  
 houding  
 prosa — 'n prosaïese temperament  
 probleem — 'n problematiese  
 vraagstuk  
 polemie — polemiese  
 geskrifte  
 prinsiep — prinsipiële  
 besware  
 propaganda — propagandistiese  
 lektuur  
 patos — patetiese tonele  
 professor — professorale  
 waardigheid  
 posisie — posisionele spel  
 rewolusie — rewolusionêre  
 uitbarstings

ramp — rampsalige son- daars of 'n rampspoedige ekspedisie	sinode — sinodale besluite sintaksis — sintaktiese foute
ritme — ritmiese bewegings	sekte — sektariese geskifte
romantiek — 'n romantiese ontmoeting	sekretaris — sekretarfele werk
redaksie — redaksionele beleid	sertifikaat — 'n gesertifi- seerde onderwyser
redeneer — 'n beredeneerde antwoord	standaard — gestandardi- seerde toetse
reaksie — reaksionere beleid	skema — skematiese voor- stelling
smaak — smaakvolle kleredrag	tragedie — tragiese gebeurtenisse
stelsel — 'n stelselmatige onderdrukking	telefoon — telefoniese verbinding
simbool — die simboliese betekenis	teorie — teoretiese beskouings
slaaf — slaafse navolging	tegniek — 'n tegniese adviseur
sisteem — sistematiese metodes	telegraaf — telegrafiese boodskappe
sekse — seksuele neigings	triomf — 'n triomfantlike uittog
seksie — seksionele ver- deling	tabel — tabellariese rang- skikking
suggestie — suggestiewe ritme	universiteit — universitere opleiding
sarkasme — sarkastiese aanmerkings	unie — uniale beheer van onderwys
sentiment — sentimentele gekwel	

(Kan jy die voorafgaande in sinne gebruik? Raadpleeg 'n woordeboek of die woordelys en vorm nog afgeleide wwe., nwe. en adje.).

Let verder op: Eksentriek (eksentrisiteit), gemeentelik (gemeente), hoofdelik (hoof), instrumentaal (instrument), lyflik en lywig (lyf), liggaamlik (liggaam), maagdelik (maagd), panikerig (paniek), presidensieel (president), sportief (sport), stilisties (styl), Calvinisties (Calvyn), Buddisties (Budda), Lutherse (Luther), Mohammedaans (Mohammed), Mosaies (Moses), Napoleonties (Napoleon).

In verband met afgeleide adje. moet ons wys op die verwarring wat dikwels ontstaan tussen afgeleide en saamgestelde adje. (dikwels onder Eng. invloed). So bv. is dit mos belaglik om van „an electrical engineer” as van „'n elektriese ingenieur” te praat. Dit moet „'n elektrisiteitsingenieur” wees. Gevolglik

praat ons ook van „'n monumente-kommissie”, maar „monumentale skoonheid”; „die seks-vraagstuk”, maar „seksuele neigings”; „'n musiekaand”, maar „musikale geluide”; „die opvoedkundefakulteit”, maar „van opvoedkundige betekenis”; „biologiekennis”, maar „biologiese faktore”. In dieselfde verband dien daarop gewys te word dat „Afrikaans-leerlinge” Afrikaans leer en dat „Afrikaanse leerlinge” Afrikaans is. Die „Engels-onderwyser” doseer net Engels en die „Engelse onderwyser” is 'n Engelsman.

### **Afgeleide Bywe.:**

Ons tref natuurlik bywoorde aan wat samestellings is soos „haastyd” en „blou-blou”, afleidings soos „huiswaarts”, en samestellende afleidinge soos „stormenderhand”. Aangesien ons die meeste voorbeelde behandel het, wil ons net nog 'n paar afgeleide bywoorde noem: Billikerwys, billikheidshalwe (billik), blindelings (blind), beurtelings (beurt), grafwaarts (graf), huiswaarts (huis), kalmpies (kalm), saggies, sagkens (sag), sydelings (sy), ylings (yl), gewoonlik (gewoon).

### **Voor- en Agtervoegsels:—**

#### **Alg. Opm.:**

Uit die behandelde stof moet dit alreeds blyk dat voor- en agtervoegsels by woordvorming 'n baie magtige rol speel. Dit is miskien 'n verouderde vorm van taalstudie om lyste onproduktiewe Griekse en Latynse voorvoegsels van buite te leer, maar daar is baie produktiewe voor- en agtervoegsels soos „on” en „loos” in ons taal, waarvan 'n duidelike begrip ons sal help om dosyne nuwe woorde te vorm. Of die voor- en agtervoegsels **produktief** is, daar kom dit alles op aan, d.w.s. of hulle nog so sterk in die taal fungeer, dat ons **nog steeds** baie nuwe woorde met hulle kan vorm.

Toe ons afgeleide nwe., wwe., adje. en bywe. gevorm het, moes ons onbewus die krag van baie voor- en agtervoegsels gevoel het. (Eintlik moet daardie afleidinge onder voor- en agtervoegsels behandel word, maar hulle is sulke groot, aparte, belangrike groepe, dat hulle apart behandel is. Tog is dit goed om terug na hulle te blaai, die voor- en agtervoegsels uit te soek en te sien hoe hulle ander rededele en ander betekenisse help vorm).

(Vervolgens word meer voor- en agtervoegsels behandel. Net die belangrikstes wat 'n groot rol speel by woordvorming, word uitgesoek):

## Voorvoegsels:—

## (1) By die Nw.:

- Aarts-** (eerste, groot, opperste) in woorde soos: Aartsbiskop, aartsengel, aartsvader, aartsvyand.  
**Ge-** (handeling) in: Geskree, gelol, geraas, gepraat, gelang ens.  
**Ge-** (versameling): Gebroeders, geboomte, gebergte, gevogelte, gebladerte.  
**On-** (nie): Ongeluk, onsin, ongeloof, ongenade, onkundig.  
**On-** (sleg): Onmens, onding, ondier.  
**Oer-** (oud): Oerwoud, oermens, oertaal.  
**Wan-** (slegte): Wandaad, wanklank, wanorde, wanhoop, wanbegrip.

## (2) By die Adj.:

- Aarts-** (bale): Aartsdom, aartslui.  
**On-** (nie): Onmoontlik, onmenslik, onvriendelik, onchristelik ens., ens.

## (3) By die Ww.:

- Be-** (vorm oorganklike ww.): Bearbei, bekom, begaan, beland, bepraat ens.  
**Be-** (voorsien van): Besiel, beman, behuis, beloon, bevolk.  
**Be-** (maak distributief): Beplant, besaai, bebou, besprinkel.  
**Her-** (weer): Herken, herinner, herdoop, herwin ens.  
**Ont-** (wegneem of beroof van): Onthoof, ontwortel, onteer, ontkleed.  
**Ont-** (begin): Ontkiem, ontbrand.  
**Ont-** (weg of uit): Ontkom, ontsnap, ontspring.  
**Ver** (anders): Verkleed, vernoem, verstel, verkleur, vervel.  
**Ver-** (verkeerd): Verspreek, verdraai, verdig.  
**Ver-** (weg): Verjaag, verstoot, verban.  
**Ver-** (oor): Verguld, versilwer.

## Agtervoegsels:—

## (1) By die Nw.

- Aar, -aard, -er, -der, -ier, -is, -iet, -aan, -and, (e)rik, -erd** vorm (soos ons al gesien het) **persoonsname**: Hengelaar, towenaar, huigelaar, geweldenaar, beoordelaar, wewenaar, kunstenaar, minnaar, snoodaard, wreedaard, gierigaard, grysaard, valsaard, speler, deler, steler, bestuurder, verhoorder, bedrieër, draer, tuinier, herbergier, rentenier, skolier, passasier, koetsier, vliegenier, bloemis

nasionalis, spiritis, idealis, materialis, opportunis, puris, Pêreliet, Kanaäniet, Lutheraan, Presbeteriaan, stomerik, lomperd, snoeperd.

- (l)ing** is die bekendste agtervoegsel wat **Gemeenslagtige Persoonsname** help vorm. Dink aan: Dorpeling, stedeling, nuweling, vlugteling, banneling, huurling, drenkeling, drieling en so meer.

In verband met **Saakname** tref ons ook die vlg. agtervoegsels aan:

- er** of -**aar** dui die **instrument** of **middel** aan: Gieker, meter, passer, koppelaar en skakelaar.
- sel** dui **resultaat** aan: Baksel, brousel, saagsel.
- ing** dui **plek** aan: Woning, sulping, uitspanning, staning.

Agtervoegsels speel (soos ons ook gesien het) 'n groot rol by die vorming van **Abstrakte Selfst. Nwe.**:

- e** en -**te**: Koue, hitte, grootte, breedte.
- heid** (-**geit**) is een van die populêrste. Dink aan: Mooiheid, grootheid, beleefdheid, volkomeheid en dosyne ander. (Ons het lank probeer om „-geit” uit ons taal te weer — blykbaar sonder sukses; „-geit” is soms noodsaaklik om te onderskei: „Die perd spook van wysgeid” (vgl. „wysheid). „Dis sommer lafgeid van hom” (vgl. „die lafheid van kos”). Dink aan „vullheid van dade” en „vuilgeid” van die gesig”).
- y**, -(**e-ry**, -**erny**) dui meestal resultaat, plek, versameling of toestand aan: skildery, toordery, lol(le)ry, bogtery, wassery, bakkery, boekery, burgery, maatskappy, raserny, slawerny, sotterny.
- nis** dui toestand aan: Duisternis, droefenis, onsteltenis.
- dom** dui veral versameling aan (ook toestand en gebied): Christendom, Afrikanerdom, mensdom, heidendom, ouderdom, pousdom.
- skap** dui toestand aan in: Dronkenskap, voeg(dy)skap, beterskap, blydskap.
- skap** (versameling): Gereedskap, geselskap, nalatenskap.
- skap** (gebied): Graafskap, veldkornetskap, priesferskap.
- asie** dui gevolg of versameling aan: Slytasie, lekkasie, bewerasie, rinnewasie, bosgasie, plantasie, pakkasie.
- isme**, -**teit** en andere is besonder produktief by die vorming van **Abstrakte Selfst. Nwe.** Dink aan: Fascisme, kommunisme, sosialisme, kapitalisme, spiritisme, indiwidualisme, opportunisme, nasionalisme, vandalisme, modernisme, humaniteit, inferioriteit, spesialiteit, kwaliteit e.a.

(2) **By die Byv. Nw.:**

- agtig** (geneig tot of gelykende op): Vreesagtig, huigelagtig, spotagtig, waaragtig, reënagtig, geelagtig, boefagtig, beesagtig, kinderagtig, vrouagtig.
- haftig** (besittende die eienskap van): Heldhaftig, manhaftig, krygshaftig.
- baar** (wat kan doen of kan gedoen word): Breekbaar, eetbaar, hubaar, kwetsbaar, weerbaar.
- ig, erig** (geneig tot of soos): waterig, houterig, spoggerig, kleinerig, laggerig.
- lik** (behorende tot of gelykende op): Stoflik, wêreldlik, huislik, gemeentelik, vroulik, vriendelik, meesterlik.
- loos** (sonder): Eerloos, herderloos, ouerloos, kinderloos, ens. ens.
- saam** (geneig tot): Arbeidsaam, vreedsaam, deugszaam.

(3) **By die Ww.:**

Agtervoegsels kom by die ww. veel minder voor. Ons noem maar net **-ig** en veral **-eer** in gevalle soos: Kruisig, eindig, reinig, en blameer, groepeer, halveer, dateer ens. ens.

(4) **By die Byw.:**

Aangesien ons afgeleide bywoorde reeds behandel het, volstaan ons hier met veral te wys op agtervoegsels soos **-lik(s)**, **-ling(s)**, **-gewys(e)**, **-waarts** en **-ies**, o.a. in: Geredelik, groteliks, plotseling, groepsgewys, opwaarts en mootjies.

**Opmerking:** (Dit is haas onmoontlik om alle voor- en agtervoegsels te behandel, aangesien hulle 'n groot persentasie van die taal se woordeskat dek. Ons het die belangrikstes behandel om leerlinge te laat besef dat daar so-iets is soos **woordfamilies** waaruit die woordeskat van 'n taal grotendeels saamgestel is, net soos 'n land se bevolking uit verskillende families bestaan. Leerlinge sal baie baat daarby vind om die behandelde en ander voor- en agtervoegsels te gebruik om woorde te vorm).

**Samestellende Afleiding:—**

As een of meer dele van 'n samestelling 'n afleiding is, dan noem ons die geheel **samestellende afleiding**. Voorbeelde is: Veldprediker, hulpprediker, hulpboek, veehandelaar, motorbestuurder, kennisinsameling, gewetensbesware, veeartsenykunde.

**Paronieme, d.w.s. Stamverwante Woorde:—**

Van een stamwoord, „kuns”, kry ons „kunstig”, „kunsmatig”, „gekunsteld” en so meer. Sulke woorde wat van dieselfde stamwoord gevorm is, noem ons **paronieme**. (Ons het veral onder afleiding onbewus baie paronieme teëgekóm. Hoewel hulle ook onder betekenisleer kan behandel word, behandel ons die belangrikste paronieme wat ook dikwels verwar word, onder woordvorming, omdat hulle tog ook nuut-gevormde woorde is):

**Manhaftige** mense slaan graag ’n toon aan. ’n **Manlike** persoon is nie bang nie.

**Meesteragtige** manlere stoot mense af. Die kunstenaar doen alles **meesterlik**.

Die **spesialis** het hom ondersoek. Dit is vir hom ’n **spesialiteit**, want hy lê hom daarop toe.

Dit is leik as ’n groot mens hom **kinderagtig** gedra. Jesus het gesê ons moet **kinderlik** wees. Die ou man is **kinds** van ouderdom.

Hy het ’n **eervolle** ontslag gekry. Ons respekteer die **eerbare** vrou.

Lente is **verkieslik** bo somer. Mnr. Du Toit het hom **verkiebaar** gestel.

Die vliegtuig sweef in die **onmeetlike** ruimtes. ’n Lang afstand is met ’n liniaal **onmeetbaar**.

My vorige vriend het nou ’n **vyandige** houding. Die **vyandlike** leërs ruk op teen mekaar.

Dit was ’n **kostelike** kans. Sy het ’n **kosbare** ring.

Staaldraad is **buigbaar**. Riete of lede is **buigsaam**.

**Tydige** hulp het ons gered. **Tydsame** mense is nooit betyds nie. ’n **Tydlike** aanstelling is nie permanent nie.

Na **sinlose** opmerkings luister ek nie. **Sinnelose** mense hoort in ’n gestig.

**Soutlose** kos smaak sleg. **Soutelose** grappe is laf.

Die **mensdom** het ook maar baie tekortkomings. Die **flahtroop** stel sy lewe in diens van die **mensheid**.

Dit is gevaarlik om van so ’n **hoogte** af te spring. **Hoogheid** van hart is nie ’n goeie eienskap nie.

Snags is daar **duisternis**. (Daar was ’n **duisternis** mense by die begrafnis). As gevolg van die **duisterheid** van sy styl verstaan ’n mens hom nie maklik nie. ’n **Algemene duisterheid** omhul die saak.

Die **liggelowige** glo alles. Die **bygelowige**, primitiewe volkere het baie gode, geeste en bygelowe.

Na die slegte **behandeling** het hy weggebly. Die professor het ’n interessante **verhandeling** oor volkstaal in „Die Huisgenoot” gelewer.

Die musikante tree op by die boeredansparty. Die musikus het 'n pragtige stuk gekomponeer.

Die voëls bou hulle neste kunstig. Deur kunsmatige asemhaling het hy weer bygekom. 'n Gekunstelde styl is onnatuurlik.

Die avonturier het 'n romantiese loopbaan in die vreemde gehad. Sy sentimentele, romantiekerige gediggies is baie vervelend.

Hy is deur ware nasionalisme angevuur om sy volk te dien. Ek weet nie tot watter nasionaliteit die immigrant behoort nie.

Dit lyk of die westerse beskawing aan die kwyn is. Die wild trek in 'n westelike rigting.

Die ongeluk is maar die begin van die ellende. Drink is teen sy beginsels.

Na 'n paar opmerkings het die voorsitter die gehoor laat stem. Dis lelik om aanmerkings op 'n ander se klere te maak.

Die terugkerende voëls is aankondigers van die lente. Die hoofonderwyser het met ons samekomste dikwels afkondigings. Die verkondiging van die evangelie bring orals lig.

Langenhoven het 'n geestige styl. 'n Mens moet nie net stoflik vooruit gaan nie, maar ook geestelik.

Eers na 'n grondige ondersoek durf 'n mens jou mening uitspreek. Na ongestemde besware kan ek nie luister nie.

Naamlose briewe word deur lafhartige mense geskrywe. Na namelose ontberinge in die woestyn het hulle die bestemming bereik.

Skaamtelose mense word nooit skaam nie. Hierdie keer het hy hom darem onbeskaamd gedra om so iets te vra.

Hy het dit uitdruklik gesê, sodat almal dit gehoor het. Hy het dit so nadruklik verklaar, dat ek dit nie kon vergeet nie.

Daar is geen vergelyking tussen die twee nie. Na 'n gedurige getwis het die twee partye eindelik tot 'n vergelyk gekom.

Die armes is van baie voorregte verstoke. Na die belediging is sy toorn billik ontstoke.

Vader het toegestem dat ek kan saamgaan. Hy moes eindelik tog instem dat ek gelyk het.

My voorstel is na 'n bespreking aangeneem. Nou volg die voorstelling van nuwe lede.

Die uitvoer van vrugte is winsgewend. Die uitvoer van die kiste verg baie tyd. Die uitvoering van sy plig is vir hom alles.

Meet die druk van die lug. Oestyd het die boere dit druk. Die druk van omstandighede het hom verplig om dit te doen. Dit voel asof daar 'n drukking op my kop is.

Dis 'n oase in 'n woestyn. Die bootjie is deur die woesteny van golwe verswelg.

Die versamel van posseëls is 'n aangename tydverdryf. Oom het 'n mooi versameling vetplante.

Die **opmeet** van grond vereis 'n landmeter. Na verskillende **opmetings** is die plaas verdeel.

Na die **afmeet** van 'n paar jaart is die stuk afgeskeur. Die verwoesting het nou onrusbarende **afmetings** aangeneem.

Die **beleg** van die stad was 'n moeilike taak. Om eiendom te koop is 'n goeie **belegging**.

Dis 'n **passende** skildery in die omgewing. Grappe is nie **gepas** op 'n begrafnis nie.

Sy is **artisties** aangelê om haar huis so te kan verfraai. Van 'n **artistieke** standpunt beteken daardie kunswerk minder.

Die arme man het 'n **aanval** van beroerte gekry. Dis blote **toeval** dat ons mekaar ontmoet.

Dis 'n ou **gebruik** om dit te doen. Betaal my iets vir die **gebruik** van my motor. Die **verbruik** van petrol het baie toe-geneem.

Die koloniste het die land **bebou**. Hulle **verbou** koring.

Ek kan nie **nalaat** om jou te bedank nie. Sy pa het hom baie geld **nagelaat**. Hy het 'n vrou en drie kinders **agtergelaat**.

Dis 'n **alledaagse** verskynsel en glad nie vreemd nie. Sonder sy **daaglikse** wandeling bly hy nie.

Die eiland het 'n paar duisend **bewoners**. Die stad het miljoen **inwoners**.

Die monument sal hom aan die **vergetelheid** ontruk. Sy **vergeetagtigheid** laat hom gedurig dinge vergeet.

**Bemiddelde** mense het geld. **Gemiddeld** het hy meer punte.

**Opmerksame** mense sien alles raak. Dis **opmerklik** dat hy alleen afwesig was.

Ons het **geldelike** hulp nodig. Dis **geldige** besware.

Die onkundige se kennis is **gebreklik**. Die **gebreeklike** man kan nie loop nie.

Na **verstandige** raad moet jy luister. **Verstandelike** en liggaamlike ontwikkeling moet saamgaan.

**Belangstellende** mense luister na jou. **Belanghebbende** mense het belang daarby. **Belangwekkende** gebeurtenisse trek ons aandag.

Dit spyt my **innig**. Die gelowige het **innerlike** krag. Hy het **inwendig** seer gekry en nie uitwendig nie.

Hy praat van ons **deelname** aan die oorlog. Ek betuig my **deelneming** in jou verlies.

Die **gebeurde** grief my baie. Na die groot **gebeure** in sy siel was hy 'n ander mens.

Dis 'n moeilike **geval**. Sy optrede **beval** my niks. Haar man is haar verlede jaar **ontval**. Sy premie **verval** oor 'n maand. Die eensame gebou het heeltemal **verval**.

Voordat 'n mens baklei, moet jy jou eers **bedink**. Hy word van daardie misdaad **verdink**.

Ek gee hierdie wenke maar net in **bedenking**. Teen sy drastiese voorstelle het ons ernstige **bedenkinge** geopper. Die boekhouer staan onder **verdenking**.

Ons kan nie daar in nie; die kamer is reeds **beset**. Die Duitsers het daardie gebied **beset**. Hy **verset** hom teen die gesag. (Ons kan die kaas nie **versit** nie).

Hy maak **aanspraak** op my goed. Die spreker het 'n mooi **toespraak** afgesteek.

Die oorwinnaar lê **beslag** op ons goed. Die afgevaardigdes moet **verslag** doen. Die swak klerk het sy **ontslag** gekry.

Ek hou **besonder** baie van hom. Sy styl is iets **besondere** (sy eie, besondere styl).

**Meteens** gil sy. Jy kan nie **meteen** lag en huil nie.

Hulle het twaalf **rondtes** geboks. Hy draai al in die **rondte**. Die gerug doen die **ronde** dat hy vermis word.

Ons het **tegelyk** die water gesien. Jy kan nie **tegelykertyd** werk en gesels nie.

Aangesien die **aanvraag** groot is, is vrugte duur. 'n Mens doen by die inligtingskantoor **navraag**.

Vader het 'n **afkeer** van parmantigheid. Sy skandellike gedrag moet ek **afkeur**.

Die astrante kind het geen **ontsag** vir sy ouers nie. Die deskundige kan met **gesag** praat.

## SINSLEER OF SINTAKSIS:—

### Inleiding:

Leerlinge dink so graag aan sinsleer as aan dorre, vervelende sinsontledingsoefeninge (die belaglike, outydse „analysis and parsing”), terwyl sinsleer eintlik handel oor die interessante manier waarop ons ons woorde inspan om ander mense in staat te stel om ons te verstaan. As taal nou net bestaan het uit los, onsamehangende woorde wat ons tot dusver behandel het, hoe sou ander mense ons gedagtegang gevolg het? Ontleding is maar 'n onderafdeling van die hele, interessante gebied, en dit is maar daar om ons die taalmasjien beter te laat verstaan. Nee, hierdie afdeling van taalstudie behoort alles behalwe teoreties te wees, want is daar nie duisende leerlinge en ander mense wat hulle moedertaal so beroerd skryf, omdat hulle sinne nie mool kan **hou** nie? Om sinsdele saam te voeg tot 'n mooi geheel behoort 'n leerling net soveel genot te verskaf soos die bou van 'n huis die boumeester verskaf. (Leerlinge word dringend aangeraai om die gebruik van voegwoorde (en interpunksie), die woordorde en die algemene sinsbou by ons beste skrywers na te gaan. Hulle sal 'n interessante verskeidenheid vind van die saaklike, pittige sinnetjies van 'n Jonker tot die ritmiese prosa van Sangiro). Hoewel dit alles op die praktyk aankom, is 'n mate van teoretiese kennis tog noodsaaklik:

### Die Enkelvoudige Sin en sy Bestanddele:

Ons neem aan dat die leerling weet wat die **Onderwerp** en **Gesegde** van 'n sin is, maar waarsku tegelykertyd teen die flater om die eerste woord of 'n selfstandige naamwoord noodwendig as die onderwerp te beskou, of ook om 'n deelwoord as gesegde te beskou. Hoewel ons sinnetjies soos „staan”, „alles ten beste”, en „hoe jammer” aantref, bestaan die meeste sinne tog uit 'n onderwerp en gesegde, waarvan ons die ander dele uitbou. „Vader vertel” is so 'n elementêre enkelvoudige sin ('n enkelvoudige sin het net **een gesegde**), wat ons op baie maniere kan uitbrei. Ons kan bv. sê: „Vader vertel *stories*”. Nou het ons die voorwerp (*stories*) bygevoeg. Of ons kan 'n **Indirekte** of **Belanghebbende Voorwerp** byvoeg en sê: „Vader vertel *die kinders stories*.” Maar ons kan ook die twee hoofde nl. „vader” en „vertel” verder omskrywe. So kan ek sê „die *lieuwe vader*” en „vertel *smaaklik*”. Hierdie twee woorde het 'n selfst. nw. en 'n Ww. verder omskrywe en word gevolglik 'n **Byvoeglike Naamwoord (Adjektief)** en 'n **Bywoord (Adverbium)** onderskeidelik genoem. Dieselfde werk kan egter ook gedoen word deur **meer as een woord** (egter nog sonder 'n gesegde) soos „Die vader, *aangetrek deur die kinders se belangstelling*, vertel *in die studeerkamer stories*”. Nou praat ons van 'n **Byvoeglike Bepaling** en 'n **Bywoordelike Bepaling** onderskeidelik; en die hele sin bly nog 'n **Enkelvoudige Sin**, want daar is maar een gesegde nl. „vertel”. Dit alles is niks nuuts nie, maar tog is dit belangrik, omdat sinsleer tot 'n groot mate te doen het met die *funksie* van woorde, bepalinge (en later bysinne) soos hierbo uiteengesit.

### Veelvoudige Sinne („Compound Sentences”):

Nou kan 'n mens twee of meer sulke enkelvoudige sinne deur voegwoorde of andersins met mekaar verbind, en die resultaat noem ons 'n **Veelvoudige Sin** wat ook bysinne mag hê, maar in elk geval **twee of meer hoofsinne** moet hê. Hierdie proses kan sonder voegwoorde geskied soos in: „Doen dit nou; môre is dit te laat.” „Hy het alles verduidelik; nou verstaan ek dit goed.” In die meeste gevalle geskied dit egter deur middel van voegwoorde. Laat ons eers die voegwoorde behandel wat die **Normale Woorderde** vereis, d.w.s. eers die onderwerp en dan die gesegde. Hulle is: „en”, „of”, „ôf . . . ôf”, „nôg . . . nôg”, „dog”, „want”, „maar”; en ons gebruik gewoonlik 'n komma voor hulle, bv. „Jy kan dit doen, dog jy wil nie”. „Ons moet nou begin, want dis al laat.” Tog skryf ons: „ôf jy ôf hy moet dit doen”.

Daar is egter 'n hele aantal voegwoorde wat die **Omgekeerde Woorderde** verg; d.w.s. die gesegde gaan die onderwerp vooraf. Die bekendste van hulle is: „tog”, „nogtans”, „derhalwe”, „dus”,

„sodus”, „voorts”, „vervolgens”, „intendeel”, „daarenteë”, „desnietemin”, „desondanks”: „Jy kan dit doen; **nogtans/tog** doen jy dit nie.” „Ek hou van hom: **gevolglik/derhalwe** help ek hom.” „Hy is kwaad; **dus** kan jy verstaan dat hy sterk sal optree.” „Die spreker het eers een punt behandel; **vervolgens/voorts** het hy tot die ander punt oorgegaan.” „Hy help my nie; **intendeel** hinder hy my,” (of „hy help my nie; intendeel, hy hinder my”). „Hy is fluks; **daarenteë** is sy broer lui,” (of „hy is fluks; sy broer, daarenteë, is lui). „Hy het baie ontbeer; **desnietemin/desondanks** het dit hom nie afgeskrik nie.”

(N.B. Let op die gebruik van die komma-punt).

Sommige van die woorde laat ons aan 'n bywoord dink, en word ook soms verder in dié sin as 'n bywoord gebruik. Hier volg egter 'n paar woorde wat gereeld die funksie van 'n bywoord en 'n voegwoord het, en hulle word dus **Voegwoordelike Bywoorde** genoem. Hulle is: „egter”, „desnoods”, „trouens”, „immers”, „bra”, („mos”) „altans”: „Ek kan dit doen; jy probeer **egter** nie eens nie”. „Ek sal wel daar kom; ek kan **desnoods** stap.” „Ek kan jou nie help nie; ek het **trouens** nie die middele nie.” „Ek sê dit nie weer nie; ek het dit **immers** al dikwels gesê.” „Dit gaan maar sleg met hom; dit lyk vir my **altans** so.”

Die voegwoorde, tot hiertoe gebruik, het byna almal te doen met hoofsinne, en moet dus nie gebruik word as ons **samegestelde** sinne wil bou nie, tensy hulle **bysinne** saamvoeg, soos „die man wat my vriend was *en* vir wie ek so baie gedoen het, verlaat my nou”. Dit bring ons nou dadelik tot die samegestelde sin:

### Die Samegestelde Sin (Eng. „Complex Sent.”):

Waar die **Enkelvoudige Sin** net een gesegde sonder meer bevat, en die **Veelvoudige Sin** twee of meer hoofsinne bevat, daar bestaan die samegestelde sin uit een **hoofsin** en een of meer **bysinne**. Dit is dié soorte sinne wat ons leerlinge moet leer bou en saamvoeg. Oor die hoofsin, die belangrikste gedeelte wat ons eers moet uitsoek, hoef ons seker nie uit te wei nie. Die bysinne is egter van die grootste belang. Ons bespreek eers die byvoeglike bysin:

**Byvoeglike Bysinne** doen dieselfde werk wat ons die byvoeglike naamwoord en bepaling sien doen het, t.w. hulle omskryf 'n **Selfstandige Naamwoord** (gewoonlik die onderwerp of voorwerp) verder. Voorbeelde: „Die man wat daar **loop**, is my vriend.” „Ek sien die kêrel vir wie ek **geld skuld**.” „Ons betaal aan hom **teenoor wie ons ons verskuldig voel**. Die muur **waarteen jy leun**, is nat. Dit is die saak in verband waarmee ek gekom het.”

(Let wel: Sinne soos „die stoel *wat/waar* ek op sit”, en „die seun *wat* ons trots *op* is”, het geen bestaansreg nie).

**Die Bywoordelike Bysin** doen die werk van die bywoord of die bywoordelike bepaling; m.a.w. dit bepaal, omskryf of verklaar 'n **Werkwoord of Bywoord of 'n Adj. of 'n Telw. verder.** Net soos bywoorde of bywoordelike bepalings beantwoord hulle gewoonlik die vrae „waar” (waarheen, vanwaar), **wanneer, hoe, waarom, met watter gevolg, tot hoe 'n mate, op watter voorwaardes, met watter doel,** ens. soos uit die volgende blyk:

**Plek of Rigting** (waar, vanwaar, waarvandaan, waarheen, waarnatoe): „Ek loop **waarheen ek wil.**” „Krap **waar dit jeuk.**”

**Tyd** (wanneer, as, toe, totdat, eerdag, nadat, voordat, sedert, terwyl, solank, sodra): „Loop, **voordat dit te laat is.**” „Kom, **as ek jou roep.**” (Die gebruik van „eer”, „voor”, „na” en „tot” as voegwoorde word afgekeur).

**Manier** (of, asof, soos): „Hy stap, **of hy baie geld in die bank het.**”

**Voorwaarde** (as, mits, tensy, ingeval, indien, op voorwaarde dat): „Ek gaan, **mits jy gaan.**” „Roep my, **ingeval hy kom.**” (Sinne soos „ek gaan op voorwaarde dat jy ook gaan” kan op twee maniere ontleed word: ons kan van „op” af as 'n byw. bysin van voorwaarde beskou, of „op voorwaarde” by die hoofsin plaas, en die res as 'n byv. bysin bep. „voorwaarde” beskou. Hierdie probleem sal ons met meer soorte bysinne ondervind).

**Oorsaak of Rede** (omdat, aangesien, deurdat, dewyl, owermits, nademaal): „Dewyl God **barmhartig is, vergewe hy ons.**” „Owermits **in alle verbonde drie dele is, moet die ouers die hele gelofte nakom.**”

**Doel** (dat, opdat, sodat, ten einde dat): „Hy werk, **opdat hy kan slaag.**”

**Gevolg** (sodat, waardeur, dat): „Hy gly, **sodat hy val.**”

**Graad** (so . . . dat): „Hy is so swak, **dat enigeen hom wen.**” (Die bysin bepaal hier die bywoord „so”).

**Toegewing** (al, alhoewel, hoewel, ofskoon, nieteenstaande (dat): „Al is hy siek, doen hy dit.” „Alhoewel hy sleg voel, werk hy nog.”

**Vergelyking** (as, dan, soos): „Dis so lank, **soos dit breed is.**”

**Verhouding** (hoe . . . hoe, namate, na gelang): „Namate 'n mens ouer word, word jy verstandiger.” „Hoe verder jy loop, hoe moeër word jy.

### Die Gesegdesin:

Die **Koppelwerkwoorde** „is”, „word”, „lyk”, „blyk” en „skyn” kan op hulself geen gesegde vorm nie, en het altyd nog woorde nodig om „sin te maak”. „Hy word” is geen sin nie, maar wel „hy word prokureur”, of „hy word wat ons verwag”. Soortgelyke sinne is: „Dit skyn dat hy nie geweet het nie”, „dit blyk dat hy geval het”.

### Die Onderwerpsin:

Ons het aan die begin van ons bespreking gesien watter funksie die onderwerp verrig. Sodra 'n sin nou daardie funksie verrig, noem ons dit **Onderwerpsin**. In „*die storie* is onwaar” is „die storie” onderwerp. In „*wat hy vertel*, is onwaar” is „*wat hy vertel*” die onderwerp omdat dit dieselfde funksie verrig. Soortgelyke sinne is: „*Wie dit doen*, sal gestraf word”; „*waar hy wegkruip*, bly 'n geheim”; „*of dit waar is*, kan nie vasgestel word nie.

Somtyds staan „dit” (of „dis”) as voorlopige onderwerp, bv. „dit is (dis) 'n feit **dat jy hom nie kan glo nie**, maar die werklike onderwerp, d.w.s. onderwerpsin bly maar „dat jy hom nie kan glo nie”.

In sinne soos „die nuus, **dat hy gedood is**, is skokkend”, en „die feit, **dat hy gevlug het**, bewys dit” lyk die bysinne wel na byvoeglike bysinne, maar in werklikheid is hulle **Onderwerpsinne** in bystelling tot „nuus” en „feit” onderskeidelik. Die toets is dat hulle so een is met „nuus” en „feit” dat jy daardie twee woorde kan weglaat, en dan maak die geheel nog sin, wat nie die geval is met byvoeglike bysinne nie.

### Die Voorwerpsin:

Hierdie sin verlig die werk van die voorwerp, bv. „ek dink **wat ek wil**”, „hy beweer **dat dit so is**”, „vader skree: **wag eers**”. (Let op die interpunksie in al die gevalle). Net soos die onderwerpsin kan die voorwerpsin ook 'n bystelling vorm soos in: „ek glo nie *die gerug dat hy weggaan nie*.” Die voorwerpsin kan ook onmiddellik op 'n voorsetsel volg (soos die akkusatief), bv. „Ons verlustig ons *in hoe ons gaan wen*”, „hy vertel *van wat hulle alles deurgemaak het*”.

### Minder gewone Gevalle:

Ons kan egter i.v.m. soorte sinne geen matematiese reëls neerlê nie. Hier volg bv. verskillende soorte sinne wat leerlinge 'n bietjie ongewoon sal vind. (Hulle soort word tussen hakies aangegee):

Hy is — maar wat sal ek hom nou beskinder? — nie wat ek 'n hêld noem nie.” ('n Hoofsinn wat parenteties gebruik word. 'n **Parentese** is 'n nuwe gedagte, 'n sin wat sommer so ingevoeg word sonder dat dit met die orige sinsdele enige verband het).

„Of jy wil, **ofte nie (wil nie)**, jy moet.” („Ofte” lei 'n sin in wat gelykwaardig is met die „of”-sin. Die geheel beteken „Al wil jy ook nie” en is dus 'n Byw. Bysin van Toegewing).

„Hoe ouer hy word, **des te koppiger word hy**.” ('n Hoofsinn, terwyl die eerste gedeelte 'n Byw. Bysin van Verhouding is).

„(Al) wat kom, is hy. (Gesegdesin, 'n voltooiing van „is”).

„Goeie vegter wat hy is, het hy die saak nie gou gewonne gegee nie.” (Een van die baie sinne wat op meer as een manier kan geïnterpreteer word: Die aanneemlikste benaming is 'n Byw. Bysin van Rede, maar „goeie vegter” kan desnoods by die hoofsin gevoeg word, wanneer „wat hy is” dan natuurlik 'n byvoeglike funksie kry).

„Ek sal gaan op voorwaarde dat jy saamgaan.” (Weer 'n geval waar jy die geheel as 'n Bywoordelike Bysin van Voorwaarde kan beskou, of „op voorwaarde” by die hoofsin voeg, wanneer die res 'n byvoeglike funksie kry. Die verskillende opvatting is ook waar van sinne soos „Hy arbei, met die gevolg dat hy vooruit gaan; hy het gekom nieteenstaande die feit dat hy siek was.”

„Hy is skaars bo of hy lê weer op die grond. (Byw. Bysin van Tyd).

„Hy het op slinkse manier ryk geword, wat nie eintlik 'n bewys van karakter is nie.” („Wat” beteken hier „en dit”; gevolglik is dit 'n hoofsin).

„'n Mens kan dit nie eet nie, so taai is dit.” ('n Bywoorde- like Bysin van Gevolg terwyl die ander gedeelte 'n hoofsin is).

„Jy sal moet werk, wil jy in jou eksamen slaag.” (Byw. Bysin van Voorwaarde).

„Hy sal, na ek hoop, nie weer kom geld leen nie.” ('n Byw. Bysin van Modaliteit of Manier of desnoods 'n parentetiese sin).

„Met dat (moet wat) hy opklim, breek die stiebeuel.” (Byw. Bysin van Tyd).

„Volgens hy my vertel, moes hulle baie swaar gekry het.” (Byw. Bysin van Modaliteit).

### Verskillende Funksies van dieselfde Voegw.:

As 'n mens sinsontleding doen, dan kan jy by die benoeming nie net na die voegwoord kyk nie, want verskillende voegwoorde lei verskillende soorte sinne in, soos die vlg. o.a. aantoon:

„Jy moet gaan of (jy moet) bly” (Hoofsin). „Sê of jy kom” (Voorwerpsin).

„Of hy sal kom, is die vraag” (Onderwerpsin). „Hy was skaars in, of hulle stoot hom uit” (Byw. Bysin van Tyd).

„Die vraagstuk, of vrouens en mans gelyke regte moet hê, is moeilik” (Onderwerpsin in bystelling tot „vraagstuk”).

„Waar hy wegkruip, bly 'n raaisel (Onderwerpsin). „Ek weet waar hy wegkruip (Voorwerpsin). „Die plek waar hy wegkruip, ken ek” (Byvoeglike Bysin). „Ek loop waar ek wil” (Byw. Bysin van Plek).

„Hy is groter as sy broer (groot is)” (Byw. Bysin van Vergelyking). „Kom, as jy wil” (Byw. Bysin van Voorwaarde). „Die boere trek, as dit reën” (Byw. Bysin van Tyd).

(Hierdie verskynsel tref ons ook by baie ander Voegwoorde aan).

### Sinsontleding:

Net soos ons 'n oorlosie uitmekaar haal (ontleed) om die meganisme beter te verstaan, so haal ons ook sinne se dele uitmekaar (ons ontleed hulle) om beter te verstaan hoe hulle inmekaar sit. 'n Paar wenke i.v.m. sinsontleding is seker nie onvanpas nie:

- (a) Tel die aantal wwe. **wat as gesegdes kan diens doen**; soveel hoof- en bysinne sal daar uiteindelik wees. Pasop vir dwe. en bepalinge. So bv. is „Ek slaap in die rus, van die eeue gesus, ongewek, ongestoord” mos net een Enkelvoudige Sin, omdat „slaap” die enigste gesegde is; die ander is bepalinge, om deelwoorde opgebou. Ons moet in hierdie verband wys op 'n tipiese Afr. verskynsel (Hendiadys) soos „Hy het (ge)sit en slaap”, „hulle het (ge)loop en lag” (wat tog iets anders is as „gesit en geslaap”, „ge-loop en gelag”). Sulke gevalle lyk na twee gesegdes, maar in werklikheid is dit tog maar een.
- (b) Soek dan die hoofsin uit. Onthou dat dit glad nie noodwendig die eerste sin is nie. Dink aan: „Dat dit sal gebeur, **het ek al lank voorspel.**”
- (c) By die verdeling van sinne moet die by mekaar passende dele by mekaar geplaas word. Indien daar twee voegwoorde soos „dat as”, „maar indien” bymekaar voorkom, moet hulle geskei word, en elke deel van die sin moet by die betrokke inleidende voegwoord geplaas word.
- (d) As ons bysinne benoem, kan ons nie net na die inleidende woord kyk nie; ons moet vra wat die *funksie* of werk is.

Ons lê ons vandag nie meer toe op woordontleding nie; in plaas daarvan word die funksie van woorde nagegaan. Ontleding van sinne in hoof- en bysinne word natuurlik dikwels gedoen. Die volgende metode aanbeveel:

„Plet sê dat, indien jy nie dadelik die geld, wat jy hom skuld, betaal nie, hy geregtelike stappe sal doen, al kos dit hom ook wat.”

A.	Piet sê.....	Hoofsin.
B.	Dat hy geregtelike stappe sal doen .....	Voorwerpsin bep. „sê” in A.
C.	Al kos dit hom ook wat.....	Byw. bysin van Toegewing bep. „sal doen” in B.
D.	Indien jy nie dadelik die geld betaal nie.....	Byw. bysin van Voorwaarde bep. „sal doen” in B.
E.	Wat jy hom skuld.....	Byw. bysin bep. „geld” in D.

### Sinsbou:

Belangriker as sinsontleding is egter sinsbou, omdat ons in die praktyk heeldag besig is om sinne te bou. Sinne kom nie logies en fouteloos uit die menslike gees nie. As ons gesellig wil skryf of praat, sal ons nie elke sinnetjie sorgvuldig oorweeg en krities beskou nie; dit sou die bestieling doodmaak, maar in 'n keurige skryftaal, nou ja . . . daar is dit nogal nie 'n slegte plan om eers te dink en dan te skryf nie. Leerlinge word sterk aangeraai om mooi goed-geboude volsinne te skrywe. Die sinne moet nie te lank wees nie, want die swak leerling probeer altyd lang sinne skryf met verwarring en onverstaanbaarheid ten gevolg. Elliptiese en kort enkelvoudige sinnetjies sonder afwisseling, hoe treffend hulle ook al deur begaafde voorstanders van die Nuwe Saaklikheid mag aangewend word, is in die hande van die algemene leerling maar bra eentonig. Dit is dan ook geen wonder dat eksaminatore so graag vir leerlinge 'n aantal enkelvoudige sinne gee om saam te voeg tot een samegestelde sin nie. In so 'n geval moet leerlinge maar onthou om nie voegwoorde te gebruik wat hoofsinne inlei nie en om geen komma-punte te gebruik nie, maar kommas voor voegwoorde wat bysinne inlei. 'n Ander belangrike punt in hierdie verband is die woordorde. Leerlinge moet oplet watter woordorde bepaalde voegwoorde vereis. Soos ons onder sinsoorte gesien het, verg die meeste voegwoorde, veral dié wat bysinne inlei, die normale woordorde, maar die verskillende voegwoorde se gebruik in dié verband moet maar nagegaan word. Dink bv. hoe die woordorde verander met die gebruik van „al” en „alhoewel”, en hoe dit verander al na gelang die woordjie „egter” se posisie in die sin verander. Die woordorde in Afrikaans, hoewel betekenis ten nouste daarmee saamhang, is nogal nie altyd so onwrikbaar vas nie. Kyk bv. hierna: „As 'n mens swak is, **moet jy** slim wees.” „Hy sê jy **moet** slim wees.” „Hy sê dat, as 'n mens swak is, **moet jy** slim wees.” (Hoewel „*jy moet*” grammatikaal eintlik die korrekte is, verkies ons taalgevoel in dergelike gevalle die ander vorm).

### Sinsontleding en Sinsbou in die Praktyk:

In plaas van 'n aantal sinne neer te skrywe wat ontleed moet word, word die leerling aangeraai om stukke uit ons prosa uit te soek, hulle te ontleed in hoof- en bysinne, en dan sommer op die gebruik van punktuasie en voegwoorde te let. (Dit is ook dikwels vir leerlinge 'n openbaring as hulle probeer om hulle eie sinne te ontleed). S insbou-oefeninge het egter vir leerlinge meer praktiese waarde. 'n Leerling kan begin deur die voegwoorde in sinne te gebruik (dis ook sommer 'n punktuasie-oefening); dan kan hy op 'n bepaalde hoofsin verskillende soorte bysinne stapel, of 'n hele reeks enkelvoudige sinne tot een samegestelde sin saamvoeg. Voorbeeld: „Al die mense het die huis verlaat.” „Die dief bemerk dit.” „Hy sluip binne.” „Sy doel is om die brandkas oop te breek.” „Daarin is egter geen pennie nie.” Dit word: „Toe die dief bemerk dat al die mense die huis verlaat het, sluip hy binne, sodat hy die brandkas, waarin egter geen pennie is nie, kan oopbreek.” (Let daarop dat die tweede dieselfde betekenis en aantal gesegdes het as die eerste).

### Foutiewe Sinne:

Hoewel dit gewoonlik 'n swak metode is om leerlinge foute voor te hou, kan ons nie nalaat om op 'n paar baie populêre sinsboufoute te wys nie:

Die man *wat se seun hier is*,” „die motor *wat se kap stukkend is*” i.p.v. „*van wie*” en „*waarvan*”. („*Wat se*” word net gebruik in die sin van „*wat se lawaal*” of „*watter*” of „*waffer*”).

„*Soos dit reën*, sal ons die tuin spit” i.p.v. „*As of wanneer dit reën . . .*”

„*Tensy jy nie werk nie*, sal jy druipe” i.p.v. „*Tensy jy werk*, sal . . .” („*Tensy*” beteken mos „*as nie*”).

„*Daar is talryke probleme*, en *is dit* geen wonder dat hy weg is nie” i.p.v. „*en dit is . . .*”

Hierdie klomp moet een groep *van* gemaak word.” (Sit die voorsetsel in sulke gevalle eerste).

„*Dis daaroor wat* hy vandag niks het nie” i.p.v. „*Dis daarom dat . . .*”

„*Jy weet dat ons met Mnr. Edison saamwerk*, wat 'n baie slim man is” i.p.v. „. . . Mnr. Edison, wat 'n baie slim man is, saamwerk.” (Die Byv. Bysin en ook die bepaling moet so na moontlik by die bepaalde woord staan).

„*Hy is nou 'n man wat ek weet wat dit kan doen*” i.p.v. „*Hy is nou 'n man van wie ek weet dat hy dit kan doen*”.

„*Dis van daardie tyd wat ek julle wil vertel*” i.p.v. „*dat*”.

„*Die manier wat . . .*” i.p.v. „*waarop*”.

„Die wêreld is vaal van die stoppels soos *dit* op die lande staan” i.p.v. „hulle”.

„Hy is kwaad oor hy verloor het i.p.v. „omdat” (vgl. „nadat”, „eerdad”, „voordad” ens.).

„Jy moet oppas, vashou, padgee”, maar: „Pasop!” „Houvas!” „Gee pad!”

Om leerlinge ’n idee te gee van hoe onbeholpe selfs matrikulante sinne bou, laat ons twee sinne volg van druipelinge in die Senior-Sertifikaat-Eksamen:

„In jou laaste brief aan my waarin jy van ons biblioteek o.a. verneem, wens ek jou dan ook te bedank oor jou belangstelling daarin.”

„Meneer, dit is die gewig wat ek nie veldtoe kan gebring het nie omdat ek was siek, en ek was baie siek gewees meneer, en ek moes huistoe gegaan het, meneer, en anders sal ek seker gekom het.” (Let op die effektiewe herhaling van die „en”!)

#### **Aksent:**

Ons het klem of aksent reeds i.v.m. woorde behandel. Watter woorde in ’n bepaalde verband beklemtoon word, kleur ook die betekenis van die sin. Ons kan woorde tussen hakies ook op ’n ander manier beklemtoon: deur hulle vorentoe in die sin te skuif. Gewoonlik plaas ons eers die onderwerp, dan die gesegde, dan die voorwerp en dan die bepaling, bv. „Die mense sing liedere in die kerk”, maar die woordorde is in ons taal alles behalwe onveranderlik. So bv. kan ons sê: „In die kerk sing die mense liedere” of „liedere sing die mense in die kerk”. „U woord sal ek nie vergeet nie” is veel sterker as „ek sal U woord nie vergeet nie”. (Let op die omspan van die onderwerp en die gesegde of **Inversie**). Maar ’n mens kan die aksent natuurlik ook deur ’n strepie, vetdruk, skuinsdruk ens. aantoon. ’n Sin soos „ek doen elke dag my huiswerk deeglik” kry vir ons elke keer dat ons die nadruk van die een woord op die ander verplaas, ’n ander betekenis.

#### **Die Dubbele Ontkenning:**

Soos ons later sal sien (onder Reduplikasie), is ons taal baie lief vir herhaling en verdubbeling. Ons tref bv. ’n tweede voorsetsel aan ter wille van nadruk en verduideliking in gevalle soos „uit die huis uit”, „in die tuin in”, „op die kas op” („tot die dood toe”, „na die dorp toe”, „van die berg af”). Nou, in verband met die negatief in Afrikaans tref ons dieselfde herhalingsverskynsel aan. Aangesien die dubbele ontkenning in sy funksie nogal vol afwykings en ingewikkeld is, wil ons volstaan met ’n paar opmerkings:

Die dubbele ontkenning hang ten nouste saam met aksent: „*Ek sal môre gaan*” word „*Nie ek sal môre gaan nie.*” „*Ek sal môre gaan*” word „*Ek sal nie môre gaan nie.*” „*Ek sal môre gaan*” word „*Ek sal môre nie gaan nie.*” (Die eerste „*nie*” word voor die beklemtoonende woord ingeskuif, en die tweede volg vanself).

Afrikaners is lief om hulle in die negatiewe vorm ult te druk. Dink aan: „*Sy is nie onknap nie,*” „*nie min snaaks nie,*” „*geen die minste beswaar nie.*”

Dis korrekte Afrikaans om te sê: „*Jy weet nooit nie,*” „*hy sal nimmer end kry nie*” (maar „*nimmer of nou,*” „*nimmer aste noot*”), „*ek sien niks nie, niemand nie.*”

„*Ek weet g'n*” i.p.v. „*ek weet nie*” tref ons baie aan, maar of dit algemeen beskaafd is, is twyfelagtig.

„*Moet nie*” word saamgetrek tot „*moenie.*”

„*Die ontkenning van „immer,” „ooit,” „êrens” of „iewers.” „iets,” „iemand,” „ôf . . . ôf” is „nimmer,” „noot,” „nêrens,” „niks,” „niemand,” „nôg . . . nôg” onderskeidelik.*

Om te sê „*Jy weet nooit niks nie,*” „*ek sien geen niemand nie*” as jy „*noot iets nie*” en „*niemand nie*” bedoel, is verkeerd, want eersgenoemde kan alleen „*altyd iets*” beteken.

By die ontkenning van veelvoudige en samegestelde sinne hang dit daarvan af wat 'n mens wil sê. „*Die man, wat my vriend is, kom kuier*” kan wees „*Die man, wat nie my vriend is nie, kom kuier*” of „*Die man, wat my vriend is, kom nie kuier nie*” of „*Die man, wat nie my vriend is nie, kom nie kuier nie.*”

Woorde soos „*niksbeduidende,” „niksnuts,” „nietemin,” „nie-teenstaande*” kry natuurlik geen tweede „*nie*” nie. (Ons sê: „*Hy is 'n nikswerd,*” maar „*hy is niks werd nie*”).

## **BETEKENISLEER:—**

### **Inleiding:**

Die leer van woordbetekenis is miskien die belangrikste en interessantste, maar tewens ook die wydste gebied van die taalstudie, want dit behels feitlik die hele woordeskat. I.v.m. betekenisleer is daar dan ook nie so-lies soos finaliteit nie; (alleen die belangrikste aspekte word aangeraak, maar die leerling moet dit vir hom 'n saak van eer maak om die betekenis van elke onbekende woord wat hy teenkom, te wete te kom).

### **Sinonieme, d.w.s. Sinverwante Woorde:**

Daar is honderde woorde in die taal wat dieselfde of byna dieselfde betekenis het. Soms, soos in die geval van „*balans*” en „*ewewig*”, en „*destinasie*” en „*bestemming*” is hulle betekenis dieselfde, maar die een is 'n internasionale baster, terwyl die ander meer eiendomlik is. Om puristiese redes verkies ons

„ewewig” en „bestemming” en hulle verwante. Soms, soos in die geval van „blink” en „skyn”, is daar klein verskille wat moet aangevoel word:

Per abuis of per ongeluk; aantreklik, innemend; aanvaar, aanneem; batige saldo, voordelige balans (oorskot); beskeie, nederig; beskonke, dronk; draal, drentel; direksie, bestuur; ekspressie, uitdrukking; forseer, dwing; generasie, geslag; impresse, indruk; irrigasie, besproeing; importeer, invoer; eksperimenteel, proefondervindelik; konfidensieel, vertrouelik; konneksie, verbinding; labirint, doolhof; periode, tydperk; prefereer, verkies; objeksie, beswaar; siteer, aanhaal; subskripsie, ledegeld; surplus, oorskot; tronie, bakkies; visite, besoek; aanwesig, teenwoordig; foutief, verkeerd; inhalig, suinig of vrek-rig; koddig, snaaks of komieklik; links (en regs), hot (en haar); modern, nuwerwets; profyt, wins; vaag, onduidelik; korrigeer, verbeter; desperaat, wanhopig; appresieer, op prys stel; akkuraat, presies; artistiek, kunstig; abstrakte, afgetrokke; admirasie, bewondering; applikasie, aansoek; applous, toejuiging; ateïs, godloënaar; aksent, klem of nadruk; apologie, verskoning; astronomie, sterrekunde; akteur, toneelspeler; aksentueer, beklemtoon; aantygings, beskuldigings; biblioteek, boekery; bakterie, kiem; balans, ewewig; dokter, geneesheer of arts; donasie, gif of skenking; distansie, afstand; dirigent, orkesleier; differensieer, onderskei; dekorasie, versiering; dominee, leraar; ewolusie, ontwikkeling; eggo, weerklank; (ver-)jekskuseer, verskoon; ekspert, deskundige; essensieel, noodsaaklik; effektief, doeltreffend; ekwator, ewenaar; eksentrisiteit, eienaardigheid; eksperiment, proefneming; figuurlik, oordragtelik; finansiële, geldelik; fiksie, verdigting; filosoof, wysgeer; filosofie, wysbegeerte; fisika, natuurkunde; fotograaf, afnemer; fanatikus, dweper; firmament, uitspannel; fantasie, verbeelding; folter, martel; gesant, afgevaardigde; geografie, aardrykskunde; geologie, aardkunde; gehuud, getroud; gemie, skeikunde; higiëne, gesondheidsleer; horison, gesigseinder, kim; heraldiek, wapenkunde; huidige, teenswoordige; historikus, geskiedkundige; idee, denkbeeld; importeer, invoer; inspirasie, besieling; industrie, nywerheid; insident, gebeurtenis; jaloesie, afguns; komedie, blyspel; klimaks, hoogtepunt; kurrikulum, leerplan; konklusie, gevolgtrekking; kolleksie, versameling; kwantiteit, hoeveelheid; kwaliteit, gehalte, hoedanigheid; kompetisie, mededinging; kado, geskenk; kompensasie, vergoeding; karikatuur, spotprent; kusse, soene; krediteur, skuldeiser; karakteristiek, kenmerk; konsensie, gewete; korrespondensie, briefwisseling; literatuur, letterkunde; lenig, slank; lessenaar, skryftafel; lokaal, vertrek; leedwese, spyt; motief, dryfveer; matisis, wiskunde; metamorfose, verandering; modern, nuwerwets; meriete, verdienste; mis(e)rabel, ellendig; munisipaliteit, stadsraad; moreel, sedelik; medium, middel;

neutraal, onpartydig; opponent, teenstander; outeur, skrywer; prinsiep, beginsel; psigologie, sielkunde; parlement, volksraad; probleem, vraagstuk; progressief, vooruitstrewend; presenteer, aanbied; prominent, vooraanstaande; predestinasie, uitverkiesing; pionier, voortrekker, baanbreker; professor, hoogleraar; periode, tydperk; premier, eerste minister; pedagogiek, opvoedkunde; presente, geskenke; porsie, aandeel, gedeelte; resepsie, ontvangs; rewolusie, omwenteling; resultaat, uitslag, gevolg; respek, eerbied; respektee, eerbiedig; rekommendeer, aanbeveel; suspisie, agterdog; simpatie, meegevoel, medelye; sosiaal, maatskaplik; sirkulêre, omsendbrief, rondskrywe; sisteem, stelsel; substituu, plaasvervanger; sessie, sitting; sirkulasie, omloop; sistematies, stelselmatig; satisfaksie, bevrediging; standaard, peil; tragedie, treurspel; teoloog, godgeleerde; teologie, godgeleerdheid; tendens, strekking; vermaard, beroemd; wifel, aarsel; welgesteld, bemiddeld.

(Wat beteken bostaande woorde)? Probeer verder die verskil voel tussen:

„Praat”, „gesels”, „spreek”, „babbel”, „klets”, „swets”, soos blyk uit: Hy **praat** met my. Vriende **gesels** lekker. Ek moet die dokter **spreek**. Praatsieke mense **babbel** gewoonlik baie. Die man wat **klets**, verkoop soveel onsin, dat jy moeg word daarvan. Ruwe **kêrels swets** gewoonlik baie.

„Blink”, „flikker”, „flonker”, „glim”, „glinster”, „skitter”. — Sy skoene **blink**. Die kers **flikker** in die blaker. Die aandster **flonker** aan die hemeltrans. Die vuurvliegie **glim**. Die doudruppels **glinster** in die môreson. So 'n diamant **skitter** darem.

„Drentel”, „loop”, „stap”, „slenter”, „struikel”, „strompel”. — Hy **drentel** rond i.p.v. huilstoe te loop. Hy **loop** waar hy wil. Hy **stap** baie eenaardig. Hy **slenter**, en stap nie doelbewus nie. Die lompe vent **struikel** en val. Die gebrekklike man kom die trappe **opgestrompel**.

„Ambag”, „amp”, „professie”, „roeping”, „werk”. — Sy **ambag** is om skryfwerk te doen. Om predikant te wees, is 'n waardige **amp**. Die geneeshere se **professie** is een van die bes-georganiseerdes. Wat hy doen, is sy **roeping**, omdat hy hom deur God daartoe **geroepe** voel. Daar is meer as een wat **werk** soek.

„Doodgaan”, „omkom”, „ontslaap”, „sterwe”, „vrek”. — Alle lewende wesens moet eendag **doodgaan**. Die verdwaaldes het van honger en dors in die berge **omgekom**. Grootvader het gisteraand sag **ontslaap**. As daar pes is, **sterwe** baie mense. Die vee **vrek** by duisende tydens droogtes.

„Mooi”, „pragtig”, „skoon”, „verruklik”. — Sy is heeltemal 'n **mooi** nôl. Richard Tauber kan **pragtig** sing. In ons land is baie **skone** natuurtonele. Die Victoria-waterval is 'n **verruklike** gesig.

„Bot”, „dom”, „Idioties”, „onnosel”, „stompsinnig”. — So 'n **bot** seun praat en doen maar min. **Dom** kinders vorder maar min op skool. **Idiotiese** mense hoort in 'n swaksinnige-gestig. **Vir** so 'n **onnosel** skepsel kan ek iets nie verduidelik nie. Die **stompsinnige** mens kan nie gou iets insien nie.

Soek nou verder self sulke woordfamilies uit, teken hulle aan en probeer die fyne verskil in betekenis aanvoel.

### **Antonieme, d.w.s. Woorde met Teenoorgestelde Betekenis:**

Afstotend, innemend; aanvanklik, uiteindelik; analise, sintese; afbrekend, opbouend; 'n bevestigende (antwoord), 'n ontkennde (antwoord); blondine, brunette; behoeflige (mense), bemiddelde (mense); beroemd, berug; bouvallig, stewig; daling, styging; doelloos, doelbewus; erns, luim; eensydig, veelsydig; eenvoudig, ingewikkeld; egoïs, altruïs; heldhaftige (pogings), lafhartige (pogings); konserwatief, progressief, liberaal; kompetisie, ko-operasie; maksimum, minimum; spraaksaam, swygsaam; selfstandig, afhanklik, onbeholpe; enersyds, andersyds; werkgewer, werknemer; produsent, verbruiker; waarheid, verdigting; vrolik, olik; voorganger, opvolger; wins, verlies; versleg, verbeter; permanent, tydelik; sukses, mislukking; weerloos, weerbaar; modern, ouderwets; minderjarig, meerderjarig; neerslagtig, opgewek; met opset, per ongeluk, per abuis; optimis, pessimis; oorlogsugtig, vredeliewend; opgeruimd, terneergedruk; outokraties, demokraties; opsoneel, verpligtend; prosaies, poëties; sabbat heilig, sabbat onthellig; stedelike bevolking, landelike bevolking; tydelike (werk), permanente (werk); vervelend, interessant, boelend; vrypostig, bedeesd, skroomvallig; vermetel, nederig, beskeie; versnelling, vertraging; vervreemding, verbroedering; vergemaklik, bemoeilik; versnel, vertraag; aktief, passief; aanvanklike (onderwys), voortgesette (onderwys); afdank, aanstel; bekrompe, liberaal, vrysinnig; behoeflig, welgesteld; beknopt, ruim; denkbeeldig, werklik; egoïsties, altruïsties; gedeeltelik, algeheel; gedwonge, vrywillig; geestelik, liggaamlik; helder water, troebel water; heldere verstand, benewelde verstand; helder lug, betrokke lug; heldere uiteensetting, duistere uiteensetting; inheems, uitheems; inkomste, uitgawe; kleingeestig, grootmoedig; kriminele (vervolgning), siviele (vervolgning); konkreet, abstrak; kunsmatig, eg, natuurlik; kortstondig, langdurig; letterlike vertaling, vrye vertaling; letterlike betekenis, figuurlike (oordragtelike) betekenis; lief, leed; materialisties, idealisties; minderheid, meerderheid; nalatig, presies, stipt; normaal, abnormaal; 'n onbekookte plan, 'n wel-deurdagte plan; ouderwets, nuwerwets, modern; oppervlakkig, grondig; prakties, teoreties; private (telefoon), openbare (telefoon); prysenswaardig, laakbaar; republiek, monargie; skriftelik, mondeling; toename, afname; uniek, algemeen, alledaags; vernederend,

verheffend; verwaand, beskeie; vervloek, seën; vaag, definitief; verontrustend, gerusstellend; vrygewig, inhalig; verwek ('n oproer), demp; weifelend, beslis; weerspreek ('n gerug), beaam, bevestig; 'n (versoek) weier, toestaan.

(Kan jy bostaande in sinne gebruik)? Soek nog voorbeelde in die woordelys.

Let verder op:

Kort maar kragtig, lelik maar lieflik, maer maar daar, streng maar regverdig, tingerig maar dwingerig. In armoede en rykdom, in blydschap en droefheid, in erns en luim, in gebrek en weelde, in jeug en ouderdom, in lief en leed, in tyd en ewigheid, in voor- en teenspoed. Die wel en die wee, die wis en die onwis, tydig en ontydig, hoër of laer. Deur dik en dun, hot en haar, maak of breek, hoog en laag (sweer), eens en vir altyd, swart op wit.

(Soek verder voorbeelde uit die spreek- en skryftaal waar teenstellings baie treffend is).

#### Homonieme, d.w.s. Klankverwante Woorde:

Die **blyk** van waardering. Die **bleik** van wasgoed.

Gee my 'n **bod**. Die bome **bot**. Hy lyk **bot**.

'n **Dokter** in die medisyne (Dokters). 'n **Doktor** in enige ander vak (Doktore).

Die **end** van 'n tydperk (of iets abstraks). Die **ent** van 'n tou of pyp (iets konkreets).

Hy **faal** in sy onderneming. **Vaal** hare.

'n **Fee(tjie)** van die sprokieswêreld. **Vee** wei.

Die son brand **fel**. Bome **vel**. **Vel** van 'n dier.

Die **fonds** waaruit leerlinge geld kry. Die **vonds** wat gevind is.

**Kruit** in 'n patroon. **Kruid** in 'n tuin (veral in onkruid, kruie ens.) **Kryt** waarmee jy skryf of waarin mense boks of stoei.

**Smart ly**, 'n nederlaag **ly**. **Perde lei**. 'n **Lei** om op te skryf.

**Pyl** en boog, of **pyl** na 'n rantjie toe. **Peil** die diepte (onpellebare dieptes).

**Rand** (van die dood of van bankrotskap). **Rant** (van 'n hoed, berg, ens.).

Met 'n **fiets ry**. **Viets** en elegant lyk.

**Veld** waar vee loop. **Velt** waarvan hoede gemaak word.

'n **Mied** om te dors. **Miet** in droë perskes.

**Styl** van Langenhoven of van 'n bed, of **styl** hare. **Stell** (berge).

**Vermaerd** = nie vet nie. **Vermaard** = beroemd.

Wy jou aandag aan jou werk, **inwy**, die stille **wyding** van Sondaë. Die koele **wei** (grasige **weldes**), **uitwei** oor 'n saak.

**Raad** wat jy iemand gee of waarop jy dien. **Raat** vir siekte.  
**Ryk** aan geld. **Reik** na iets wat jy byna het.

'n **Boom skud**. **Skut** wat goed skiet of waarheen jy weg-geloopte diere stuur.

**Stad** (groter as 'n dorp). **Stat** (kafferstat).

**Faam** = roem. **Vaam** vol wyn (meer bekend as halfaam).

Die water ys. **Ek eis** wat my toekom.

**Veil** op die vee. God se genade **feil** ons nooit.

Die rooiwarm waband **vonkel** met elke hamerslag.

Sy oë **fonkel** van opgewondenheid.

Dit is syne en nie myne nie. **Bepaalde seine** (tekens) sê of jy moet gaan of bly.

**Ry** of stap. In die ou tyd het die **rei** (koor) mense tydens opvoerings toegesing.

**Ek dra 'n boordjie** om my nek (ook 'n vrugteboordjie). 'n Mens boor swaar met so 'n klein **boortjie**.

Die **vors** is op die troon. Die leier skree met **forse** stem.

Die Vrouesendingbond doen baie vir die Sending. **Bont** is 'n duur materiaal.

Die benoude seun het **luid** om hulp geskree. Die outydse musikante het op die **luit** geblaas.

**Ek verkoop** dit teen 'n **pond**. Ons motor is met 'n **pont** oor die rivier vervoer.

Nebukadnesar is gewaarsku deur 'n skrif aan die **wand**. **Werk**, want die dag daal.

Dit is 'n **feit**. **Fyt** in die vinger is baie seer.

**Ek sal jou koms verbei** (afwag). Ons loop by die pos **verby**.

God het die aarde **geformeer**. Die siek kind **vomeer**.

Die lit van my vinger. 'n **Lid** van die kerk.

**Grassaat** in die wind. **Saad** om te saai. **Nasate** van die Voortrekkers.

Lelles in die **vlei**. Iemand **vlei**. **Vly** jou neer.

Die trotse perd buig die nek **fier**. Twee maal twee is **vier**.

**Frank** is 'n muntstuk. Die groen pere smaak **vrank**.

**Berei** jou voor vir 'n aanval. 'n Perd **bery**.

Velle **brei** of 'n span **brei**. **Bry**, as jy 'n r uitspreek.

Die **reier** op die damwal. **Ryers** (ruiters) van perde.

Die **boud** van 'n bees. **Bout** van 'n ploeg.

**Lood** wat swaar is. Die **loot** van 'n boom.

(**Paronieme**, d.w.s. die stamverwante woorde wat gewoonlik by hierdie groep geplaas word, het ons reeds onder woordvorming behandel).

### **Betekenisverandering:**

Bale woorde se betekenis bly nie dieselfde nie, maar ondergaan met verloop van tyd 'n radikale verandering. Soms is daar

'n **Beperking van Betekenis** (wat ook *verslegting* insluit): „Bees”, „leraar” en „meid” het vandag in Afrikaans 'n baie enger betekenis as in Nederlands. „Wyf”, „vent” en „onnosel” het eers „vrou”, „kêrel” en „onskuldig” onderskeidelik beteken. Vergelyk die betekenis van vandag. Soms (wanneer die betekenis wyer word) tref ons **Betekenis-verruiming** aan. Dink aan die baie betekenis wat ons vandag aan woorde soos „oom”, „tante”, „niggie”, „neef”, „broer”, „suster”, „ou”, „jong” ens. kan heg. Wanneer meer as een vorm met verskil in betekenis uit die oorspronklike woord ontwikkel, noem ons die verskynsel „**Betekenisdifferensiasie**”. Op dié manier ontstaan **doeblette** of **tweelingwoorde**. Hier volg 'n paar bekendes:

Loop **vort!** Ons wag mos. Gaan **voort** en vertel wat gebeur het.

Die **sagte** man word bemin. Die **safte** man kan nie sy man staan nie.

Wat sê jy **daar?** **Doer** ver teen die hange wei die vee.

Hy rook sterk **tabak**. 'n Rol **twak**. Jy praat **twak**. Sy **twak** is nat.

Dis sonde van die **vlees**. Nog **vleis** asseblief.

Hy **kwes** die bok. Hy **kwets** 'n ander se gevoelens.

Die pot se **boom** is stukkend. Dit slaan sy redenasie en planne die **bodem** in. Piet is 'n **bodemvaste** Afrikaner. O **aardbodem!**

Piet wen my. Sy styl **win** nou aan oortuigingskrag.

Die beker is **leeg**. Gods woord sal nie **ledig** terugkeer nie.

Ons twee is **broers**. Die predikante is mos almal **broeders**. Hy is ook 'n arme **broeder** in die verdrukking.

Dis 'n mooi **bundel** gedigte of verhale. 'n **Bondel** wasgoed.

**Eindelik** (na 'n lang tyd) opdaag. **Eintlik** lê soos hy lag.

Hy is **dare**m maar klein. **Daarom** doen ek dit.

Gou **kwaad** en gou weer goed. Die **kwaai** tante raas altyd.

Hoe laat so 'n **vervlakste** stok my skrik. Die deur sy vader **vervloekte** seun het kom vergifnis vra.

(Sommige van die reeds-behandelde dubbele meervoude soos „klippe” en „klippers”, „kinders” en „kindere”, „vaders” en „vadere”, „tekens” en „tekene”, „middels” en „middele”, „goeters” en „goedere”, „tafels” en „tafele”, „saals” en „sale” ens. val ook onder hierdie groep).

I.v.m. „dink” en „wink” tref ons die differensiasie by die samestellings en afleidings aan. Ons praat van „dink” en „wink” (natuurlik „'n wenk gee”), maar van „denkbaar”, „bedenklik”, „denkbeeld” (naas „oordink”, „bedink”, „verdink”), en „oogwenk”.

(Wisselvorme soos „jul” naas „julle”, „hul” en „hulle”, „skryf” en „skrywe”, „trou” en „troue” ens. is geen doeblette nie,

omdat daar geen verskil in betekenis is nie). (Baie homonieme soos „stad” en „stat”, „raad” en „raat”, „lid” en „lit” e.a. val ook onder die groep).

(Die **Figuurlike of Oordragtelike** betekenis van woorde teenoor die **Letterlike** betekenis behandel ons later onder beeldspraak of stylfigure, maar onder betekenisleer dien tog op hierdie baie belangrike verskynsel gewys te word. Daar is honderde der honderde voorbeelde in die taal. Luister na „**bittere** onder-vinding”, „die **hoof** van die huis”, „**wenende** wilgerbome”, „’n **jobstrooster**” ens., en soek nog sulke voorbeelde uit).

### **Verskillende Betekenisse van een Woord:**

Ons het reeds gesien dat dieselfde woord as verskillende rededele kan gebruik word, maar dieselfde woord het ook baie verskillende betekenisse:

Water in die voor. Voor die huis.  
 Hout kap. Die kap van die wa.  
 Dit is mos so. Ons drink mos.  
 Die veer van ’n gans en ’n wa.  
 As van hout en van ’n motor. As jy kom, sal . . . .  
 Die by steek. By die huis.  
 Hy is somer ’n bog. Die bog of kromming van die rivier.  
 Die bog in die kraal of stal word later mis.  
 Hy eg met ’n eg. Dis eg en nie vals nie. In die eg verbind.  
 Hy het baie geld. Dit geld vir almal.  
 Leer vir skoene. ’n Leer om op te klim. Die leer van die kerk.  
 Dit pas by hom. Die Kaffer moes ’n pas hê.  
 Moenie roer nie. Skiet met die roer.  
 Dis tog waar. ’n Moeilike tog.  
 Vat vas. Vas ’n paar dae.  
 Hy wip soos hy skrik. Ons vang voëls met ’n wip.

(Ken jy nog voorbeelde)?

### **Passende Werkwoorde:**

Leerlinge moet verstaan dat woorde bepaalde betekenisse het, en hulle moet gevolglik leer om die regte woord op die regte plek te gebruik. Aangesien die werkwoord en die naamwoord die belangrikste rededele is, volg hier ’n aantal passende wwe. en nwe.:

’n Breuk **heel**, iemand (uit)geleide **doen**, die aftog **blaas**, amok **maak**, beslag **lê** op, bewys **lewer** van, druk **uitoefen** op, die genadeslag **toedien**, genoeg **neem**, getuienis **aflê**, gevare

trotseer, inligting inwin of verstrekk, ingang vind, 'n kans afwag, waarneem of laat verbygaan, die loef afsteek, onderhandelings aanknoop of afbreek, opspraak verwek, redes aanvoer, reëlings tref, roem behaal of verwerf, rou bedryf, verantwoordings doen, die vierskaar span, skuld betaal of aansuiwer of laat oorsaak, afbreek doen aan, appèl aanteken teen, agterdog verwek of koester teen, akkoord gaan met, argumente ophaal of weerlê, aanstalte maak om, agting afdwing, 'n aanbod aanvaar of van die hand wys, afstand doen van, 'n begroting indien, belange behartig, besware opper, brand stig of blus, byval vind, beloftes nakom of verbreek of gestand doen, belastings hef of invorder of betaal of ontduik, boedel oorgee, bedanking indien, beginsels prysgee of handhaaf, 'n beweging op tou sit, boete oplê, klappe toedien of oploop, beserings opdoen, hoop koester, stappe doen, die weg baan, 'n gebied ontruim, skade berokken, 'n gebou oprig of sloop, 'n vlag hys of stryk, bokerk trek, dank betuig, die deurslag gee, die diepte peil, 'n dokument opstel, die draak steek (met), dors les, eksamens aflê, 'n eed aflê, 'n fout begaan, finaliteit bereik, 'n geleentheid te baat neem, gesondheid oppas of ondermyn, 'n gelofte doen, geskille besleg, gemoedere kalmeer of opswEEP of gaande maak, sy geboortedag herdenk, goeie smaak aan die dag lê, 'n gesprek aanknoop, geld verduister, 'n geheim verklap, 'n heildronk instel, hulp verleen, honger stil, die hoof bied, hulde betoon, in die huwelik tree, heerskappy voer, handelsbetrekkinge aanknoop (met), hinderpale uit die weg ruim, 'n hoeksteen lê (die hoeksteenligging), 'n houding inneem, invloed uitoeven, inbreuk maak (op) ons regte, inligting inwin of verskaf, komplimente maak, 'n komplot smee (teen), die kroon span, kritiek uitoeven, kragte meet of inspan, kennis opdoen, 'n kreet uit, klagtes indien, 'n leemte aanvul, jou lende(ne) omgord, lof toeswaai, lont ruik, jou luste botvier, liefde betoon, munt slaan uit iets, moord begaan of pleeg, jou baie moeite getroos, navraag doen, 'n nekslag toedien, nagedagtenis huldig, 'n nuwe weg inslaan, orde herstel, 'n oordeel vel, 'n opdrag uitvoer, die onderspit delf, ontsag inboesem, 'n opstand aanhits of demp, onkunde openbaar, iemand onderdeur spring, die onderhandelinge het afgespring (misluk), ondersoek instel, in ongeleentheid bring, orde handhaaf, onduidelike skrif ontsyfer, paal en perk stel, parte speel, party kies, prestige handhaaf, prokurasie verleen, protes aanteken, pogings aanwend, planne beraam, 'n proklamasie uitvaardig, die perke oorskry, jou plig versuim of nakom, rassehaat aanwakker, 'n referaat lewer, reklame maak, 'n ronde doen, reëlings tref, rigting gee, repliek lewer, 'n program of skema opstel, die stilswye oplê of bewaar, 'n saak bepleit, 'n standpunt inneem, 'n standbeeld oprig of onthul, straf oplê, sorg baar, 'n skip beman, skuimbek van woede, 'n sug (van verligting) slaak, die toppunt bereik, 'n taak aanvaar en volbring, die toon aangee, 'n twis besleg, twee-

spalk heers, troubreuk **pleeg**, voldoening **smaak**, verbeterings **aanbring**, verslag **lewer**, die voortou **neem**, vonnis **vel**, 'n vergelyk **tref**, vergelykings **maak**, voorsiening **maak**, verwarring **veroor-saak** of **voorkom**, 'n veldtog **op tou sit**, vrees **inboesem**, 'n vriend-skap **aanknoop**, veglus **aanwakker**, versoeking **weerstand**, weer-klank **vind**, welluste laat **botvier**, wetgewing **indien**, 'n wetsont-werp **indien**, wrok **koester**, 'n weg **baan**.

### Passende Selfstandige Naamwoorde:

Die **aftog** blaas, **afstand** doen, 'n afgedankste **loesing**, brand van **verlange**, 'n batige **saldo**, blakende **gesondheid**, blakerende **somerhitte**, 'n deurtastende **ondersoek**, dawerende **applous**, demokratiese, outokratiese of republikeinse **regeringstelsels**, 'n flegmatiese of hartstogtelike **temperament**, **geld** belê, die gebied ontruim, gevleuelde **woorde**, geradbraakte **taal**, die gryse **ouderdom** of **verlede**, die hoof bied, **honger** stil, 'n **heildrunk** instel, 'n hemelsbreë **verskil**, invloed uitoeven, impressionistiese **skilder-kuns**, ingemaakte **vrugte**, inligting **inwin**, innemende of afstoot-like **voorkoms**, die **kroon** span, met koorsagtige **gejaagdheid**, klassieke **musiek**, klassikale **onderwys**, 'n **lawaa**i maak, jou luste **botvier** of **beteuel**, laakbare **gedrag** of **optrede**, liriese **onthoese-ming**, lofwaardige **pogings**, 'n logiese **redenasië**, 'n **misstap** of **flater** begaan, **moord** pleeg, 'n **mosie** of **voorstel** indien, magne-tiese **aantrekkingskrag**, **ondervinding** of kennis opdoen, **orde** handhaaf, **ontslag** of **eerbied** inboesem, 'n **opstand** aanhits of **demp**, **ondersoek** instel, oordragtelike of figuurlike **betekenis**, 'n onbestorwe **boedel**, 'n onmiskenbare **teken** of **bewys**, 'n onomstootlike **feit**, 'n onbekookte **voorstel**, onbesproke **karakter**, die opkomende **geslag**, die **parlement** byeenroep of **ontbind**, 'n **patriargale** **houding**, die prille **jeug**, 'n **plastiese** **uitbeelding**, **prinsipiële** **besware** of **verskille**, radi-kale **veranderings**, 'n rooskleurige **toekoms**, skuld vereffen, die stoflike **oorskot** of **belange** of **welvaart**, in skrilte **kontras** met, **slaafse** **navolging**, **snedige** **opmerkings**, die **toppunt** bereik, die **toon** aangee, **versmag** van **dors**, **veranderings** teweeg bring, 'n **vergadering** of **geld** belê, 'n **verstokte** **sondaar**, 'n **vulkaniese** **uitbarsting**, **wrok** of **hoop** **koester**, 'n **baan** opskop, aan **bande** lê, **akkoord** gaan met, **beslag** lê op, **boedel** oorgee, die **draak** steek, 'n **eis** instel, 'n **flater** begaan, die **genadeslag** toedien, **genoeë** neem met, **gevare** trotseer, **gewag** maak van, **geweld**, **hartseer** of **leed** aandoen, 'n **graad** of **oorwinning** behaal, die **hande** of 'n **straf** oplê, die hoof bied, **inbreuk** maak op, **dank** of **instemming** betuig, jou kans afwag, kennis of **ondervinding** opdoen, **kleur** of **skuld** beken, jou **kragte** inspan, die **loef** afsteek, **betrekkings** of **onderhandelings** **aanknoop**, **opspraak** verwek, **ongerief** of **pyn** uitstaan, **redes** aanvoer, **rou** bedryf, die **spit** afbyt, die **spot** drywe, 'n **stel** aftrap, **strikke** span, **toegang** verleen, **vryheid**

veroorloof, weerklank vind, weerstand bied, die wysheid in pag hê, 'n batige saldo, 'n skotige opdraand, onmiskenbare tekens, berugte misdadigers, 'n beëdigde verklaring, die gryse ouderdom of verlede, geskoolde arbeid.

(Kan jy al die voorafgaande woorde en uitdrukkinge in sinne gebruik)?

### Een Woord vir Baie:

Dit is verstandig en ekonomies om met jou woorde sunig te wees. Kyk nou hoe kan 'n mens in die volgende gevalle woorde bespaar:

(a) Hierdie man is werd om te glo of geloofwaardig. Die veldblomme met baie kleure is veelkleurig. Die mense wat lief is vir arbeid, is arbeidsliewend. Gewoontes wat net in hierdie land aangetref word, is inheems (teenoor „uitheems”). My rekening is al oor die betaaldag of agterstallig. Sy antwoorde kan op meer as een manier verstaan word en is dubbelsinnig. Baie in ons land is nie in staat om te lees of te skryf nie of analfabeet. Hy is werd om aanbeveel te word of aanbevelenswaardig. Die kind wat graag leer, is leergierig. Die bemoesieke mens bemoei hom graag met 'n ander se sake. Hy weet net van een ding en is eensydig (vgl. „veelsydig”). Die wreedaard wat na bloed dors, is bloeddorstig. Daardie daad verdien baie lof en is lofwaardig, of dit verdien kritiek en is laakbaar. Hulle is mense wat belang daarby het of belanghebbend. Daardie gebeurtenisse is een wat ons belang opwek en is belangwekkend. Daardie gemeente is sonder herder of herderloos. So kry ons ook kinderlose ouers en sorgelose kinders. Die daad is so dat dit nie terug geroep kan word nie of onherroeplik. Hul is 'n volk wat na oorlog verlang of 'n oorlogsugtige volk. Hy sê wat in hom omgaan of is uitgesproke. Iets wat 'n mens nie kan sien nie, is onsigbaar. Toestande wat met geld te doen het, is finansiële toestande. Diere wat nie mak gemaak kan word nie, is ontembaar. Indrukke wat nie uitgewis kan word nie, is onuitwisbaar. Turksvye wat nie dorings het nie, is doringloos. Moellikhede wat jy nie kan oorkom nie, is onoorkomelik. 'n Dag wat ons nog lank sal heug, is heuglik. 'n Kwaal wat nie genees kan word nie, is ongeneeslik. 'n Krag wat groter is as die van 'n mens, is bomenslik. 'n Geraas wat jou ore doof maak, is oorverdowend.

(b) 'n Man wat pensioen trek, is 'n pensioenaris. 'n Man wat geld skuld, is 'n skuldenaar of debiteur. 'n Man wat geld voorskiet, is 'n geldskietter. Die eerste burger van 'n dorp of stad is 'n burgemeester. Die eerste burger van 'n provinsie is 'n administrateur. Iemand wat net aan homself dink,

is 'n egoïs, net aan ander 'n altruïs. Iemand wat mense deur 'n museum lei, is 'n gids. Iemand wat ander mense liefhet, is 'n filantroop. Iemand wat hom anders voordoen as hy is, is 'n hugelaar. Iemand wat ander mense haat, is 'n misantroop. Iemand wat op ander mense teer, is 'n parasiet. Iemand wat vir vroueregte agitêer, is 'n feminis. Iemand wat die sekretaris van 'n universiteit is, is 'n registrateur. 'n Blanke wat pegaan is oor die naturel se belange, is 'n negrofilis. Die sekretaris van die sinode, is die scriba. Die voorsitter van die sinode, is die moderator. Iemand wat propaganda maak, is 'n propagandus. Iemand wat vir 'n republiek propageer, is 'n republikein. Iemand wat eksamineer, is 'n eksaminator. Iemand wat vir 'n koningskap propageer, is 'n monargis. Iemand wat aan vrede glo, is 'n pasitis. Iemand wat nie aan God glo nie, is 'n ateïs. Iemand wat twee vrouens aanhou, is 'n bigamis. Iemand wat meer as een vrou aanhou, is 'n poligamis. Iemand wat altyd die blink kant van 'n saak sien, is 'n optimis. Iemand wat altyd die donker kant van 'n saak sien, is 'n pessimis. Iemand met buitengewone talent, is 'n genie. Iemand wat 'n kans gryp as dit kom, is 'n opportunis. Iemand wat geskiedenis bestudeer, is 'n historikus of geskiedkundige. Iemand wat baie suinig is, is 'n vrek. Iemand wat ekonomie bestudeer, is 'n ekonoom. Iemand wat teologie bestudeer, is 'n teoloog of godgeleerde. Iemand wat baie ryk is, is 'n rykaard. Iemand wat regsadvies gee, is 'n regsadviseur. Mense wat dieselfde tyd leef, is tydgenote. Iemand wat van sy rente leef, is 'n rentenier. Iemand wat baie bang is, is 'n bangbroek. Iemand wat baie waag, is 'n waaghais. Iemand wat baie snoep is, is 'n snoeperd. Iemand wat baie lomp is, is 'n lomperd. Iemand wat my plek inneem, is 'n plaasvervanger. Iemand wat 'n orkes lei, is 'n dirigent. Iemand wat 'n koerant redigeer, is 'n redakteur. Iemand wat ontrou is aan sy land, is 'n renegaat of landverraaier. Iemand wat op wag staan, is 'n brandwag. Iemand wat nie kant kies nie, is 'n draadsitter. Iemand wat slordig is, is 'n slodderkous. 'n Mens wat baie lol, is 'n lolpot. 'n Mens wat baie nuuskierig is, is 'n agie. 'n Mens wat baie windmaker is, is 'n windbuks. 'n Mens wat baie nors en kort-af is, is 'n buffel. 'n Mens wat baie ongepoets is, is 'n vark. 'n Vrou wat baie kwaai is, is 'n geitjie. 'n Mens wat baie skelm is, is 'n jakkals. 'n Mens wat geen sterke drank gebruik nie, is 'n geheelonthouer. 'n Mens wat geen vleis eet nie, is 'n vegetariër. 'n Mens wat sonder sertifikate dokterswerk doen, is 'n kwaksalwer. Iemand wat 'n studie van diere maak, is 'n soöloog of dierkundige. Iemand wat 'n studie van sterre maak, is 'n astronoom of sterrekundige. Iemand wat 'n studie van plante maak, is 'n botanikus of plantkundige. Iemand wat sielsiektes bestudeer, is 'n psigiater. Soldate sonder ervaring is rekrute. Soldate met baie ervaring is veterane.

'n Dier of mens wat baie groot is, is 'n knewel. Iemand wat kort en dik is, is 'n buksie. Iemand wat baie geset is, is 'n pokkel. Iemand wat baie eet, is 'n vraat. Iemand wat 'n lokomotief bestuur, is 'n masjinis. Iemand wat 'n vliegtuig bestuur, is 'n loods. Iemand wat net ja sê sonder iets te doen, is 'n jabroer. Iemand wat baie dom en onnosel is, is 'n japsnoet. Iemand met wie jy mense bang maak, is 'n paai-boelie. Iemand wat gedurig huil, is 'n tjankbalie. Iemand wat baie lastig is, is 'n laspos. Iemand wat 'n firma of maatskappy se boeke nagaan, is 'n ouditeur. Iemand wat die argief bestuur, is 'n argivaris. Iemand wat jou geld uit jou sak steel, is 'n sakke-roller. Iemand wat in sy ywer 'n saak tot die uiterste dryf, is 'n heethoof. Iemand wat met almal bevriend is, is 'n allemansvriend. Iemand wat pap en lamlendig is, is 'n lamsak. Iemand wat tot die einde volhard, is 'n bittereinder. Iemand wat net altyd wil geld maak, is 'n geldwolf. Iemand wat prikkelbaar en nors is, is 'n isegrim. Iemand met wie jy maar versigtig moet werk, is 'n korrelkop. Iemand wat maar dom is, is 'n pampoenkop. Iemand wat daar lelik en gehawend uitsien, is 'n voëlverskrikker. Iemand wat op klein skaal boer, is 'n knapsakboer. Iemand wat baie ryk is en net vir 'n liefhebber boer, is 'n tjekboekboer. Iemand wat laag van karakter is, is 'n skobbejak of smeerlap. Iemand wat sonder tande is, is 'n haasbek. Iemand wat 'n populêre redenaar is (in die buitelug), is 'n seepkisredenaar. Iemand wat kinders ontvoer (om betaling te ontvang), is 'n rampokker. Iemand wat die geskiedenis skrywe, is 'n geskiedskrywer. Iemand wat baie geld en grond besit, is 'n kapitalis. Iemand wat baie bang is, is 'n lafaard of bangbroek. Iemand wat baie ondeuend is, is 'n platjie. Iemand wat baie graag terg, is 'n terggees. Iemand wat baie nuuskierig is, is 'n agie. Iemand wat baie dom is, is 'n esel. Iemand wat baie skinder, is 'n kekkelbek. Iemand wat baie agteraf is, is 'n takhaar, ghwar (japie, gawie). Iemand wat baie kan babbel, is 'n babbelbek(-kous). Iemand wat baie lol, is 'n lolpot. Iemand wat baie windmaker is, is 'n windbuks of swierbol. Iemand wat net heeldag skrywe, is 'n penlekker. Iemand wat heeldag leer, is 'n boekwurm. Iemand wat in die regeringsdiens is, is 'n kripvreter. Iemand wat die leier van oproermakers is, is 'n belhamel. Iemand wat jou help, is 'n handlanger. Iemand wat baie gelukkig is, is 'n geluksvoël. Iemand wat nog maar so opgeskote is, is 'n penkop. Iemand wat vooruitgang strem, is 'n remskoen. Iemand wat nog nie droog agter die ore is nie, is 'n snuiter. Iemand wat die leiding neem, is 'n voorbok. Iemand wat nie kant kies nie, is 'n draadsitter. Iemand wat baie stadig is, is 'n trapsoetjies. Iemand wat baie drasties en ekstremisties is, is 'n vuurvreter. Iemand wat baie suur is, is 'n suurknol. Iemand wat aan die adel behoort, is 'n aristokraat. Iemand wat

aan volksregering glo, is 'n demokrat. Iemand wat sy eie wil tirannies deurvoer, is 'n outokraat. Iemand wat sy mag deur sy geld verkry, is 'n plutokraat. Iemand wat my naam het, is 'n naamgenoot of genant. Iemand wat met my saamreis, is 'n reisgenoot. (So kry ons huisgenote, volksgenote e.a. Vergelyk nou hiermee ander families soos togganger, awendmaalganger, dubbelganger en so meer).

'n Ander vrugbare groep is die ambagte, professies ens. Dink aan: Posmeester, klerk, bankbestuurder, stasiemeester, tronkbewaarder, bandletwagter, stoker, kondukteur, kaartjiesondersoeker, kelner, landbouer, balju, kroonvervolger, redakteur, skrynerker, kuiper, navorser en so baie ander.

(c) 'n Ooi wat horings het, is 'n horingsmanool. Beeste sonder horings is poenskappe of koeskoppe. 'n Perd wat al baie beproef is, is 'n gesoute perd. As jy voor die hof vals sweer, is jy skuldig aan meined. 'n Baie sterk wind is 'n orkaan. 'n Stuk ys en sneeu (wat van 'n berg af gly) is 'n gletser. Hy skrywe van ander mense letterlik oor sonder erkenning en is skuldig aan plagiaat. Die plek waar ammunisie gebêre word, is die magasyn. Die plek waar predikante opgelei word, is die kweekskool. Die plek waar jy na die sterre kyk, is die sterrewag. Die plek waar jy skilder, is die ateljee. Die plek vanwaar jy uitsaai, is die uitsaaistatie of radio-omroep. Die plek waar jy proewe maak, is die laboratorium. Die plek waar jy met perde jaag, is die reisesbaan (renbaan). Die plek waar ou dokumente bewaar word, is die argief.

#### Woorde wat verwar word:

Ons het reeds onder paronieme sommige woorde wat verwar word, behandel. Hier volg nou nog voorbeelde wat ons egter nie bymekaar behandel nie, aangesien dit die leerling nog meer kan verwar:

Die sinlike persoon lewe net om sy sinne te bevredig. In verband met hierdie skeikundige proef is daar 'n sekere formule. Hy versit geen tree nie. Die vermaarde generaal het baie oorwinnings behaal. Hy kyk strak voor hom. Hy is in standerd ag. Alles is in orde (ook in orde van belangrikheid). Hy het 'n afkeer in (van) lawwe praatjies. Berig is nou net ontvang dat Mnr. Du Toit verkies is. God bestier ons almal se weë. In die ou tyd het die beul mense onthoof. Die brose menslike liggaam vergaan gou. Van lamleindige mense kan jy niks verwag nie. As die tye verbeter, profiteer die boere. Dobbels teen my beginsel. Daar bestaan verskil van mening tussen ons. Die mens is geneig tot kwaad. Piet is nie my portuur nie. Ek doen dit bloot, uit tydverdryf. Jou ego wil altyd bevredig

wees. Hy het dit self gedoen. Al die kinders is **teenwoordig**. Dis 'n **tak** van daardie boom. Jy **verspil** jou tyd en energie op 'n verlore saak. Die man het baie **titels** agter sy naam (die **titel** van 'n boek). Die vee wei in die **laagte**. Die **kassie** is te klein vir my klere. Ek **prakseer** hoe ek dit sal doen. Die **vorm** van die menslike liggaam is mooi. Daar was 'n hele **aantal** mense. Doen jou werk **deeglik**. Ek is 'n **klant** van die winkelier („**klandisie**” is almal saam). **Bepaal** jou by jou werk (ek **bepaal** my by die belangrikste). Hy het 'n nuwe land **ontdek** (wat daar was). Die pad **gaan** oor die bult ('n dokter kan nie oor 'n mens gaan nie). **Kuikens kom uit** ('n geheim kan nie). Jy kan gaan (maar of jy *mag*, weet ek nie). In die droogte sal ons baie voer **opmaak** (stories of 'n gesig kan jy nie *opmaak* nie). Ons moet die siekes **opsoek** (en nie *opkyk* nie). As dit droog word, **verbleek** die gras. Hy lyk **op 'n haar** soos sy pa. Wat **makeer** jou? (Het jy seer gekry)? Dis nie seker nie; dis maar 'n **gissing**. Die bobbejaan speel op die berg se **kruin**. Die **dienaar** moet die meester gehoorsaam. Paul Kruger was **president** van Transvaal. Die woord het twee **sillabes** of lettergrepe. Die liefde van Christus het vir Paulus **gedring**. Die ou tafel is baie **lendelam**. Sit op die wa se **reling**. Die onkruid tier (groei) hier **welig**. Lande met kolonies het 'n groter **afset** vir hulle produkte. Jy moet **eers** wag; dan kan jy kom. Die **harslag** van die skaap het ons vir die Kaffers gegee.

Die **sindelike** vrou hou haar huus baie netjies. Die doopouers moet na die **formulier** luister. 'n Mens moet jou nie teen die wil van jou vader **verset** nie. Die **vermaerde** ou perd kan ons maar doodskiet. Staar terug; jy kan straks seer kry. Hy doen werk van 'n hoë **standaard** (beoordeel volgens 'n bepaalde standaard). Dis 'n **order** wat jy moet gehoorsaam). Hy wil alles **afkeur**, sodat jy niks mag doen nie. Die misdadiger is **berug**. Hy **bestuur** 'n firma of 'n motor (die **bestuur** van 'n vereniging). Die kadette blaas 'n **beuel**. Die sekel sny die **bros** strooi maklik. Die **lendelam** tafel sal gou stukkend wees. Die profeet **profeteer**. Maak 'n **begin** met jou werk. Ons volk moet alle **geskille** vergeet en saamstaan. Ek voel **genoeë** om so 'n gawe man te help. Die **portier** (kruier) help my bagasie dra. Aangesien my saal stukkend is, ry ek die perd **bloots**. **Luister** na die **eggo** in die kloue. **Selfs** die domste kan dit begryp. **Teenswoordig** is gewoontes anders as vanmelewe. 'n Mens moet takt gebruik om met onverstandige mense te werk. Jy het reeds jou kans **verspeel** en sal dit nie nou meer regkry nie. Dominee sê ons moet geen **tittel** of jota van die Bybel afdoen nie. (Die tittel op die i). My nôi se vertrek veroorsaak 'n **leegte** in my hart. Staar op 'n **kissie** om by te kom. Dr. Hugo **praktiseer** nou op ons dorp. Hulle druk die boek in groot **formaat**. Dis swaar om so 'n groot **getal** te onthou.

Toe ek die klonkie betrap, het ek hom **deerlik** afgeransel. Die advokaat gee tog sy **kliënt** die beste raad. Hy is vir jou 'n geslepe **kalant**. Die voorsitter het my ongelukkig net tot sekere vrae **beperk**. Na baie oefening sal ek wel **uitvind** hoe ek moet te werk gaan. Sy boek **handel** oor die armblanke-vraagstuk. Die geheim word **geopenbaar**. Dit het nie gebeur nie; hy het dit sommer **versin**. Dis 'n goeie plan om onbekende woorde **na te slaan**. Sy pak klere het so **verbleik**, dat 'n mens byna nie meer die oorspronklike kleur herken nie. Op daardie gevaarlike draai het ons so **op 'n haar na** verongeluk. Wat makeer jy? (Is jy siek)? In die bier vind daar 'n **gisting plaas**. Vanaf die berg kyk ons op die **kroon** van die bome. Die **diender** het die man tronk-toe geneem. As 'n mens een uitsondering maak, skeep jy daardeur 'n slegte **presedent**. Voor die eksamen moet 'n mens tog die hele **sillabus** (leerplan) deurgaan. Die strenge vader **dwing** die seun om hom te gehoorsaam. Jy voer nie baie met **lamlendige** mense uit nie. As 'n mens 'n tyd met verlof gaan, moet jy allerhande **reëlings** tref. Die ryk mense lewe baie **weelderig**. Die volk wou die onregverdige regeerder **afsit**. Hy is darem **eens** te lui om mee te werk. Met elke **hartslag** word daar baie bloed deur ons liggaam gepomp.

#### Woorde en Uitdrukkinge in Sinne:

Ons kan dit nie genoeg beklemtoon nie **dat leerlinge self gedurig moeite moet doen om hulle woordeskat uit te brei**. Daar is immers taaloefeninge, „woordeboek lees”, vernuftige speltjies en baie ander metodes wat kan aangewend word. Dit is natuurlik onmoontlik om in so 'n kort bestek *al* die onbekende woorde te behandel. Tog kan dit miskien sy nut hê om 'n aantal gerieflike woorde soos die volgende in sinne te gebruik: Hy was haastig, maar het my darem **terloops** gesê dat hy weer kom. Enersyds hou ek van hom en **andersyds** kan hy my weer kwaad maak. Ek was moeg, maar **desondanks** het ek volhard. Die feit dat hy nie hier is nie, is 'n **sprekende** bewys dat hy bang is. As gevolg van die teleurstelling het sy mooi planne **skipbreuk gely**. Die goeie voorstel het by almal **byval gevind**, en almal het dit toegejuig. Daardie sensasiewekkende gebeurtenis het soveel **opspraak verwek**, dat almal daarvan gewees het. Die mensliewende volksheld het 'n diepe **deernis** met die armes. Hy **klets** so, dat 'n verstandige mens nie na hom wil luister nie. Aangesien hy **ietwat** doof is, moet 'n mens maar harderig **praat**. Ons het baie ver wag, maar die teleurstellings het ons wreed **ontnugter**. Sy goddelose wandel **loënstraf** sy vroom praatjies. Hy dink hy is te **aristokraties** om met die **gepeupel** om te gaan. Sy bitsige woorde het my **genoop** om pad te gee. Goeie spel **verg** baie oefening. Hy is so dwars, dat hy sommer **goedsmoeds** stry. Hoewel ons hom wou laat praat, het hy **die stilswye** hardnekkig

bewaar. Die premier was 'n ander mening toegedaan, maar sekere elemente het so veel **pressie op hom uitgeoefen**, dat hy moes swig. Jou wandade sal nog **wrange vrugte afwerp**. Jy moet daardie aandenking soos 'n kosbare **kleinood** bewaar. So 'n **niksnut** kan jy ook vir niks gebruik nie. Ons het 'n **omsendbrier** aan alle oud-leerlinge gestuur om geld te vra. Die bedrieglike vent moet ook altyd 'n ander **onderkruip**. Aangesien hy 'n **oggetuie** van die ongeluk was, kan hy peter vertel. Ek moet in **paaiemente** betaal, want ek het nie die volle som nie. Die **spiritis** glo dat jy die geeste van ontslapenes kan oproep. 'n Mens kan nie 'n ander se goed sommer vir jou wil **toeëien** nie. Die handeligerige persoon **verkwansel** sy goed baie maklik. Skindertonge het sy eertyds goeie naam **beswadder**. Hy moes die butere kelk tot die **droesem** toe ledig. Middae na ete neem vader 'n **dutjie**. Die mooi nōl kom ewe **viets** en **elegant** die paadjie opgestap. Die sterretjies skitter aan die **firmament** of **hemeltrans**. Die ridderlike jong man gedra hom so **galant**, dat almal hom bewonder. Hy is so dik en **geset**, dat hy swaar beweeg. Jy kan bly wees dat jy **heelhuids** uit die gevaar gekom het. So 'n oneerlike daad **druis in teen** my beginsels. Na sy groot erfenis sal hy baie beter **daaraan toe** wees as vantevore. Vir **geskoolde** arbeid moet 'n mens meer betaal as vir **ongeskoolde**. Jy moet jou **lendene omgord** en jou klaarmaak vir die stryd. Ek sal my nie so **aanmatig** om my met 'n genie te vergelyk nie. Die **akoestiek** van die saal is goed, want jy hoor tot agter in die saal. Hy is Jan, **alias Donkie**, want almal noem hom so. Hy het geen mening van sy eie nie; hy **beaam** net alles wat 'n ander sê. Hy vertel dit so rond, dat dit gou **wêreldkundig** (of rugbaar) sal wees. Sy dom vrae bewys dat hy niks daarvan **snap** nie. Die genie **munt** altyd in een of ander opsig **uit**. Daar was soveel verskil van mening, dat die onderhandelings **afgespring** het. 'n Vlaag verontwaardiging het in my binneste **opgewel**. As die skemering kom, verdiep die **kleure allengs**. Jy moet my definitief laat weet of jy kom, **al dan nie**. Skrywe **anderhalf** bladsy (d.w.s. 1½ bl.) daaroor. So 'n **swakkeling** is nie **gebore in staat** (in gebore staat) om dit te doen nie. Dis mooi om die **ontluikende** roosknoppies in die tuin te sien. Moeder voel so **kaduks**, dat sy nie vandag wil uitgaan nie. In oorlogstye **vier** losbandigheid **hoogty**. Die ernstige preek het die **verstokte** sondaar tot inkeer gebring. So 'n betroubare man soos hy sal bepaald sy **woord gestand doen**. Die afgevaardigdes het na 'n lang reis hulle **opwagting** by die minister gemaak. Die slegte nuus het ons **piesierrit vergal**. Die gierigaard wil alles **inpalm** wat hy sien. Die ondeuende knapie sit hom te **verkneuter** van pret. 'n Kwaal bul het los gekom en in die straat **amok** gemaak. Hy het nie geweet dat dit sal gebeur nie, en dit is dus **onvoorsiene omstandighede** wat hom verhinder. Julie

twee wil graag bymekaar wees, en gevolglik sal ek nie **derde-mannetjie** speel nie. Daar is niks meer aan te doen nie; dis 'n **voldonge feit**. So 'n rustelose mens kan geen vrede vir sy gemoed erlang nie. Die digter kan die stemming van die aand mooi **aanvoel**. 'n Mens moet eers **gegewens hê**, alvorens jy so 'n stelling kan maak. Die lewe was **toentertyd** baie anders as vandag. Hy was verlede jaar baie swak, maar **sedertdien** het hy baie verbeter. Die vertrek van die gewilde amptenaar word **allerweë** betreur. Hulle het van die plaas getrek en hulle **metterwoon** op die dorp kom vestig. In plaas van op te tree laat hy die oortreding **oogluikend** toe. Jou kennis, hier opgedoen, sal jou later goed **te stade** kom. Jy het verbrou en sal dit nog later by jou vader moet **verkerf**. So 'n kragtige persoonlikheid sal hom in sy omgewing nie **onbetuig** laat nie. Ons is mos nou grootmense en die **kinderskoene** ontwasse. Die perdeliefhebbers **hou** baie ryperde **daarop** na. Hy het sy werk so lief, dat hy heeltemaal **daarin** **opgaan**. Die ou man se geheue **speel** hom **parte**. Dit was **allermins** my gedagte dat die swakste sou wen. Die geesdriftige mense het die vesting sommer **stormenderhand** ingeneem. Die ongelukkige wou sy vriend se lewe red, en het self die lewe **daarby** **ingeskiet**. Moenie jou tyd met minderwaardige dinge **verbeusel** nie. Op hierdie **ondermaanse** (die wêreld) sal 'n mens altyd maar swaar kry. Ons het mekaar **op gesette tye** ontmoet. 'n Onintelligente mens se werk **het** nie veel om die **lyf** nie. Ons is moedig; al kry ons swaar, **dit sê** nie. Jou holle bewerings **sê** niks. Die olyftak is die **simbool** van vrede. 'n Mens kan **bykans** nie in die sterk skemer sien nie. Hy antwoord nie direk nie, maar **ontwykend**. Die priester **prewel** die gebed saggies. Hy is so vol **fiemies**, dat dit swaar is om vir hom kos voor te berei. Hy was so verslae, dat hy my sonder 'n woord staan en **aangaap** het. Suid-Afrika se **puik** voorspelers het die hele spel gedomineer. Weens te min geld moes ons ons werksaamhede **staak**. So 'n koppige vent **verseg** om skuld te beken. Jy moet die konstabel **aansê** om die jong te kom arresteer. Die beterweter het ook **almelewe** 'n ander plan. Uiterlik was hy kalm, maar innerlik het 'n pynlike droefheid **geskryn**. Jy moet maar **toesien** dat alles reg kom. Vader **gelas** die jong om die perd water te gee. Bang Jan loop om die **dood** nie by die kerkhof verby nie. Die boek is **op die pers** en sal **eersdaags** verskyn. So 'n geheimsinnige kêrel **rep** nie 'n woord i.v.m. die saak nie, al het ek ook iets probeer **uitvis**. As gevolg van sy siekte is ons mooi planne nou **van die baan af**. Daardie mooi daad het sy naam by ons **verewig**. (Teenoor „vir ewig”). Die roekelose vent **bedien hom** van 'n lasterlike taal. Ek weet nie hoe lank ek sal bly nie; vir **die wis en onwis** neem ek maar kos. As jy die dag gelukkig is, gaan alles voor **die wind**. Ag, vrou! wat **sanik** jy gedurig oor so 'n onbeduidendheid? Hy verag my, as

sou ek hom 'n onreg aangedoen het. Sit dit **gerieflikheidshalwe** so, dat ek dit kan bykom. **Basta** lol, of ek slaan jou. Ek het al baie moeilike gevalle teëgekom, maar **synsgelyke** nog nie. Man, jy **neul** so om my ore, dat ek siek word daarvan. Sy sombere verhale **doen** uiters treurig aan. Hy redeneer so onlogies, dat sy argumente nie **steek hou** nie. Moenie lieg nie, maar vertel my die ware **toedrag van sake**. Jy kan darem nie **sonder meer** jou werk verwaarloos en dan loop nie. Dis pynlik om heeldag na so 'n ontevrede persoon se **jeremiade** te luister. Jy is die **kluts** bepaald **kwyf**, want jy weet nie waaroor dit alles handel nie. As jy dink dat die trek net **rosegeur en maneskyn** was, dan het jy die ontberings vergeet. Hy sal my dit weler, want ek **staan** in 'n **slegte reuk** (of blaadjie) by hom. Ek sê dit maar tussen **hakies**, want dit het nie eintlik met die onderwerp iets te maak nie. Die verwoestende storms het die verkeer heeltemal **ontwrig**. Die geselskap moet die stuk **instudeer**, voordat dit opgevoer word. Hy **verwring** sy gesig van die pyn. Die oproermaker wil die gepeupel tot opstand **opruï**. Die bloed **stol** in sy are van die skrik. Ruwe matrose kan soms baie **swets**. 'n Traan **biggel** oor die wang van die hartseer vader. My bril het gebreek en nou voel ek baie **geskore**. Wie kan nou so 'n onduidelike handskrif **ontsyfer**. Die geslepe sakeman wil die onnosele bevolking op alle maniere **uitbuit**. So 'n **booswig** sal enige lae ding doen. Die kalfie **kwispel** met sy stert, terwyl hy aan die koei suip. Die klein kindjie praat 'n **brabbeltaal**. Ons het **slaags** geraak met die vyand, maar net 'n klein **skermutseling** het gevolg. Die onrustige kind het **luidkeels** na sy vader geroep. Ek kan nie sy hele gesig sien nie — net sy **profiel** teen die lamplig. M. L. de Villiers het daardie gedig **getoonset**, en nou kan ons dit sing. Die **uithuisige** vrou is selde tuis. Die oproerige vergadering het die onpopulêre spreker **uitgejou**. So 'n maalstroom sal die wal al meer **uitkalwer**. 'n Jakkals het baie **slinkse** streke. Hy kom vriendelik voor, maar sy metodes is baie **agterbaks**. As 'n skip in gevaar is, saal hulle 'n **noodoproep** uit. Die mense in verwoeste streke verkeer in 'n **benarde toestand**. Jukskel speel **dagteken** uit die dae van die Voortrekkers. „Jy met jou groot mond moet altyd geheime **uitblaker!**” Advokate neem getuies onder **kruisverhoor**. As jy op Tafelberg staan, strek daar 'n lieflike **panorama** voor jou uit. Watter **sotternye** sal hy tog nie weer uitkraam nie? Die bloedorstige oorlogvoerders het **meedoënloos verderf gesaai**. Piet skop die bal teen die ruit vas, sodat die **skerwe** waal. Sels dapper soldate moet voor 'n oormag **swig**. As ons verbrou (verbrul), moet ons dit by ons kwaai vader **ontgeld**. Suinige mense is nie **gediend met** enige vorm van geldverkwisting nie. Onafhanklike lande duld geen **inmenging** van buite in hulle sake nie. Die afgeskepte kindjie is altyd maar **stiefmoederlik**

behandel. Jy moet die oom sommer nou **bydam** en hom vra. Die kloof of verwydering tussen hulle kan nie **oorbrug** word nie. 'n Ware student het 'n **voorliefde** vir boeke. Dis nie die kern van die saak nie maar blote **bykomstighede**. **Verwittig** jy haar van jou koms of is dit 'n verrassing? Deskundiges begryp dit, maar dis bokant 'n **leek** se vuurmaakplek. My vriend **bieg** sy sonde voor die priester. Die rampokkers het weer 'n kind **ontvoer**. Ons het 'n **hoë dunk** van so 'n gawe man. Jy moet net hoofpunte **aanstip** en nie alles neerskrywe nie. Elke kandidaat probeer maar stemme **werf**. Die goeie spreker het al my argumente **ontsenu** (aanvalle ontsenu). Verrassende huwelike sal altyd **opspraak verwek**. **Onvoorsiene omstandighede** kan niemand vernoed nie. Die held van vroeër neem nou aan niks deel nie, maar **rus op sy louere**. As jy daardie sterk kerel beleedig, sal dit jou **suur bekom**. Op so 'n **ruif** word daar baie gedrink. Die skultjie **donber** op die oseaan. My streng ouers se verbod het my in my begeertes baie **gekortwiek**. Kragtens sy **blanke opregtheid** vertrou almal hom. Moenie **ekstremisties** wees nie, maar volg die **gulde middelweg**. Die water syfer deur die los damwal en syfel in die diep voor in. Diegene wat vir alles wil betaling hê, doen niks **gratis** nie. Hy **draal** en **drentel** so, dat hy niks uitvoer nie. Ons het die laaste skaap gedip, die lammers **inkluis**. In die agterbuurtes drom die **uitvaagsels** van die samelewing saam. Dis maar 'n gerug wat in **amptelike kringe** ontken word. Deur oneerlikheid doen jy andere 'n **skreiende onreg** aan. Daar is so 'n groot aanvraag, dat 'n mens betyds jou **bestellings** moet plaas. Onpartydige mense moet nuus sonder **komentaar** gee. Die diewe het eers **handgemeen geraak** met die polisie, maar hulle het hulle later **gevang** gegee. Die winkels is vol, want almal wil **inkopies doen**. 'n Goeie onderwyser lê **klem** op die belangrikste feite. Vier **het die lewe** in die vliegkamp **ingeskiet**. Vleierige mense wil altyd **komplimente** maak. So 'n vernielerige kind ('n rewien) **verslons** sy goed baie. Elke man mag sy **wederhelf** (gade of eggenote) saambring. Na baie **wederwaardighede** het die **avonturiers** hul bestemming bereik. Moeder stuur van die huis heerlike **versnaperings** om saans te eet. Hy het **weliswaar** niks gesê nie, maar sy houding het hom verrai. Tydens sy siekte aan witseerkeel was die huis onder **kwarantyn**. Toe die **daglumier** die Ooste rooi maak, het ons vertrek. Moenie uitwei nie; **konstateer** net feite. Die **ketter** doen ons geloof baie skade aan. So 'n **pieperige kêrel** is **aljimmsers** siek. Ons sukses is 'n **afdoende antwoord** aan die **bangpraters**. Die predikant het hom die beroep **laat welgeval** en kom binnekort. Daar **skort iets aan**; hy vorder nie. Die siek man **ag dit gerade** om die bed te hou. So 'n dapper kêrel sal enigiets **aandurf**. As jy afhanklik is, moet jy maar **verlief neem**. Die koning het die minister, wat hom wou spreek, **audiënsie**

verleën. Daar is mooi dinge in die winkelvenster **uitgestal**. So 'n parmantige vrou sê 'n mens darem lekker in. Daar is meer as een moeder wat haar **afsloof** vir haar kinders. Gehoorsame kinders het net 'n **teregwysing** en geen dreigement of slae nodig nie. Dit was Moses nie **beskore** om Kanaän binne te gaan nie. Die trotse vrou **verwerdig** haar nie eens om met jou te praat nie. „Vriend, jy is die spoor **byster** en aan die dwaal!” Streng onderwysers **gedoog** geen wanorde nie. „Geliewe my briewe te heradresseer, as ek weg is.” Konserwatiewe mense **hou** nie **tred** met die tyd nie. Gee die parmantige kind 'n **oorveeg**. Die perd het hom **katswink** laat val, sodat hy lank bewusteloos gelê het. Jy moet self vir jou skuld **opdok**. Roosevelt is as president **ingesweer**. Die plaag het maar klein begin, maar nou **neem** dit geweldige **afmetings** aan. **Boender** die varke uit die land uit. Sulke **infame** leuens glo niemand nie. Op die vendusie is baie **lewende** hawe verkoop. As gevolg van sy **karige loon** dra die arbeider soms **gehawende** klere. Die arm kêrel verdien skaars genoeg om siel en liggaam **aanmekaar** te hou. Die oneerbiedige seun praat **smalend** van sy ouers. 'n Mens lees poësie vir jou **estetiese** ontwikkeling. Ek erken **volmondig** dat hy my meerdere is. Aangesien ons 'n **oponthoud** gehad het, het ons baie laat gekom. My broer **verklik** ons so graag, omdat hy wil hê ons moet 'n pak kry.

## HOOFSTUK VI

### Idiome

#### Algemeen:

Wat is die verskil tussen 'n **idioom** of idiomatiese uitdrukking, **spreekwoord**, **spreuk** en **segswyse**? Hierdie woorde word so dikwels sinoniem gebruik, dat 'n mens sou dink daar is geen verskil nie, en tog is daar 'n klein verskil: Idiome of idiomatiese uitdrukkings is uitdrukkings waarin woorde nie hulle gewone, alledaagse betekenis het nie, wat meestal iets **eiendomliks** van 'n taal bevat en waarin rym (veral in die geval van Afrikaans) 'n aansienlike rol speel; spreekwoorde is idiomatiese uitdrukkings waarin volkswysheid skuil of wat 'n moraal (bedek of andersins) bevat sonder dat een bepaalde persoon dit fabriseer het soos in die geval van spreuke. Dink maar aan Salomo en Langenhoven s'n. Laasgenoemde s'n bevat benewens wysheid ook 'n groot mate van kernagtige geestigheid. 'n Segswyse is enige treffende, afwykende uitdrukking wat dikwels 'n sterk lokale kleur het of altans eers in 'n beperkte kring gebruik word.

Alhoewel Afrikaans besonder ryk aan idiome is — idiome wat ten nouste saamhang met ons volksgeskiedenis, ons tradisies en volksiel (dink maar aan idiome i.v.m. die ossewa en die wingerd), het ons tog ook baie geleen. Sommige, soos dié van Latynse oorsprong, skrywe ons letterlik oor net soos leenwoorde, terwyl ons andere (bv. die Engelse) net 'n Afrikaanse baadjie aantrek. Sulke vreëmdelinge groei dikwels langs die eie (soos „oor die kole haal” langs „voor stok kry”), en word aanvanklik soos anglisismes beveg, maar dreig naderhand om die oorhand te kry soos „sy merk maak”.

#### Idiome vir die Juniors:

##### A

Dit kom daar nie op aan nie = dit maak nie saak nie.

Jy het daar niks aan nie = dit beteken vir jou niks nie.

Daar is niks aan nie = dis maar maklik.

Ek weet nie waar ek aan of af is nie = ek weet nie wat my posisie is nie.

Sy aand- en môrepraatjies kom nie ooreen nie = hy praat nie altyd eenders nie, is nie konsekwent nie.

Hy het twee aangesigte = hy is vals.

Hoog by iemand aangeskrewe staan = in iemand se guns wees.

Aan iemand se adres gerig = spesiaal vir iemand bedoel.

- 'n Afjak gee = 'n onvriendelike, beledigende antwoord gee.  
 Afgerem lyk = moeg lyk.  
 'n Agterdeur oophou = 'n loskom-kans oophou in geval van moeilikheid.  
 Agteros kom ook in die kraal = die stadigste bereik ook wel sy doel.  
 ('n Vals alarm) 'n riemtelegram = 'n blote gerug.  
 Aftrek kry = populêr, gewild wees.  
 Jou laaste asem uitblaas = sterf.  
 Op alles ja en amen sê = maar net saamstem en nie met 'n eie mening voor die dag kom nie.  
 Voete onder 'n ander se tafel gaan steek = die ouerlike woning verlaat (en van ander afhanklik word).  
 Die appel val nie ver van die boom nie = die kind is soos die ouer.  
 'n Appeltjie met iemand skil (onder vier oë sien) = iemand (eenkant neem en) berispe.  
 Ook 'n stuiwer in die armbus (of beurs) hê = ook wat te sê hê ('n noot in die psalm hê).

## B

- Op sy baadjie kry (op sy bas kry, broek aanpas, streepsuiker kry, riemspring) = sla kry.  
 Die knie voor Baäl buig = afvallig word van die tradisies (politiek) en godsdiens van die vadere.  
 'n Baan (bohaai) opskop = 'n lawaai maak.  
 Iemand 'n poets bak ('n kool stowe) = ten koste van iemand iets grappigs doen.  
 Van bakboord na stuurboord (van Pontius na Pilatus) = van die een na die ander (sonder om iets uit te voer).  
 Die bal mislaan = jou lelik vergis.  
 Iemand bandvat = iemand kortvat, streng teenoor iemand optree.  
 Ou bene kou (ou koeie uit die sloot haal) = ou, onaangename dinge weer ophaal.  
 Ou bene maak = oud word.  
 Been-af wees (op 'n meisie) = verlief wees.  
 Bek-af = moeg, moedeloos.  
 Dit spreek boekdele = dis 'n sprekende bewys.  
 'n „Bakatel” = 'n kleinigheid.  
 'n Goeie begrip het 'n halwe woord nodig = as iemand gou verstaan, hoef jy nie so volledig te praat nie.  
 'n Berg van 'n miershoop maak (van 'n muggie 'n olifant maak) = van 'n kleinigheid 'n grotigheid maak.  
 Nuwe besems veeg skoon = nuwe (bediendes) gee bevreddiging.  
 'n Saak bewimpel = nie met die volle waarheid voor die dag kom nie, onaangenaamhede i.v.m. 'n saak probeer bedek.

Iemand goue berge belooft = iemand mooi beloftes maak.  
 Beskimmeld (verskimmeld) wees = beskroomd en teruggetrokke wees.

'n Nuwe blaadjie omslaan = 'n nuwe en beter lewe begin voer.  
 By iemand in 'n goeie blaadjie staan = in iemand se guns wees.

Hy laat hom nie met 'n blaas ertjies op loop ja nie (hy skrik nie vir koue pampoen nie) = hy word nie maklik bang nie.  
 Blad steek of stoot = handgee.

Blaffende honde byt nie (sy blaf is erger as sy byt) = hy dreig meer as hy werklik doen.

In die land van die blindes is die een-oog koning = onder onkundige mense het een met 'n bietjie verstand baie te sê.

Waar bloed nie kan loop nie, daar kruip dit = 'n mens offer baie op vir jou familie.

'n Brander = 'n kwaai brief (oor skuld).

'n Saak blou-blou laat = 'n saak (wat eintlik moet aangeroe word) nie bespreek nie (of nie afhandel nie).

Blouboontjies = koeëls.

Sy blus is uit = hy is baie moeg, uitgeput.

Die bobbejaan agter die bult gaan haal = 'n moeilikheid tegemoet loop; jou kwel voordat iets gebeur.

Dis 'n geslote boek = dis 'n geheim.

Die boermatriek = die aanneming (as lid van die kerk).

'n Ou bok hou van jong blare = ou mans hou van jong meisies.

'n Bok skiet = jou lelik vergis, lieg.

Bokveld-toe gaan (lepel in die dak steek, die emmer (om)skop) = doodgaan.

Bokerf (noustrop) trek = baie swaar kry.

In die bol gepik (met die maan geplaag, van lotjie getik, 'n klap van die windmeul weghê, nie al sy varkies in die hok hê nie) = half-mal wees.

Iemand 'n bril op die neus sit = iemand bedrieg.

Buig die boompie, solank hy jonk is = vorm die kind se karakter, solank hy nog klein is.

Iemand om die bos loop of lei (iemand om die tuin lei) = iemand lekker fop.

Dit is botter by die vis = dis kontant.

Dit nie breed hê nie = nie baie geld hê nie.

'n Ander se briewe (of boeke) is dulster om te lees = 'n mens kan nie 'n ander se sake verstaan nie.

Broekskeur gaan (noustrop trek) = dit gaan maar swaar.

Sy broekspye speel ghitaar = hy is geweldig in die nood.

Mooi broodjies bak = op 'n mooi manier (vleierig) 'n ander se guns probeer erlang.

Ek kan dit nie bybring nie = nie regkry of bekostig nie.

## D

- Op hete(r) daad betrap = iemand betrap solank hy met die kwaad besig is.
- Daar kom dadels van = daar kom niks van nie.
- 'n Deurtrapte skelm = 'n groot skelm.
- Iemand iets diets maak = wysmaak.
- Iemand disnis loop (of werk) = iemand absoluut oortref.
- Die doel heilig die middele = jy kan selfs slegte middele aanwend om 'n goeie doel te bereik.
- 'n Doring in die vleis of die oog (dit steek dwars in die krop) = dit hinder of irriteer baie.
- Iemand droogsit (toesit) = iemand oortref, voor wees (veral by 'n meisie).
- Nog nie droog agter die ore wees nie (sommer nog 'n kuiken, 'n snuiter) = sommer nog 'n kind wees.
- Iemand se draad hê = weet wat iemand van plan is om te doen.
- Iemand goed deurloop = 'n pak gee.
- Iemand dophou = kyk na iemand.
- Dun gesaai = skaars.
- Die druiwe is suur = jy kan dit nie kry nie en nou vind jy kamtig fout.
- Vir iemand duim vashou = iemand die allerbeste toewens, eintlik asem ophou dat hy sal slaag.
- 'n Duisternis mense = bale mense.
- Ledigheid is die duiwel se oorkussing = ledige mense doen geredelik kwaad.
- Gee die duiwel wat hom toekom = al kan jy hom hoeveel kritiseer, dit is darem in sy guns.

## E

- Dis water op 'n eend se rug = die vermaning sterk hom nog in sy kwaad; dit help niks.
- Verandering van spys(e) gee eetlus = variasie van kos (of ander dinge) wakker die lus aan.
- Iemand eien = iemand herken (as familie of vriend beskou).
- 'n Elerdans uitvoer = so tussen moelikhede deurstuur dat jy veilig anderkant uitkom.
- Liewer 'n halwe eier as 'n leë dop = liever maar net 'n gedeelte as heeltemal niks.
- Die elmboog lig (vir langnek-Kaatjie soen, die mannetjie met die kurkhoed soen, deur die wingerd loop, 'n Hotnotjie doodslaan, kromhoutsap drink) = te veel drink.
- Terug verlang na die vleispotte van Egipte = terug verlang na vroër en beter dae.

## F

Vol flemies wees = vol aanstellings wees.

Iemand filekommis maak (fidei commis) = iemand laat erf op voorwaarde dat hy dit aan iemand anders bemaak, eers die derde of vierde geslag laat erf, onterf.

Sy flikkers maak (vir hom latjiebeen hou, sy skene word rooi) = dame(s) besondere opmerkzaamheid bewys.

Iemand flous = iemand fop, uitoorlê.

## G

Ganse aanja (twee rye spore loop, aangeklam wees, aan wees, hoog veertien wees, stukkend wees, die korrels werk met hom, hy en die leeu was deurmekaar) = hy is dronk.

Gansegar, gansgar (ganskar) nie = heeltemal nie.

Iemand 'n gat in die kop praat = iemand ompraat om iets te doen.

Kortgebakend wees (kort van draad wees, sy hemple is kort) = hy word gou kwaad.

Alte goed is buurman of ander man se gek = as jy te goed is, maak mense misbruik daarvan.

Die geelbaadjie (geelpak) aanhê = jaloers wees.

Die gelag betaal (die spit afbyt) = die verantwoordelikheid en die moeilikheid agterna alleen dra (hoewel meer dit saamgedoen en geniet het).

Die geld groei nie op vader se rug nie = vader kom ook maar swaar aan sy geld.

Genadebrood eet = te oud om nog te werk en nou verniet kos kry.

Geregtelike stappe doen = na die hof gaan om geregtigheid te kry.

Wie in gla(a)shuise woon, moenie met klippers gooi nie = diegene wat dieselfde foute het, moenie kritiseer nie.

Die gees gee = sterf.

Goedkoop is duurkoop = goedkoop ware is gewoonlik swak van gehalte, en werk dus op die lang duur duurder uit.

Nie gras onder jou voete laat groei nie = onmiddellik en geesdriftig te werk gaan.

Daar is 'n slang in die gras = daar is onraad, daar skull iets agter.

'n Grensbalie = 'n kind wat baie huil.

'n Graswenaar = iemand van wie die vrou tydelik weg is.

## H

Op die kaal, haai vlakke = op die groot, verlate vlakke.

Daar sal geen haan na kraai nie = 'n mens sal nooit weer daarvan hoor nie.

- Hy is 'n ou haan ('n doring, pure perd) = dit word gesê wanneer 'n persoon 'n ding goed gedoen het.
- Hy is 'n haantjie = hy is parmantig, staan sy man (is gereed tot twis).
- Hoe meer haas, hoe minder spoed = hoe haastiger jy is, hoe minder voer jy uit.
- Nie jou hande in kou(e) water steek nie = niks doen nie, lui en op jou gemak wees.
- 'n Halfnaatjie = 'n baster.
- Hand en mond belowe = baie beslis belowe.
- Jy kan nie yster met hande breek nie = jy kan nie die onmoontlike doen nie.
- Die een hand was die ander = as die een die ander help, word albei bevoordeel.
- Nie iemand se hand kan hou nie = baie ver benede iemand (gewoonlik in arbeid) wees.
- Nie hond haar-af maak nie = niks uitvoer nie.
- Harde korsies afbyt = swaar kry.
- Daar haper iets = daar makeer iets.
- Oor die hond = oor die ergste.
- Soveel hoofde, soveel sinne = soveel mense, soveel menings.
- Waar die hart van vol is, loop die mond van oor = jy praat geredelik oor sake waaroor jy baie dink.
- Iemand onder hande neem = iemand onder (streng) behandeling neem.
- Sy hart sink in sy skoene = sy moed begeef hom heeltemal.
- Van sy hart 'n moordkuil maak = nie uitspreek wat in sy gemoed omgaan nie.
- Die perd wat die hawer verdien, kry dit nie = die persoon wat die beloning verdien, kry dit nie.
- Net vir 'n heen-en-weertjie = net vir 'n oomblik.
- Die hef in die hande hê = die mag hê.
- Met die helm gebore wees = gebore met die gawe om gesigte te sien, om vooruit te sien.
- Hemel en aarde beweeg = alles in jou vermoë doen (om jou doel te bereik).
- Heuning om die mond smeer = vlel.
- Op twee gedagtes hink = nie tot 'n besluit kan kom nie, onbeslis wees.
- Jou hoed vir iemand afhaal = iemand bewonder.
- Hy kan sy hoed agterna gooi = hy kan baie bly wees daaroor.
- Van hoeka (toeka) se dae af = van die vroegste verlede af (ook „dis hoeka (reeds) laat”).
- Die hoi-polloi = die skorriemorrie, die gepeupel.
- As jy 'n hond wil slaan, kry jy maklik 'n stok = as jy iemand wil kritiseer of benadeel, kry jy maklik 'n oorsaak.
- Honger is die beste kok (sous) = as jy honger is, smaak alles lekker.

Die huis op horings neem = baie raas.  
 Die horings opsteek = 'n parmantige houding aanneem,  
 weerstand bied.  
 Houthakkers en waterputters = diensknegte.

## I

Iemand inklim = slegsê.  
 Indaba hou = raad hou, mekaar raadpleeg.  
 Vir die waarheid van iets instaan = waarborg dat iets waar is.  
 Ek kan dit nie insien nie = nie verstaan nie.  
 Mal Jan onder die hoenders = een man onder baie dames.  
 Jakopeweroë = uitpeuloë.  
 'n Vreemdeling in Jerusalem = iets nie weet wat almal weet  
 nie.  
 Elkeen staan vir sy eie jukskei = elkeen moet sy eie verant-  
 woordelikheid nakom.

## K

Iemand kaalkop die waarheid sê = iemand pront-uit die  
 waarheid sê.  
 Oop kaarte speel = eerlik te werk gaan, openlik sê wat  
 gaande is.  
 'n Deurgestoke kaart = 'n (in die geheim) klaar-afgesproke  
 en beklonke saak.  
 Kaduks (olik) voel = siek voel.  
 'n Kafferpak gee = 'n groot pak gee.  
 Die kalf is verdronke (die koeël is deur die kerk) = dit is  
 klaar gedoen.  
 Nie onder 'n kalkoen (skilpad, volstruis) uitgebroei wees  
 nie = nie so dom soos dit lyk nie.  
 Iemand kapittel (roskam, die kop was, voor stok kry, die  
 Leviete voorlees) = ernstig berispe.  
 Kastalings uit die vuur krap = die moeilike, onplesierige werk  
 vir 'n ander doen.  
 As die kat weg is, is die muis baas = as die baas weg is, doen  
 die bediendes of onderhoriges wat hulle wil.  
 Soveel van iets weet soos 'n kat van saffraan ('n aap van  
 godsdiens ens.) = niks van iets weet nie.  
 Nie 'n kat om sonder handskoene aan te pak nie = 'n gedugte,  
 moeilike teenstander.  
 'n Kaapse draai = 'n wye draai.  
 'n Keel opsit = aan die skree raak.  
 Lelik knoop = vloek.  
 Kaf (disnis) loop = wen, oortref, oorweldig.  
 Kenta (kentig, kentag, kentang) wees = kwaad word wanneer  
 jy verloor (met bedrog speel).

Ek kan nie by hom kers vashou nie (kan nie sy skoenriem ontbind nie, kan nie in sy skaduwee staan nie) = hy oortref my ver.

Kiet wees = mekaar niks meer skuld nie.

'n Klap in die gesig = 'n belediging.

Ek kan dit nie kleinkry nie = ek kan dit nie begryp nie.

Nie sonder klare skeur nie = nie sonder baie moeïlikhede nie.

Vir iemand 'n klip uit die pad rol = iemand 'n groot guns bewys.

Hy het die klok hoor lui, maar hy weet nie waar die bel hang nie = hy weet daar so iets van, maar tog nie waaroor dit alles gaan nie.

Kluitjies bak = lieg.

Van koerland se vleis eet = baie lui wees.

Iemand 'n kool stowe ('n poets bak) = 'n grap ten koste van iemand maak of kaskenades ten koste van iemand uithaal.

Sy kop in 'n bynes steek = jou in 'n moeïlikheid dompel.

Sy kop tussen sy ore sit = hom op sy plek sit.

Kopskote gee = rake antwoorde gee.

Vol kwinte = vol fiemies, grille.

Die kreeftegang gaan = agteruit gaan.

## L

In ligte laaie = aan die brand.

Jou lyf wegsteek = fop by die werk.

Lyk of jy 'n laaistok ingesluk het = baie styf (ook ongesellig) wees.

Dis so lank as dit breed is = dis om die ewe.

Dis larie, twak = dis onsin.

Vir jou latjiebeen hou (jou flikkers maak, 'n haan by die meisies wees) = meisies besondere aandag bewys.

Die leue-aandeel kry = die meeste of die grootste gedeelte kry.

Hulle is legio = daar is baie.

Lont ruik = onraad gewaar.

'n Egte ou lunsriem = 'n smerige vent, 'n takhaar, 'n ghwar.

## M

'n Mandoor = 'n leier, 'n opsigter.

Die inwendige mens versterk = eet.

Moedersielalleen = heeltemal alleen.

Iemand na die mond praat = so praat soos iemand dit wil hê, dus ook vlel.

Iemand die mond snoer = iemand die stillswye oplê.

- As die muis dik is, is die koring bitter = as jy genoeg geëet het, smaak die lekkerste kos naderhand nie meer lekker nie.
- Jou mond verby praat (verbrand) = iets sê wat jy nie moes gesê het nie.
- In die middel van die wêreld = radeloos, weet nie wat om aan te vang nie.
- Die kop is vol muisneste = vol gedagtes aan die teenoorgestelde geslag.
- Die muis het 'n stertjie = daar skull nog iets agter; dit sal nog 'n nasleep hê.
- Klein muisies het groot ore = kinders luister fyn.

## N

- 'n Draad vir elke naald = altyd 'n antwoord gereed hê.
- Iemand die nekslag toedien = iets doen wat iemand heeltemal oorwin of oorrumpel.
- Die snuf in die neus hê = onraad bemerk.
- Dit is neusie verby met hom = dit het hom misluk (en hy kan dit nie nou meer doen nie).
- Wie sy neus skend, skend sy aangesig = wie sy familie benadeel, benadeel homself.
- Op sy nommer druk = hom sê of roep om iets te doen, hom aanpraat.
- Van nul en geen waarde = dit beteken absoluut niks.

## O

- Dit is olie in die vuur = dit vererger die saak.
- Nie onbetuig laat nie = jou laat geld.
- Oor die onderdeur loer = man soek, kyk of daar nie vryers aankom nie.
- Iemand onderdeur spring = iemand bedrieg.
- In-die-oog-lopend wees = baie opmerklik wees.
- Uit die oog, uit die hart = sodra iemand uit die gesig is, word hy vergeet.
- 'n Oogappel van iemand = 'n besondere gunsteling.
- Opgang maak = vooruitgaan.
- Opkom vir iemand = iemand se party kies.
- Die ore laat hang = mismoedig wees.
- Iemand die vel oor die ore trek = te veel laat betaal.
- Oorlam(s) = skelm, geslepe (ervare en vernuftig).
- Iets doen dat jy (sulke) opslae maak = iets baie erg, geweldig, met alle mag doen.
- Jou ore uitleen = na allerhande praatjies luister.
- Dit gaan orrelstryk = dit gaan baie goed.

## P

Paljas dra = toor.

Pêrels vir die swyne werp = mense vermaan wat dit nie kan waardeer nie.

By iemand pampierlang = in iemand se guns probeer kom.

As dit pap reën, moet jy skep = as die kans daar is, moet jy dit waarneem.

'n Papbroek = 'n lafaard.

Sy ouma die paplepel leer vashou = iemand leer wat meer van 'n saak weet as jy.

Die perke oorskry = te ver gaan.

'n Presentperd moet jy nie in die bek kyk nie = 'n geskenk moet jy nie kritiseer nie.

Die prokureur in die possak kry = 'n dagvaarding kry.

Kort proses met iemand maak = baie streng optree teenoor iemand (sodat hy heeltemal oorrumpel word).

Met die gebakte pere sit = in die moeilikheid wees (na 'n verkeerde daad).

'n Bitter pil om te sluk = 'n moeilike ding om te doen (te begryp).

Ook 'n noot in die psalm hê (ook 'n stuiwer in die armbus (armbeurs) hê) = ook iets te sê hê.

Iets vir dieselfde prys verkoop (waarvoor dit verkry is) = iets vir net soveel waarheid vertel soos jy dit gehoor het.

## R

'n Rabbedoe (robbedoe) = 'n baie woelige kind, 'n dogter met seunmaniere.

Rapat wees = rats, vinnig wees.

'n Renons in iemand hê ('n hekel of die land aan iemand hê) = afkerig wees van iemand.

Die rieme neersit (die takke insit, sy knieë dra, die wêreld skeer, laat spaander, laat spat) = die loop neem, die wyk neem.

Breë rieme uit 'n ander se vel (leer) sny = van 'n ander se besitting oordadig gebruik maak.

Rinkink (ravot, kattermaal) = baljaar, te kere gaan.

Rome is nie in een dag gebou nie = 'n groot werk kom nie in een dag tot stand nie.

'n Roesemoes = 'n verwarring.

Daar is nooit 'n rook nie of daar brand 'n vuurtjie = in elke skinderpraatjie is daar 'n klem van waarheid.

Verheug jou nie in 'n doolie rot nie = moenie bly wees oor iets wat tog nie gaan gebeur nie.

Roukoop betaal = 'n som betaal om 'n koop te kanselleer.

Sy rug is breed = hy kan baie laste dra.

Runsagteroor (reuns) slaan = heeltemal agteroor slaan.

## S

- Uit sy saal lig = van sy pos beroof.  
 Dit is 'n hele sabbatsreis = dit is 'n hele afstand.  
 Slaags raak = baklei.  
 'n Sak sout met iemand opeet = genoeg ondervinding saam opdoen om mekaar goed te leer ken.  
 Saliger nagedagtenis = dit word van 'n oorlede persoon gesê.  
 Meng jou met die semels, dan vreet die varke jou = slegte geselskap benadeel jou baie.  
 Iemand se siel uittrek = baie terg, versondig.  
 'n Siel van potklei hê = onnosel wees.  
 Siep-sous (siep-sop) en braaiboud kry = sla kry.  
 Soos 'n nuwe sikspens lyk = baie netjies en windmaker wees.  
 Sito-sito = gou-gou.  
 Iemand skaakmat sit = iemand in 'n hoekie vaskeer (figuurlik).  
 Skededdel = weggaan, loop.  
 'n Bek (tong) soos 'n skeermes hê (goed van die tongriem gesny wees, nie op sy mond geval wees nie, nie sy mond verniet kos gee nie) = wel ter tale wees.  
 Skoenmaker, hou jou by jou lees = bepaal jou by jou eie gebied, vak.  
 Hy weet waar die skoen hom druk = hy weet in watter opsig hy swaar kry.  
 Skoonveld wees = weg wees.  
 Skoor soek = twis soek.  
 'n Skuifmeul kry = 'n kans kry om uit die moeilikheid te kom.  
 Van sit rook die skoorsteen nie = van sit word niks gedoen nie.  
 Sit die skouer aan die wiel = tree kragtig, daadwerklik op.  
 Die argument hou nie meer steek nie = geld nie meer nie, is nie meer waar nie.  
 Daar is 'n skroef los = daar is iets verkeerd.  
 Daar is 'n slang in die gras = daar is onraad.  
 Iemand aan die sleeptou hou = iemand aan 'n lyntjie hou.  
 Dis 'n goeie sluk op 'n bottel = dis 'n hele end gevorder.  
 Met politiek smous = uit politiek probeer voordeel trek.  
 Met snaar en stramboel (tamboer) = te voet.  
 Elkeen soen sy vrou op sy eie manier = elkeen doen 'n ding soos hy verkies.  
 Hy kan nie sien dat die son in 'n ander se water skyn nie = hy is afgunstig.  
 Die son trek water = dit word laat.  
 Alles vir soetkoek opeet = alles glo.  
 Uit die span spring = 'n ander sienswyse toegedaan word.

Die spit afbyt (die gelag betaal) = vir die gevolge verantwoordelik wees.

Spotter se huls brand ook = 'n spotter kom op sy beurt ook in die verleentheid.

Dit loop by die spulgate uit = dit is te erg.

Vier stewels in die lug lê = geweldig val.

Stiefmoederlik behandel = sleg behandel.

'n Stok in die wiel steek = iets verhinder.

Stofwolke opskop = baie raas en min uitvoer.

Op die stopland (stoppelland) of op die rak sit = 'n oujong-nôl wees.

Dit sal jou suur bekom = jy sal daarvoor boet.

Een swael maak nie somer nie = een persoon kan nie veel (goeds) tot stand bring nie.

Jou brood eet in die sweet van jou aangesig = baie swaar 'n bestaan maak.

Saam met die swerm vlieg = met die meerderheid saamgaan.

## T

Met lang tande eet = teensinnig eet.

Sy tande wys (sy maanhaar rys) = hy word kwaad (en gaan weerstand bied).

Hy kan sy testament maar laat maak = hy sal doodgaan.

Tierlantyntjies (fieterjasties) = onnodige versierseltjies.

Hy het tiermelk gedrink = hy is onder die invloed van drank.

Nie op jou tone laat trap nie = jou man staan, jou regte laat geld.

Die beste touleier sit op die voorbok (die beste stuurlui staan aan wal) = diegene wat nie in 'n saak betrokke is nie, kritiseer die beste.

Daar is 'n trekpleister = daar is iemand wat sterk aantrek.

Tred hou = by bly.

Trou is nie perde koop nie = trou is 'n ernstige saak.

Dis pure twak met hom = dit is onsin, hy moet dit nie doen nie.

Jou twak is nat = jy gaan dit nie regkry nie.

## U

Soos 'n uil op 'n kluit = eensaam; hoog en droog.

Uitskei = ophou.

Iemand uitstof = wen.

Elkeen beskou sy uil as 'n valk = elkeen dink sy eie is die beste (hoe swak dit ook al is).

'n Uiltjie knip (knap) = 'n bietjie slaap.

## V

- In iemand se vaalwater (vaarwater) kom = in iemand se gebied kom, en dus bots.
- Leë blikke maak die meeste geraas (veel geskree maar weinig wol) = hoe groter die mond, hoe geringer die daad.
- Met 'n ander se vere pronk (met 'n ander se kalf ploeg) = iets van 'n ander gebruik, en dan daarvoor eer ontvang.
- Velletjies bymekaar gooi (skapies bymekaar jaag) = trou.
- Ver van jou goed, naby jou skade = as jy afwesig is, word jy benadeel.
- Iets verfoes = iets verknoel.
- Iemand iets aan die verstand bring = iemand iets laat verstaan.
- Sy woord verpand = sy woord van eer gee.
- Gee hom die vinger, dan neem hy die hand = hy maak misbruik van jou hulp deur meer te wil hê.
- Lekker is maar 'n vinger lank = plesier is maar kort van duur.
- Lang vingers hê = geneig wees om te steel.
- Die vinger op die wond lê = presies sê waar die moeilikheid is.
- Deur die vingers sien (iets oogluikend toelaat) = toelaat dat dit gebeur (sonder om iets te doen).
- Eerste viool speel = die meeste te sê hê.
- Die vlag stryk = kopgee, jou gewonne gee.
- Twee vlieë in een klap slaan = twee dinge gedoen kry deur een daad.
- 'n Vlieg in die salf = 'n onaangenaamheid wat 'n saak bederwe.
- Vlieë vang = met oop mond sit (dls brommertyd).
- Uit die voete maak = maak dat jy wegkom, vlug.
- Voetslaan = loop.
- So 'n voëltjie hoor fluit ('n windjie hoor waal) = so-liets gehoor.
- Die beste voet voorst = die beste indruk probeer maak.
- Met 'n verkeerde voet uit die bed klim = in 'n slegte bui opstaan.
- Iemand die voet lig = iemand onderkruip.
- Weet hoe die vurk in die steel steek = weet hoe sake staan.

## W

- Voor op die wa = vrypostig.
- Nie warm by die water kom nie = sorg dat jy jou nie vermoel nie.
- Daar warmpies (goed) in sit = welgesteld wees.
- Gods water oor Gods akker laat loop = sake hulle loop laat neem.

Vir wolf skaapwagter maak = 'n onbetroubare persoon verantwoordelik maak.  
 'n Wolf in skaapklere = uiterlik onskadelik, innerlik 'n gevaar.

## Y

Smee die yster solank dit warm is = pak die saak aan solank dit nog vars in die geheue is.  
 'n Ysterperd = 'n fiets.

**Vir die Seniors:**

## A

Wie A sê, moet ook B sê = as jy met 'n saak begin het, moet jy daarmee aanhou.  
 Aanklam of aanlê by 'n meisie = 'n meisie die hof maak.  
 Iets aandik = oordrywe.  
 Hy staan my aan = ek hou van hom.  
 'n Afgod van sy maag maak = te veel eet.  
 Die aftog blaas = ophou.  
 Akkoord gaan met iets = saamstem.  
 Alkant selfkant = dis eenders, dit kom nie op aan nie.  
 'n Man van twaalf ambagte en dertien ongelukke = 'n man wat baie dinge aanpak, maar van alles 'n mislukking maak.  
 'n Appeltjie vir die dors bewaar = iets hou vir die tyd van nood.  
 Jy sal hom nie uit die as wil skop nie = sy uiterlike is baie treurig en onaansienlik.

## B

Baantjies vir boeties = betrekkings vir gunsteling.  
 Die baas maak die plaas = die plaas is net so sleg of so goed soos die baas.  
 'n Geleentheid te baat neem = van 'n kans gebruik maak.  
 As die gety verloop, versit 'n mens die bakens = omstandighede laat jou van opvatting verander.  
 Basta = hou op.  
 Ou bene maak = oud word.  
 Alleen sterk bene kan die weelde dra = om nie deur rykdom bederf te word nie, moet jy 'n sterke persoonlikheid hê.  
 Oor die bult wees = oor die grootste moeilikheid heen wees.  
 Beetneem = fop.  
 'n Beesbak van 'n man = 'n groot man, 'n logge lummel.  
 Die kat die bel aanbind = die uiters gevaarlike werk doen.

- Die berg sal 'n muisie baar = hierdie grotigheid sal maar 'n klein gevolg hê.
- Niemand is so blind as dié wat nie wil sien nie = as jy nie iets wil insien nie, sal niemand jou dit laat insien nie.
- Daardie voorreg is hom nie beskore nie = dit is hom nie gegun nie.
- Kwaad bloed sit = kwaad stook.
- Bloed tap uit 'n klip = geld probeer kry van iemand wat niks het nie.
- 'n Blou skeen kry ('n bloutjie loop) = deur 'n dame geweier word.
- Moenie die boer die kuns afvra nie = moenie vra hoe dit gedoen word nie.
- Hy kan nie bokkem braai nie = hy kan die maklikste ding nie doen nie.
- 'n Droë bokkem = 'n droë, oninteressante persoon.
- Hoë bome vang baie wind = invloedryke mense kry baie kritiek.
- Vanweë die bome nie die bos sien nie = so konsentreer op besonderhede dat jy die geheel nie sien nie.
- Agter die bos getroud = saamleef sonder om wettig getroud te wees.
- Die bordjies is verhang = toestande is nou anders (die vroeëre wenners verloor nou).
- Iemand 'n brander stuur = iemand 'n kwaal brief (veral oor skuld) stuur.
- Die vrou dra die broek (hy staan onder die pantoffel-regering) = die vrou is die baas.
- Hy het daaraan 'n broertjie dood = hy haat dit.
- Van iets buikvol wees = van iets sat wees.

## C

Die rondte van Vader Cloete doen = rondgaan om mense te groet.

## D

- Iemand opdreun tot by Oom Daantjie in die kalwerhok = iemand terdeë te lyf gaan (letterlik en figuurlik).
- Daar kom dadels van = daar kom niks van nie.
- Dennekwaste saag = snork.
- Elkeen is 'n dief in sy nering = elkeen is maar skelm in sy beroep.
- Hy sit daar dik of warmples in (hy het sy skapies op die droge, hy het pitte) = hy is welgesteld.
- 'n Dowe kwartel = 'n baie dowe persoon.
- Ridder van die droewige figuur = 'n persoon wat 'n treurige, belaglike figuur slaan.

Die draak steek = die gek skeer.  
 Geen bloue duit besit nie = niks besit nie.

## E

Sy eersgeboortereg vir 'n bord lenslesop verkoop = wat vir jou dierbaar behoort te wees, laag skat en maklik van die hand sit.

Ridder van die el = 'n kleremaker.

Dit gee elenskap = dit spreek vanself.

'n Esel stoot hom nie twee maal aan dieselfde klip nie = 'n mens begaan nie twee keer dieselfde flater nie.

## F

Moenie sê: „Fonteintjie, ek sal nie weer van jou drink nie” = jy weet nooit of jy weer 'n persoon sal nodig kry nie.

## G

Jou pen in gal doop = baie verbitterd wees.

'n Gat in die kop praat = ompraat.

Gehoorsaamheid is beter as offerande = dit is beter om gehoorsaam te wees as om gawes te bring.

Geskore wees = ongerief uitstaan.

Veel geskreu maar weinig wol = 'n groot mond maar min betekenis.

Dis vir my Grieks = ek verstaan daar niks van nie.

Die groot meneer uithang = vir jou grootman hou.

## H

Elke haan is koning op sy eie mishoop = elkeen is sterk op sy eie gebied.

Hy moes haarlaat = hy moes dit ontgeld.

Hulle sit mekaar in die hare = hulle twis gedurig.

Om hare te klowe = oor beuselagtighede stry.

Vir jou 'n ongerief op die nek of hals haal = self oorsaak wees van jou ongeluk.

Met hals en mag = met alle krag en geweld.

Tot handtastelikhede kom (handgemeen raak) = slaags raak, baklei.

Die hand bo iemand se hoof hou = iemand beskerm.

Die hand in eie boesem steek = jouself ondersoek.

Iemand vir 'n handperd aanhou = iemand as 'n vriend hou om hom te gebruik net wanneer jy hom nodig het.

'n Hanetreetjie = 'n klein entjie.

Op die heining (draad) sit (vis nog vlees) = nie party kies nie.

Baie hondē is 'n haas se dood = teen 'n oormag is niemand op die duur bestand nie.

Goed om die dood te gaan haal = baie stadig.

Die hof maak = 'n dame besoek, haar hand probeer wen (vry).

Die hoogste woord voer = die meeste te sê hê, die meeste gesag hê.

Jou eie honde byt jou die seerste = jou eie (mense) kan jou die meeste beledig of die meeste hartseer aandoen.

Nie om die hond nie, maar om die halsbandjie = nie om die doel wat voorgegee word nie, maar eintlik om iets anders.

Jou hart aan iets ophaal = jou oor iets verbly.

Kwaai honde byt mekaar nie = sterk teenstanders meet nie graag kragte nie (uit vrees vir wat sal gebeur).

Van iets heelhuids afkom = ongedeerd van iets afkom.

'n Naald in 'n hooimied soek = 'n onmoontlike onderneming aanpak, jy sal dit nie vind nie.

Die hond in die pot vind = na die maaltyd kom.

## I

Oorhoop wees met iemand = kwaai vriende wees.

Dit vorm skering en inslag = dit is alles, die allerbelangrikste in die saak.

## J

'n Klein jukskei met 'n groot kop = iemand wat jy vir enige soort werk kan gebruik.

## K

Daar kaal van afkom = heeltemal aan die kortste end wees.

Die keersy van die penning = die ander (donker) kant van die saak.

Die wysheid is in die kan = hy is dronk.

Die kar voor die perde span = agterstevoor te werk gaan.

Snags is alle katte grou = in die donker is alle meisies eenders.

Sy keteltjie by 'n ander se vuur sit = voordeel trek van 'n ander.

Sy kerk (blus) is uit = dis klaarpraat met hom.

Dit is alles kerriekruie = dit is onsin.

Die kind met die badwater weggooi = die goeie van 'n saak met die slegte verwerp.

Iets kleinkry = iets begryp.

Iemand kleinkry = iemand mislei, fop, flous.

Die kluts kwyt wees (die spoor byster) = heeltemal verkeerd in jou opvatting wees.

- Iemand met 'n kluitjie in die riet stuur = iemand met mooi woorde paal.
- Knolle vir sitroene verkoop = mislel, bedrieg.
- Die knoop sit aan die end van die riem = die moelikhede is aan die end.
- Die knop inhê = bedroë wees.
- Oor koeltjies en kalfies praat = onsin praat, oor beuselagtighede praat.
- Kommandeer jou honde en blaf self = order ander rond, maar doen self jou werk.
- Die kool is die sous nie werd nie = die beloning is nie al die moeite werd nie.
- Sy kop stamp (sy rieme styfloop, dit bekom hom suur, hy loop hom vas) = hy kom (groot) moelikhede teë.
- Jou koring staan ook nog groen op jou land = moenie kritiseer nie; dieselfde lot mag jou ook nog tref. (Jou kinders is ook nog klein).
- Met die kous oor die kop terugkom = verloor.
- Die kinderskoene ontwasse = groot, volwasse.
- 'n Vlieënde kraal het altyd wat = iemand wat rondgaan, kry altyd iets.
- Die kreeftegang gaan = agteruit gaan.
- Aan die krip staan ('n kripvreter wees) = in die regeringsdiens wees.
- Jou kruit droog hou = jou gereed hou vir 'n goeie verdediging of verweer.
- Kierang (kurang, tjierang) speel = skelm speel.

## L

- Die lakens uitdeel = reël asof jy die baas is.
- 'n Lans vir iemand breek = vir iemand 'n goeie woordjie doen.
- Die lendene omgord = klaarmaak vir die stryd.
- Lepel in die dak steek (die emmer omskop, die moord steek, bokveld-toe gaan) = doodgaan (in die growwe sin, wyl „ontslaap”, „die weg van alle vlees gaan”, „die tydelike met die ewige verwissel” weer die eufemistiese gebruik aandui).
- 'n Leuen het maar 'n kort been (al loop die leuen nog so snel, die waarheid agterhaal hom wel) = 'n leuen word altyd ontdek.
- Iemand lie maak = maak of jy iets doen en dit dan tog nie doen nie, verleë maak.
- Die ller aan die wilg hang = ophou met dig (ophou met musiek maak).
- Laat jou linkerhand nie weet wat jou regter- doen nie = doen jou liefdadigheid in die stilte.

Groot lantern, weinig lig = word gesê as iemand in jou lig staan.

Links laat lê = laat staan.

Lekker is maar 'n vinger lank = „lekker” is oppervlakkig en kort van duur.

Die loef afsteek = die plan verydel.

Vir jou doodluiters hou = doodonskuldig hou.

### M

Iets op jou maag skrywe (en met jou hemp doodvee) = jy sal dit nie kry nie.

Twee harde stene maal nie = twee harde-koppe kom nie oor die weg nie.

Met die maan geplaag ('n krakie of 'n streep hê, van lotjie getik wees, nie al jōu varkies (skapies) in die hok (kraal) hê nie) = half-mal wees.

'n Man uit een stuk ('n man van sesse klaar) = 'n pure man. Sien dat jy jou eie mas opkry = self sien dat jy dit gedoen kry.

Die mes op jou eie keel sit = jou eie ondergang bewerk.

Gods meul maal langsaam (maar seker) = die Heer se straf kom stadig maar gewis.

Met iemand kort mette (proses) maak = drasties optree teenoor iemand.

### N

Iemand die nek vol lieg = baie lieg.

Met die Noorderson vertrek = onverwags en sonder verlof of kennisgewing weggaan.

Werk dat jy die kromme note haal = baie hard werk.

### O

Oop-en-toe aankom = aangehardloop kom.

Die ondeuendheid sit vuistedik agter die ore = hy is baie ondeuend.

Ek sal nie pa staan vir die kind nie = ek sal nie instaan vir die waarheid van die saak nie.

Jou opwagting maak = jou verskyning maak.

Jy moet opdok = jy word verantwoordelik gehou.

### P

Van 'n padda vere probeer pluk = geld van iemand probeer kry wat niks het nie.

Iemand iets met 'n papepel ingee = iemand iets baie eenvoudig aan die verstand bring.

My geheue speel my parte = my geheue laat my in die steek.  
 Jy kan 'n perd by die water bring, maar nie laat suip nie =  
 jy kan 'n mens net tot 'n sekere mate dwing.  
 Die pil verguld = 'n onaangename saak probeer veraange-  
 naam.  
 Met hangpootjies aankom = vleiend-verleë aankom.  
 Die pot verteer = die gelag betaal.  
 Dieselfde poeding met 'n ander sous = dieselfde ding in 'n  
 ander vorm.  
 Daar is geen pot te skeef vir 'n deksel nie = selfs die lelikste  
 meisie kry 'n man.  
 Praatjies vir die vaak (kletspraatjies) = onsin.  
 Is Saul ook onder die profete = word gesê as iemand in 'n  
 kring (veral 'n goeie) aangetref word waar jy hom nie  
 verwag nie.

## R

Vir jou ram-uitnek (rammetjie-uitnek, hardekoejawel) hou  
 = jou grootman hou.  
 Iemand rugsteun = iemand sterk ondersteun.

## S

Sak, Sarel! = moenie so oordryf nie.  
 Die hele sissewinkel = die hele boel.  
 Een brandsiek skaap steek die hele trop aan = een persoon  
 van slegte gedrag bederf die hele omgewing.  
 Dis wis en seker = dis absoluut seker.  
 Die neusie van die salm = die beste gedeelte.  
 Met jou siel onder die arm loop = van verveling nie weet wat  
 om te doen nie.  
 'n Sieltjie sonder sorg = 'n persoon met 'n onbekommerde  
 lewe.  
 Skoonskip maak = alles verkoop wat jy besit.  
 By my siks (kool, siel) = gedoriewaar, so waarlik waar.  
 'n Slag om die elmboog hê = met bedrog te werk gaan.  
 Jou skepe agter jou verbrand = jou ontkom-kans vernietig,  
 sodat jy iets moet doen.  
 Sabander in die wapad = loop, hardloop.  
 Dit is by hom maar skraalhans = hy is maar behoefstig.  
 Skoe(r)t = laat vat, maak dat jy wegkom.  
 Uit die staanspoor uit = van die begin af.  
 Die skip van die woestyn = die kameel.  
 Dit slaan in by mense = hulle hou daarvan, dit maak indruk.  
 Soetbroodjies bak (flikfloodi) = mooipraat, vleitaal gebruik.  
 Laat spaander (spat) = weghardloop (loop).  
 Springmiere = vlooië.

Dit kom hom te stade = dit kom hom vanpas.  
 'n Strepie voor hê = verder gevorderd wees.  
 Op stuk van sake = per slot van rekening.  
 Die stoute skoene aantrek = baie waag.  
 Van stukkie tot brokkie = van begin tot end.  
 Goed van stapel loop = goed begin.  
 Die strydbyl begrawe = ophou met baklei.  
 Suiwer uit = absoluut, heeltemal.  
 Daar loop suurlermoensap deur = daar word met bedrog gewerk.

## T

Iemand se tee bitter maak = iemand se plan verydel (veral by 'n meisie).  
 Die teerling is gewerp (die koeël is deur die kerk) = die ding is gedoen.  
 Die tafele van God = die tien gebooie.  
 Iemand tromp-op loop = iemand (ontakvol) aanval (ook figuurlik).  
 Sy turf sit (sy twak is nat) = hy kry dit nie reg nie, hy kry dit moeilik.

## U

'n Ui tap = 'n grap maak.  
 'n Uithaler-kêrel = 'n pure man.  
 Uitgeknip (uitgedruk) sy pa = net soos (kompleet) sy pa.  
 Uitkruip vir jou suiker = vir jouself moet sorg, sien dat jy regkom.  
 Iets uitlap (uitblaker) = aan die wêreld verkondig, verklap.  
 Jou vir 'n ander uittrek = baie vir 'n ander opoffer (oorhê).

## V

Die swakke vat (die skone sekse) = die vrou.  
 Die vingers verbrand = in die moeilikheid kom (deur inmen-  
 ging in 'n ander se sake).  
 Venyn braak = baie bitsig wees.  
 Dit by iemand verkerf = by iemand verantwoording moet doen.  
 Die versene teen die prikkels slaan = jou teen 'n onverbidde-  
 like saak verset.  
 Met vlieënde vaandels = met oorwinning.  
 Vlerk sleep (sy skene word rooi, hy hou hom latjiebeen, sy lyf wolhaar hou) = hy bewys dames baie attensie.  
 Hoër vlieg as sy vlerke lank is = te weelderig vir sy vermoë lewe.

- Sy vlerke is geknip (gekortwiek wees) = sy mag is gebreek.  
 Die vlieër gaan nie op nie = dit blyk geen sukses te wees nie, dit beantwoord nie.  
 Soos 'n hand vol vlieë = onseker, van min betekenis.  
 Die voelhorings uitsteek = probeer uitvind hoe dit met 'n saak gesteld is.  
 Ek het die voëltjie al meer hoor fluit = ek het dit al vantevore gehoor.  
 Voet in die wind slaan = weghardloop.  
 Vir jou uit die voete maak = weggaan, vlug.  
 Uit iemand se vonke bly = 'n botsing met iemand vermy.  
 Iemand voorhaak = iemand met geld help.  
 Sla is jou voorland = jy sal seker geslaan word.  
 Moenie voorspooksels maak nie = moenie vooraf mislukking verwag en voorspel nie.  
 Geld verduister = geld oneerlik in die hande kry (deur valse boekhouery, of verkeerde naamtekening).  
 Dis na dit val = dis net soos dit kom.  
 Die vlerskaar span = die oordeel vel, in die gerig tree.  
 Jy kan nie vuis maak sonder hand nie (jy kan nie yster met hande breek nie) = jy kan nie die onmoontlike doen nie.  
 Die vuurdoop ontvang = 'n geweldige toets deurstaan (vir die eerste keer iets moeiliks doen).  
 Die naaste by die vuur sit = die meeste voordeel trek.  
 'n Kooltjie vuur kom haal = 'n haastige besoek kom aflê.

## W

- Om die waarheid te sê, moet ek lieg = ek kan regtig nie met sekerheid sê nie.  
 Die kop bo water hou = net nie ten onder gaan nie, net lewe.  
 'n Pure witman = 'n „gentleman”, 'n gawe kêrel.  
 Die waterlanders kom = die trane vloei.  
 Dit sal hom nie windelers lê nie = dit sal vir hom groot profyt beteken.  
 Met die honde blaf, en die wolwe huil = met almal saampraat.  
 Wors in 'n hondestal soek = iets soek waar jy dit nie sal kry nie.  
 Goeie wyn het g'n krans nodig nie = 'n goeie saak adverteer homself.

## Y

- Die ys breek = 'n moeilike gesprek begin.  
 Ysterklou in die grond slaan = weghardloop (weerstand bied).

**Idiome en Rym:**

Dit is interessant om na te gaan watter belangrike rol rym in ons idiome speel. Somtyds is dit net die beginklanke wat ooreenstem („alliterasie” soos dit genoem word) soos in die volgende:

Iemand bedrieg sonder te blik of te bloos = sonder om skaam te word.

Bak en brou soos jy wil = maak soos jy wil.

Dit gaan tussen die boom en die bas = middelmatig.

Die gewoonte maak die gewente = gewoonte word tweede natuur.

Sy lus en sy lewe = sy alles.

Hy het kind nog kraai = hoegenaamd niks.

Belas en belade wees = vol sorg wees.

Ons het taal nog tyding ontvang = niks gehoor nie.

Lief en leed saam deurmaak = soet en suur saam geniet.

Die vader het die seun pimpel en pers geslaan = bont en blou geslaan.

Kant en klaar wees = heeltemal klaar wees.

Op stel en sprong = haastig.

Hy is vis nog vlees = hy kies nie openlik party nie.

Die seun is die moeder se staf en steun = die seun is die persoon wat vir die moeder sorg.

Sonder slag of stoot oorgee = sonder weerstand oorgee.

Ek sal dit doen, buie of bars = al gebeur wat ook.

Hy is vuur en vlam vir die saak = hy is baie geesdriftig vir die saak.

Rus roes = van te veel rus versleg 'n mens.

Trane met tuite huil = baie huil.

Aan iets paal en perk stel = iets beperk.

Wik en weeg = heen en weer prakseer voor jy besluit.

Hy lewe van gunste en gawe = van wat mense hom gee.

Die gort is gaar = die koeël is deur die kerk, die saak is beklonke.

Arbeid adel = werk veredel 'n mens.

Dis klaar met Kees = dis klaarpraat (die gort is gaar).

Blomme te kus en te keur = baie blomme.

Alles is in rep en roer = deurmekaar.

Daarvan so min weet soos die man in die maan = daar niks van weet nie.

Wel en wee = lief en leed.

Hy sprak geen sprook = sê niks.

Iemand met stokke en swaarde nie wegkry nie = met geen mag ter wêreld nie.

Pens en pootjies (in die bed klim) = met voete en al (miskien ook skoene en klere).

Deur dik en dun = deur maklike en moeilike ondervindings.  
 Iets dubbel en dwars verdien = heeltemal verdien.  
 Dou-voor-dag = vroeg.  
 Kort maar kragtig = kort maar pittig.  
 Iemand wild en wakker skree = iemand baie (rond) skree.  
 Hot en haar = links en regs.  
 Gesteweld en gespoord kom = (fyn) uitgedos aankom.  
 Deur skade en skande word 'n mens wys = deur sware onder-  
 vinding doen jy wysheid op.  
 Met stampe en stote = sukkelend.  
 Dis sus en so = dis hier te kort en daar te lank.

**In die volgende gevalle is dit weer die slotklanke wat rym:**

Donkerwerk is konkelwerk = in die donker knoel jy.  
 Besin eer jy begin = dink voor jy begin.  
 Met dapper en stapper = te voet.  
 Elke huis het sy kruis = elke huis het sy moeilikheid.  
 Elke hart het sy smart = elke mens het sy moeilikheid.  
 Met hand en tand beveg = met alle mag beveg.  
 Romp en stomp verkoop = alles verkoop.  
 Maak 'n onderskeid tussen myn en dyn = tussen myne en  
 joue.  
 Raap en skraap = bymekaar soek.  
 Steen en been kla = baie kla.  
 Sy handel en wandel = sy doen en late.  
 Stank vir dank kry = ondank i.p.v. dank kry.  
 Met sak en pak vertrek = met alles.  
 Lieg en bedrieg = oneerlik wees.  
 Herwaarts en derwaarts = hiernatoe en daarnatoe.  
 Hoe later hoe kwater = hoe later, hoe beter.  
 Geld wat stom is, maak reg wat krom is = geld bedek baie  
 gebreke.  
 Geleentheid gee geneentheid = die kans wek die begeerte.  
 Van die hand tot die mond val die pap op die grond = jou  
 planne word dikwels verydel as jy byna jou doel bereik  
 het.  
 Dis vinkel en koljander; die een is soos die ander = dis maar  
 eenders.  
 Teen heug en meug = teen wil en dank.  
 Met huidjie en muidjie = met alles.  
 Iets hand en tand beveg = met alle moontlike middele beveg.  
 Hoe geleerder, hoe verkeerder = hoe geleerder, hoe onver-  
 standiger (dikwels).  
 Die een dag fiks, die ander dag niks = die een dag iets en die  
 ander dag niks.  
 Na vrolikheid kom olikheid = na plesier kom soms treurig-  
 heid.

- Dit smaak na teer; ek lus nog meer = dit is so lekker dat ek nog wil hê.
- Erfgeld is swerfgeld = geld wat jy geërf het, word gou verkwis.
- Elke gek het sy gebrek = elke mens het sy tekortkoming.
- Land en sand aanmekaar praat = aanhou met praat sonder ophou.
- Kort en dik en ongeskik = baie geset.
- Hoe groter gees, hoe groter bees = hoe meer verstand, hoe minder verfyndheid.
- Les bes = laaste maar nie minste nie.
- Voedsel en deksel = kos en klere.
- Van die hak op die tak spring = van die een punt (of onderwerp) op die ander.
- Rond en bont staan = orals rond staan.
- Iemand hiet en gebled = iemand links en regs beveel (order).
- Nie handvol nie maar landvol = nie min nie, maar volop.
- Ou kalant, lank in die land = 'n ou vabond, 'n geslepe persoon.
- Hoe kaler, hoe rojaler = hoe armer, hoe spandabelriger.
- Die koffie drink soos die kan dit skink = met iets tevrede wees soos jy dit ontvang.
- Ek meneer en jy meneer, wie sal dan die wa moet smeer = as almal hoë posisies wil beklee, wie doen dan handewerk?
- Hoe kaler jonker, hoe groter pronker = hoe armer, hoe windmakerder.
- 'n Man van toet, was hy beter dan was hy goed = 'n niksbeduidende persoon.
- Hoe rooier, hoe mooder; of 'n oulap se rooi maak mooi = 'n bietjie rooi trek aandag.
- Met raad en daad bystaan = van advies en hulp bedien.
- Hy is tingerig maar dwingerig = hoewel hy klein van persoon is, kan hy sy man staan.
- Maer maar daar = hy is maer, maar pure man.
- Wat jonk is speel graag, wat oud is neul graag = jong mense speel graag, en oues lol.
- Mooiheid vergaan, maar deug bly staan = deug alleen is onverganklik.
- 'n Vrou dra meer uit met 'n lepel as 'n man inbring met 'n skepel = deur bietjies-bietjies te mors verkwis 'n vrou meer as 'n man in groter hoeveelhede verdien.
- Plesier is nes 'n jong komkommer; pluk jy hom, verlep hy sommer = plesier vergaan baie gou.
- Myn en dyn = myne en joune.
- Tjok en blok = baie vol.
- Al dra 'n aap 'n goue ring, hy bly tog maar 'n lelike ding = lelike mense word nie deur uiterlikhede mooi gemaak nie.

- Woorde wek; voorbeelde trek = met jou gedrag oefen jy meer invloed uit as met jou woorde.
- Die mens wlk; God beskik = die mens oorweeg wel hoe om dinge te doen, maar God bestier tog ons weë.
- Eers baas, dan Klaas = eers die baas en dan die bediende (mindere).
- Amper is nog nie stamper = amper is nog nie heeltemal nie, Gou by die bak; lui by die vak = gou om te eet, maar stadig om te werk.
- Bitter in die mond maak die hart gesond = onaangename dinge is dikwels goed vir jou karakter.
- Dis laaste sien van die blikkantien = jy sal hom nooit weer sien nie.
- Boontjie kry sy loontjie = 'n mens kry gewoonlik sy loon of straf.
- Die een se dood is die ander se brood = wat die een benadeel of vernietig, bevoordeel die ander.
- Die bruid is in die skuit; nou is die mooi praatjies uit = na die huwelik praat mense dikwels nie so mooi soos daarvoor nie.
- Jakkals verander van hare maar nie van snare nie = 'n skelm mens verander uiterlik maar nie innerlik nie.
- Jakkals trou met wolf se vrou = die son skyn terwyl dit reën.
- Eers die koutjie, dan die vroutjie = eers die huis en dan die vrou.
- Die môre stond het goud in die mond = soggens vroeg voer jy baie uit.
- Son in die Weste, lulaard op sy beste = as dit laat word, is die lulaard die fluksste.
- Hoog en droog sit = sedig (en eensaam) sit.
- Haastigheid is lastigheid (hoe meer haas, hoe minder spoed) = hoe haastiger jy is, hoe minder voer jy dikwels uit.
- Vra is vry en weier daarby = jy mag wel enige ding vra, maar dit kan jou ook geweler word.
- Eksie perfeksie = presies, net.
- Goed en bloed opoffer = alles opoffer.
- Praatjies vul nie gaatjies nie = 'n gepraat sonder daade maak niks reg nie.

**Die Volk as Skepper van Idiome:**

Ons volk het deur die eeue heen al baie idiome geskep wat in Nederlands onbekend was en is. Dink maar wat het die ossewa en die wingerdstok vir ons gebring. Hieruit volg dit dus dat die proses van idioom-vorming van geslag tot geslag voortgaan. Oues raak in onbruik, en splinternuwes word in die oorspronklike volksiel gebore. Idiome wat eers *beperkte* bekendheid geniet het, verower later die **hele** spraakgebied. Dit is dus maar 'n moeilike saak om vas te stel of 'n idioom nou wel standaard is of nie. Hier volg bv. 'n paar wat eers taamlik beperk in gebruik was, maar nou (miskien) heeltemal algemeen bekend is:

Dis nie altemit nie (dis wis en seker) = dis absoluut seker.

Vir iemand naald steek = iemand voorberei (om iets te verwag).

Hy moes dit opsluit hê = hy moes dit beslis hê.

Toe ek my kom kry, het ek dit gedoen = toe ek bewus word, het . . . .

Hulle het geld lank = hulle het baie geld.

Ons speel op 'n akkoord = ons speel lekker.

Sommer uit wans uit = sommer uit die staanspoor uit.

Iemand kis of disnis loop = iemand heeltemal oorrumpel.

Inkojewel (inskottel) = van min betekenis.

Pure perd wees = sommer pure man wees.

Is jou pa glasmaker? = ek kan nie deur jou sien nie (gee pad uit my lig of son uit).

So hittete = so byna (nie).

Jy sal 'n lelike pyp rook = dit sal jou suur bekom.

Jy is hoeka maar swak = jy is reeds, buitendien maar swak.

Moenie laat sleglê nie = sit jou teë, doen wat jy kan.

Dit gaan so op 'n manier = nie te sleg nie en nie te goed nie.

Jy bedrieg my een-manler = al die tyd, hoeka.

Sy gó is uit = hy is flou.

Nie vandag (gister) se kind nie = gevorderd in jare.

Esse gool = draaie maak.

Skoonveld = weg.

As ek dit wel het = as ek my nie misgis nie.

'n Ongepoetste (a)artappel = 'n onbeskofte mens.

Tel op jou voete = loop gou.

Voete kry = wegraak.

Inkruip by iemand = iemand se guns probeer kry.

Iemand (bloots) ry = iemand laat ontgeld, gewaar.

Dis klaarpraat = daar is niks meer aan te doen nie.

Dit kos 'n oulap en 'n bokstert = baie min, 'n kleinigheid.

Uitskei = ophou.

Jy vat die woorde uit my mond uit = net toe ek dit wou sê, sê jy dit.

Ek maak dit nie = ek kry dit nie reg nie.

Dit het een skoot gebeur = een slag.

Jy moet trap (laat vat) = loop.

Hy het nie 'n lui haar op sy kop nie = hy is fluks.

Sy oë is groter as sy maag = hy het meer kos geskep as hy kan baasraak.

Dis 'n boek = dis absoluut seker.

Die dood op die lyf ja = geweldig laat skrik.

Grond koop = val.

'n Ou patroon = 'n „ouderwetse” kind.

Uitgeslaap wees = geslepe wees.

Ek sal dit enige tyd (dag) doen = ek sal dit graag, gewilliglik doen.

Môre-oormôre = een van die dae.

Pitte hê = geld hê.

Dis daarnatoe = dit maak nie verder saak nie.

Die vrou dra die broek = sy is die baas.

Ons is hier op die baie interessante gebied van die volkstaal, en veral die senior leerlinge kan niks beters doen as om interessante uitdrukkings uit die spreektaal van hulle omgewing aan te teken nie. As ons dit met al ons taalwerk wil doen, sal ons taallesse begin lewe. Ons sal benewens verrykende oorspronklikheid ook plathede en wangebruike van die korrekte teë kom, wat alles die studie meer lonend sal maak. Ons voor aan en die leerling kan voortgaan:

Wie skrik vir koue pa(m)poen? = wie skrik vir so 'n onbeduidende mens?

Natneuse = osse, honde.

Laatvye = donkies.

Hoopsit = vastrap.

Klopdisselboom gaan = goed gaan.

Dik (met mekaar) wees = goed bevriend wees.

Dit sal nie 'n vaalkol maak nie = dit sal nie saak maak nie.

Smeer jou lyf vet = maak jou klaar vir 'n pak.

Dis maar klaar = seker.

'n Heel kêrel = 'n gawe, pure man.

Dis eintlik my kos = ek doen dit graag en goed.

Hy is omgekrap (omgesukkel, omgeëllie) = wat hy doen, doen hy buitengewoon, gaaf, goed.

Harde baard skeer = nie meer 'n kind nie.

Nie sommer se man nie = pure man.

Iemand iets voor die kop gooi = verwyf.

Die tyd en dae = destyds.

'n Los hotnot = sonder die band van 'n verhouding of die huwelik.

Murg in jou pype hê = sterk wees.

Die oog = die kroeg.  
 Kophou = kalm bly.  
 Opskud = maak gou.

Voordat ons finaal van idiome afstap, moet ons weer beklemtoon dat dit tot 'n groot mate die gebied van die wisselende volkstaal is wat, hoe interessant dit ook al mag wees, onmoontlik volledig kan bespreek word. Ons tref individuele verskille, streekverskille, beroepsverskille en standsverskille aan. Leerlinge moet maar baie mooi luister na die interessante maniere waarop ons taal veral in ongekunstelde geselskappe gebruik word, waar die betekenis so dikwels afhang net van die manier waarop iets gesê word. Hoeveel betekenis kan nie aan „dis seker so”, „'n moeilike man”, „maar waar was jy”, „ek sal daarvoor hartlik bedank”, „jy moet laat ek jou kom haal” geheg word nie? Voorwaar 'n grenselose studieveld!

## HOOFSTUK VII

### Taalsuiwerheid en Anglismes

Dit is seker makliker om voorbeelde van **onsuiwerheid** as **suiwerheid** aan te haal, hoewel dit so vanselfsprekend is dat kunstenaars se styl betreklik suiwer behoort te wees. In 'n tyd waarin daar 'n geweldige wisselwerking tussen verskillende tale, literature en kulture is, moet **purisme**, daardie stroming wat absolute **suiwerheid** voorstaan, noodwendig 'n baie relatiewe begrip bly, want ontwikkeling maak allerhande -ismes soms gebledend noodsaaklik. Die absolute puris stuur dan ook aan op 'n armoedige engeheid en kulturele stagnasie. Daarby moet ons in gedagte hou dat baie uitdrukkinge wat bv. vandag as **anglismes** beskou word, in die klassieke hulle oorsprong het en van oudsher as gemeengoed beskou is.

Natuurlik moet ons waak teen die onnodige instroming van vreemde invloede, want dit is enersyds seker 'n kwessie van **nasionale selfbewussyn en trots**, en andersyds 'n kwessie van waking teen **taalverbastering en -ontsiering**. 'n Gesonde uitgangspunt is dan seker dat ons beslis nie moet ontleen, as die eie toereikend is nie, maar dat ons in gevalle van werklike armoede nie uit enge vaderlandsliefde verrykende ontlenings oor die hoof moet sien nie.

Hier is dit seker raadsaam dat die skool en ander onderwysende faktore maar hulle remmende invloed ten gunste van die eie moet laat geld; dan sal ons weldra daardie moeilikheid, dat die eie vreemd en „geleerd” klink, oorwin. Dit is buitendien vertroostend om te dink dat baie tipies Afrikaanse woorde en uitdrukkinge wat 'n kwart eeu gelede vreemd geklink het, dank sy die moedige bouliede, vandag nie meer vreemd klink nie.

Daar is drie maniere waarop ons kan te werk gaan, as ons eie ons in die steek laat: (a) Ons kan direk en onveranderd ontleen, (b) ons kan die ontlening vervorm en 'n Afrikaanse baadjie aantrek, en (c) ons kan self skep. Die eerste twee noem ons **Leenwoorde** en **Bastervorme** onderskeidelik, as dit een aparte woord (in teenstelling met 'n bepaalde uitdrukking — **idiomaties** of andersins) is, en dit moet veral in die geval van **Engelse** invloed nie verwar word met **Anglismes** nie, wat 'n *letterlike, direkte Afrikaanse vertaling uit die Engels van 'n bepaald*

*sinswending, uitdrukking, segswyse of idioom is*, waarvoor daar wel 'n ekwiwalent in Afrikaans of in Nederlands bestaan. Soms, soos in die geval van „in tyd” i.p.v. „op tyd” geld dit wel een woord, maar dit kan tog nie soos „gentleman” as 'n leenwoord beskou word nie, omdat dit hier die woord in 'n *bepaalde verband* geld. Die ander -ismes behalwe anglisismes word dikwels onnodig verwar met bastervorme en leenwoorde. Dit sal die saak vereenvoudig as -ismes (behalwe argaïsmes en neologismes wat ons later behandel) as vreemde invloed op die **idioom** (in die breë sin) beskou word, **Leenwoorde** as *direkte ontleninge* en **Bastervorme** as veranderde of *verafrikaanse leenwoorde*. Dus is „tyd is op” 'n -isme (anglisme in dié geval), „gentleman” 'n leenwoord en „brekfis” 'n bastervorm.

Maar ons moet terugkeer tot ons drie maniere van „taalkundig” steel: al drie maniere is dikwels goed. Aan eie skeppinge sal ons bepaald om kulturele redes die voorkeur gee, maar woorde soos „stortbad” en „pypkan” word selfs deur die vindingryke Afrikaner nie in een dag „geskep” nie. Voorts is baster-vorme tot 'n mate 'n taalkundige mode en soms 'n noodsaaklikheid, maar aan die ander kant is die vertaling en verandering van woorde soos „biefstuk” 'n bietjie gesog, terwyl internasionale woorde soos „restaurant” hulle nie laat verafrikaans nie; daarom is dit verstandig om sulke woorde (en miskien ook eiename in hulle oorspronklike vorm te behou soos die geval met „gentleman”, „prestige”, „garage”, „George”, „Kingwilliamstown” en „Queenstown”).

Daar het in die loop van die eeue baie tale hulle spore gelaat op ons taal; sommige soos Grieks en Latyn het destyds Nederlands, ons ouer, beïnvloed; en ons, die kind, het die woorde met invloed en al oorgeërf; maar baie invloede het hier eers na 1652 ingesluip. Engelse invloede (soos verduidelik) noem ons **Anglisismes**, die Duitse **Germanismes**, die Franse **Gallisismes**, die Griekse **Graesismes**, die Latynse **Latinismes**, die Hebreuse (in ons geval idiomatiese uitdrukkinge aan die Bybel ontleen) **Hebraïsmes** en die Nederlandse **Nederlandismes**.

Aangesien Nederlands ons taalmoeder is, kan ons alleen van **Nederlandismes** praat in die sin van tipiese Nederlandse uitdrukkinge in Afrikaans soos „lets daarop nahou”, „sy toespraak het nie veel om die lyf nie”, „dit doen aardig aan” ens. Of hierdie soort uitdrukking erkenning in Afrikaans het, is 'n ander vraag. In die gewone omgangstaal word hulle gewoonlik omskryf.

Die ander -ismes behalwe Anglisismes is nie so belangrik, dat hulle breedvoerige bespreking nodig het nie. Anglisismes is verreweg ons belangrikste -isme. Aangesien ons die ander aspekte van die saak al aangeraak het, bly daar nou nog net die populêre Anglisismes oor om behandel te word:

## A

All the field was ablaze.

To answer a letter.  
To look after somebody.

He is anxious to do it.  
Apart from that I don't  
know.

After all.  
Come after school.  
After you please.  
Make an application.

To be called after your  
father.

Die hele veld was aan die  
brand.

'n Brief beantwoord.  
Na iemand kyk, iemand  
oppas.

Hy is gretig om dit te doen.  
Afgesien daarvan weet ek  
nie.

Na alles.  
Kom na skool.  
Na jou asseblief.  
Aansoek doen (om 'n betrek-  
king).

Na jou pa heet.

## B

To turn your back on some-  
body.

A week back.  
To do business  
To go to town on business.  
You had better do it.  
The better of the two.  
He blows his own trumpet.

His bark is worse than his  
bite.

Darter Brothers.  
Bad debts.  
Behind the times.  
What do you mean by that?  
Multiply by  
The harvest brought up  
well.  
Blood is thicker than water.

To book seats.  
To be in the same boat.  
To be in the teacher's good  
books.

A brave man.

Iemand die rug toekeer.

'n Week gelede.  
Sake doen, handel met.  
Vir sake na die stad gaan.  
Jy moet dit liewers doen.  
Die beste een van die twee.  
Jakkals prys sy eie stert, hy  
blaas sy eie basuin.

Blaffende honde byt nie.

Gebroeders Darter.  
Doole skuld(e).  
Outyds.  
Wat bedoel jy daarmee?  
Vermenigvuldig met.  
Die oes het goed opgelewer.

Waar bloed nie kan loop nie,  
daar kruip dit, die hemp  
is nader as die rok.

Sitplekke bespreek.  
In dieselfde posisie wees.  
In die onderwyser se guns  
wees, in 'n goele blaadjie  
staan.

'n Dapper man.

To break a record.	'n Rekord <b>slaan</b> .
Breakwater.	Seehoof.
To break a journey.	'n Reis <b>onderbreek</b> .
She brings up her children well.	Sy <b>voed</b> haar kinders goed op.
Brown paper.	<b>Pakpapier</b> .
A business man.	'n <b>Sakeman</b> .
It is not your business.	Jy het niks daarmee te doen nie, dit traak jou nie.
By that time all had gone.	<b>Teen</b> daardie tyd was almal al weg.
That is by far the best.	Dit is <b>verreweg</b> die beste.
A man by the name of Piet.	'n Man <b>met</b> die naam van Piet.
To sell it by the yard.	Dit <b>per</b> jaart verkoop.
It can happen by accident.	Dit kan <b>per</b> ongeluk gebeur (toevallig).
By day and by night.	<b>Bedags</b> (oordags) en <b>snags</b> .

## C

The teacher caught me.	Die onderwyser het my <b>be-trap</b> .
To camp out.	<b>Kamp</b> (eer).
The cat is out of the bag.	Die aap is uit die mou.
The results came out yesterday.	Die uitslae is gister gepubli-seer (het verskyn).
Classical music.	<b>Klassieke</b> musiek.
To call in a doctor.	'n Geneesheer <b>ontbied</b> .
What do you call that?	Wat <b>noem</b> jy dit?
The weather is clearing up.	Die weer <b>trek oop</b> .
A car.	'n <b>Motor</b> .
It rains cats and dogs.	Dit reën <b>oumeide met knop-kieries</b> .
To class sheep.	Skape <b>klassifiseer</b> .
He shows his true colours.	Hy beken kleur. Hy toon sy ware <b>gedaante</b> .
A horse of a different colour.	Heeltemal 'n ander saak.
Clerical work.	<b>Klerklike</b> werk.
He makes corrections.	Hy bring verbeteringe aan.
Cut me out.	<b>Skakel</b> my uit, laat my bly.
You had better cut him out.	Jy moet hom maar liewers <b>uitskakel</b> .
To catch the meaning.	Die betekenis <b>snap</b> .
To catch a cold.	'n Koue <b>vat, kry</b> .
To catch a train.	'n Trein <b>haal</b> .
For all I care.	Wat my <b>betref</b> .
He can catch us up.	Hy kan ons <b>inhaal</b> .

## D

To go to a dance.  
Whose deal is it?  
Do your sums.  
Do your room.

Do your hair.  
Do twenty miles.

To draw a cheque.  
To draw a salary.  
That will do.  
To draw a line somewhere.  
To drive a car.  
Every dog gets its day.

Na 'n **dansparty** (bal) gaan.  
Wie **gee uit?**  
Maak jou **somme**.  
Maak jou kamer aan die kant.

Jou hare **laat krul** of **krul**.  
Twintig myle **afle**, of twintig myl **per uur ry**.  
'n Tjek **uitwissel**.  
'n Salaris **verdien**.  
Dit is **genoeg**.  
Iewers **die perk stel**.  
'n Motor **bestuur**.  
Boontjie kry sy loontjie.

## E

To end off a letter.  
Excuse me a minute.  
The examination paper was stiff.

'n Brief **afsluit**.  
**Verskoon** my 'n oomblik.  
Die **vraestel** was moeilik.

## F

For the present.  
To find fault.  
That is fine.  
Fees.

Don't be a fool.  
Take it from me.

To go for a day or a week.  
For this reason.  
The fat is in the fire.  
Too funny for words.  
To know at your finger ends.  
To ask for work.

Voorlopig.  
Vit, fout **soek**.  
Dit is **gaaf**.  
**Geld(e)**, bv. loslesgeld(e), skoolgeld(e).  
Moenie belaglik wees nie.  
Neem my woord daarvoor, glo my.

'n Dag of 'n week gaan.  
**Om** die rede.  
Die gort is gaar.  
Onbeskryflik snaaks.  
Op jou **duim** ken.  
**Om** werk vra.

## G

What is going on here?  
Go on.

To get up a concert.  
To give a dance.

Wat **gebeur** hier?  
Gaan **voort**. (En wat van „ag go on!”)  
'n Toneelstuk **opvoer**.  
'n **Dansparty** organiseer, hou.

His tie goes with his shirt.  
 You can't go wrong.  
 To get in a few words.

Give him a ring.  
 To give in.  
 To wear glasses.  
 The bell has gone.  
 Things went wrong.  
 To go for him.  
 To give somebody away.  
 To give the secret away.  
 Go for the wing.  
 To grow beard.  
 To go out of your way.  
 Two miles to go.  
 What is the good of that?

Sy das **pas** by sy hemp.  
 Jy kan nie 'n fout maak nie  
 'n Kans kry om 'n paar  
 woorde te sê.

**Bel** hom.  
 Kopgee.  
 'n **Bril** dra.  
 Die klok het **gelui**.  
 Sake het verkeerd **geloop**.  
 Hom **inklim**.  
 'n Persoon **verklap**.  
 Die aap uit die mou laat.  
**Vat, vang, duik** die vleuel.  
 Baard **kweek**.  
 Spesiaal moeite doen.  
 Twee myl om af te lê.  
 Tot watter **nut** is dit? Wat  
 baat dit?

## H

Halftime.  
 A half-hearted attempt.  
 It comes in handy.  
 To haul over the coals.  
 That is hard lines on him.  
 Hand over the goods.  
 To hand in examination  
 papers.  
 You have got a hope.  
 I am hard up.  
 Boys' High School.

Horse of a different colour.  
 Head or tail.  
 A horse-shoe.

Pouse, rustyd.  
 'n **Halwe, floue** poging.  
 Dit kom goed **van pas**.  
 Voor stok kry.  
 Dit is **ongelukkig** vir hom.  
**Oorhandig** die goedere.  
**Antwoorde ingee**.

Jy is laat.  
 Ek is **platsak**.  
 Hoërsjongenskool, hoërseun-  
 skool.  
 Heeltemal 'n ander saak.  
 Kruis of munt.  
 'n **Hoefyster**.

## I

In other words.  
 That is true, I think.  
 Come in time.  
 The post is in.  
 In short.  
 In these days.  
 In his opinion.  
 In all probability.  
 To go in for sport.

**Met** ander woorde.  
 Dit is waar, dink ek.  
**Op** tyd of betyds kom.  
 Die pos het gekom.  
 Kortliks.  
 Teenswoordig.  
**Volgens** sy mening.  
**Na** alle waarskynlikheid.  
 Jou op sport toelê, deelneem  
 aan sport.

To go in for sheep.  
I won't give in on this point.

Fall in!  
To have too many irons in  
the fire.  
To fall in with that scheme.

You are in for trouble.

Is your father in?  
Your luck is in.  
To have nothing in common.  
Where do I come in?  
In general.  
Come in.

Met skape boer.  
Ek sal nie toegee op die punt  
nie.

Aantree!  
Te veel hooi op sy vurk hê.

Ooreenkomstig daardie plan  
handel, die plan goedkeur.  
Moelikhed staan jou voor  
die deur.

Is jou vader tuis?  
Jy is gelukkig.  
Ni's gemeens hê nie.  
Wat word van my?  
Oor die algemeen.  
Kom binne.

## J

Jackal-proof wire.  
In a jiffy.

Jakkalsdraad.  
In 'n kits.

## K

To keep time  
To keep a promise.  
To have one's knife into  
somebody.  
To kick somebody out of his  
job.  
There is a knock at the door.  
Kick him out.

Die maat aangee.  
'n Belofte nakom, woord hou.  
Iemand haat toedra.

Iemand uit sy werk ontslaan.  
Daar word aan die deur  
geklop.  
Smyt hom uit.

## L

To lose your train.  
To lose your temper.  
To lead a life.  
Last week.  
Lighthouse.  
Take the whole lot.  
She likes it.  
Write a few lines.  
Form a line.  
That is in my line.

Te laat kom vir jou trein.  
Kwaad word.  
'n Lewe voer.  
Verlede week.  
Vuurtoring.  
Neem die hele boel.  
Sy hou daarvan.  
Skrywe 'n paar reëls.  
'n Ry vorm.  
Dis in my gebied, rigting,  
vak.

Fasten it with a line.  
Don't be too long.

Maak met 'n tou vas.  
Maak gou, moenie te lank  
wegbly nie.

To look up a word.  
Locks.

'n Woord naslaan.  
Lokke (wol).

## M

To make a try.  
To make a mistake.  
To make a plan.  
To make an attempt.  
To make a point of being in  
time.

He scored many marks.  
To make a rule.  
To make an excuse.  
To make a livelihood  
(living).

That makes no difference.

Make peace.  
Make him do it.

What do you mean?  
What does that mean?  
On its merits.  
More or less.  
In most cases.  
Make me an offer of a pound.  
I mean to say.  
To make up a story.  
To make up books.  
Most people say so.  
To make much of.  
You must make it up.

He has made his mark.  
To study medicine.

To live from hand to mouth.

I myself did it.  
I enjoyed myself at the  
dance.  
I cannot make anything out  
of it.  
To make out an account.  
He is not much of a sports-  
man.  
Just a minute.

'n Drie druk, aanteken.  
'n Fout begaan.  
'n Plan beraam.  
'n Poging aanwend.  
Jou dit ten doel stel om  
betyds te wees.  
Hy het baie punte behaal.  
'n Reël opstel.  
Om verskoning vra.  
'n Bestaan maak, die brood  
verdien.

Dit verander nie die saak  
nie.  
Vrede sluit.  
Laat hom dit doen, dwing  
hom om dit te doen.

Wat bedoel jy?  
Wat beteken dit?  
Op sigself.  
Min of meer.  
In die meeste gevalle.  
Bied my 'n pond aan.  
Ek wil (gaan) sê.  
'n Storie versin.  
Boeke afsluit.  
Die meeste mense sê so.  
'n Ophef maak van.  
Julle moet tot versoening  
kom, dit afmaak.

Hy het sy spore verdien.  
Om in die medisyne te  
studeer.  
Van die hand in die tand  
lewe.  
Ek het dit self gedoen.  
Ek het die bal of dansparty  
geniet.  
Ek kan daar niks uit wys  
word nie.  
'n Rekening uitkryf.  
Hy is nie eintlik 'n sportman  
nie.  
Net 'n oomblik.

## N

To be on pins and needles.  
Nowadays.

Op hete kole wees.  
Teenswoordig.

## O

To overdo something.  
Bread, cakes and so on.  
What is on to-night?

Iets oordryf.  
Brood, koek, ensovoorts.  
Wat word vanaand gedoen,  
vertoon, ens.?

Must I put the light on or  
off?

Moet ek die lig aan- of  
afslaan?

Put your coat on.  
He is on.

Trek jou jas aan.  
Hy is aangeklam (dronk), hy  
het 'n sliertjie weg.

I have got a period off.  
The concert is coming off.

Ek het 'n periode vry.  
Die konsert vind plaas of  
word gehou.

To be out.  
To feel out of it.  
In the district of Darling.  
On the staff.  
To live on fruit.  
To hear on the wireless.  
To put off a social.  
That noise puts me off.

Nie tuis wees nie, jou vergis.  
Nie tuis voel nie.  
In die Darlingse distrik.  
In die personeel.  
Van vrugte lewe.  
Oor die radio hoor.  
'n Geselligheid uitstel.  
Daardie geraas bring my van  
stryk.

The other day.  
To be better off.  
On leave, on holiday.  
To be on sick leave.  
Once upon a time.

Nou die dag.  
Beter daaraan toe wees.  
Met verlof, met vakansie.  
Met siekteverlof wees.  
Vanmelewe, vroeër (dae),  
vergange (dae).

Outstanding debt.  
To be one too many for him.  
An outstanding player.

Agterstallige skuld.  
Sy Moses wees.  
'n Ultstekende (ultmunten-  
de) speler.

He puts on a lot.

Hy stel hom baie aan.

## P

He pulls your leg.  
Put on your brakes.  
Don't put yourself out.

Hy korswel met jou.  
Slaan jou remme aan.  
Moenie onnodig moeite doen  
nie.

Much to put up with.  
To put out a team.

Veel te verdra.  
'n Span kies.

To put some one up (for the night).	Iemand huisves, 'n onderdak gee.
To put your shoulder to the wheel.	Jou hand aan die ploeg slaan.
To pay to advertise.	Dit loon (die moeite) om te adverteer.
To come to the point.	Tersake praat.
That is the point.	Dis (nou net) die saak.
To please your parents.	Jou ouers behaag.
(Proof) waterproof.	Waterdig.
I put my money on that.	Ek wed my geld daarop.
He is proof against.	Hy is bestand teen.
Playtime.	Pouse, rustyd.
To pick up weight.	Vet word.
To put out books.	Boeke uitsoek.
He puts himself out a great deal.	Hy getroos hom baie moeite.
To put off an appointment.	'n Bestelling afsê.

## R

He is right.	Hy het gelyk.
A rough game.	'n Ruwe spel.

## S

He has seen better days.	Hy het beter dae geken.
To save trouble.	Moeite bespaar.
To set an example.	'n Voorbeeld stel.
A set for your room.	'n Kamerstel.
He wants to show off.	Hy wil aandag trek, vertoon maak.
Six of one and half a dozen of the other.	Dis vinkel en koljander. (die een is soos die ander).
He stays over there.	Hy woon daar.
A sharp turn.	'n Skielike draai.
A second-hand car.	'n Tweedehandse motor.
To see a deal through.	Toesien dat 'n transaksie afgehandel word.
Do you see what I mean?	Begryp jy wat ek bedoel?
Stand me a cup of coffee.	Trakteer my op 'n koppie koffie.
To laugh in one's sleeve.	In sy vuis lag.
Seeing that this is the case, I refuse.	Aangesien dit die geval is, weier ek.
So you can see that . . . .	Dus kan jy begryp dat . . . .
I cannot stand it.	Ek kan dit nie duld of veel nie.

To set free.  
 To stand no chance.  
 To spend time.  
 I am sorry.  
 I see.  
 To set papers.  
 You must see that he does it.

A spare wheel.  
 A standing agreement.  
 May I see you?  
 You can thank your stars.  
 To shake hands.  
 My spare time.  
 Spare parts.  
 To sink a well.  
 To travel at a great speed.  
 The man in the street does  
 not know that.  
 Winter sets in.  
 To stand the consequences.  
 To stand as candidate.  
 To stop.  
 To make a success of (your  
 attempts).  
 To put a stop to.

## T

Three teas.  
 To take sugar.  
 That scheme fell through.

To turn up.  
 It turned out a fine day.  
 He turned out a rotter.  
 It takes the cake.  
 To take an oath.  
 To take trouble or pains.  
 Take it from me.  
 Take steps.  
 It takes five hours.  
 I took you for your brother.

Take your time.  
 Take a chair.  
 To take up time.  
 On good terms.

Vry stel.  
 Geen kans hê nie.  
 Tyd bestee.  
 Dit spyt my.  
 Ek begryp ('n saak).  
 Vraestelle (op)stel.  
 Jy moet toesien dat hy dit  
 doen.  
 'n Noodwiel.  
 'n Vaste ooreenkoms.  
 Mag ek u spreek?  
 Jy kan van geluk spreek.  
 Handgee.  
 My vry(e) tyd.  
 Losdele.  
 'n Put grawe.  
 Teen 'n hoë snelheid reis.  
 Die gewone man weet dit  
 nie.  
 Die winter begin.  
 Die gevolge dra.  
 Jou kandidaat stel.  
 Ophou of stilhou.  
 (Jou pogings) laat slaag.  
 'n End maak aan.

Drie koppies tee.  
 Suiker gebruik.  
 Die plan het in duie geval,  
 misluk.  
 Opdaag.  
 Dit het 'n mooi dag geword.  
 Hy het 'n niksnuts geword.  
 Dit span die kroon.  
 'n Eed afê.  
 Moete doen.  
 Jy kan my glo, glo my.  
 Stappe doen.  
 Dit duur vyf uur.  
 Ek het jou vir jou broer  
 aangesien.  
 Gebruik jou tyd.  
 Gaan sit.  
 Tyd in beslag neem.  
 Op goeie voet.

What do you take me for?  
To take your life in your  
hand.

It takes a long time.  
Let us take a walk.

To take a drink.  
Now and then.  
To take notes.  
There and then.  
What is the time?  
The sooner, the better.  
A time-table.  
To turn your back on some-  
body.  
He had the time of his life.

Try your best.  
To try your luck.

Waarvoor sien jy my aan?  
Jou lewe in gevaar stel,  
daaraan waag.  
Dit duur lank.  
Laat ons 'n wandeling doen,  
gaan wandel.  
Iets drink of gebruik.  
Af-en-toe.  
Aantekeninge afskryf.  
Op die daad.  
Hoe laat is dit?  
Hoe gouer, hoe beter.  
'n Rooster.  
Iemand die rug toekeer.  
Hy het buitengewoon gevaar  
of lekker gehad.  
Jou bes doen.  
Jou geluk beproef.

## U

Keep up your name.  
To get up a party.  
It brought up a considerable  
sum.  
You must make up for lost  
time.  
To look up a word.  
To ring somebody up.  
To take up time.  
What is up?  
The upkeep.  
He took up matters.  
Tear up.  
To catch up.  
He takes up medicine.  
He takes up an attitude.  
Time is up.  
He takes it up wrongly.  
To be taken up with some-  
thing.  
To get up speed.

Hou jou naam hoog.  
'n Geselligheid (of party)  
organiseer, op tou sit.  
Dit het baie opgelewer, wins  
afgewerp.  
Jy moet verlore tyd inhaal.  
'n Woord naslaan.  
Iemand bel.  
Tyd in beslag neem.  
Wat makeer?  
Die instand hou.  
Hy het sake in hande ge-  
neem, handelend opgetree.  
Stukkend skeur.  
Inhaal.  
Hy studeer (in die) medi-  
syne.  
Hy neem 'n houding in.  
Die tyd is verstreke of om.  
Hy beskou dit verkeerd, hy  
verstaan dit mis.  
Met iets ingenome wees.  
Jou snelheid verhoog.

To keep up your German.	Jou Duits nie laat verroes nie.
Under these circumstances.	In die omstandighede, aangesien dit so is.

## W

To warm up.	Verwarm, warm maak (word).
A weekend.	'n Naweek.
To go for a walk.	Gaan wandel.
To write examinations.	Eksamens af lê.
He is well (-off), well-to-do.	Hy is welgesteld.
The work was done yesterday.	Die werk is gister gedoen.
Wild flowers.	Veldblomme.
For all he was worth.	Uit alle mag, so hard as hy kon.
That does not work.	Dit beantwoord nie aan sy doel nie.
It does him a world of good.	Dit doen hom besonder goed.

## Y

In the (back-) yard.	In die agterplaas.
You and I.	Ek en jy.

## HOOFSTUK VIII

### Vertalings

Dit is onmoontlik om die vertaling van selfs die bekende woorde in 'n hoofstuk te gee. Daarvoor het 'n mens immers 'n woordeboek, maar daar is tog sekere bekende woorde en uitdrukkings wat jy so gedurig net in Engels hoor gebruik, dat die versoeking om 'n hoofstuk vertalings in te sluit, haas onweersaanbaar word. Hier volg net die allernoodsaaklikste:

#### A

Aerial	=	Lugdraad
Aeroplane	=	Vliegtuig
Actor	=	Toneelspeler
Afford	=	Bekostig
Air gun	=	Windbuks
Appendix	=	Blindederm
Appendicitis	=	Blindedermontsteking
Auntie	=	Tante
Average	=	Gemiddelde

#### B

Back fire	=	Terugslaan
Badge	=	Wapen, kenteken
Bagpipes	=	Doedelsak
Balcony	=	Balkon
Balloon-tyre	=	Lug- of Kussingband
Band (Brass)	=	Blaasorkes, musiekkorps
Bandage (Nw.)	=	Verband, windsel
Bandage (Ww.)	=	Verbind
Bangle	=	Armband
Bar	=	Kroeg (drinkplek), streep (musiek), dwarspaal, dwarsbalkies (skoene)
Barber	=	Barbier, haarkapper
Bargain (Nw.)	=	Slag (slaan)
Bargain (Ww.)	=	Knibbel
Barman	=	Kantienman, kroegbaas
Bathing costume	=	Baaikostuum
Bed-spread	=	Bedsprei
Belt	=	Gordel, lyfband
Beauty-parlour	=	Schoonheidssalon
Birth-mark	=	Moedervlek
Biscuits	=	Beskuitjies
Bladder	=	Binnebal, blaas
Blade	=	Skeerlemmetjie
Blazer	=	Blou-, Klub-, Kleur-, Kollege-, Universiteitbaadjie
Blind	=	Rofoordyn, blinding
Bloomer	=	Kniefbroek
Blotting-paper	=	Vloei- of Kladpapier
Blouse	=	Bloes(e)

Board (Ww.)	=	Loseer
Board (Nw.)	=	Raad (skool), bord (swart), losies
Boarding	=	Losies
Boarders	=	Loseerders, kosgangers
Boiler	=	Stoomketel, warmwatertenk
Bonfire	=	Vreugdevuur
Bonnet	=	Kappie, enjinkap (of motordeksel)
Booking office	=	Kaartjieskantoor
Bookstall	=	Boekstalletjie
Box (Nw.)	=	Doos, dosie
Box (Ww.)	=	Boks, vuisslaan
Boxing-day	=	Tweede-Kersdag
Brag	=	Spog, grootpraat
Brake(s)	=	Rem (me)
(Nervous) breakdown	=	Senuwee-in (een)storting
Breakdown	=	Teenspoed, oponthoud
Breakfast	=	Agtuur, ontbyt
Buckle	=	Gespe
Bulb	=	Gloeilamp, bol
Bulldog	=	'n Bulhond
Bumper	=	Stamper, buffer
Buttonhole	=	Ruikertjie, knoopsgat

## C

Cab	=	Huurrytuig, huurmotor
Cabin	=	Kajuit
Caddie	=	Joggie, gholfklonkie
Calendar	=	Almanak
Call (Ww.)	=	Besoek aflê, kuier, roep, noem
Camp-stretcher	=	Sellbedjie (voubedjie)
Can (Ww.)	=	Inlê, inmaak
Cap	=	Pet, keps
Cardigan	=	Wolonderbaadjie
Cardboard	=	Karton
Careless	=	Sorgeloos
Carrier (of a bicycle)	=	Rooster
Cartoon	=	Spotprent
Case	=	Boektas, handsak, koffer, liefdesver- houding
Cash	=	Kontant, (uitwissel)
Caustic soda	=	Bvtsoda, seepsoda
Change (geld)	=	Kleingeld
Chap	=	Stempel
Charge	=	Laal ('n battery), vra (prys), storm ('n vesting).
Check	=	Skaak, geruit (materiaal)
To check received goods	=	Goedere nasien of kontroleer
Cheque	=	Tjek
Chest of drawers	=	Soleëlkas, laaikas
Chewing gum	=	Kougom
Chimes	=	Klokkespel
Chocolates	=	Sjokola, sjokolade, sjokolaadjies
Choke	=	Smoor (Ww.), smoorklep (Nw.)
Chop (vleis)	=	Karmenaadjie, kotelet
Christmas-box	=	Kersgeskenk
Cider	=	Appelwyn
Cloak-room	=	Bagasie-, bewaar-, kleedkamer
Coach	=	Breier

Collar	=	Boordjie, kraag
Collar-bone	=	Sleutelbeen
Complexion	=	Gelaatskleur
Cod liver oil	=	Lewertraan, visolie
Cot	=	Wieg, kinderbedjie
Cottage	=	Hutjie, villatjie
Chutney	=	Blatjang
Clutch	=	Koppelaar
Cocoa	=	Kakao
Cocoa-nut	=	Klapper
Crackers	=	Klappers
Concrete (Nw.)	=	Beton
Cram	=	Blok
Crayon	=	Tekenkryt
Counter	=	Toonbank
Creeper	=	Slingerplant, klimop
Crossing	=	Kruising, kruispad
Cruet-stand	=	Standertjie
Crystallised fruit	=	Suikervrugte
Cubicle	=	Baaihokkie
Cuffs	=	Hand- of mouboordjies
Cuff-links	=	Mouskakels
Cup-match	=	Bekerwedstryd

## D

Daisy	=	Madeliefie
Danger-signal	=	Gevaarsein
Deck-chair	=	Dek- of seilstoel, voustoel
Deposit	=	Deposito, storting, belegging
Desk	=	Lessenaar
Detective	=	Soeurder
Deuce	=	Gelykop
Dial	=	Sonwys(t)er, wys(t)erplaat
Dice	=	Dobbelsteentjie
Dickey	=	Aeterbak (kattebak)
Dim (lights)	=	Dof maak, verdof
Dimple	=	Kuiltjie
Discount	=	Afslag, korting
Disinfectant	=	Onsmettingsmiddel
Doilev	=	Doilie, bekerlappie
Dormitory	=	Slaapsaal
Dose (Nw.)	=	Dosis, dop
Dose (Ww.)	=	Medisyne ens. of 'n dosis ingee
Double (Nw.)	=	Dubbelzanger, dubbelspel (tennis)
Double (Ww.)	=	Verdubbel, doebleer (kaart)
Double-breast-coat or -jacket	=	Oorknoopjas of -baadjie
Drain (Ww.)	=	Drooglé, dreineer
Drain (Nw.)	=	Riool, afvoersloot
Draught-board (Draughts)	=	Dambord
Draw (Nw.)	=	Gelykspel
Draw (Ww.)	=	Gelykop speel
Drawing-pin	=	Duimspykertjie, drukspeldjie
Dresser	=	Kombuisrak of -kas
Dressing-gown	=	Kamerjas, japon
Drive (Nw.)	=	'n Plesierrit, 'n rit
Drive (a car)	=	Bestuur ('n motor)
Dry-clean	=	Uitstoom

Dummy (Nw.)	= Fopspeen, pop, blindeman (kaart)
Dummy (Ww.)	= Pypkan
Dye (Nw.)	= Kleursel, kleurstof
Dye (Ww.)	= Kleur

## E

Easter	= Pase, Paasnaweek
Easy-chair	= Gemak- of leunstoel
Eiderdown (quilt)	= Dons- of veerkomers
Enamel	= Erd of enemmel
Encore (Nw.)	= Toegif, applous
Encore (Ww.)	= Toejuig
Engine	= Lokomotief, masjien, enjin
Engine-driver	= Masjiniis
Engineer	= Werktuigkundige, ingenieur
Essence	= Essens, geur
Exchange (telefoon)	= Sentrale
Exhaust-pipe	= Uitlaatpyp
Express (train)	= Sneltrein
Eye-opener	= Openbaring

## F

Fail	= Druip
Fairy	= Fee
Fairy-land	= Feëryk
Fairy-tale	= Srokie
Fan	= Waaler
Fan-belt	= Waalerband
Fancy-dress	= Fantasie-kostuum
Fancy-dress ball	= Gekostumeerde bal
Feeding-bottle	= Pypkan
Fern	= Varing
File (Nw.)	= Lêer
File (Ww.)	= Liasseer, vyl
Film	= Film, rolprent
Fire-brigade	= Brandweer
Fix (in a)	= In die pekel
Flagman	= Grensregter (vlagman)
Flat	= Woonstel (verdiepingkamer)
Flavour	= Geur, smaak
Flour	= Meelblom
Fluke	= Gelukslag
Foolscap	= Folio
Fountain-pen	= Vulpen
Force (Ww.)	= Dwing
Force (Nw.)	= Geweld, dwang
Fortune-teller	= Waarsêer (-segster)
Forward pass	= Vorentoe aangee
Fruit salad	= Vrugeslaal
Fullback	= Heelagter
Fur	= Ront, pels
Fuse (Nw.)	= Sekering, sekeringsdraad, smeltdraad
Fuse (Ww.)	= Uitbrand, uitblaas

## G

Game (I am)	= Ek is gewillig
Game (that is not)	= Dis nie billik nie

Garter	=	Kousband, rekker
Gentleman	=	Witman
Gipsy	=	Sigeuner
Girdle	=	Gordel
Globe	=	Glaskap of lampkap of aardbol
Glue	=	Gom, lym
Goggles	=	Stofbril
Goods-shed	=	Goedereloods
Grand	=	Mooi, groots, windmaker
Grape-fruit	=	Pomelo('s)
Guarantee	=	Waarborg
Groom	=	Staljong, perdekneg
Gums	=	Tandvleis
Gym	=	Gimnastiek-kostuum, springrok

## H

Halftime	=	Rustyd, pouse
Hall-stand	=	Hangrak
Heater	=	Verwarmer
Handicap	=	Voor- of agtergee
Hint (Nw.)	=	Wenk, toespeling
Hint (Ww.)	=	Aan die hand ('n wenk) gee
Hobby	=	Stokperdjie, tydverdryf
Hold-all	=	Stop-maar-in, komberssack
Homer	=	Posduif
Honeymoon	=	Wittebroodsdae
Hoot(er)	=	Toet(er), blaas
Horse shoe	=	Hoefyster
Hurdles	=	Hekkie

## I

Icing-sugar	=	Versiersuiker
Ice-cream	=	Roomys
Idle (motor)	=	Vry loop
Indelible pencil	=	Bloupotlood
Initials (Nw.)	=	Voorletters
Initial (Ww.)	=	Parafeer
Iodine	=	Jodium, jood

## J

Jack (kaarte)	=	Boer
Jack (motor)	=	Domkrag
Jam	=	Konfyt
Jelly	=	Jellie
Joy-ride	=	Plesierrit
Job	=	Werk, betrekking

## K

Keensake	=	Aandenking
Knock on	=	Aanslaan

## L

Label	=	Etiket
Lagoon	=	Strandmeer
Latch-key	=	Knipsleutel

Lawn	=	Grasperk
Lemonade	=	Limonade
Library	=	Biblioteek
Librarian	=	Biblioteekaris (-esse)
Licence	=	Lisensie, vrybrief
Lift (Nw.)	=	Hyser, ligter
Lift (Ww.)	=	Oplaaï
Light-house	=	Vuurtoring
Loafer	=	Leegloper, klaploper, bedelaar
Lob	=	'n Hoë hou, hoogslaan
(The whole) lot	=	Die hele boel
Lobby	=	Portaal, wandelgang
Locket	=	Medaljon, hangertjie
Luggage	=	Bagasie
Lunch	=	Middagmaal, middageet (Ww.)

## M

Magazine	=	Tydskrif
Main-switch	=	Hoofskakelaar
Manager	=	Bestuurder
Malt	=	Mout
Mantel (piece)	=	Skoorsteenmantel
Mascot	=	Gelukbringer
Massage (Ww.)	=	Masseer
Matinee	=	Middagvertoning, middagvoorstelling
Menu	=	Spyskaart
Mermaid	=	Meermin
Merry-go-round	=	Mallemeule
Mob	=	Gepeupel
Monkey-nut	=	Grondboontjie
Mood	=	Stemming, luim, wys (e)
Moustache	=	Snor (baard), knewel
Mudguard	=	Modderskerm
Muffler	=	Serp
Muscle	=	Spier

## N

Narrow-minded	=	Kleingeestig, bekrompe
Navy-blue	=	Matroosblou
Necklace	=	Halsnoer
Nib	=	Penpunt
Novel	=	Roman

## O

Oasis	=	Oase
Odd jobs	=	Peuselwerkies
Off side	=	Onkant
Omelette	=	Omelet, eierpannekoek
Outing	=	Uitstappie
Overall	=	Oorbak, oorbreek
Overdraft	=	Oortrokke bankrekening

## P

Pass ('n bal)	=	Aangee
Pawpaw	=	Papaia
Parachute	=	Valskerm

Parcel	=	Pakkie
Partner	=	Vennoot, maat
Paste	=	Patee, pasta
Patch	=	Lap, strook
Pavilion	=	Pawiljoen
Pedal	=	Pedaal, trapper
Pedigree	=	Stamboom, herkoms
Pencil box	=	Potloodkoker of -dosie
Perfume	=	Reukwater, parfume
Permanent wave	=	'n Permanente golf
Pie	=	Pastei
Pier	=	Seehoof, pier
Pillion	=	Agtersaaltjie
Pink	=	Rose, ligroos, rooskleurig
Piston	=	Suier
Plaster of Paris	=	(Gebrande) gips
Platform	=	Verhoog, platform, perron
Plug	=	Vonkprop, pluisie, prop
Plum-pudding	=	Rosyntjiepoeding
Plus-fours	=	Kuitbroek, kardoebroek
Poach	=	Steel, skaai, stroop
Poached eggs	=	Kaalgekookte eiers, (kalfsoog)
Pointer	=	Patryshond
Police-station	=	Polisie-kantoor
Polish (Nw.)	=	Politoer, skoensmeer, -waks
Polish (Ww.)	=	Poleer, poets, vryf
Porridge	=	Pap.
Porter	=	Kruier
Portmanteau	=	Reissak
Pram	=	Kindervaentjie, stootwaentjie
Propeller	=	Skroef
Prune (Nw.)	=	Pruimedant
To prune (Ww.)	=	Snoei
Pullev	=	Katrol
Pull-over	=	Trui
Puncture	=	Prik, lek

## Q

Queue	=	Tou
Quilt	=	Donskometers, veerkometers

## R

Rattle	=	Ratel, geratel
Razor-strop	=	Slyprien
Receiver (telephone)	=	Gehoof- of praatbuis
Referee	=	Skeidsregter
Refrigerator	=	Yskas, koelkas
Reverse-gear	=	Tru-versnelling
Rhubarb	=	Rabarber
Rockery	=	Rotstuijn
Rocket	=	Vuurroyl
Rod	=	Roede, stok, sta(a)f
Rouge (Nw.)	=	Rooiverf, kleursel, „rouge”
Rubbish	=	Vuil(n)is, vullis
Rug	=	Reisdeken
Ruler	=	Liniaal

## S

Salmon	=	Salm
Safety-pin	=	Hakspeld
Salvation-army	=	Heilsleër
Sample	=	Monster
Sardines	=	Sardientjies
Scent	=	Parfuum, reukwater
Scone	=	Botterkoekie, botterbroodjie
Scrambled eggs	=	Roereiers
Screen	=	Skerm
Score (Nw.)	=	Telling
Score (Ww.)	=	Punte aantekn, tel
Scout	=	Padvinder
Scribbler	=	Klaswerkboek
Self-starter	=	Aansitter
Separator	=	Roomafskeier
Serve	=	Afslaan, dien
Shoe-horn	=	Skoenlepel
Shower	=	Stortbad, bui (reën)
Show-window	=	Uitstalvenster
Shorts	=	Kortbroekie
Siding	=	Spoorweghalt(e)
Shutters	=	Hortjies, luike
Signal	=	Teken, sein, sinjaal
Skirt	=	Romp(rok)
Sleeveless	=	Mouloos
Slippers	=	Pantoffels
Smelling-salts	=	Ruiksout, vlugsout
Sole	=	Tongvis
Snap	=	Kiek (Ww.), kiekie (Nw.)
Speedometer	=	Mylmeter, snelheidsmeter
Soices	=	Speserye
Solution	=	Oplossing, rubberlym
Solrits	=	(Brand)spiritus
(To) spite somebody	=	Iemand vermaak
Sporting	=	Sportief
Sportsman	=	Sportman, sportliefhebber
Squirrel	=	Fekhorinkie
Stepping-stone	=	Oorspringklip
Stamp	=	Posseël
Stove	=	Stoof
Strap	=	Riem, platriem, plak
Strawberries and cream	=	Aarbe met room
Streamer	=	Wimpel
Stretcher	=	(Vou)kateltjie
Strike	=	Staking (Nw.), staak (Ww.)
Stud	=	Hals- of boordjieknoopie, paal, stut
Studio	=	Ateljee
Subsoiler	=	Ondergrondploeg, dolploeg
Subway	=	Dulkweg
Surprise	=	Verras(sing)
Sundowner	=	Skemerkelkie, skemerpartytjie
Suspenders	=	Kousophalers
Swank	=	Snoeg
Sweater	=	Wollerse
Switch (Nw.)	=	Skakelaar
Switch (on) and (off) (Ww.)	=	Aan- en afslaan (sluit)

## T

Tail-coat	=	Swaelstert
Talkie	=	Praat- of klankprent
Tapestry	=	Behangsel
Taxi	=	Huurmotor
Telephone-call	=	Telefoonoproep
Tie-pin	=	Dasspeld
Till	=	Geld- of toonbankklaai
Time-table	=	Rooster
Tin-opener	=	Bliksnyer
Toast	=	Braaibrood
Togs	=	Sportklere
Tonic	=	Versterkingsmiddel
Toothpaste	=	Tandepasta
Top-hat	=	Pluiskeil
Torch	=	Toorts, flitslig
Toss	=	Loot
Tot	=	Sopie, doppie
(A) tiny tot	=	'n Kleuertjie
Tournament	=	Toernooi
Traffic	=	Verkeer
Trailer	=	Sleepwaentjie
Tractor	=	Trekker
Traveller	=	Handelsreisiger
Train (Nw.)	=	Sleep, trein
Tray	=	Skinkbord, platkissie, droogstellasie
Treat	=	Behandel, trakteer
Trick	=	'r Toertjie, 'n kuns, 'n poets
Tricycle	=	Driewiel
Trim	=	Knip, snoei
Trunk-call	=	Hooflynoproep
Tube	=	Binneband
Tyre	=	Buiteband

## U

Umpire	=	Skeidsregter
--------	---	--------------

## V

Vacuum cleaner	=	Stofsuier
Valve	=	Klep
Veil	=	Sluier
Vest	=	Onderhempie, frok
Vienna sausages	=	Weense worsies

## W

Wallet	=	Sakboekie, brieftas (portefeulje)
Wardrobe	=	Klerakas
Wastepaper-basket	=	Snippermandjie
Whiskers	=	Wanghaard, bakbaard
Wireless	=	(Draadloos), radio

## Y

Yard	=	Agterplaas
------	---	------------

Voordat ons van hierdie hoofstuk afstap, moet ons daarop wys dat baie vertalings vandag eenvoudig moet „gemaak”, „geskep” word. Die gevolg is baie gelukkige ingewings wat goed inslaan by die volk, maar ook haas onoorkomelike moeilikhede soos die vertaling van „tap-dancing”, „waterless cooker”, „droppers”, „sound-box”, „sweet corn” en dosyne ander. Leerlinge moet maar ywerig werk aan die mooi vertalings, en verder probleme versamel om aan die reeds-oorlaaide woordeboekmakers te stuur.

Ons moet ook daarop wys hoe „oulik” ons steel (veral in die spreektaal). Soms kry die woord so ’n Afrikaanse vernissie oor en soms verander dit gans(e)gar nie. Wat dink leerlinge dan van „proper”, „kaboedel”, bome „top”, „boikot”, „spiets”, „hensop”, „uitpiek”, „opfieks”? Soms sluip daar ’n verandering van betekenis in soos in die geval van „kompleet”, „ferplie”, „konfuus”, „dekadensie”, „disnis”, „preteks” (perts), „opsluit”, „spektakel” ens.

## HOOFSTUK IX

### Afkortings

Hier volg 'n aantal bekende afkortings met verklarings:

A.C.V.V. = Afrikaans-Christelike Vroue-Vereniging. Alg. = algemeen. Art. = artikel. As. = aanstaande. Asb. = asseblief. Btd. = betaal(d). Bl(e). = bladsy(e). Bnw. = byvoeglike naamwoord. Bpk. = beperk. Bv. = byvoorbeeld. Byw. = bywoord. C.J.V. = Christen-Jongeliede-Vereniging. C.S.V. = Christen-Studente - Vereniging. Dw. = deelwoord. Di. = dominees. (domini). Dept. = departement. D.i. = dit is. Dist. = distrik. Dnr. = dienaar. Dw. dnr. = dienswillige dienaar. Dr. = dokter, dokter. Ds. = dominee. D.V. = Deo volente (as God wil). D.w.s. = dit wil sê. Do. = ditto (dieselfde). Ea. = en ander(e). Ed. = edele. Eerw. = eerwaarde. Ek. = eerskomende. Enk(v.) = enkelvoud. Ens. = ensovoort. Geb. = gebore. Gebrs. = gebroeders. Get. = geteken. H.d.L. = heil die leser. H.Ed. = hoogedele. Hh. = here. H.v. = hoek van. I.p.v. = in plaas van. I.S.M.D. = in sy majesteit se diens. Is. = insake. Jl. = jongselede. J(n)r. = junior. K.b.a. = kontant by aflewering. K.m.b. = kontant met bestelling. Kie. = kompanie. Ll. = laaslede. L.n.r. = links na regs. L.P.R. = lid van die provinsiale raad. L.U.K. = lid van die uitvoerende komitee. L.V. = lid van die volksraad. M.A. = magister artium (so kry ons ook M.Sc. = magtiger scientiae, ens., wat 'n trap hoër is as B.Sc. = baccalaureus scientiae, en 'n trap laer as die (dr.) doktorsgrade). M.a.w. = met ander woorde. Mv. = meervoud. Mej. = mejuffrou. Mejj. = mejuffroue. Mev. = mevrou. Mevv. = mevroue. M.i. = myns insiens. Mnr. = meneer. Mnre. = menere. Ms. = manuskrip. Mss. = manuskripte. N.B. = nota bene (of L.W. = let wel). Nl. = naamlik. Nm. = namiddag. No. = nommer. Nw. = naamwoord. Ndl. = Nederlands. N.G.K. = Nederduits Gereformeerde Kerk. N.C. = na Christus. Ns. = Naskrif. O.a. = onder andere. O.i. = onses insiens. O.m. = onder meer. Os. = onderstaande. P/a = per adres. P.a. = per annum. (per jaar). Pk. = perdekrag. P.K. = poskantoor. Prof. = professor. Proff. = professore. P.S. = post scriptum (naskrif). Red. = redakteur. R.S.V.P. = repondez s'il vous plait (antwoord asseblief). S.A. = Suid-Afrika. S.A.S. = Suid-Afrikaanse Spoorweë. S.Ed. = sy edele. Sekr. = sekretaris. Sekre. = sekretaresse. S.M. = sy majesteit. S.K.H. = sy koninklike hoogheid. Snw. =

selfstandige naamwoord. S.o.s. = sien ommesyde. S.W.A. = Suidwes-Afrika. S.I. = syns insiens. S(n)r. = senior. Telw. = telwoord. T.t. = totus tuus (geheel die uwe). T.w. = te wete. Verl. = verlede. Vgl. = vergelyk. Vlg. = volgende. v.C. = voor Christus. Vm. = voormiddag. Vnw. = voornaamwoord. V.R. = vrederegter. Vs. = versus (teen). Vt. = voet. Wed. = weduwee. W.P. = Westelike Provinsie. Ww. = werkwoord. B.o.a. = blaai om asseblief. F.A.K. = Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings. Get. = getule. Lbs. = ponde. M.p.u. = myl per uur. No. = nommer. S.A.O.U. = Suid-Afrikaanse Onderwysersunie. A.N.S. = Afrikaanse Nasionale Studentebond. N.U.S.A.S. = Nasionale Unie van S.-A. Studente. O.B. = Ossewa-Brandwag.

## HOOFSTUK X

### Taalverskynsels

#### Inleiding:

(’n Lang relaas oor die verskillende aspekte van die taalkunde val natuurlik buite die bestek van die boek. Die doel is enkel om ’n paar bekende taalverskynsels baie populêr te probeer behandel).

#### Standaardtaal:

Heeldag hoor ons mense sê dit is korrek om sus te sê of dit is verkeerd om so te skryf. Het ons nou al daarvoor nagedink wie hulle die reg gee om vir ons te dikteer? Laat ons nou sommer dadelik sê dat korrektheid ’n taamlike relatiewe begrip is. Wat vandag korrek is, is môre verkeerd. Nietemin moet ’n mens darem ’n standaard hê, al word dit ook af en toe gewysig. Die taal, soos vasgelê in ons grammatika-boeke, woordelyste en woordeboeke, en deur gesaghebbendes gebruik, die taal van die opgevoede Afrikaner — dit word **standaardtaal** genoem. Verder moet ons nog ’n onderskeid maak tussen die taal wat ons skryf of **skryftaal** en die taal wat ons praat of die **spreektaal**. Sommige mense soos „Die Genootskap van Opregte Afrikaners” wou die twee dieselfde hê; hulle wou die skryftaal heeltemal foneties hê (soos ons sê), maar dit is natuurlik ’n onmoontlikheid, want die spreektaal sal altyd beweegliker en minder stabiel wees as die skryftaal.

#### Ons Taal se Herkoms:

As ons verder vorder met ons taalstudie, sal ons later meer hoor van taalfamilies, van Indo-Germaans, ons gemeenskaplike moeder, van Germaans en dan van sewentiende eeuse Nederlands, waaruit Afrikaans ontwikkel het. Voorlopig wil ons net die feit beklemtoon dat ons taal ’n snelle en wonderbaarlike ontwikkeling agter die rug het. Die swierige, wydlopige Nederlands het op ons sonnige vlaktes, op ons wind-omwaaide heuwels ’n rykdom van uitdrukkingskrag, ’n plasstiek en ’n melodie ontwikkel, wat ons bly-verstom laat staan. Dit is ’n ontwikkeling wat deur natuurlike omstandighede moontlik gemaak is (soos ons straks sal aantoon), maar die invloed van ander tale kan ook hier genoem word. Ons weet almal dat Engels ons taal met ’n ryke bydrae anglisismes, baster-vorme en leenwoorde

beïnvloed het, maar ook Frans, Duits, en selfs Hottentots, Kaffers en Maleis-Portugees het ook ons woordeskat, hoe gering ook al, beïnvloed. Die spore van ons geskiedenis getuig mos van 'n kontak met baie nasionaliteite.

### **Die Taal in sy Veranderlikheid:**

Ons het reeds gesê dat elke taal gedurig verander. Die tempo van die verandering hang af van omstandighede, maar absolute stabiliteit is daar nooit: 'n Taal moet bv. verander (a) om **fonetiese redes**; geen twee mense se uitspraak is presies dieselfde nie, en, waar daar afwyking voorkom, kom daar op die lang duur veranderlikheid. Maar 'n taal verander veral om (b) **sosiale redes**. Ou gebruike verval of ou dinge raak ouderwets (dink maar aan „domper”, „komfoor”, „tessie” en „es”); en nuwe uitvindings, gewoontes, begrippe, ens. verg nuwe benaminge (dink maar aan „telegraaf”, „radio”, „robot”, „bofbal” en die honderde en honderde woorde wat selfs 'n kwarteeu gelede nie bestaan het nie). Tale verander ook of (nog beter) die verandering word verhaas deur: (c) die **afwesigheid van remmende invloed** soos skole, kerke en lektuur—die faktor wat die ontwikkeling van Afrikaans bespoedig het. (d) Die **invloed van vreemde tale**, soos hier by ons die geval was, dra ook baie by tot taalverandering.

Leerlinge kan gerus 'n stuk moderne Afrikaans naas 'n stuk moderne Nederlands plaas en oplet hoe die twee verskil en in watter opsigte hulle verskil. Die verskil in spelling, verbuiging, voevoeging ens. moet hulle geweldig tref. Nou, behalwe die spesiale omstandighede wat ons taal sy eie, besondere ontwikkeling laat deurmaak het, is daar natuurlik in ons taal (soos in alle ander tale) sekere bepaalde taalverskynsels wat taalverandering in die hand werk:

#### **Klankverandering:**

(Ons verwys na die klankverskynsels soos **Assimilasie**, **Nasalering**, **Klankverlies** en **Klanktoevoeging** wat ons onder klankleer behandel het).

#### **Betekenisverandering:**

(Ook betekenisverskynsels soos **betekenisverruiming**, **-beperking**, **-differensiasie** en die **figuurlike betekenis** van woorde is reeds onder **Betekenisleer** behandel).

#### **Woordeskatverandering:**

(Toe ons woordvorming behandel het, het ons reeds gesien dat die woordeskat van 'n taal nie iets konstants kan wees nie, maar dat dit steeds verander na gelang van die menslike

behoefte. Sekere woorde raak in onbruik en daar ontstaan 'n behoefte aan nuwes—dit, afgesien van die invloed van verskynsels soos Betekenisverandering, Volksetimologie, Kontaminasie, Reduplikasie en Analogie—verskynsels wat (soos ons later sal aantoon) ook die woordeskat van die taal beïnvloed. Maar ons wil ons nou net beperk tot 'n bepaalde aspek van die sg. -ismes. (Anglisismes en invloede van ander tale is onder Sulwerheid bespreek). Die aspek is die sg. **Archaïsmes, Taalfossiele en veral Neologismes**).

**Archaïsmes** is taaloudhede wat in onbruik geraak het. Hoewel ons woorde soos „lyken”, „myn” (in die sin van „dit lyken vir myn”), „begos”, „werd”, „gekog”, selfs woordjies soos „had” en „sig” goed verstaan, voel ons tog dat hulle vandag nie eintlik meer gebruik word nie. Archaïsties is natuurlik ook die benaminge van persone of dinge wat ons vandag nie meer aantref nie. Wie weet vandag nog wat 'n „domper”, 'n „snuiter” (vir 'n vetkers), 'n „tessie”, 'n „es” (vuurherd), 'n „jaagbesem” ens. is?

**Taalfossiele** is (soos die naam aandui) ook taaloudhede, waarvan die vorm oudmodiesheid verraal, maar hulle word vandag nog gebruik. Hulle word op meer as een gebied aangetref:

- (a) Ou lidwoorde, bv. „de hoenders in”, „aan 't werk”, „'n kwaale derduwel”, „'n mag der menigte”, „die-derdikte”.
- (b) Ou genitiewe, bv. „soggens”, „'n kind des doods”, „brood der smarte”.
- (c) Ou datiewe, bv. „te lande”, „ten hemel”, „ter insage”, „hedentendage”.
- (d) Ou verl. dwe., bv. „gebroke”, „geslepe”, „gesonge”, „genote” ens.
- (e) Ou verl. tye, bv. „mog”, „wis” ens. (Selfs grappige verskynsels soos „'n klap gaf” en „sonde ontsag”).
- (f) Ou konjunktiewe, bv. „het sy”, „hoe dit ook al sy”, „ek wou dat dit so was”.
- (g) Ou infinitiewe, bv. „te wete”, „te kenne”, „te danke”.

Die belangrikste van hierdie -ismes is **Neologismes** of nuwe skeppinge. Soms is daar 'n behoefte aan nuwe skeppinge en soms „maak” die mens in sy vindingrykheid somer nuwe woorde. Waar ons in 'n tyd van geweldig baie nuwe uitvindinge lewe en veral waar ons probeer om Afrikaanse vertalings vir die baie uitheemse dinge te gee, moet daar besonder baie neologismes geskep word. Trouens ons moet of letterlik ontleen of die woord verbaster of 'n nuwe woord maak. Laasgenoemde proses is verantwoordelik vir honderde woorde in ons woordeskat. Dink aan „skepskop”, „vlughoue”, „lopies”, „kardoesbroek”, „halsknopie”, „skemerpartytjie”, „agterbak”, „omroeper” en so baie ander.

'n Besonder vrugbare veld is dié van samestellings — 'n konstruksie wat ons in staat stel om so maklik nuwe woorde te vorm: „Konfytperskes”, „rantjiesveld”, „lekkersitdoel”, „spitsdak-tentjies”, „oujongnôl-maniere”. Hierdie metode ken haas geen grense nie. Ook die voor- en agtervoegsels stel ons in staat om deur middel van bv. on-, -loos e.a. byna enige moontlike woord te vorm.

Soms word bestaande woorde op 'n nuwe manier aangewend. Dink aan: „die trop streep die voorbokke agterna”, „daar in die verte blou die soutsee op” en so meer. Maar soms word daar in die spreek- en in die skryftaal sommer op so 'n verrassende manier heeltemal nuwe woorde gevorm: „woorde-gepingpong”, „moenielikheid”, „sahara-dor”, „bevark”, „tjorrie”, „omgeëllie”.

### Volksetimologie:

As die volk 'n vreemd-klinkende woord nie verstaan nie, word dit (soms komies) vervorm, sodat dit 'n bekender vorm aanneem:

„Martial Law” word „Martjie Louw” „Theophilus Shepstone” word „die duiwel se slypsteen”. „Eau de Cologne” word „Olie Kolonie”. „Wonder essence” word „wonderliksens”. „Rodger” word „rotkêr” (mes). „Oxford” word „okskort” (die manel-letjie). Dink ook aan „perlemoer”, „tweespalk” en „blaasbalk”. Woorde en uitdrukkings soos „koerasie” (courage), „filekommis” (fidél-commissum), „uit wans uit” (at once), „opsluit” (absoluut), „opsent” (absent), „disnis” (distance), „penitensie” (penitence), „boetse” (boots) hoort ook hieronder tuis.

### Kontaminasie:

Dit is eintlik 'n vorm van taalaansteeklikheid. Twee verwante woorde of begrippe kom gelyktydig in die bewussyn op en 'n nuwe vorm ontstaan uit dele van elkeen van die oues: „Modderas” uit „modder” en „moeras”, „verassureer” uit „verseker” en „assureer”, „onderlaag” uit „onderspit” en „neerlaag”, „voor tien jaar gelede” uit „voor tien jaar” en „tien jaar gelede”.

**Stapelvorme en Reduplikasies** was oorspronklik feitlik pleonastiese verskynsels, d.w.s. onnodige herhalings. Hulle verrig egter vandag 'n bepaalde funksie in die taal. As dieselfde begrip herhaal word (i.w. nie dieselfde *woord* nie), noem ons dit 'n stapelvorm of 'n toutologiese vorm. In „mandjietjie”, „kopple-tjie” ens. is 'n „dubbele verkleiningsidee; in „lammers” en „elers” het ons eintlik 'n dubbele meervoudsvorm; en in „brokstuk”, „kabeltou”, „tortelduiw” en „bulldoghond” word dieselfde begrip eintlik op twee verskillende maniere gesê.

In gevalle van **Reduplikasie** of **Verdubbeling** word dieselfde woord herhaal. Kyk watter verskeidenheid die volgende gevalle meebring: „**Nie** goed **nie**”, „**uit** die tuin **uit**”, „**in** die huis **in**”, „**fluit-fluit loop**”, „’n saak **blou-blou** laat”, „hy eet **bietjies-bietjies**”, „**fragte-fragte** aanry”, „dit gaan **so-so**”, „die water **wil-wil** oorkook”, „hulle speel **voetji-voetjie**”, „**slag-slag** word hy moedeloos”.

### **Analogie:**

Analogie kan beskou word as een van die interessantste en belangrikste taalverskynsels. Dit ontstaan as gevolg van die mag van die **voorbeeld** in die taal en loop dikwels (soos so baie taalverskynsels) op ’n foutiewe vorm uit. Ons sê bv. „boste”, „daste”, „leste” na analogie van „kaste”, „kwaste”, „neste”. Ook hoor ons van „gevertel” en „gebegin”, omdat ons praat van „gekom” en „gegaan”. Verkleinwoorde soos „stukkietjie” en „bossletjie” is ongetwyfeld gevorm na analogie van ander verkleinwoorde op **-tjie**. By woordvorming is analogie-werking ook duidelik waar te neem waar ons nuwe woorde (volgens die voorbeeld van bestaandes) vorm met **on-**, **-loos**, **-heid** (**-geid**) e.a. (Dis dikwels ’n onbewuste proses; van ’n driejarige seuntjie is die woord „bateder” i.p.v. „meer” gehoor).

## HOOFSTUK XI

### Styl

#### Wat Styl Beteken:

Ons heg meer as een betekenis aan die woord „styl”. „Die Grieke het 'n ander boustyl gehad as ons”, „Borotra het 'n mooi styl van tennis speel”, en „Langenhoven het 'n onnabootsbare styl” is almal maniere waarop die woord kan gebruik word. Vir ons doel is dit egter voldoende, as ons die woord in verband met letterkunde bring. As ons onthou dat die woord se oorsprong die Latynse „stilus”, 'n skryfinstrument, is, dan kan ons die betekenisverandering en die teenswoordige betekenis beter begryp, want die naam van die instrument het al spoedig die **manier** van skryf gaan beteken. Styl is dan ook die manier waarop die kunstenaar skryf, waarop hy die taal aanwend. Hieruit volg dat styl iets persoonliks is, dat dit ten nouste saamhang met die innerlike van die skrywer en dat ons al gou in staat kan wees om die styl van ons liefingskrywer te herken, al sien ons nie sy naam nie.

In 'n sekere sin kan ons van styl i.v.m. alles wat geskryf word, praat, maar ons bepaal ons net tot **letterkundige** styl, d.w.s. die styl van kunstenaars, mense wat op die aandrang van die inspirasie skryf of alleen so behoort te skryf, en gevolglik nie *beredeneer* nie, maar die gevoel as dryfveer behou, wat die styl **emosioneel** gekleurd maak. Die styl van wetenskaplike boeke bv. het hoofsaaklik helderheid en duidelikheid ten doel en is dus uit die aard van die saak **intellektueel**. Selfs die wetenskaplike (die historikus bv.) kan hom bedien van 'n letterkundige styl ('n styl waarvan skoonheid uitgaan), maar dan is dit 'n kunstenaar-wetenskaplike.

#### Taal en Styl:

Vir baie matrikulante is die woorde „taal” en „styl” byna sinonieme; tog is die verskil natuurlik hemelsbreed. Taal kan vergelyk word by stene, terwyl styl dan die **manier** is waarop daardie stene saamgevoeg word om 'n gebou te vorm. Taal is noodwendig maar die *doeie materiaal*, terwyl styl die *immerlewende, wisselende en plastiese aanwending van die kunstenaar* is. Gevolglik is dit in orde om van 'n **grammaties-korrekte taal**, 'n **goed-versorgde**, 'n **keurige taal** te praat. Styl aan die ander kant is weer **eenvoudig, duidelik, plasties, suiwer**, ens. (soos ons nog later verder sal aantoon). Ons moet dus nie meer ver-

warrend praat van 'n hoogdrawende of eenvoudige taal nie, terwyl uitdrukkinge soos „'n mooi taal” en 'n „pragtige styl” in die jaar nul al „holrug gery” is.

### Paragrawe:

Alhoewel daar geen direkte verband tussen styl en paragrawe is nie, is paragrafering tog 'n belangrike faktor in verband met 'n skrywer se besondere manier van dinge stel, en dit bly in elk geval vir die meeste leerlinge in ons sekondêre klasse 'n groot struikelblok. Aangesien swak paragrafering dikwels te wyte is aan 'n verwarde gedagtegang, is dit noodsaaklik om veral by die skryf van opstelle die stof eers goed te beheers en dan te verdeel in punte, alvorens 'n aanvang met die skryf gemaak word.

Moet ons leerlinge aanmoedig om kort of lang paragrawe te skrywe? Dit hang van baie faktore af. 'n Studie van 'n paar van ons beroemdste outeurs sal hier nuttig wees. Stel bv. Sangiro se lang, eweredige paragrawe teenoor Langenhoven se kernagtige, dramatiese paragrawe bv. waar Korneels voor die hof moet verantwoording doen in belang van sy krediteure. In die laaste instansie hang paragrawe ten nouste saam met atmosfeer en stemming.

Vir 'n leerling is dit nuttig om aan 'n geskrewe stuk werk bv. 'n opstel te dink as aan 'n trein met die sterk ou lokomotief voor, die goederewa agter en tussenin die verskillende waens. Die lokomotief en die goederewa is twee baie belangrike dele van die trein, en die inleidende en die slotparagrawe is seker feitlik die twee belangrikste paragrawe in die opstel.

### Interpunksie:

(Alhoewel interpunksie (of punktuasie) gewoonlik as iets aparts behandel word en deur die meeste sekondêre leerlinge nie aangewend word om styl te bevorder nie (eerder om te belemmer), is dit in die hand van die kunstenaar (veral as hy dit op sy eie manier aanwend) 'n magtige stilistiese faktor).

Aangesien daar seker geen twee persone is wat presies eenders punktueer nie, is dit die laaste gebied waarop 'n mens dogmaties (en skoolmeesteragtig) reëls kan dikteer. So sal 'n reël ons waarskynlik sê dat ons tussen twee punte 'n volle sin moet hê, maar nou vertel Langenhoven ons wat hy alles op die trem het en dan sluit hy so: „En Engela se klere.” In hierdie geval is interpunksie 'n baie treffende middel om te beklemtoon. Die gevorderde kandidaat moet geleer word om bv. deur die ongewone gebruik van die punt, die gebruik van—aandagstreek, van ?! (die vraag- en uitroepteken gelyk) en . . . na 'n paragraaf effek te bereik.

Nou een en ander i.v.m. die gebruik van punktuasie:

**Die Punt:** Die punt lewer oor die algemeen geen moeïlkhede op nie. Dit is die teken dat 'n sin of 'n gedagte voltooi is (hoe relatief so 'n stelling ook al is). Ons kan verder volledigheids-halwe daarop wys dat sommige skrywers (Langenhoven en Pienaar bv.) geen punt gebruik agter die hoof van 'n opstel of hoofstuk nie. Die opskrif is bv. Sinsbou met niks daaragter nie, omdat Langenhoven nie „die briek wil aandraai voor hy begin het nie”. By leerlinge is dit 'n algemene fout om 'n punt weg te laat, waar een behoort te wees. Dit is bv. raadsaam om so te skrywe: „Dit is nag. Die bome staan soos eensame wagers op die ou plaas.”

**Die Komma:** Die komma is verreweg die belangrikste interpunksie-probleem. Vir die verkeerde gebruik daarvan word kandidate by openbare eksamens seker ruim vierkeer soveel gepenaliseer as vir die verkeerde gebruik van ander interpunksie-tekens. Ook hier moet ons in gedagte hou dat sommige mense **psigologies** punktueer, m.a.w. hulle voel maar waar 'n komma noodsaaklik is, terwyl die groot meerderheid (veral leerlinge) **grammaties** punktueer, d.w.s. hulle let op die konstruksie van die sinne en sit dan die komma in. (Dit is dus seker pedagogies gesond om interpunksie saam met sinsleer te behandel).

Ons het aangetoon dat daar veral teen die gebruik van die komma gesondig word, en nou moet ons verder sê dat leerlinge veral vergeet om **voor en na bywoordelike bysinne 'n komma te gebruik en ook voor „want” en „maar” as voegwoorde**. Dus: „Jy moet loop, voordat dit te laat is.” „Alhoewel ek baie graag wil, kan ek jou nie help nie.” ('n Ander manier om die komma in verband met sinne soos die laaste te onthou, is om te weet dat **ons 'n komma tussen twee werkwoorde moet gebruik** as hulle aan verskillende sinne (hoof- of by-) behoort).

Voor „maar” en „want” as voegwoorde ook bv.: „Ek kan, maar ek wil nie.” „Jy moet loop, want dit is al laat.”

Parentetiese sinne of sinsdele vereis die komma: „Hy het, om dit nou maar genadig te stel, geen moed nie.” „Jy is, verstaan jy my, besig om my geduld op die proef te stel.” Somtyds staan so 'n parentese so los van die verband, dat dit veilig tussen hakies of desnoods tussen twee strepe kan geplaas word. Dink bv. aan Langenhoven se spreuke in dié verband.

Bystellings is eweseer tussen kommas: „Jan Ferreira, die veedief, is 'n skurk.” „My neef, Gert Serdyn, het bakore” teenoor „Die neef Gert van my is 'n luiaard.”

Die gebruik van die komma in verband met byvoeglike bysinne is onvas. Logies beskou, moet die byvoeglike bysin tussen twee kommas staan, maar die populêre gebruik wil die komma alleen agter die byvoeglike bysin (veral tussen twee werkwoorde) bv. „Die stoel waarop jy sit, kraak.” Vind die kandidaat die gebruik

weerskante van die byvoeglike bysin makliker, dan is daar niks teen in te bring nie behalwe dat daar dan soms so baie kommas is veral in die kort sinnetjies soos „Die man, wat dit sé, lieg”.

„Oorpunktuasie”, soos ons dit by sommige leerlinge aantref, werk ook stroefheid in die hand. Sommige leerlinge gebruik in hulle opstelle kommas voor en agter alle bepalings en ook by selfstandige bysinne, terwyl bepalings gewoonlik geen kommas vereis nie, behalwe waar hulle gebruik word soos „Die trekkers, reeds op die grens van wanhoop, het besluit om terug te keer” of „Die hond, vasgeketting aan die boom, moes hom gedra”. Die selfstandige bysin, as voorwerp- of gesegdesin gebruik, vereis geen komma nie, bv. „Ek weet wat ek wil” of „Hy word wat ons verwag”. As ’n onderwerpsin moet dit wel die komma hê, bv. „wat hy vertel, is waar”. As „en” ’n newegeskikte hoofsin inlei, plaas ons gewoonlik ’n komma daarvoor, veral as dit ’n nuwe sinswending aandui, bv. „Hy gaan baie agteruit, en, hoe meer ek moeite doen, hoe minder vorder hy”.

**Die Komma-punt:** Die gebruik van die komma-punt is uiters onvas; trouens baie mense gebruik dit feitlik nooit, aangesien hulle glo aan kort sinnetjies en alsolief ’n punt gebruik, as die komma dan nie goed is nie. ’n Kandidaat wat die gebruik van die komma-punt mooi kan aanvoel, het al taargevoel erlang.

Dit is ’n betroubare rigsgnoer om die komma-punt te gebruik, waar die sin feitlik voltooi is, maar tog nog ’n verband het met die een wat volg; m.a.w. dit is ’n kruis tussen ’n komma en ’n punt. Dit staan gevolglik ook dikwels in die plek van die voegwoord. Let nou op die volgende sinne: „Ek moet nou gaan; môre is dit te laat”. „Ek sal jou help; ek het jou dit immers al beloof.”

Daardie woordjie „immers” laat ons nou voegwoorde en interpunksie in verband met mekaar bring. Voor „want”, „maar”, „dog” en somtyds „en” kry ons meestal die komma. Dit is interessant om daarop te let dat hierdie woordjies meestal die **normale woordorde** vereis. Voegwoorde soos „tog”, „dus”, „derhalwe”, „daarom”, „nogtans”, „desnietemin” en „intendeel” vereis weer die **omgekeerde woordorde** en staan agter ’n komma-punt, bv. „Ek kan nie; tog moet ek”. „Hy is my vyand; desnietemin help ek hom.” „My seun help my nie; intendeel hinder hy my.” Nou kan ek natuurlik ook skrywe: „My seun help my nie; intendeel, hy hinder my.” „Hy het my baie kwaad gedoen; nogtans, ek vergewe hom.” Verskuif ek „nogtans”, dan skryf ek: „Hy het my baie kwaad gedoen; ek vergewe hom nogtans.” Dan is „nogtans” (wat die geleerde mense noem) ’n voegwoordelike bywoord en vereis dié normale woordorde. Sy maters is „immers”, „trouens”, „mos”, „dareem”, en somtyds woorde soos „desnietemin”, „daarenteë” en „egter”. Alhoewel hierdie woorde die normale woordorde vereis, staan hulle gewoonlik na ’n komma-punt, soos bv. „Hy is in my diens; ek het hom trouens al betaal”.

Selfs hier sou jy kan skryf: „Hy is in my diens; trouens, ek het hom al betaal.” „Sy is stuurs teenoor my; ek bemin haar nogtans,” of „Sy is stuurs teenoor my; nogtans, ek bemin haar.”

Die lastige woordjie „egter” word min of meer as vol gebruik: „Dit spyt my; ek kan daar egter niks aan doen nie.” „Hy is maar ’n bog; sy broer, egter, is ’n gawe kèrel.”

**Die Vraagteken en die Uitroepteken (of Uitroepingsteken):** Hierdie twee tekens lewer baie minder moelikhede op en kan saam behandel word. Die populêre gebruik is: Hy vra: „Gaan jy saam?” of *hy het uitgeroep*: „Maar doring!” Nou kan ons dit andersom stel (en let op hoe dit dan gepunktueer word): „Gaan jy saam?” *het hy gevra* of „maar doring!” *het hy uitgeroep*.

Dit spreek vanself dat ek hierdie tekens nie gebruik, as dit die indirekte rede is nie; bv.: Hy roep uit dat dit ’n ellendige skande is. Selfs nie in hierdie soort geval nie: *Jy skree ook net heeldag eina*, of *Dit is ook maar vervelend om heeldag eina te hoor*.

Wanneer ek verbaasd ’n vraag stel, word albei tekens gebruik, bv.: „Jy sien my in my ellende en jy help my nie eens nie?!”

**Die Aandagstreep en die Sterretjies:** Die aandagstreep (of beletselteken) en die sterretjie (die asterisk) gebruik skrywers na willekeur. Die aandagstreep, soos sy naam aandui, trek die aandag sterk na wat volg: „Hy het vir sy land opgeoffer besitting, familie — ja alles wat hom dierbaar was.” Die sterretjie(s) word in ’n opstel of verhaal gebruik om ’n wending aan te toon of om te laat verstaan dat wat verby is en wat kom, heeltemal verskillend is.

**Aanhalingstekens en die Dubbelpunt:** Hierdie twee word meestal in verband met mekaar gebruik, alhoewel die dubbelpunt ook ’n ander gebruik het: Dit word gebruik om aan te toon dat daar nog iets volg (om die vorige te verklaar) en vereis dan ook gewoonlik ’n hoofletter daarna, bv.: „Ek het die volgende in my tuin: kwepers, appels, ens.” „Daar is nog ’n manier om dit te doen: Jy moet met water aanmaak.” „Almal het hulle toevlug na hom geneem: Die grootste rots bied mos die meeste beskerming.”

Maar nou die aanhalingstekens: Hier is die populêre en eenvoudige gebruik: Hy sê: „Môre gaan dit reën.” Dit spreek vanself dat ons aanhalingstekens moet gebruik, wanneer ons iemand anders se woorde letterlik gebruik; anders maak ons ons skuldig aan **plagiaat** of „letterdiewery”. Maar ons moet ook aanhalingstekens gebruik, wanneer ons ’n sinsdeel of selfs ’n oorspronklike woord of beeld van ander gebruik; Dr. Plenaar praat bv. van „op die lewe betrap” of „woorde-geping-pong”.

Kandidate vergeet ook maar alte vaak om name van tydskrifte, koerante en die titels van boeke en gedigte in aanhalingstekens te plaas, bv.: Jochem van Bruggen het „Ample” geskryf; „Die Vlakte” bly ’n monument in ons literatuur. Hier kan die

vraag bespreek word, wat ons moet doen, as ons reeds aanhalings-tekens gebruik en aanhalings word dan weer noodsaaklik binne daardie aanhalings. In sulke gevalle vind ons net 'n enkele aanhalingsteken: Hy sê: „Elke Afrikaner behoort op ‚Die Huisgenoot‘ in te teken.” Veral in gevalle waar sulke aanhalingstekens op die end van 'n aanhaling noodsaaklik word, m.a.w. waar daar logies vier aanhalingstekens sou wees, het ons altyd drie. So: Hy sê: „Maar teken in op ‚Die Huisgenoot‘.” Dit geld van al sulke dubbele aanhalings.

Ons moet ook onthou dat aanhalingstekens puntuasie moet insluit. Let bv. op presies waar die aanhalingstekens in die volgende gevalle staan: „Kom!” skree Pa. Hy sug: „Ag ja!” Verder is dit nuttig om te onthou dat aanhalingstekens die reëls volg van die taal waarin die geheel opgestel is, en nie dié van die taal van die aanhaling nie. 'n Engelse aanhaling in 'n stuk Afrikaans moet bv. so wees: Vandat „yes” en „no” in die wêreld gekom het, het sake begin verkeerd loop. Let ook op hoe die aanhalingstekens gemaak word.

### **Interpunksie en Betekenis:**

Puntuasie beïnvloed die betekenis van 'n sin baie. Ons ken almal die bekende (reeds afgesaagde) geval van: „Hier ligt begraven mijn vrouw, Griet, ens.” Maar let nou op die volgende: Hy sê ek kan dit nie doen nie; Hy sê: „Ek kan dit nie doen nie”; en „Hy,” sê ek, „kan dit nie doen nie.”

**Oefening en Voorbeelde:** (Die gebruiklike oefening by interpunksie is om 'n ongepunktueerde stuk prosa te neem en die leerling te vra om dit te punktueer. Die onderwyser kan dit doen met die voorbeelde wat reeds gegee is, maar 'n beter oefening is om die leerling elkeen van die interpunksietekens in soveel sinne moontlik te laat gebruik, of die onderwyser moet 'n stuk (uitge-soek vir dié doel) met die nodige stembuiging en rus hard lees en die leerling dit laat neerskryf en punktueer. Dan kan een van die leerlinge weer lees, totdat die gevoel vir interpunksie daar is. 'n Ander nuttige oefening is om die leerling in 'n stuk prosa van een van ons groot kunstenaars al die interpunksietekens te laat onderstreep om die gebruik by hom in te skerp).

### **\* Hoofletters:**

Selfs 'n standaard-ses-leerling weet dat hy 'n hoofletter moet gebruik as hy name van mense, plekke, volkere, godsdiens, genootskappe, boeke, tydskrifte, koerante, dae, maande en die naam van die Opperwese skrywe; maar daar is gevalle waar die

---

\* Hoofletters is meesterlik deur Prof. Smith in „Die Suiderstem” behandel.

gebruik van die hoofletter nie so duidelik is nie, want ook dit is 'n kwessie van smaak, en daar is niks om jou te verhinder, as jy 'n woord wil beklemtoon deur middel van 'n hoofletter nie; bv.: „Ons glo aan Vryheid, Gelykheid en Broederskap.” As ons hierdie saak wetenskaplik wil behandel, stuit ons op allerlei moeilikhede, want daar is so baie afwykings en so min bronne. Eiename word so maklik soortname en andersom. Dink aan **God**, maar in gods naam; **Job**, maar **jobstrooster**. Miskien help dit ons, as ons nogeens beklemtoon dat eiename hoofletters is, maar dat die *gewysigãe* betekenis meestal die kleinletter meebring.

Ons praat dus van Engelse, Amerikaners, Duitsers, Nederland, Frankryk, ens., maar van amerikaniseer, engelse sout, nederlandisme, vlaamse hingste, basoeto-ponie, spaans-riet, frans-druiwe, duitse sis, ens. In verband met name van boeke en blaale moet ons daarop wys dat die lidwoord of voornaamwoord ook 'n hoofletter verg, bv. „Die Burger”, „Ons Land”.

Titels vereis 'n hoofletter, wanneer hulle saam met die eienaam staan en wanneer daar geen voorletters gebruik word nie, bv. **Koning Eduard**, **President Steyn**, **Generaal Hertzog**; maar, let wel, *president M. T. Steyn*, *generaal J. B. M. Hertzog*, *professor doktor E. C. Pienaar*, *mnr. J. C. v. d. Westhuizen*.

Woorde soos Pa, Oom, Neef en Broer word met 'n hoofletter geskryf, wanneer dit as 'n eienaam of 'n deel daarvan gevoel word; bv.: „Vra vir Pa” of „Wat sou Oom Paul sê?” of „Almal ken vir Ouma Bester”, maar natuurlik: „Sy pa sal hom 'n pak gee” of „my neefs en niggies ken my nie”. Woorde soos voorsitter kan ook met of sonder 'n hoofletter geskrywe word; bv.: Ek sê: „Meneer die Voorsitter, ek wil 'n paar woordjies sê”; maar: „Die voorsitter kan die vergadering nie in toom hou nie.”

Ons skrywe Suid-Afrika, en gevolglik kan ons seker gerus maar skrywe: Suid-Afrikaanse bolsoorte, Suidwes-Afrikaanse sandduine; maar 'n noordoostelike rigting, suidwestelike distrikte, ens.

Hoofletters by opskrifte word beperk tot die belangrike, wat alweer van eie oordeel afhang: Eienaardige Gewoontes van die goele ou Tyd”, „Waar Doringbome in helder Maanskyn Fluister”.

Na 'n dubbelpunt gebruik ons meestal 'n hoofletter, bv. Hy sê: „Wag 'n bietjie”; hy het as volg gepraat: „Dames en here . . .” maar „in ons winkel is die volgende: pere, appels, ens.”

Die Opperwese in al sy variante word met 'n hoofletter geskryf, bv. God, Jesus, Christus; maar: dis godsonmoontlik, 'n politieke godsvrede, christelik. Die Afrikaanse Bybel skrywe die voornaamwoord in hierdie verband nie konsekwent klein- of hoofletters nie — vermoedelik 'n kwessie van smaak. Soms lyk die baie hoofletters lomp: „Ons weet dat U U hand oor ons hoof hou, as ons U vertrou.”

Persoonsname word met 'n hoofletter geskryf selfs in gevalle soos „hy is 'n Job, 'n Salomo, 'n Henoch”.

Ons skryf „Sondag”, „September”; maar „sondagskool”, „blou-maandag”, ens.

Partye, verenigings en genootskappe se name is hoofletters, bv. Die Nasionale Party, Die Broederbond, Die Akademie; maar „nasionale beginsels”, „taalgenootskappe”, ens.

(Die voorafgaande staan maar indirek in verband met styl, maar dit is tog die noodsaaklike skoonmaak van die akker, waarop die plant later tot volle wasdom moet gedy. Ons kom nou tot die verskillende stylsoorte, maar dit is noodsaaklik om vooraf te waarsku teen die misdaad van opsetlike en gevolglik onnatuurlike mooi-skrywery en stylverwringing. Die essensie van alle waaragtige kuns is immers **spontaneiteit** en die styl moet dus onwillekeurig aan die siel ontspring, soos die jubelende water daar uit die donker aarde.

Leerlinge sukkel baie om stilisties te ontleed. Dit is mos ook nie 'n maklike taak om te sê waarom iets vir jou mooi is nie! Smaak en die vermoë om dit skriftelik aan die dag te lê moet maar gaandeweg ontwikkel. Leer veral om na 'n gegewe stuk te **verwys** — hoe die skrywer bv. gebruik maak van beelde, van klanke, van eenvoudige woorde, van woordspelings, of (aan die ander kant) van hoogdrawende woorde, onsuivere taal, en-so-meer. Nadat ons dit gedoen het, kan ons oor die algemeen skrywe).

### **Styleienskappe:**

**Helderheid of Duidelikheid:** Die eerste doel van alle taal-onderwys moet wees om leerlinge te leer om hulle **duidelik** en verstaanbaar uit te druk. Dit is dikwels onmoontlik om te verstaan wat mense skrywe, omdat hulle gedagtegang verward is. **Helderheid** is dus in die eerste instansie iets psigologies, maar selfs wanneer mense helder dink, is hulle interpunksies dikwels so foutief, hulle grammatikale begrip so primitief en hulle algemene taalbeheer so beroerd, dat dit haas onmoontlik is om hulle bedoeling te snap.

Voorbeelde van duidelikheid behoef ons nie uit te soek nie, aangesien dit met die eerste oogopslag duidelik is of die geskrewe stuk duidelik en helder is al dan nie. Dit is eenvoudiger om jou vinger op die vyande van duidelikheid te lê, nl.: **Duisterheid, Vaagheid en Dubbelsinnigheid:**

'n Skrywer se manier van dinge stel, is dikwels as gevolg van algemene stilistiese onbeholpenheid so **duister**, dat die algemene betekenis vir die leser duister bly. Elke onderwyser weet dat dit die groot probleem selfs van die deursnee sekondêre

leerling is, sodat 'n mens dankbaar word vir 'n opstel, redelik korrek en duidelik. Enige leerling en student kan gou verlos word van duisterheid en onbeholpenheid alleen deur doelbewus *helder te dink, praat en skryf*. Duisterheid is i.v.m. gewone stelwerk so voor-die-hand-liggend, dat ons geen spesiale voor-beelde hoef aan te gee nie; maar selfs ons digter-pionier skryf in „Trou”: „Maar 'n *blits* van trou in die traan van rou, wat aan liefde weer gee wat *haar bron is ontleen*.”

Wanneer 'n skrywer nie kan deurdring tot die essensiële nie, wanneer hy floutjies om die belangrike rondstompel sonder om 'n *duidelike begrip of beeld* by die leser op te wek, omdat die duidelike beeld nooit in sy gees was nie, dan is **Vaagheid** dié eienskap van sy manier van skryf.

Somtyds, soos in die volgende aanhaling, is 'n sin (of sinne) vatbaar vir meer as een interpretasie; dan is die bepaalde sin **Dubbelsinnig**: „Die seun wat die moordenaar geskiet het, is dood.”

**Eenvoud**: Net soos ons in die daaglikse omgang mense aantref wat die swierige vermy en die eenvoudige verkies, so het sommige skrywers ook 'n voorliefde vir die eenvoudige woord. Uit hulle werke straal die bekoring van eenvoud, die pragtige kinderlikheid in die literatuur. Totius is by uitnemendheid die apostel van eenvoud, en jy kan haas geen een van sy gedigte (dink maar aan sy bundel „Wilgerboom-bogies”) lees sonder om onder die stille bekoring van sy **Eenvoud** te kom nie. Kan jy nou die strelende eenvoud in die volgende aanvoel:

„Ek ken 'n mooi klein sprokie  
wat so na waarheid klink.  
Dis dat die tortel altyd  
sy water troebel drink.

Kom hy by helder plassies,  
dan sal hy drinkend neig,  
as eers na sagte roering  
die modderwolkies styg.”

Die swierbol in die literatuur is weer daardie skrywer wat lief s nie die eenvoudige woord sal gebruik as hy **hoog-drawend** en **bombasties** kan voortrammel nie. Die teenoorgestelde van Eenvoud is dan **Hoogdrawendheid** of **Bombas**, waarvan die volgende 'n voorbeeld is: „Na 'n lang kosmiese ewolusie deur 'n legio stadia is die kolossale kreasieplan ewentueel voltrek.”

### **Kernagtigheid, Pittigheid, Beknoptheid, Saaklikheid:**

Daar is skrywers en publieke sprekers wat ons graag alleen die koring, die *essensiële*, gee. Hulle styl is **kernagtig, pittig,**

**beknop, saaklik.** Eintlik is daar geen wesenlike verskil tussen die drie nie. Al vier veronderstel afwesigheid van die *bykomende*, die *oortollige*, maar beknopteheid lê die nadruk op min ruimte, terwyl die ander die nadruk op die **kern**, die **pit** lê.

'n Ander aspek van hierdie saak is die moderne mode in die literatuur om sinne fragmentaries te skryf, om dele van die sin weg te laat, om soms selfs net die een essensiële woord te skryf; bv.: „Maanlig! 'n Spieëlglatte see! Volmaakte vrede!!” Hierdie metode, die sg. Nuwe Saaklikheid, kan soms wonderlik effektief wees, maar die gewone leerling moet tog daarteen gewaarsku word, want hy is geneig om dele van die sin weg te laat as gevolg van slordigheid en nie as gevolg van 'n mooi eienskap soos kernagtigheid nie. Lees nou die volgende stukkie aandagtig deur en let op hoe kernagtig en pittig die spreker se manier is: „Wee die ongewapende! . . . Dit is ons groot dag . . . Bestaan die onmoontlike vir julle? Wat is die drie woorde van ons dogma? Glo! Gehoorzaam! Veg! In hierdie drie woorde was die geheim van elke oorwinning. In hulle sal dit bly.” (Uit 'n toespraak van Mussolini — „Die Burger”, 27 Maart 1939).

Die vyand van kernagtigheid is **Omslagtigheid, Langdradigheid of Wydlopiegheid**. Wanneer 'n skrywer met 'n „ydél verhaal van woorde” baie traag is om tot die essensiële te kom en weinig vordering met sy betoog maak, dan is hy **omslagtig**. Wanneer hy baie stadig vorder, omdat hy vervelend-omslagtig vertel en daarby nog allerhande onbeduidende bykomstighede haal, dan is hy **langdradig**. Die ou historiese romans in die Nederlandse en die Engelse literatuur was by uitstek langdradig. Daarom is daar in ons moderne gejaagde tyd (met sy voortreflike kortverhale nog boonop) haas geen tyd meer vir die romans van Walter Scott en Bosboom-Touissant nie.

Sulke langdradige vertellers se styl is dikwels vol tautologiese en pleonastiese verskynsels. Dit is voldoende om te weet dat dit verskynsels van oortolligheid is; die skrywer herhaal woorde en begrippe onnodiglik soos „aan die begin toe ons met ons werk aangevang het”, „weer terugkom”, ens. Ons moet nou versigtig wees om nie gevalle waar 'n skrywer op 'n digterlike en plastiese wyse agtergrond en milieu wil skilder, of ter wille van die effek herhaal, as langdradig te bestempel nie. Omslagtigheid en langdradigheid is eienskappe van verveling en behoort vermy te word, terwyl die waaragtige kunstenaar soms onderdele beskryf, wat vir die oppervlakkige leser onnodig skyn, maar wat in werklikheid die essensie van die atmosfeer of karakteruitbeelding is.

**Krag:** Nou verwant aan kernagtigheid is **krag** of **kragtigheid**. Hier is die klank van woorde of lettergrepe ook soms van belang. Dink nou aan woorde soos „krag”, „wurg”, „greep” en „knars” (veral in teenstelling met woorde soos „rus”, „sus”, „slaap” en

„droom”) en ons voel dadelik dat daardie woorde veral kragtens die harde -g en -k klanke, ’n mate van **forsheid**, **krag** en **geweld** vertolk. Hierdie klanke saam met die forse, gespierde manier waarop die kunstenaar iets stel, maak ’n styl kragtig. Luister nou na hierdie sitaat van ons digter-patriot, Celliers, en hierdie stylelenskap het geen verdere betoeg nodig nie:

. . . . .  
 „Vas soos ’n berg van grou graniet  
 op vaderlandsgrond, sy hartsgebied;  
 aan haar getrou soos aan kind en vrou,  
 en wat in haar ere ook syne slet.”

(Uit „Trou”).

**Welluidendheid:** Ons het nou net gesien dat klanke baie kan bydra tot krag, maar klanke dra natuurlik nog meer by tot **Welluidendheid**, **Musikaliteit** en **Soetvloeiendheid**. Sommige klanke is ongetwyfeld meer strelend vir die oor as ander. Dink maar aan die skoonheid van baie Kaffer-woorde soos openbaar in hulle eienaam, bv. „Skukusa” en „Letaba”. Hier speel **klanknabootsing** of **onomatopée** ’n baie groot rol. Marais se welluidende reël in sy onsterflikke „Mabalel” „vrolk klink die liedjie wat die **klingelinge** van haar enkelringe vergesel” is ’n voorbeeld van tekenende klanknabootsing. Ons wil in ons prosa die winde hoor „suls”, die donder hoor „rommel”, die reëndruppels hoor „kletter” en die veldvuurtjie hoor „knetter”. Hoor wat sê Van Bruggen van Ample: „En die son skuif stadig die skaduwee van die eensame soetdoringboom oor die twee skurwe hakskeene van daardie Afrikanerseen.”

(Verskynsels, verwant aan klanknabootsing, is **alliterasie** en **assonansie**, wat ook wel klanknabootsing mag wees, maar dit is noodsaaklik om te weet dat ’n herhaling van dieselfde klank aan die begin van ’n woord of lettergreep soos „dit is dit winterwind wat waai” alliterasie genoem word, terwyl die herhaling van ’n vokaalklank in ’n woord of lettergreep assonansie is soos bv. in „Sag op haar bloue oë **daal** die **vaak**.”)

Hierdie faktore dra almal by tot die welluidendheid (of populêr-weg **klankrykheid** genoem) van die woord.

Lees nou die volgende aanhaling hardop, en luister na die klanke:

„Dit *kraak* in die *brekende brokke*;  
 die opdraans is ver en is swaar.  
 Dit *knars* in die *knakkende knokke*,  
 maar hul beur en die vraag bring hul daar.”

(uit Celliers se „Ossewa”).

„En lekker los loop Oom Lokomotief”

(uit „Oom Lokomotief” van Visser).

**Natuurlikheid:** Dit sal goed wees, as al ons skrywers en skryfsters die woord van die grote Goethe gedagtig sal wees: „Ich dichte, weil ich nicht anders kann.“ Aangesien die inspirasie iets illusievol is en hom nie deur blote strewe aan bande laat lê nie, is die skrywer „laat” wat wil *probeer* om iets moois te skep. Nee, wil die kunstenaar die leser ontroer, dan is sy werk spontaan. Alhoewel die meeste van ons literate tot ’n mate natuurlikheid aan die dag lê, is dit seker net die begaafde enkelinge wat spontaan stukke liriese prosa en poësie geskryf het „wat ons liefde bly vir altyd”. Soek nou die mooiste stukke uit „Ampie” uit en jy sal self *voel* dat Van Bruggen nie anders **kon** as om „Ampie” te skryf nie. Dieselfde geld ook van Sangiro.

In ons skole is die grootste vyand van natuurlikheid daardie onegte **mooskrywery**. Dit is ’n fout waarmee ’n mens simpatie kan hê, want die sondaars is dikwels mense wat hulle woordeskat wil uitbrei en skoonheid beoog, maar in die werklikheid is dit ’n dodelike sonde, as ’n kandidaat op sy tande kners en „hemel en aarde beweeg” om „styl” aan die dag te lê, want dan lei dit tot sulke wandrogtelikhede soos „op daardie stadium is die patos van die natuurkind gestem in melodrama”, ’n sitaat uit die opstel van ’n kandidaat vir die Senior-Sertifikaat-Afrikaans-Hoër. So ’n onnatuurlike styl dra die stempel van **Gesogtheid en oordrewe Gekunsteldheid** en is derhalwe oneg en gemaakt.

Baie van ons woordkunstenaars openbaar soms ’n oordrewe gejjag op beelde en sogenaamde mooi-klinkende woorde en sinne met die gevolg dat hulle styl **Oorlaai, Stroef en Geswolle** is. Lê nou naas die mooi, uitgesoekte sitate van Van Bruggen die volgende en oordeel self:

Dis uit „Die Rivier” van Jan Celliers:

„Ek was by in die kelders onder  
 waar die wilde bajert donder,  
*stâder-woedend*  
 in sy boeie, *lede-knellend*,  
*spiere-spannend, ader-swellend*,  
*wake-voedend . . .*”

**Verhewenheid:** ’n Mens kan jou nie eintlik aan ’n definisie van hierdie mooi stilistiese eienskap waag nie; dit is veel beter om Psalm 90 en 91 en die Openbaring van Johannes in enige taal te gaan lees; dan voel ’n mens al dadelik wat verhewenheid is. Verhewenheid hang ook seker saam met die onderwerp wat besing word, want die onderwerp beïnvloed styl (soos ons later breedvoeriger sal aantoon). Waar verhewenheid nouliks denkbaar is waar ’n skrywer bv. in die moerasse van agterbuurtes ronddool, spreek dit vanself dat ’n hemelse gesig verhewenheid sal ontlok.

Dit is goed om verheuenheid 'n bietjie te beklemtoon vir mense wat graag in **Platheid** verval. Ons moet platheid nie verwar met **naturalisme** nie, daardie letterkundige stroming wat die *lelike* (in die gewone sin) en die *onooglike* ook *beskryf* en selfs beklemtoon. Nee, platheid veronderstel 'n stilistiese swakhed wat die skrywer nie bokant die grond wil laat uitstyg nie, wat 'n gebrek aan fantasie en die visioenêre openbaar. By leerlinge hang platheid dikwels saam met die neiging om 'n eksaminator smakelose grappies en lawwe familiariteite op te dis. So het 'n kandidaat bv. gepraat van Leipoldt „wat die stuipe wil kry oor die nietigste goggatjie”. Verder is die gebruik van „hol” vir „hardloop”, „vat” vir „neem” ens. en idioome soos „lek” en „inkruip” om dié rede af te keur.

**Plastiek:** By die bespreking van plastiek is dit goed om aan klei en selfs marmer te dink wat weens hulle vervormbaarheid, hulle „plastiese” aard, gebruik word vir duidelik-omlynde beelde. So is taal ook in 'n figuurlike sin „plasties”, omdat 'n mens deur 'n bepaalde taalaanwending iets duidelik kan uitbeeld; vandaar die verwantskap tussen letterkunde en die beeldende kunste. Wanneer 'n skrywer se manier van beskrywe nou so beeldend of skilderend is, dan het hy 'n plastiese styl of hy munt uit deur sy **plastiek**. Alhoewel **beeldrykheid** seker die magtigste faktor by alle plastiese beskrywings is en dit alleen ook dikwels as plastiek bestempel word, is dit tog lank nie die enigste faktor wat plastiek bepaal nie; die digter beeld dikwels aanskoulik uit deur sy **skilderende klanke** of deur 'n **suggestiewe ritme**, terwyl ander kunstenaars soms net deur hulle **eie siening en segging** vir die leser 'n sprekende beeld skep. Dan kry ons ook gevalle soos in die wonderskone „Dis Al” van Celliers, waar die digter juis so veel sê, omdat hy so min sê (m.a.w. omdat hy gebruik maak van **Verswyging**). Ons literatuur is so ryk aan plastiese beskrywings, dat die student geen genotvoller oefening kan kry as om orals voorbeelde van plastiek uit te soek nie.

(Leerlinge sal daar verder baie baat by vind om plastiese beskrywings van mense en dinge wat hulle elke dag sien, te probeer gee). Kyk in elk geval na die volgende juweeltjie van plastiek uit ons literatuur:

Dit is Celliers se skildery van 'n groot en 'n klein makoutjie:

„As sy waak, sit hy slaap, onbewus van haar ans,  
of hy trippel rond op 'n goggatjie-vangs,  
pik mis en te laat na 'n motjie wat vlug,  
en struikel onhandig en val op sy rug.”

**Geestigheid:** Die woord „geestigheid” het by ons al definitief twee betekenisse gekry: Ons boerebevolking in sekere dele praat graag van die geestigheid van kleurlinge, wat hulle te astring

hou met blankes; en die letterkunde-kritikus praat graag van die **Geestigheid** van 'n Langenhoven wat met sy **vernuftige woordspellinge**, sy **treffende paradokse** en sy **verrassende taalaanwending** die leser se aandag gespanne hou. Afgesien van die **paradoks** is die **epigram** ook 'n belangrike bestanddeel van geestigheid. (Die paradoks en epigram behandel ons later breedvoerig; voorlopig is dit voldoende om te weet dat die wese daarvan die **pittige**, die **verrassende**, die **skynbaar teenstrydige** is). 'n Geestige skrywer soos Langenhoven lê volgens die populêre opvatting ook gewoonlik **grappigheid**, **luimigheid**, **komiek**, **skerts**, ja selfs **satire** en **humor** aan die dag. Aangesien hierdie aantal begrippe as verwante eienskappe so dikwels verwar word, is dit noodsaaklik om hulle 'n bietjie nader te omskryf: Dit moet duidelik verstaan word dat geestigheid feitlik die enigste stylelenskap is, die enigste wat met die *manier* van sê iets te doen het en selfs hier (soos by baie ander stylelenskappe) is daar 'n noue verband tussen die skrywer se manier van dinge sê en sy eie spesiale siening. Waar ons dus praat van 'n geestige styl, sou ons beslis nie praat van 'n luimige of komieklieke styl nie en liefs nie van 'n satiriese of humoristiese styl nie (hoewel hierdie laaste twee seker al byna ook in dié verband burgerreg verkry het): Nee, komiek veronderstel iets wat baie „snaaks” lyk, soos 'n groot dik oubaas met 'n nou broekie wat kort onderkant sy knieë sit. As so 'n voorwerp beskryf word, dan het ons die suiwer lagwekkende in die literatuur, wat meestal **komiek** genoem word en wat in hoofsaak te doen het met die *voorwerp* van beskrywing en nie die *manier* nie. Ons sal seker ook sê dat so 'n voorwerp **belaglik** of selfs „snaaks” lyk. **Grappigheid** en **luimigheid** wat vir ons doel as sinoniem kan beskou word, hang saam met die woord „grap” of „pret”. Die grappige of luimige verteller deel aan ons mee wat definitief die lagspiere prikkel, m.a.w. grappig is sonder om belaglik of verspot te wees. Die perverse vorm van grappigheid of luimigheid is **lawwigheid**, **verspottigheid** of **stuitigheid**.

**Skerts** en **Satire** is nie inherent in die onderwerp nie, maar dit is ook geen stylelenskap nie, want die *inhoud* meer as die *manier* bepaal die **spot**-element, wat die lewensbloed van skerts en satire is. Soos reeds aangetoon, staan dit egter nie heeltemal los van die kunstenaar se bepaalde siening nie. Skerts is die ligte, goedige, tergende spot, terwyl satire die felle voorslaghoue van die spotter veronderstel.

**Humor** (soos deur dr. Francois Malherbe meesterlik aangetoon in sy „Humor”) temper die meedoënlose spot met die helende salf van **simpatie** en **liefde**.

Skoolse wette is i.v.m. hierdie ingewikkelde probleem, so vertroebel deur die alledaagse, verwarrende omgangstaal, nie neer te lê nie. Ons moet opsommenderwys volstaan deur te sê

dat ons hoofsaaklik van 'n **geestige** styl praat, omdat dit bowenal die **manier** van skrywe voorstel, maar dat luimigheid, satire en humor (met hulle sinonieme) meer bepaaldelik die **onderwerp**, die **inhoud** of die **houding** van die skrywer of leser beklemtoon.

Die student moet baie lees om meer vertrouwd te raak met hierdie begrippe. Jochem van Bruggen met sy onsterflike uitbeelding van ons armblankes is ons groot humoris, terwyl Langenhoven se „Sonde met die Bure” en „Doppers en Filistyne” seker ons twee verdienstelikste satiriese werke is. Voorbeelde van die grappige en die komiese is orals aan te toon, want ons leerlinge het 'n sin hiervoor, lank voordat die sin vir humor ook maar begin ontwikkel.

Alhoewel geestigheid dikwels satire en/of luim insluit, kan ons dit ook soms in sy suiwere vorm kry soos uit die volgende geniale spreuke van Langenhoven blyk:

„Die man van weinige woorde se solder is so klein dat daar nie plek is vir kaf nie. (Die ander s'n is so groot, dat dit met die aanhoudende uitdeel tog nooit leeg word nie).”

„Moenie eers baklei en dan hardloop nie; hardloop eers, solank jy nog vars en heel is.”

„Wysmaak is dwaasmaak.”

**Oorspronklikheid en Frisheid:** Ons moet nou die ietwat vae begrip van oorspronklikheid aanraak—vaag, omdat dit ander styleienskappe soos plastiek en geestigheid mag insluit; en verder ook geen duidelik-definieerbare eienskap is nie; maar, wanneer dit aanwesig is, onderskei die kunstenaar hom tog by uitstek deur iets **aparts**, iets **eiendomliks**, en daarom kan ons dit nie weglaat nie. Hierdie is 'n sterke **individualistiese** eienskap en kan gevolglik nie nageboots word nie. Iemand wat so 'n styl besig, word altyd dadelik herken, selfs al is sy naam nie onder 'n bepaalde stuk nie. Die kenner sal Langenhoven se skeppinge uit 'n duisend kan uitkies sonder dat sy naam daaronder behoef te staan.

Die oorspronklike kunstenaar, net soos enige ander oorspronklike mens, sien en sê veral dinge op sy eie manier en verras ons altyd deur sy **onverwagtheid**, sy **frisheid**. Hy is die vyand van afgesaagde **retorika** en alle niksseggende **banaliteit**, want hy gee ons altyd van die **sprankelende immergroen** uit sy eie tuin. Dit is noodsaaklik om hierdie punt vir leerlinge te beklemtoon, vir wie dit maar „roerloos stil” bly, veral as die groot „vuurbol” in sy „verebed van karmosyn” wegsink.

Lees nou die volgende aanhaling van Langenhoven en sê of jy daarin iets meer vind as die gewone manier van sê: Sagmoedige Neelsie is aan die woord: „Dit is omdat hulle almal eners is, en ek is nie eners nie. Ek is anders. Dit is my skuld. Dis omdat ek so sagsinnig is . . . Ek is glad te goed. Ek het hulle totaal bederwe deur my **slegtigheid** van **goetigheid**.”

## HOOFSTUK XII

### In Verband met Literatuur

#### Algemeen:

In hierdie hoofstuk wil ons 'n bietjie gesels oor die literatuur of letterkunde. Dit is nogal baie moeilik om te sê wat ons onder letterkunde verstaan en dit is seker dwaas om jou aan 'n definisie te waag. Dit is genoeg om ter bedenking te gee dat mense hoofsaaklik om twee redes skryf: hulle probeer **inligting** of **kennis** verskaf of hulle probeer **ontroer, skoonheid** bring. As jy feite i.v.m. die wetenskap, die geskiedenis of selfs tale probeer gee, dan is jy 'n wetenskaplike, wie se roeping dit is om in te lig, maar nie noodwendig om te ontroer nie; die kunstenaar skeep of altans behoort te skeep as gevolg van 'n onweerstaanbare drang, en die produk, of dit nou al 'n gedig, 'n drama of 'n roman is, noem ons letterkunde. Dit is noodsaaklik om hierdie punt te beklemtoon, dat die waaragtige kunstenaar nie skeep om te stig of te leer nie, maar alleen omdat hy uiting moet gee aan wat onweerstaanbaar in hom opwel. Die grote Goethe het gesê: „Ich dichte weil ich nicht anders kann“; en ons eie Leipoldt het ons ook vertel dat hy sing soos die windswael sing. Sal leerlinge nou onthou om nooit meer te sê dat hulle van 'n bepaalde verhaal hou, omdat hulle een of ander ding daarin *geleer* het nie? Soek na die **natuurlikheid, egtheid en spontaneiteit** in alles wat jy lees en onthou dat die grootste kuns sonder opgesmuktheid of 'n doelbewuste gestreef na effek tot stand gekom het.

Hieruit volg dit dat die meeste kunstenaars begenadigde mensekinders is. Daar is iets in hulle wat met sagte, maar dringende fluisterstem aanpor om te skeep, en hulle **moet** eenvoudig gehoorsaam. Almal voel dit seker nie ewe sterk nie. Sommige blaas daardie swak vlammetjie so getrou aan, dat dit allengs 'n verterende vuur word, terwyl dit byna tragies is om te dink dat baie kunstenaar-leerlinge in die groue werklikheid van die latere lewe nooit tot hulle reg kom nie.

As ons beweer dat kunstenaars begenadigde persone is, dan wil dit nog nie sê dat hulle (en almal van ons) nie ook baie moet lees en hard moet werk aan ons uitdrukkingsvermoë nie. Die dryfkrag van die besieling en 'n kunstenaarstemperament is 'n gawe Gods, maar die paaie waarlangs daardie drang tot uiting moet kom, kan deur oefening gedurig verbeter word.

Mense sê so graag dat daar oor smaak nie te redeneer val nie, en gebruik dit as 'n verskoning om waardelose, goedkoop literatuur te verslind, solank die blote jag na sensasie hul

aanpor om te lees. Die eerste probleem is seker om mense aan die lees te kry, al moet ons daarvoor net ligte ontspanningslektuur gebruik; maar, as 'n mens nooit verder kom as die blote avontuurlike nie, dan doen jy jou ontwikkeling dieselfde onreg aan as daardie persoon wat onafgebroke na die geblêr van „jazz”-musiek sit en luister, wyl die lokkende dieptes van klassieke musiek vir hom onbekende terrein bly.

### Prosa en Poësie:

Ons kan alle letterkunde in twee groot groepe verdeel, nl. **Prosa en Poësie**. Gelukkig leer leerlinge gaandeweg die verskil tussen die twee intuïtief voel, want om die verskil aan te toon is lank nie so 'n gemaklike taak nie. Die verskil lê gewis nie in die aard daarvan nie, want, soos reeds aangetoon, is beide poësie en prosa die natuurlike gevolg van die besieling. Dit lê nie eens noodwendig in die rym nie, want ons tref ook rymlose verse aan, die sg. **blanke verse**. Dit sou selfs verkeerd wees om te sê dat ritme net 'n eienskap is van poësie, want in ons literatuur kan baie voorbeelde van treffende ritmiese prosa aangetoon word. Nee, die hoofverskil lê daarin dat die meeste poësie in 'n bepaalde **metrum of maat** ('n begrip wat ons later verduidelik) geskryf is, terwyl prosa volgens 'n bepaalde maat 'n absurditeit is. Daarom praat ons ook van prosa as **ongebonde styl** en van poësie as **gebonde styl**.

### Die s.g. Letterkundige Terminologie:

Dit is seker onverstandig om 'n leerling te oorlaai met soveel letterkundige terminologie, want die nageaapte gebruik van ondeurleefde, geleerd-klinkende, letterkundige begrippe, vandag in swang in ons skole, kan nie genoeg verfoel word nie. Letterkunde is immers geen gereg, waarna jy met bepaalde ou reseppies kan aangedraf kom nie. Maar op 'n paar aspekte van die saak kan ons tog wys:

Ons het reeds gepraat van 'n kunstenaarstemperament. In alle groot kuns is daar die onderstroom van **diepe gevoel** — hetsy 'n openbaring van eie sieleleed of -vreug of van innerlike verskeurdheid of ekstase van ander mense. Sonder sterke, gesonde gevoel wat nie moet ontaard in weke sentimentaliteit nie, is alle kuns dood.

Alle groot kunstenaars het die wondergawe van **fantasie of verbeelding**. Dit is hulle wat die onsienlike sien, en wat die gewone werklikheid opvang en met hulle frisse verbeeldingskrag so kleur, dat daar 'n wêreld van skoonheid voor ons verrys. Sulke mense kan hulle verbeel hoe hulle skepsele in bepaalde omstandighede sou voel, praat en handel, en hulle is ook gewoonlik die mense wat van kindsbeen af gebore vertellers is.

Leerlinge praat so dikwels van **atmosfeer** sonder dat hulle die minste benul daarvan het. Dit is weer een van daardie ondefinieerbare woordjies. Maar ons weet almal dat 'n somber-triestige winterdag ons anders laat voel as 'n bloeisel-swangere lentedag. 'n Sterftkamer het *iets* daarin wat glad anders is as daardie *iets* wat ons in 'n bruilofsaal voel. Daardie geheimsinnige iets wat ons as 't ware in die lug, in die atmosfeer voel, noem die kritici ook **atmosfeer**. Hulle praat van 'n stuk wat 'n bepaalde atmosfeer adem of vol van 'n sekere **stemming** is.

Poesie en musiek is verwante kunste. Bepaalde klanke (soos op 'n ander plek breedvoeriger aangetoon) vertolk bepaalde gevoelens. Voel nou self die verskil in gevoel tussen:

„Dit knars in die knakkende knokke.”

en

„De zee waarin m'n ziel zichzelf weerspiegelt ziet.”

en

„Waar besye, weggelele watertjies langs plessies droom.”

Die waaragtige kunstenaar is baie gevoelig vir klanke, en die klanke van sy woorde sal baie daartoe bydra om daardie gevoel te vertolk, wat hy graag aan sy mede-mens wil vertolk.

Ook is hy gevoelig vir beelde, iets wat so belangrik en omvattend is, dat ons 'n aparte bespreking daaraan bestee:

### **Beeldspraak:**

'n Mens kom maar selde 'n bevredigende verklaring van beeldspraak teë, en dit lyk ook verstandiger om daaroor te gesels as om te definieer. As 'n skrywer iets wil beskryf, dan dink hy spontaan aan iets anders, wat net so is of radikaal verskil of in elk geval so verwant is, dat die een jou aan die ander laat dink. Luister nou na die volgende: „*Soos 'n koningin wat haar lang, wit sluters afskud* en die sonskyn tegemoet tree, kom Killimandjaro . . . te voorskyn” (Sangiro). „Sy oë het van woede *geblits*.” „Die *beste* stuurder staan aan wal.” „Die *brullende* branders het hom *verswelg*.” „Lasarus is nie dood nie; hy *slaap* net.” Ons voel nou dat ons in bostaande sitate gebruik gemaak het van **beeldspraak** of **stylfigure**. Woorde kan op so 'n manier in hulle **oordragtelike** of **figuurlike** betekenis, en nie in die *letterlike* nie, gebruik word. Ons vind baie sulke treffende beelde in die Bybel. Luister gerus as Pa vanaand lees. Ook is ons spreekwoorde en die volkstaal vol daarvan; die Afrikaner is mos 'n „doring” om „vergelykings te maak”.

Juiste beelde kan veel bydra tot die digterlikheid en algemene plastiek van 'n kunswerk, terwyl valse beeldspraak altyd ontasier en 'n belaglike indruk skep. As ons gewone sterflinge nie iets so kan sien of hoor soos die kunstenaar nie, dan moet hy nie verwag om baie van sy volksgenote te ontroer nie. Daar is voorts beelde, wat (vanmelewe) oorspronklik was, maar wat so herhaaldelik deur vaak iedereen gebruik is, dat hulle vandag al hulle krag verloor het en as afgesaagde **retoriek** (retorika of retoriese uitdrukkings) bestempel word — iets waarteen kandidate gedurig gewaarsku word, omdat ons die gebruik van **fris-oorspronklike** beelde wil aanmoedig en nie dié van ondeurvoelde, hol-klinkende gereedskap van ander mense nie. „Die *lonkende* laggies van die nôi met die hemelblou oë, wat onder die *lommerryke* elk in die *roerlose* aandstilte sit en droom, terwyl watertjies *kabbel* en die son in sy *karmosyn* veerbed ter ruste gaan” is vandag so flou soos bier van 'n paar dae gelede, as dit nie weke sentimentaliteit van die jaar nul is nie.

Daar word soms beelde behandel wat feitlik nooit voorkom nie, en die resultaat is 'n onnodige vermoënis des geestes. Ons gaan ons by die belangrikste bepaal:

#### (a) Die Vergelyking:

Hierdie is een van die populêrste en ook een van die belangrikste stylfigure. Die skrywer vergelyk die een by die ander, omdat hulle vir hom 'n sterke ooreenkoms het. „Hy is so wit soos 'n laken.” „Hy vloek soos 'n matroos.”

„Treurig die wysie op die ooswind se maat  
Soos die lied van 'n meisie in haar liefde verlaat.”

„Ampie lewe weer op soos 'n verlepte pampoenslaar.”

„Met dof-sware plof soos koeëls in die stof,  
kom die eerste druppels neer.”

Die voegwoord „soos” word gewoonlik gebruik, maar dit is nie noodwendig nie; dit kan ook geïnserieer word soos in: „Hy steur hom nie baie aan kritiek nie; hoë bome moet mos baie wind vang.”

Aangesien baie van ons vergelykings al geykte terme (vaste uitdrukkings) is, wil ons 'n paar van hulle aangee (en die leerling kan uit die spreektaal nog dosyne aanteken):

Bewe soos 'n riet. So blind soos 'n mol. Die feit staan soos 'n paal bo water. Hy het geld soos bossies. So gou soos blits (nou, soos jy sê mes). So kwaai soos 'n geitjie. Lieg soos 'n tandetrekker, ketter (tien perde skop). So mak soos 'n lam. So maer soos 'n kraai. So min soos die swart van my nael. Groot mond soos 'n waenhuisdeur. So oud soos Metusalem, die Kaap se wapad. So

sag soos ferweel. So siek soos 'n hond. Skree soos 'n maer vark. Slaap soos 'n klip. So stil soos 'n muis. Suip soos 'n vis. So vet soos 'n vark. So waar soos vet, (soos padda manel dra). So seker soos amen in die kerk. Sy hart klop soos 'n goedkoop wekker. So lelik soos die nag. 'n Tong soos 'n skeermes.

(b) **Die Metafoor of Metafora:**

Hier is die vergelyking wel teenwoordig, maar in plaas van die twee omslagtig te vergelyk, sê die skrywer sommer die een is die ander, of hy stel die een in die plek van die ander. 'n Vergelyking sou wees: „Daardie krygsman is soos 'n leeu.” Die metafoor is: „Die krygsman is 'n ware leeu.” Ons taal (veral wat 'n mens op skoolgronde hoor) is vol van hierdie beeld:

„Die voet van 'n berg.” „Die skakel agter die skrum.” „Loop met jou **pou-bors** of **kraai-kuite** of **uil-oë**.” „In die **lente** van ons lewe.” Dis almal metafore.

Die metafoor bewys hoe geweldig ryk ons woordeskat aan figuurlike taal is:

Jy sien altyd jou vriend se foute oor die **hoof**. Hy is die **hoof** van die skool.

So 'n skelm vent sal jou maklik sand in die **oë** strooi. 'n Mens moet 'n gevaar nie goedpraat nie, maar onder die **oë** sien. Jy het alweer daardie mooi nôi in die **oog**. Die Christen hou God voor **oë**. Jy moet vir daardie moeilikheid 'n **oog** in die seil hou. 'n Mens moet dit sien; dit is te in-die-**oog**-lopend. Die sierlike woonhuis maak 'n mooi **oog**. Die **oog** van 'n artappel, naald of rivier.

'n Mens moet jou **oor** nie aan almal leen nie. Hy is tot oor sy **ore** verlief. Daardie snuiter is nog nie droog agter die **ore** nie. Die ongehoorsame kind het nie **ore** aan sy kop nie. Dit gaan by die een **oor** in en by die ander uit. Sy het my haastig en vinnig iets in die **oor** geblaas. Hy spits sy **ore** om alles te hoor. Sy **ore** hang van al die teenspoed. Jy moet jou dit in die **oor** knoop; anders gaan jy dit vergeet.

Dit is sommer 'n wasse **neus** ('n bedrog) om mense te mislei. Die bemoelsieke mens steek sy **neus** in 'n ander se sake. Die geslepe vabond lei julle almal aan die **neus**. Hy het die snuf in die **neus** gekry en moeilikheid voorkom. Die kortsigtige sien nie verder as sy **neus** lank is nie. Dis **neusie** verby; jy sal dit nie weer kry nie. Die verwaande vrou trek haar **neus** vir armes op. Hy vrywe 'n mens jou foute heeldag onder die **neus**.

Sy rake antwoorde het die opposisie se **mond** gesnoer. Die goeie redenaar is nie op sy **mond** geval nie. Jy staan met die **mond** vol tande en sê niks. Deur te gou te praat, verbrand 'n mens jou **mond**. Moenie die armes se brood uit die **mond** neem nie.

Die predikant dra die gemeente se belange op die **hart**. Sy bemoediging was my 'n riem onder die **hart**. Hy is **hart** en siel in sy werk. Ek het nou eenmaal my **hart** op die mooiste gesit. Die soet kind steel die ouer se **hart**. In die **hartjie** van die winter is dit baie koud.

Dit gaan maar moeilik, want hy lewe van die **hand** in die tand. My vrou is my regter**hand**. Kan jy ons nie in die moeilike tyd kom **hand** gee nie. Die jong het belooft om met oestyd **hand** by te sit. So 'n liefhebbende vader hou altyd die **hand** bo die kind se hoof. Sy sal haar **hande** nie in kou water steek nie. Jy werk hom in die **hand** in plaas van hom te opponeer. Ek stel dit nie voor nie; ek gee dit maar aan die **hand**. Nou het ons die skelm in die **hande**.

Ek wil my broer op die **been** help. Napoleon het gou 'n leër op die **been** gebring. As ek die skool verlaat, staan ek op my eie **bene**. Daardie kragtige argument het sy **bene** onder sy lyf uitgeslaan. 'n Sieklike mens maak nie ou **bene** nie. Ons weet dit al van kinds**been** af.

Na die poets het ek my gou uit die **voete** gemaak. Die grysaard staan al met die een **voet** in die graf. Hy kan nie so voortgaan nie; iemand behoort hom die **voet** dwars te sit. Vriende lewe tog op goeie **voet** met mekaar.

Die metaforiese gebruik kom veelvuldig voor by idiome. Die beeld in die vlg. is tog seker duidelik: Sy planne het skipbreuk gely. Op hierdie ondermaanse kry 'n mens maar swaar. Hy staan my en aangaap in plaas van om in te spring en my te help. Hy het hom in die skuld gedompel. Hou moed en moenie tou opgooi nie. Toe het daar 'n lig vir my opgegaan. 'n Mens moenie jou lig onder 'n koringmaat verberg nie. Dit werp lig op die saak. Hy het op daardie dorp die eerste lewenslig aanskou. Hy ry my in die wiele. Sy jas is in die wiel en hy kry dit hotagter. Moenie die kreeftegang gaan nie. Eers het dit voor die wind gegaan, maar nou gaan dit swaar. Sy doen en late laat my koud. Die nôi het 'n perdeby-lyf. Die volksheld werp sy lot in by sy volksgenote. Die kanonne het verwoesting gesaai.

(c) **Personifikasie:**

Wanneer ons aan *lewelose dinge* die eienskap van **lewende diere of mense toeskryf**, maak ons gebruik van personifikasie of ons personifiseer die dooie dinge. Ons dien daarop te let dat ons in Afrikaans feitlik altyd besig is om te personifiseer, wanneer ons „hy” gebruik om dooie dinge aan te dui. Duideliker personifikasies is egter: „Die wilgerbome **droom**”; „die **tand** van die tyd”; „die **sekel** van die dood”; „die branders **verswelg** die bootjie”, ens. Ons tref gevalle aan soos „die **dorstige aarde**”; „die **bloeddorstige** epidemie”, e.s.m., wat seker ook as metafore kan beskou word, maar in sulke gevalle van twyfel, is dit gebruikelik om die personifikasie as die belangrikste beeld te beskou, en hulle word gevolglik personifikasies genoem.

(d) **Metonimia:**

As twee dinge gedurig saam in ons brein is, dan verbind ons hulle later so met mekaar, ons assosieer hulle so, dat ons later bloot die een in plaas van die ander kan noem. „Hy is die opvolger tot die **troon**” (die troon staan in noue verband met die hele koningskap). „Hy het die **kansel** verlaat vir die politiek.” „Die **pen** is magtiger as die **swaard**.” „Die **vierkleur** waai weer oor Transvaal.” „Hy behoort aan die **latswaaiersprofessie**.”

(e) **Antonomasia:**

As iemand 'n sekere eienskap tot 'n groot mate besit het, dan word ander mense met dieselfde eienskap ook later met daardie naam aangedui sonder dat ons dit nog as 'n eienaam voel. So praat ons nog van 'n ware Job ('n geduldige mens), 'n Salomo ('n wyse), 'n Demosthenes ('n groot redenaar), 'n Napoleon of 'n De Wet (groot veldhere), 'n Simson ('n sterk kèrel), 'n Henoch ('n baie vroom persoon), 'n Benjamin (die jongste van 'n familie), 'n Croesus ('n baie ryk persoon), 'n Hercules ('n baie sterk kèrel), 'n Jona ('n ongeluksbringer), 'n Judas ('n verraaiër), 'n Socrates ('n wysgeer), 'n Goliat ('n groot en sterk mens), 'n Nero(e) ('n wreedaard), 'n Achilles-hiel (die swak plek), die Augias-stal reinig ('n baie vuil werk doen), Naboth se wingerd (iets baie begeerliks), die Damocles-swaard ('n dreigende onheil), 'n Stentor-stem ('n geweldige stem), Platoniese vriendskap ('n vriendskap waarin seks of verliefdheid geen rol speel nie), 'n ongelowige Thomas (iemand wat ongelowig is), vir Bacchus dien (baie drink), in die arms van Morpheus wees (nog slaap), die Mammon dien (geldgierig wees), die knie voor Baäl buig (afvallig word van die godsdiens en tradisies van die vadere), die ou Adam (die ou, sondige natuur), 'n wet van Mede en Perse ('n

wet wat nie verbreek mag word nie), Piet, Paul en Klaas (Jan Rap en sy maat), Piet Neulpotjie (lol baie), Piet Verdriet (is altyd treurig), Jan Salie (is lui en ongeesdriftig), 'n Amasone ('n veglustige dame), Kaatjie Kekkelbek (praat en skinder graag), Argus-oë (sien alles raak), John Bull (Engeland), Uncle Sam (Amerika), Rooinekke (Engelse), Mowwe (Duitsers), Vaalpense (Transvalers), Takhare (onverfynde boere), 'n Mara ('n plek van beproewing en lyding), 'n Elim ('n plek van rus en genot).

(f) **Die Sinekdogee:**

'n Snaakse woord, nie waar nie? (dink maar aan „nekdoek”). As jy 'n deel, die **belangrikste gedeelte**, van iets noem i.p.v. die hele, omdat jy aan die deel dink, dan gebruik jy 'n sinckdogee „Gee ons ons daaglikse **brood**” (waar brood maar eintlik net 'n deel is van wat ons verlang). „Ons het geen **dak** nie.” „Eie **herd** is goud werd.” „Gee my jou **hart**.”

Somtyds is die vergelyking of die ooreenkoms baie breedvoerig uitgewerk. Hier volg 'n paar voorbeelde:

(g) **Die Fabel:**

Fabels is dierverhale of (hoogs uitsonderlik) plant- of boomverhale wat geskryf of vertel word met die vooropgestelde **doel om 'n les te leer**, om te moraliseer. Die moraal of sedefes wat soms aan die end meegedeel word, moet daárin gevind word dat die diere sekere mensetipes voorstel en dat die verhaal 'n sinnebeeld is van die menslike lewe. Die bekendste oorspronklike fabels is dié van Esopus, ook in Afrikaans vertaal. Dierestories word ook in ons taal oorvertel en veranderd of onveranderd oorgeskryf. Onthou net dat alle dierestories nie fabels is nie; die moraal moet aanwesig wees.

(h) **Die Gelykenis:**

Ons almal ken mos seker die gelykenis van die verlore seun, van die vyf dwase en vyf wyse maagde, van die mosterdsaad, ens. Christus was baie lief vir gelykenisse. Ook hier vind ons 'n verdigte verhaal maar hierdie keer 'n verhaal uit die lewe van die mens, ook met die verhewe doel om te leer, om groot lewenswaarhede treffender te beklemtoon.

(i) **Die Allegorie:**

'n Allegoriese verhaal is **sinnebeeldig** van aard. 'n Reeks gebeurtenisse (soos dit in die lewe sou voorkom) word voorgestel deur 'n reeks **ooreenkomstige, verdigte gebeurtenisse** of 'n ver-

haal. Dink aan John Bunyan se bekende „Christenreis na die Ewigheid” wat die volmaakte allegorie van alle tye is. In ons taal het ons feitlik geen goed-uitgewerkte allegorie nie. In Langenhoven se „Hoop” en ook in sy „Vrou van Suid-Afrika” is die allegoriese egter sterk teenwoordig. Die allegoriese is natuurlik ’n kwessie van graad, en ons moet dit nie verwar met die simboliese (wat ons later sal behandel) en die gelykenis nie. Die gelykenis is sterk didakties; dit wil leer, maar dit is **kort** en **kernagtig**. Die allegorie is ’n **baie lang verhaal** wat meestal leer maar nie noodwendig nie. Die hoofdoel is om die lewe vergelykenderwys, sinnebeeldig voor te stel. Totius het die doringboom as **simbool** van nasionale leed en die treurwilg as simbool van eie sieleleed gebruik, en ons praat van sy **simboliese** verse of van die tere **simboliek** van ’n Totius, maar dit is geen breedvoerige ooreenkoms in verhaalvorm nie, terwyl daar verder geen doelbewuste moralisering is nie. Die belangrike punt bly dat een enkele natuurvoorwerp soos die wilgerboom die middelpunt, die simbool is, wat die digter aan homself of ander herinner.

Tot sover het ons hoofsaaklik gesels oor beldspraak wat op ooreenkoms berus. Dit mag egter ook op **kontras** of **teenstelling** berus. Belangrikste hiervan is:

#### (j) Die Antitese of Teenstelling:

Hierdie beeld verklaar homself: twee dinge word **gekontrasteer** of **teenoor** mekaar gestel. Dit is natuurlik ’n magtige wapen in die hande van groot kunstenaars: „In die songloed van ons somer, in die lanfer van ons rou.” „Die wat met trane saai, sal met gejuig maai.” „Lief en Leed.” „Erns en luim.” „Van ons wieg tot aan ons graf.” As ons nou geleerd wil wees, dan kan ons op twee bepaalde soorte teenstellings wys, die eerste waarvan nogal belangrik is: ’n **Paradoks** is ’n teenstelling wat ’n skynbare teenstrydigheid is; dit lyk asof die stelling onmoontlik is, maar by nadere ondersoek blyk dit tog moontlik. „Hy het gesterf om te lewe.” „Stil bly is soms ’n goeie antwoord.”

„Dis snaaks dat sangers dood moet gaan,  
dood moet gaan  
om op te staan.” (Keet).

Maar die teenstelling kan ook daarin bestaan dat twee woorde langs mekaar, selfs as ’n samestelling, mekaar as ’t ware weerspreek soos bv. „siende blind”, „goedhartige wreedheid”, „ou nuus”, „treurige glimlaggies”, ens. In sulke gevalle praat ons van ’n **Oximoron**.

(k) **Ironie:**

As 'n skrywer of spreker heeltemal die teenoorgestelde sê van wat hy bedoel (om 'n indruk te maak of dikwels om te spot), dan maak hy gebruik van **Ironie**. Voorbeelde is „Die beste stuurliu staan aan wal”, „Jy is 'n **troue** vriend om my so in die steek te laat”. Omdat albei elemente vorm van **satire** of spot, word ironie dikwels verwar met **sarkasme**, hoewel **sarkasme** heeltemal verskillend is. As 'n persoon sarkasties is, sê hy *presies wat hy bedoel*, maar op so 'n manier dat dit duidelik spot openbaar, bv.: „Daar is mos mense met so 'n primitiewe humor-sin, dat hulle nie 'n grap kan maak sonder om persoonlik te wees nie.” „Dit lyk nie eintlik of jy in die wieg gelê is om onsterflik te wees nie.” „Dit is verbasend om soveel onkunde by 'n politieke leier aan te tref.” „Jy sal verbaas wees om te weet met hoe min brein mense geregeer word.” Sarkasme veronderstel geen persoonlike aanvalle nie; dit is juis 'n wapen in die hand van die kunstenaar wat wil spot met gebreke by homself of by ander. Die spot kan afwissel van die goedig-vergewende tot die vlymskerpe. Dit is interessant om in „Sonde met die Bure” en „Doppers en Filistyne”, Langenhoven se twee onsterflike satires, die Ironie en Sarkasme na te gaan. Hy maak boonop ook nog dikwels gebruik van **Insinuasie** (die Innuendo), waar hy dinge te kenne gee of insinueer sonder om hulle direk te sê: Oom Stoffel wil 'n man van gesonde verstand hê om 'n boek te skryf en een van geleerdheid om dit na te sien; Neelsie is verbaas dat ou meester Hotz, die enigste man met gesonde verstand, tot lid van die stadsraad verkies is. Dit is maar twee uit die baie kostelike voorbeelde van ons baasspotter, Langenhoven.

Nou volg 'n paar stylfigure wat nie op ooreenkoms of teenstelling berus nie, maar wat tog belangrik is:

(l) **Eufemisme:**

Somtyds wil ons iets **onaangenaams aangenaam stel**, die onaangename **verbloem**; dan maak ons gebruik van **Eufemisme**, of ons sê dit **eufemisties**. In plaas van „sterf” of „doodgaan” te sê, sê ons „ontslaap”, „verhuis”, „die tydelike met die ewige verwissel”, ens.

Daar lê ook eufemismes opgeslote in: „Ter aarde bestel”, „nie heeltemal by jou positiewe wees nie”, „'n slag om die elmboog hê”, „nie goed met verstand bedeed wees nie”, ens.

(m) **Hiperbool:**

As ons iets baie **vergroot** of **oordryf**, dan sê ons dit **hiperbolies** of ons gebruik 'n **Hiperbool**. „Hemelhoë wolke.” „'n Mens moet dit **honderd** maal oorsê.” „As hy sy mond oopmaak, lieg hy.”

(n) **Die Litotes:**

Die **Litotes** is die teenoorgestelde van die hiperbool. Dit stel 'n (belangrike) saak onbeduidend voor, en dit druk ook soms 'n positiewe begrip negatief uit. Voorbeelde is: „Dit is maar 'n **nietige** blyk van my waardering (as dit 'n groot geskenk is).” „Die hoofindoena sê: „Koning, ek is u onbeduidendste onderdaan'.” „Sy is nie onknop nie.” „Dit is geen geringe prestasie nie.” Daar is gevalle waar 'n beeld as litotes voorkom, maar in werklikheid 'n ironie is, as die element van spot teenwoordig is of waar die skrywer doelbewus 'n teenoorgestelde betekenis aan sy woorde wil laat heg.

Nou volg 'n paar minder belangrike verskynsels wat streng genome nie onder beeldspraak behoort te ressorteer nie, maar wat tog volledigheidshalwe aangegee word en ook maar op hierdie plek, omdat dit al so 'n gewoonte is om hulle onder beeldspraak te plaas (en omdat hulle net so goed hier as op 'n ander plek kan staan):

(o) **Apostroof:**

As iemand of iets wat afwesig is, toegesprek word, praat ons van Apostroof, bv.: „Europa, roem gerus op al jou grote krag.” „Langenhoven, was jy tog nou hier.”

(p) **Interrogasie:**

Soms het mense die **vraagmanier** van skrywe of praat. Dit staan bekend as **Interrogasie**, en is 'n baie gewilde middel by taktvolle, versigtige mense. „Is dit nou billik om hom so aan te val?”

(r) **Eksklamasië:**

Ons weet seker almal dat dit 'n **uitroep** is, bv.: „Anita lief, hoe pragtig lyk jy vanaand!”

(s) **Repetisie:**

Om iets te beklemtoon, **herhaal** of **repeteer** ons dit dikwels. As die onvaardige persoon baie gebruik maak van repetisie, kan dit uiters vervelend word, maar die kunstenaar wend dit soms meesterlik aan. Dink aan die herhaling van „somer en son en saffier” in Leipoldt se „Die Beste”, of aan Totius se „Dis heuwels, heuwels, heuwels” in „Trekterswee”.

(t) **Die Ellips:**

As 'n skrywer iets dramaties en lewendig wil voorstel, skrywe hy somtyds nie volsinne nie, maar elliptiese sinne. „Sy my

bedrieg? Onmoontlik!" „'n Donderende geraas, en dan . . . .  
stilte."

(Die populêrste eksamenvrae i.v.m. beeldspraak is om 'n bepaalde stuk te gee, en dan te sê dat die kandidaat die beelde moet benoem en dan ook miskien sê wat die beeld beteken; maar belangriker is seker om te leer oordeel of 'n beeld juis is al dan nie, of dit 'n mens tref, of jy dit ook so sien, of dit skoonheid aan 'n gegewe stuk verleen. Leerlinge kan nou self beelde uit die spreektaal en die literatuur uitsoek en beoordeel).

### Die Tegniek van Verskuns:

#### Ritme:

Het jy al opgelet hoe die oseaan deinend aangerol kom? Sondagoggende op die ou boereplaas stoot die tortel sy roekogeluide reëlmatig uit. Die gespierde Kaffers, besig om ons strate om te pik, het 'n reëlmaat van beweging wat ons harte bekoor. Eweso is daar in dansmusiek 'n geheimsinnige *iets* wat ons maar so al onweerstandbaar aanpor om grasiouse bewegings te maak. In die literatuur, veral in poësie, tref ons ook daardie geheim-sinnige *iets* aan. Kan jy dit voel in:

„En stille al stuiwend en stampend  
kom stadig die wa agterna;  
Die dowwe rooi stowwe al dampend  
tersy op die windjie gedra.”

(Celliers).

of

„O! krinklende, winklende waterding,  
met 't swarte kabotseken aan,  
Wat zie ik toch gern' u kopke flink  
al schryvend op 't waterke gaan!”

(Gezelle).

Daardie geheimsinnige iets wat ons so aangryp, noem ons **Ritme**. Ons het met opset 'n definisie vermy, omdat 'n mens ritme beter kan aanvoel as definieer. Ons voel die traag-slepende ritme van 'n outydse wals of die rusteloos-gejaagde ritme van vinnig-bewegende hoewe wat oor die vlakke wegdonder. Altyd maar daardie **aanswellende en wegdeinende beweging** wat 'n mens aan ineenlopende, reëlmatige kurwes laat dink. Daarom praat mense van **taalritme as die golwing, die deinende beweging, die reëlmatige styging en daling van geluidsgolwe in ooreenstemming met die eise van die menslike gevoel**. As ons nou aan die natuur en aan die mens dink, dan besef ons dat daar meer as een soort beweging is; dink hoe die olifant se gang van dié

van die steenbokkie verskil; dink aan die verskil van taal-beweging tussen dié van die berustende ou grysaard en dié van die onstuimige jongeling. Ons sê die **tempo** verskil. Nou is dit van die grootste belang dat die kunstenaar daardie ritme van die voorwerp wat hy besing, in sy siel opvang en aan ons so vertolk, dat ons ook daardie beweging hoor en voel. Celliers het daardie beweging aangevoel toe hy gesê het:

„Die twye swenk, die takke swaai;  
Dit is die winterwind wat waai.”

of

„Soos 'n perdekommando wat dreun oor die lande  
Jaag 'n haelwoik langs verby.”

Ritme is geen eienskap van poësie alleen nie, maar ook wel van prosa, hoewel dit miskien meer treffend is in poësie. As jy mooi voorbeelde wil hê van digterlike, ritmiese, singende prosa, lees dan Psalm 19, 23, 90, 91, 121 en 137, en 1 Korinte 13 (veral in Nederlands). Lees Lodewyk van Deyssel se goddelike „Ik houd van het Proza” of Langenhoven se loflied op die see in „Sonde met die Bure”, lees C. M. van den Heever se „Somer”, D. F. Malherbe se „Hans die Skipper” en die hele Sangiro.

Ons het reeds gesê dat die verskil tussen prosa en poësie nie in ritme moet gesoek word nie, maar wel in maat of metrum wat ons nou moet behandel.

### Metrum en Versvoete:

Alvorens ons maat of metrum behandel, moet ons voet of versvoet, die belangrike faktor i.v.m. maat, verklaar. Luister na die volgende woorde: *lemoen*, *perske*, *aantying*, *minimum*, *minister*. Al daardie lettergrepe of sillabes word nie met eweveel klem of nadruk uitgespreek nie. (Die swart letters dui die hoofklem aan). Natuurlik is klem 'n kwessie van graad; as die hoofklem (sê) 80 is, dan is die onbeklemtoonde lettergrepe nie noodwendig almal (sê) 40 nie. Dit kan 90—50—40 of enige ander verhouding wees, maar een lettergreep is altyd die meesbetoonde. Nou, so 'n **kombinasie van 'n betoonde lettergreep met een of meer onbetoonde lettergrepe**, noem ons 'n **voet of 'n versvoet**. Maat is weer die **manier waarop versvoete mekaar opvolg om 'n versreël te vorm en waarop die reëls mekaar opvolg om 'n vers te vorm**. Ons verdeel gewoonlik 'n versreël in voete, dan kyk ons watter soort voet die meeste voorkom, en dan benoem ons daarvolgens die maat (soos ons later sal aantoon).

Dit spreek nou vanself dat maat 'n *doeie manier* is teenoor die lewende sielsbeweging van ritme. Dit is 'n treffende beeld

wat iemand gebesig het, dat ritme die lewende, golwende kabbelinge van die water is, terwyl maat die dooie akkertjies is, waarin daardie lewende water vloei.

Daar is meer as een soort versvoet en gevolglik meer as een soort maat. (Weer 'n vermoëienis des geestes, wat ons ongelukkig nie noodwendig sal help om poësie te waardeer nie. Dit word nie gesê om teësin te verwek nie, maar om te beklemtoon dat die formele en die verstarde nie die hoogste goed in letterkunde-onderwys is nie).

Nou die soorte voete:

- (1) **Jambe** (adj. jambies), wanneer 'n betoonde lettergreep 'n onbetoonde volg. Voorbeelde: „*Jambe*”, „*Patats*”, „*Bewys*”; in poësie:  
„*Dit is | die win|terwind | wat waai.*” |
- (2) **Trogee** (adj. trogeïes), wanneer 'n onbetoonde die betoonde volg. Voorbeelde: „*Trogee*”, „*Wissel*”, „*Opstaan*”; in poësie:  
„*Ek is | hier en | ma is | hier.*” (Laaste voet onvoltooid).
- (3) **Anapes** (adj. anapesties), wanneer 'n betoonde voet op twee agtereenvolgende onbetoonde voete volg. Vb.: „*Anapes*”, „*Raserny*”, „*Hospitaal*”; in poësie:  
„*Hoor hoe sing | ek my lied | as die os|se so stap.*” |
- (4) **Daktilus** of **Daktiel** (adj. daktilies), wanneer 'n betoonde lettergreep twee agtereenvolgende onbetoonde lettergrepe voorafgaan. Vb.: „*Daktilus*”, „*Opsweeping*”, „*Poswese*”; in poësie:  
„*Kom na my | tuin waar die | donkerrooi | rose.*” |
- (5) **Amfibrag** (adj. amfibragies), wanneer 'n betoonde lettergreep voorafgegaan en gevolg word deur 'n onbetoonde. Vb.: „*Amfibrag*”, „*Minister*”, „*Ontembaar*”; in poësie: ..  
„*Die osse | stap aan deur | die stowwe.*” |
- (6) **Spondee** (adj. spondeïes), wanneer 'n versvoet bestaan uit twee betoonde lettergrepe (dus 'n uitsondering op die definisie). In poësie kom dit hoogs uitsonderlik voor en selfs by individuele woorde tref ons dit maar min aan. Maar dink aan: „*rus-rus*” e.a. By A. D. Keet, tref ons in 'n versreël aan:

**Duik, duik, duik hul in.**

---

\* Die vet letters stel die aksent voor en word gewoonlik met vertikale strepies (arses) aangedui, terwyl die skuinsdruk onbetoonde lettergrepe voorstel wat gewoonlik met hakies (teses) aangedui word.

**Skandering:**

As ons die verskillende versreëls van 'n gedig in voete verdeel en die maat benoem, dan skandeer ons die gedig. Hierdie proses van gedigontleding is maar 'n lastige, maar dit mag ons gevoel vir klem en ritme ontwikkel. Daar moet baie sterk teen die neiging van 'n gedig te lees, soos dit maklik sal wees om te skandeer, gewaarsku word. Ons moet die gedig 'n paar keer hardop oorlees om die ritme te probeer voel, dan moet ons die arses aanbring en die dominerende maat probeer ontdek. Ons moet onthou dat die verse nie noodwendig reëlmatig behoef te wees nie. (Daar is selfs die sg. knittelverse wat baie onreëlmatig is en om 'n grappige uitwerking geskryf word). In gevalle van baie onreëlmatighede is dit verstandig om reël vir reël apart te skandeer. Dit is veral belangrik om te kyk watter soort voet die meeste voorkom, want maat mag verander. Ons moet veral op die regte manier begin; een verkeerde indeling kan die skyn van heeltemal 'n verskillende maat gee. Onreëlmatighede bestaan tot 'n groot mate uit onvoltooide voete („katalektiese verse” soos dit genoem word, teenoor „akatalektiese verse” — verse met voltooide voete), maar ons kry ook gevalle, waar twee vokale ineenvloei en as een lettergreep uitgespreek word, waar ritme dit vereis; bv.: „woorde is”, „blomme het” kan in sekere omstandighede as „woordis” en „blommet” uitgespreek word. So 'n ineenvloeiing word **Elisie** genoem. Digters is die enigste bevoorregte mense wat gebruik kan maak van die sg. **digterlike vryheid**, d.w.s. 'n afwyking van die gewone grammatikaal-korrekte manier van skryf terwille van die maat en/of rym. Nou weet ons hoe om te skandeer. Onthou nou om die vers 'n paar keer hardop oor te lees, eers die arses aan te bring, vervolgens die teses, om daarop te verdeel in voete, dan na onreëlmatighede te kyk, en om eindelik die maat te benoem.

Hier volg net twee voorbeelde van skandering. Vir meer oefening word die leerling aangeraai om voorbeelde uit sy voorgeskrewe digbundel uit te soek:

„Uit wa|tergraf|tes diep | gedolf. ||  
rys lang|verge|te men|sewee; ||  
die wind|e dra | van golf | tot golf, ||  
van golf | tot kus | die treur|sang mee.” |

D. F. Malherbe.

'n Absolute reëlmatige viervoetige, jambiese vers. Let op die dubbele strepies wat rus voorstel. Aan die ent van 'n voet of reël word dit **diërese** genoem en in ander gevalle **sesuur**.

„Trippel|-trappel | op en | af |  
oor die | kamer|vloer. ||

Mammies | skat|lam | skater|lag — ||  
 wat 'n | wild ru|moer." ||

H. H. Joubert.

Reëls een en drie is viervoetig trogeïes en twee en vier is drievoetig trogeïes. Al die laaste voete is onvolledig, m.a.w. die vers is katalekties.

### Rym:

Ons weet seker almal dat rym **gelykluidendheid** van **klank** aan die begin, middel of einde van 'n versreël of versreëls is. Maar waaraan ons nie genoeg dink nie, is dat rym geen vereiste vir poësie of skoonheid is nie. Ons tref dan ook baie rymlose of **blanke verse** aan. Sekere soorte rym soos alliterasie en assonansie (wat ons sopas sal behandel) kan mooi voorbeelde van klanknabootsing wees, en dit kom verder ook voor asof ons veral op 'n sekere stadium rym aan die ent van 'n versreël wil hê (al is dit net om elke keer daar eentonig te gaan vassteek), maar, as 'n digter begin jag maak op rym soos Langenhoven se beroemde Piet Rympies, dan loop dit op 'n blote **rymelary** uit wat met skoonheid niks te maak het nie. Ons kleurlinge is byna almal deskundige rymelaars, wat lustig kan sing:

„Die môre op die land, die môre op die land,  
 Toe ken ek mos my bokkie aan haar vaal hoed se rant”;

maar helaas! hulle is geen digters nie.

Daar is baie soorte rym, maar, omdat dit onnodig is om almal papegaaiaagtig van buite te leer, word alleen die belangrikste soorte bespreek, terwyl die ander net genoem word. Nou die soorte:

### 1. Alliterasie:

Somtyds word dieselfde klank **aan die begin van 'n woord of lettergreep** herhaal; dan praat ons van **Alliterasie**. Alliterasie kan veel doen om bepaalde klanke aan ons te suggereer, en is beslis 'n faktor wat klankrykheid verhoog. Luister maar:

- (a) „Dit knars in die knakkende knokke.” — (Celliers).
- (b) „Haar woede was wilder as dié van 'n wolf, wat van haar welp beroof word.” — (Leipoldt).
- (c) „De zee waarin m'n ziel zichzelf weerspiegelt ziet.” — (Kloos).

Na aanleiding van hierdie en ander voorbeelde kan die leerling nou self probeer nagaan watter gevoelens die verskillende klanke opwek.

## 2. Assonansie:

Ons tref Assonansie aan, waar volkale in dieselfde versreël treffend ooreenstem. Die soetvloeiendheid, die element van musiek, is veral aan assonansie te danke. Die sagte a- en o-klanke suggereer dikwels slaap en rus:

- (a) „Sag op haar bloue oë daal die vaak soos maneskyn diep waterkuile raak.” — (Malherbe).  
 .... (b) „By staande waatere klaag my siele wee.” — (Celliers).

## 3. Klankrym:

As die klinkers en medeklinkers (d.w.s. die vokale en konsonante) in woorde rym, dan praat ons van **klankrym**. 'n Paar van klankrym se onderafdelings is so onbelangrik, dat ons hulle net noem: **Beginrym**, waar die beginwoorde van versreëls rym; **dubbelrym**, waar twee lettergrepe van 'n versreël rym met twee lettergrepe van die daaropvolgende versreël; **Alrym**, waar elke lettergreep in 'n versreël rym met die ooreenkomstige lettergreep in die daaropvolgende versreël. Belangriker is **Middelrym**, waar 'n woord in die middel van 'n versreël rym met 'n ander woord in dieselfde versreël (gewoonlik aan die begin), bv.:

„Lamtietie, damtietie, doedoe my liefstetjie.” — (Langenhoven).  
 „en beseie, weggeleie watertjies langs plassies droom.” — (Totius).

**Eindrym** is die belangrikste soort klankrym, en kom voor wanneer woorde gewoonweg **aan die ent** van versreëls rym. Nou praat ons weer van **manlike eindrym**, as die nadruk op die laaste lettergreep van die rymwoorde val (bv. geplá en verdrá); van **vroulike eindrym**, as die nadruk op die tweede laaste sillable val (bv. kómmer en lómmer); en van **glydende eindrym**, as die nadruk op die derde laaste lettergreep val (bv. klipperig en wipperig).

As twee opeenvolgende versreëls rym, praat ons van **gepaarde rym**; as reël 1 met reël 4 rym en 2 met 3, praat ons van **omarmende rym**; as 1 met 3 en 2 met 4 rym, praat ons van **gekruiste rym**; en as sommige reëls rym en die ander nie, dan praat ons van **gebroke rym**.

Dit spreek vanself dat hierdie benaming net geld vir vierreëlige gedigte; ander kan ons in hierdie opsig gladnie benoem nie.

Nog 'n paar verklarings:

- (1) Aan die ent van elke vers van 'n gedig, veral van liedere word dieselfde woorde of reëls dikwels herhaal, bv.: „O, bring my t'rug" ens. in „Sarie Marais". Dit word **Refrein** genoem.
- (2) Ons moet leer om **vers** in die sin van reël te beskou. 'n Gedig bestaan uit **strofes** of **koeplette** (gewoonlik verkeerdlik verse (genoem), en 'n strofe bestaan uit verse (gewoonlik verkeerdweg reëls genoem). (Ons wil die regte gebruik aanbeveel, hoewel die verkeerde gebruik al tot 'n groot mate ingeburger is).
- (3) Die **stanse** bestaan uit ag vyfvoetige jambiese verse met die rymskema aba ba bcc.
- (4) Die **Aleksandryn** is 'n sesvoetige jambiese vers. Die **Heksameter** is 'n sesvoetige daktiliese vers. Die **Pentameter** is 'n vyfvoetige daktiliese vers.
- (5) Die **Tersine** is 'n strofe wat bestaan uit drie vyfvoetige jambiese verse.
- (6) Die **kwatryn** is weer 'n vierreëlige strofe.

**Soorte Poësie:**

**Subjektiewe en Objektiewe Poësie:**

As iemand gedigte skrywe, dan kan hy in die eerste instansie sy **eie** gevoelens weergee of hy kan hoofsaaklik **vertel**— van gebeurtenisse of van gevoelens en gewaarwordings van **ander mense**. As die digter veral sy **eie** gevoelens uitsing, praat ons van **liriek** of **liriese poësie**; as hy hoofsaaklik **vertel**, praat ons van **epiek** of **epiese poësie**. Dink aan Leipoldt se „Ek sing van die wind wat te keer gaan" wat die twee vernaamste elemente van subjektiewe poësie bevat, nl. die **ek-element** en die element van **Sangerigheid**. Marais se „Mabalel" is weer 'n mooi voorbeeld van waar die digter hoofsaaklik vertel. Dit spreek vanself dat die grens tussen die twee digsoorte lank nie altyd so definitief vas te stel is nie. Liriek is tog maar per slot van rekening epiek van die gevoel, d.w.s. 'n vertelling van wat in 'n mens aangaan, terwyl daar in epiese poësie ook dikwels sulke liriese uitbarstings kom.

Poësie, soos trouens ook prosa, kan natuurlik ook **didakties** wees, wanneer dit 'n bepaalde strekking het, of **satiries**, as dit die spot dryf, of **filosofies**, as dit baie diepsinnig is; maar dit is meer poësie wat alle poësie kan hê as dat dit bepaalde digsoorte is.

**Epiek:**

Epiek sluit dan alle verhalende of vertellende poësie in, en dit kan ook in verskillende klasse verdeel word:

- (1) **Die Epos**, wat seker die belangrikste epiëse digsoort is, is 'n grootse gebeurtenis uit die geskiedenis van 'n volk of die mensdom, wat in 'n verhewe, kragtig-forse taal vertel is. Die epos se opset is groots en wydlopieg en daar is gewoonlik 'n sentrale figuur, om wie die hoof-handeling gekonsentreer is. Die epos is meer van historiese belang soos Milton se „Paradise Lost” en Bilderryk se „Ondergang der eerste Wereld” getuig. In hierdie gejaagde twintigste eeu het ons nie eens tyd om eposse te lees nie, laat staan skryf.
- (2) 'n **Ballade** is 'n digterlike verhaaltjie of liewers 'n kort verhaaltjie in digvorm. Dit is dikwels vol spanning en dramatiese krag en vereis boeiende vertelkuns. Ons het in Afrikaans al 'n hele paar mooi ballades. Gaan lees maar Celliers se „Japie Greyling”, Marais se „Mabalel” of Visser se „Ruiter van Skimmelperd-pan”.
- (3) **Die Romance**: Soms is verhalende gediggies baie fantasties of romanties soos „Wit en Swart” van Visser, of Malherbe se „Jakob Ontong”; dan word so 'n gedig 'n **Romance** genoem. **Romances is weg van die werklikheid en vol van die avontuurlike en denkbeeldige.**
- (4) **Die Idille**: Is die mense in 'n verhalende gedig eenvoudige, landelike liede soos in Celliers se „Martjie”, dan noem ons dit 'n **Idille** en die atmosfeer is idillies en landelik.
- (5) **Verhalende gedigte**: Daar is epiëse gedigte wat nie so definitief te groepeer is nie. Dink nou aan Totius se „Trekkerwee” of „Rachel” of Langenhoven se „Pad van Suid-Afrika”. In sulke gevalle praat ons gewoonweg van **vertellende of verhalende poësie.**

**Liriek:**

In liriek moet ons die woord, **lier**, terugvind. Dit is mos daardie musiekinstrument waarop Dawid o.a. so goed kon speel. Die outydse sangers het graag gebruik gemaak van die lier, as hulle hul hartsverlange wou uitsing. Nou kan ons beter verstaan dat liriese poësie altyd subjektief van aard en sangerig moet wees. Dit is maklik om te onthou as ons aan Leipoldt se Slampamperliedjie, „ek sing van die wind wat tekeer gaan”, dink. Die *ek*-element en die *sing*-element moet (soos reeds gesê) teenwoordig wees. Ons kan liriek natuurlik ook in sekere klasse verdeel:

(1) **Die Sonnet** is seker die belangrikste liriese digsoort. Dit is Italiaans van oorsprong. Die beroemde Italiaanse digter, Petrarca, het dit reeds in die veertiende eeu met so 'n voortreflikheid beoefen, dat die Italiaanse sonnet dikwels sy naam dra. Daarna is sonnette deur die eeue heen geskrywe. In Engeland het Shakespeare en andere hulle van 'n afwykende vorm bedien, wat vandag bekend staan as die Shakespeare- of Engelse sonnet. Daar was en is natuurlik ook beroemde eksponente onder die Nederlandse digters. Elke belangstellende in die Nederlandse literatuur ken die geniale, te vroeg ontslape Nederlandse digter, Jacques Perk, se mooi sonnette-siklus. Die eerste Afrikaanse digters het hulle nie eintlik bedien van die sonnet-vorm nie, maar daar het al in Afrikaans 'n hele reeks onsterflike sonnette verskyn. Lees gerus „Slaap” van Malherbe, Wassenaar se „See-sonnette” en Leipoldt se mooi sonnette in „Uit drie Wêrelddele”.

Dit is eenaardig dat die skoonste gedagtes en gevoelens in so 'n streng-gebonde vorm kan uitgedruk word, en tog skyn dit asof juis daardie vorm geskik is vir skoonheid van gedagte en diepte van gevoel.

Die sonnet is 'n **veertienreëlige** gedig, in **jambiese maat** geskryf en meestal getrou aan 'n **bepaalde rymskema**. Die Italiaanse sonnet se rymskema is abba, abba, cde, cde, terwyl ons in die meeste Engelse sonnette 'n ander rymskema aantref, nl. abab, cdcd, efef, gg. Ons moet egter aantoon dat die bepaalde rymskema nie so belangrik is soos die bepaalde maat of vasgestelde lengte nie. Ons praat van die eerste ag reëls van die Italiaanse sonnet as van die **oktaaf** (twee kwatryne) en van die laaste ses reëls as van die **sestet** (twee tersine(s)). In die Engelse sonnet vind ons drie kwatryne en 'n eindkeplet.

Hierdie indelings is nie sommer bloot toevallig nie. Soos kan verstaan word, wanneer ons aan die strakke bouvorm van die sonnet dink, tref ons meestal 'n **sentrale gedagte** aan waarom die hele opset gekonsentreer is. Na of naby die einde van die oktaaf in die Italiaanse sonnet en die einde van die derde kwatryn (d.w.s. die twaalfde reël) in die Engelse sonnet vind ons gewoonlik 'n hoogtepunt of keerpunt, in elk geval 'n duidelike wending. Soms is die oktaaf 'n natuur-beskrywing of algemene uiteensetting, waarna ons in die sestet 'n toepassing of uiting van intense gevoel kry. Daarom het 'n beroemde skrywer gesê dat 'n sonnet soos 'n vuurpyl is wat afgeskiet word, hoog in die lug gaan draai en aardewards dwarrel in 'n verblindende vuurreën.

(2) **Die Lied** is die volgende soort liriese gedig wat seker ruim so populêr (miskien populêrder) is as die sonnet. Elke naste is immers trots op sy volksliedere, sy wiegeliedere, sy minneliedere, ens. Daar is baie liedere soos piekniekliedjies en

populêre volksliedjies waarvan die digter onbekend is. Hulle is so deur die eeue heen spontaan uit die hart van die volk gebore, of hulle het die oorsprong by 'n bepaalde kunstenaar, maar dan word daar gaandeweg soveel weggelaat en aangelas, dat die uiteindelige ontboeseming naderhand heeltemal verskil van die oorspronklike. Wie sou bv. die herkoms en ontwikkeling van „Daar kom die wa” of „Pollie, ons gaan Pêrel-toe” vasstel? Maar goed ook, want dit is spontane, uitbundige volkskepping, waarin geleerd-doenery en ingewikkelde, letterkundige terminologie byna belaglik aandoen. Natuurlik is alle liedere nie die skepping van die volk nie. Somyds is dit werklik 'n begenadigde kunstenaar wat sy lied anoniem die wêreld instuur; soms is dit die bewuste skepping van een of ander beroemde digter.

Ons weet natuurlik almal dat liedere by uitstek subjektief is en dat sangerigheid hulle wesenselement is. Daar is so baie liedere soos volksliedere, skoolliedere, universiteitsliedere, minneliedere, wiegeliedere, pieknekliedjies, drinkliedere, ens., dat ons net 'n paar woorde oor heel enkeles kan sê:

- (a) **Die volkslied** kan, soos aangetoon, 'n lied wees, wat die volk so gaandeweg geskep het. Hulle is die populêre liedere wat ons so lekker saamsing, as ons gesamentlike sang beoefen. Baie van ons volksliedere is natuurlik vertalings of het geleende melodieë. Ander volksliedere is die skepping van bepaalde digters wat hulle liefde vir hulle vaderland, en alles wat eie daaraan is, wil uitstort. As 'n volkslied so kragtig-inspirerend en vol gloed is, dat dit by feestelike en offisiële geleenthede gesing word, dan praat ons van die offisiële volkslied soos „Rule Britannia” vir die Engelsman, „Die Wacht am Rhein” vir die Duitser en „La Marseillaise” vir die Fransman is. Probeer 'n paar van die volksliedere in die hande kry, en probeer die krag en besieling wat hulle uitstraal, aanvoel.
- (b) **Die wiegeliêd** is een van die mooiste afdelings van poësie en musiek. Aangesien dit 'n slaaplied is, speel sussende klanke en 'n strelende melodie hier 'n baie groot rol. Dis seker net in ons mooi Afrikaans met sy suggestiewe verkleinwoordjies en sy wonderlike musikaliteit, dat Langenhoven se onsterflike „Lamtietle, damtietle, doedoe my liefstetjie” moontlik is. Lees hierdie letterkundige juweel in sy geheel. 'n Ander wiegeliêdjie wat ook besonder treffend is, is dié van René de Clercq:

„Wie zal er ons sindeke douwen  
En doet het zijn moederke niet?  
Wie zal er zijn dekentjes vouwen,  
Dat 't schaarsch door een holleke ziet?

## Refrein:

Kleine, kleine, moederke alleen,  
 Douw, douw, douw derideine,  
 Kleine, kleine, moederke alleen,  
 Kan van uw wiegske niet schêen.

Wie zal naar ons kindeke kijken,  
 Dien bleuzenden, stouten kapoen?  
 Wie zal er zijn hemdekes strijken,  
 Zijn haarken in krulleken doen?

Wie zou voor ons kindeke derven  
 Heur laatste kruimelke brood?  
 Wie zou er, wie zou er voor sterven  
 En lachen op kind en op dood?"

- (c) **Minneliedere of minnepoësie.** Die liefde maak mos van die mees prosaïese drommel 'n digter. Mense wat verlief is, is altyd geneig om te dig, dit is te sê as hulle nie aan die sing raak nie! Gebore digters raak in heel besondere mate in vervoering oor die geliefde. Meestal is dit 'n bepaalde persoon, maar soms is dit 'n denkbeeldige ideaal. In elk geval, dit is meestal so algemeen-menslik, dat ons ook ons geliefdes daarin herken.

Liefdesgedigte verskil baie van aard en toon. Soms is dit die lugtige, selfs sentimentele troebadoer wat sy vurig-romantiese verlange na die immer-wykende nôlentjie uitstort soos 'n A. D. Keet of 'n A. G. Visser (in sy ligtere minne-liriek), maar soms is dit 'n hartstogtelike verlange vol grenselose weemoed wat uitgekreun word in verhewe verse soos „Laetitia" wat die tragiek van verlore liefde so treffend vertolk.

- (3) **Die Ode** is 'n liriese gedig waarin in 'n kragtige, verhewe styl 'n **belangrike gebeurtenis of grootse persoonlikheid besing word.** Dit spreek vanself dat die liriese element, d.w.s. hoe die digter oor die saak voel, sterk aanwesig moet wees.

Ons literatuur is nog maar arm aan odes. Daar is al sonnette en ander gedigte oor 'n Kruger, 'n De la Rey en 'n Steyn geskryf wat sekere eienskappe van die ode openbaar, maar wat die **breedvoerigheid, krag en verhewenheid** mis. Die Nederlandse digter, Vondel, en die Engelse digters, Shelley en Keates, het onsterflike odes geskryf.

- (4) **Die Himne** kan ons beter begryp, as ons aan die Engelse woord „hymn" dink. Dit is 'n **God-gewyde lied** waarvan **aanbidding en verering** die grondtoon is. Dink aan ons digterlike psalms en godsdienstige liedere. Albert Verwey se goddelike

sonnet, „Christus aan het kruis”, kan as ’n himne-sonnet beskou word.

(5) Die **Elegie of Lyksang** is gewoonlik geleentheidsgedigte. Die digter beween die dood van ’n gestorwe dierbare, en die stemming is **weemoedig en rouvol**. Probeer Gray se pragtige „Elegy in a Country Churchyard” in die hande kry, en jy sal voel hoe weemoedig en somber die stemming aandoen. Die Engelse elegie, „Lycidas”, waarin Milton die dood van ’n boesemvriend beween, het al byna spreekwoordelik geword. Na A. G. Visser se dood het Langenhoven en Leipoldt elk ’n wonderskone sonnet geskryf wat sterk elegies van aard is.

#### Ander soorte Poësie:

Soos ons reeds aangetoon het, is lank nie alle gedigte in epiese en liriese gedigte te verdeel nie. Nie alleen is sommige gedigte beide epies en liries nie, maar sekere gedigte is geeneen van die twee nie. Ons dink o.a. aan Limmerike. ’n Limmerik is ’n baie interessante, vernuftige soort gedig wat bestaan uit **twee lang, rymende reëls, gevolg deur twee kort, rymende reëls, en dan weer ’n lang reël** wat met die eerste twee rym.

Luister na hierdie grappige limmerik van Langenhoven:

„Aan strand met die O.U. kongres  
Was ’n M.A. O.I. meesteres;  
Met haar oog op ’n ander belang  
Net soos Eva se oog op die slang —  
En nou is sy ’n M.A. van ses.”

Ook die **Parodie** is grappig van aard. Ons parodieer ’n gewyde, sobere gedig, as ons in sy vorm (d.w.s. dieselfde maat, rym, ens.) ’n grappige, ligte gedig skryf. Dink aan A. G. Visser se luimige „Lotos-Land”:

„Die osse stap aan deur die stowwe,  
nie die osse van Jan F. Celliers;  
maar rooi Afrikaners en mowwe  
van die voorste Voortrekker, Naudé.”

So is ’n gediggie soos „Dis Al” seker al dosyne kere geparodieer. Leerlinge moet parodieë en limmerike probeer skryf. Dis baie prettig.

Die **Puntdig** is net soos die vorige twee tot ’n groot mate verstandswerk. Dit is ’n kort gediggie (gewoonlik vier-reëlig) wat ’n sentrale gedagte kernagtig uitdruk. In die laaste reël of twee is dikwels ’n **vernunftige woordspeling** of ’n **paradoks** waarin baie keer spot of ’n steek opgeslote lê. Daarom is ’n puntdig al vergelyk by ’n by met ’n angel in die stert. A. G. Visser is die bekendste beoefenaar van die puntdig in Afrikaans:

„Kom sê my die beduidenis;  
 Ek moet my so verwonder.  
 Langdradig op die preekstoel is  
 So kort van draad daaronder.”

Hierdie soort gedig is dikwels sterk spottend of satiries van aard. Nou besef ons seker dat ons, streng genome, ook eintlik kan praat van **satiriese poësie** wat sommige puntdigte en ander poësie van 'n satiriese aard sal insluit. Maar as ons van die standpunt wil uitgaan wat eintlik die strekking van 'n bepaalde gedig is, dan is daar feitlik geen einde aan die klassifikasie nie. Dan moet ons ook praat van **Filosofiese Poësie** waar die diepte van gedagtegang en 'n geworstel met lewensprobleme ons tref. Verder sal ons ook kan gesêls van gedigte met 'n bepaalde tendens, strekking of moraal as van **Didaktiese Poësie**.

(Maar al hierdie dinge is per slot van rekening soveel dorre geleerdheid wat verreweg nie so belangrik is as die vermoë om mooi poësie te waardeer en te geniet nie. Baie leerlinge kan knap klassifiseer, skandeer, ens., maar die lewende woord met sy ontroerende krag laat hulle koud. Die waardering, die verrykende invloed van poësie — daar kom dit alles op aan. Leerlinge moet gevoelig gemaak word vir die skoonheid van klank in verse en vir die juistheid van beeld. Hulle moet plastiese gawe leer raaksien, en hulle moet 'n bepaalde stemming kan aanvoel. Dan sal al die ander dinge hulle toegewerp word. As 'n onderwyser baie dikwels vir die klas genietbare gedigte sonder kommentaar gevoelvol **voordra**, dan word poësie vir die kind 'n bron van blywende besieling — „a thing of beauty and a joy forever”).

### **Verhalende Prosa:**

**Algemeen:** Van alle eeue af het mense daarvan gehou om na stories te luister en seker ook om stories te vertel. Dit is gevolglik eienaardig dat die vertelkuns betreklik laat in die literatuur beoefen is. Vandag is die ou wêreld verdold op „stories” (laat ons dit maar voorlopig so noem) en vir die suksesvolle skrywer op hierdie gebied wag daar dikwels 'n fortuin).

### **Skets, Kortverhaal, Novelle, Roman:**

'n Mens kan natuurlik 'n storie op verskillende maniere vertel. Dit hang nie alleen van jou af nie, maar ook van wat jy te sê het. Ons begin seker maar almal met **sketse**, daardie bydraes waarvan ons skooljaarblaai so vol is. Soos die naam aandui, is die verhalende element hier heeltemal afwesig. Ons probeer iets of iemand soos ons hond of ons ou skaapwagter

beskryf of skets. 'n Skets is natuurlik nie die enigste soort prosa wat nie verhaal nie. As jy bv. nie in die eerste instansie 'n verteller is nie, maar tog gedagtes en gevoelens het, wat jy graag wil openbaar, kan jy gebruik maak van 'n **dagboekvorm** soos Sita. Maar om nou tot die verhalende prosa te kom, die **kortverhaal** is vandag een van die populêrste genres of kunsoorte. (Ons kan die kortverhaal nie breedvoerig bespreek nie, Dr. Francois Malherbe het dit immers in sy „Kortverhaal as kunsvorm” breedvoerig behandel; en dit sal ook vrugbaarder wees om baie van die mooi kortverhaalbundels, vandag op die mark, te lees).

Ons wil egter beklemtoon dat die kortverhaal vandag 'n spesiale kunsvorm is — nie maar net 'n verhaal wat kort is nie, maar een waarin **besondere konsentrasie** baie opvallend is, waarin die lig val op **hoofeienskappe** in die menslike karakter, en 'n verhaal waarin die gebeure **saaklik en kernagtig meegedeel** word. Die kortverhaal het geen tyd vir „details” nie en kan nie *langszaam van gang* of breed van opset wees nie. Dit is eienskappe van die roman wat per slot van rekening ook maar 'n verhaal is, maar 'n verhaal waarin die lewenservaring van mens of dier **ragfyn en breedvoerig uitgebeeld word** — 'n verhaal waarin die lewe in sy **breë gang, sy wye rykdom van verwisselinge in lewensgetroue besonderhede weergegee word**.

Lees nou 'n paar van ons kortverhale en romans soos Van Bruggen se „Ampie” of Malherbe se „Hans die Skipper” of Van den Heever se „Kromburg”, en die verskil sal duidelik blyk.

Die **novelle** is eintlik die oorgang van die kortverhaal tot die roman, hoewel sterk moet beklemtoon word dat die grense tussen die drie lank nie duidelik vas te stel is nie. As ons egter Langenhoven se „Mof en sy Mense” of sy „Lig van Verre Dae” lees, dan voel ons tog dat die karakteruitbeelding en die algemene aard te breedvoerig is vir 'n kortverhaal en tog nie breedvoerig genoeg vir 'n roman nie.

### Die Gebied van die suiwere Fantasia:

As kinders het ons seker almal kennis gemaak met **sprokies**, verhale van dwergies, drake, kabouters en feë. In die sprokies verkeer ons in die romantiese lande van ons fantasie, waar daar met werklikheid of realisme geen rekening gehou word nie. Probeer nou (tussen hakies) na aanleiding hiervan nadink oor die begrippe **romantiek** en **realisme**. As julle nog meer kennis wil maak met hierdie fantastiese literatuur, lees dan die mooi sprokies van die gebroeders Grimm, wat haas in iedere taal vertaal is.

Maar die sprokie is nie die enigste gebied van louter fantasie nie: Daar is ook **Legendes**, **Mites** en **Sagas** wat miskien 'n greintjie werklikheid bevat, maar tog hoofsaaklik fantasties is

en ook dikwels in digvorm verskyn. Die Legende is 'n fantastiese verhaal wat 'n **historiese voorval** omfantaseer en verwerk sodat die romantiese die werklike heeltemal verdring. Eugene Marais se „Magriet van Laastelus” is sterk legendaries. Die **Mite** is ook 'n denkbeeldige verhaal, maar hier is die **gode en hulle trawante** die hooffigure. Die mite het sy ontstaan te danke aan die klassieke mitologie, die godedom van die Griek, die Romein en die Germaan wat geglo het aan verskillende gode met afsonderlike funksies. Die **Saga** se gebied is dié van **helde en heiliges** van wie die voortreflike dae ons voorgehou word. Dink aan Koning Arthur en sy Ridders van die Ronde Tafel.

### Strominge in die Vertelkuns:

Ons het nou al terloops gesels oor begrippe soos **romantiek**, **realisme**, ens., maar die verskillende strominge in die vertelkuns (of laat ons maar sê maniere van iets vertel) verdien tog meer aandag, want dit is eintlik begrippe wat nie net tot die vertelkuns beperk is nie.

So dikwels praat ons van romantiek of ons sê iemand is romanties sonder dat ons begryp wat ons presies sê. Die romantikus hou hom besig met dinge wat **anders is as die alledaagse** of hy kleur die alledaagse geweldig sterk met sy **fantasie**. Hy moet by uitstek kan fantaseer, want sy gebied is **dié van die denkbeeldige, die ideale, in teenstelling met die werklike, die afwisselende** in teenstelling met die **prosaiese** — natuurlik ook dié van *liefde en maanskyn*. Dit spreek vanself dat die waarheid, lewensgetrouheid soms in die gedrang bly, want die **intrige**, die manier waarop gebeurtenisse mekaar interessant opvolg, is vir die romantikus dikwels hoofsaak, terwyl die uitbeelding van die mense, dikwels *geïdealiseerde wesens* of *onnatuurlike skurke*, soms veel te wense oorlaat. 'n Verhaal, waarin die *avontuur* alles is en die mensbeelding niks, kan vir mense met letterkundige smaak ook maklik belaglik word, terwyl 'n oordrewe romantiese verhaal boonop so lig oorhel tot 'n *romantiekkerige gekweel* wat die meer bedeesde leser ongemaklik laat bloos. Aan die ander kant moet ons maar erken dat baie mense vandag ons kritici ewe van uit die hoogte napraat i.v.m. ons ligtere, romantiese produkte; maar intussen lees die breë volkslae, as hulle hoegenaamd lees, ewe lustig aan ons s.g. ligte romantiek en loutere intrige.

As volwassenes nooit iets anders lees nie, dan is hulle seker te bejammer, omdat hulle dan letterkundig altyd kinders bly; maar die romantici het 'n groot rol gespeel en speel vandag nog 'n groot rol i.v.m. die bevordering van leeslus, en op 'n sekere stadium is ligte romantiek vir 'n ontwikkelende kind onontbeerlik.

As die leerling meer van romantiek, avontuur en intrige wil weet, moet hy De Waal se „Johannes van Wyk”, Langenhoven se „Lig van Verre Dae”, en Hendrik Brand se speurverhale lees.

As 'n reaksie teen romantiek het die **realisme** gekom. Ons sal die Eng. woord „real” daarin ontdek, wat ons sal aandui dat dit 'n drang na waarheid is. Moeg van die fantastiese en die onmoontlike, het die kunstenaars hulle tot die **lewe** self en die groue **werklikheid** gewend. Die mens is in sy ware gedaante, in sy werklike lief en leed, in sy **alledaagse** lewe gesien en uitgebeeld. Hier nie 'n droomwêreld van rosegeur en maneskyn nie, maar soms die vaal krotte van minderbevoorregtes. Lees maar „Ampie”, „Droogte”, „Hans die Skipper”, ens. Hier is dit die **waaragtige mens van vlees en bloed**, wat uitgebeeld word soos hy **werklik dink, praat en doen**.

Nou is dit te begryp dat, as jy 'n mens in al sy doen en late moet uitbeeld, dan sal jy mos die sg. **lelike** en **onweloweglike**, die **onooglike** ook moet uitbeeld. Hierdie neiging om ook die „onbetaamlike” of veral die „onweloweglike” uit te beeld word **naturalisme** genoem.

Teen realisme en naturalisme het daar ook alweer reaksie gekom in die vorm van die **neo- of nu- of nuwe romantiek** wat die buitensporighede van die ou romantiek wil vermy en tog kleur wil gee aan die vale en die alledaagse.

#### Soorte Romans:

Ons het nou al so terloops van **intrige-, speur-, avontuur- en realistiese romans** gepraat, maar dit is 'n klassifikasie wat meer op die aard van die romans berus. 'n Mens sou romans egter ook kan klassifiseer volgens die stof wat behandel word:

- (1) So gesels ons van **historiese romans** waarin die kunstenaar stof uit die verlede verwerk en verbeeld.
- (2) Die **psigologiese roman** stel sig ten doel om die **siel**, die **psige** van die mens tot in die fynste besonderhede uit te beeld. Hierdie roman ontleed die menslike karakter, en gevolglik moet die kunstenaar 'n **mensekenner by uitnemendheid** wees, en die mens beskrywe soos hy is, en nie soos hy behoort te wees nie.
- (3) As die romancier deur sy uitbeelding ook baie lig laat val op toestande, veral **maatskaplike probleme** en **wanpraktyke in die maatskappy**, dan praat ons van 'n **sosiologiese roman**.
- (4) Is dit die uitbeelding van **familielewe** of familie-verhoudinge, heet die roman 'n **gesinsroman**.
- (5) Ons kan ook praat van **simboliese romans**, waar die gebeurtenisse soos in „De Kleine Johannes” 'n **diepere betekenis** het.
- (6) Maar 'n roman kan ook (weer soos „De Kleine Johannes”) in die vorm van 'n **outo-biografie** of **biografie** geskryf word.

Daar is so 'n rykdom van stof, dat 'n mens maar moet volstaan met die noem van 'n paar hoofsoorte.

### Satire en sy Verwante:

Baie boeke wat 'n mens lees, oefen 'n bepaalde invloed op jou uit, openbaar 'n sekere dink- en gevoelsrigting, het in 'n sekere sin 'n bepaalde **strekking**.

As enige kunswerk 'n bepaalde **moraal**, 'n **sedeles** bevat, vir een of ander saak **propaganda** maak of bepaalde menings sterk voorstaan, dan praat ons van **didaktiek**. So word die **strekking**- of **tendensromans** gebore. Didaktiese kuns ontaard maklik in **sedeprekery**, waar die moralis die kunstenaar heeltemal verdring. Dit hang alles daarvan af of die **ontroering** of die **verstandswerk** die deurslag gee. Mense soos Van Eeden, Van Bruggen, Totius en Gezelle bring seker vir almal van ons 'n treffende boodskap, maar hulle is in die eerste instansie groot kunstenaars wat hulle boodskap deur egte ontroering bring.

Ander skrywers wat ook ontevrede is met bestaande toestande, skrywe vir ons verhale, waarin die felle **spot** of **satire** ons tref. Dink aan Langenhoven se „Doppers en F'listyne” en „Sonde met die Bure” of dr. O'Kullis se „Eselskakebeen”.

### Vereistes vir mooi Romankuns:

Die ou Romeine het al gesê: „de gustibus non disputandum” — oor die smaak val nie te redeneer nie. Dit is verbasend moeilik om vir iemand te sê dat hy dit of dat moet lees en dit **moet** mooi vind. Per slot van rekening moet ons maar lees wat ons geniet. Maar, as ons nou net geniet wat bestaande norme as minderwaardig bestempel, nou wel? Om hierdie rede is dit darem goed om oor 'n paar algemeen-erkende vereistes te gesels wat ons kan help in ons letterkundige ontwikkeling:

#### (1) Vertelkuns:

Die skrywer moet kan vertel. Sy **verhaaltrant** moet boeiend, interessant en meevoerend wees. Ons wil nie goedkoop sensasie hê nie, maar ons moet darem lus wees om voort te lees. As die verhaal 'n mooi eenheid vorm, as die skrywer ons op die vliering van sy fantasie van hoogtepunt tot hoogtepunt voer, as 'n natuurlike spanning behou word, dan sê ons 'n verhaal is **tegnies goed versorg** en dan boei dit ons. So baie verhale wat owerigens verdienstelik is, word bederf deurdat die skrywer so toingrig of vervelend vertel, so min dramatiese aksie openbaar, of (aan die ander kant) sulke wilde verbeeldingspronge maak, dat die simpatieke leser vervreem word.

**(2) Mensbeelding:**

Die groot kunstenaar is 'n groot mensekenner wat hom kan inlewe in die gedagtes en gevoelens van sy skepsels, wat hulle taal beluister het, en wat nie mense skep soos hulle behoort te wees nie, maar soos hulle werklik is—met hulle vreugde, hulle smart, hulle menigvuldige drange. Dan eers word 'n kunstenaar onsterflik, as hy mense skep wat altyd met ons sal saamleef.

**(3) Styl:**

Toe ons oor styl gesels het, het ons gesê dat geen twee mense presies dieselfde styl het nie, omdat ons persoonlikhede nie dieselfde is nie. Elke kunstenaar het sy eie bepaalde manier van dinge sien en sê; en, as daardie manier ons tref, ons ontroer, of dit nou plasties, kernagtig, verhewe of hoe ook al is, dan praat ons van die styl van die kunstenaar. Woorde is hier ydel; lees maar self hoe 'n Langenhoven, 'n Sangiro, 'n Van Bruggen sê wat hulle te sê het.

**(4) Stemming of Atmosfeer:**

Die atmosfeer in die een omgewing (soos reeds aangetoon) verskil heeltemal van dié in 'n ander omgewing. Dink bv. aan die beklemmende atmosfeer van 'n siekekamer teenoor die feesvreugde in 'n bruilofsaal. Op 'n blye lentedag verkeer ons in 'n ander stemming as op 'n triestige, bewolkte winterdag. Nou hang dit alles daarvan af of die kunstenaar 'n bepaalde stemming kan aanvoel en dit so kan vertolk, dat ons onwillekeurige daarin verplaas word.

**(5) Die Ontroerende in alle Kuns:**

Maar per slot van rekening is letterkundige resepsies uit die bouse. Die kunstenaar vra nie vir die kritikus hoe hy moet skrywe nie. Hy word beetgepak deur 'n skeppingsdrang, gehoorsaam daaraan, en 'n groot kunswerk word gebore. En ons word met die deurlees saam ontroer—soms verruklik, soms pynlik-heerlik, maar tog altyd ontroer—en ons leer intuïtief voel of dit 'n groot werk is of nie.

**Die sogenaamde Terminologie:**

Ons het reeds vantevore gesê dat daar vandag by ons te veel napratery en te min egtheid is. Leerlinge trek lustig los oor „vorm en inhoud”, „vergeesteliking”, „objektivering”, „gebrokenheid”, ens. sonder dat hulle die minste benul daarvan het. Nietemin kan 'n paar eenvoudige terme of benaminge 'n mens darem help om jou mening oor 'n boek uit te druk:

**(1) Tegniek:**

Onder tegniek verstaan ons alles wat met die **bou** van 'n kunswerk te doen het. As die **manier** van vertel, die **spanning**, die **afgerondheid** van 'n verhaal van so 'n aard is, dat dit ons bevredig, dan sê ons die verhaal is tegnies goed versorg.

**(2) Die Intrige:**

Die intrige of knoop is die manier waarop gebeurtenisse verwickel en dan weer ontknoop om spanning te skep en ons belangstelling te hou.

**(3) Motivering:**

Om mense natuurlik uit te beeld, moet die kunstenaar hom kan verbeel hoe mense sou *dink*, *voel* en *praat*. Hy moet bedede wees met **inlewingsvermoë**. As hy sy mense **natuurlik** laat dink, praat en handel, m.a.w. in ooreenstemming met hulle **motiewe**, dan praat ons van **gemotiveerde handeling** of **motivering**.

**(4) Oorspronklikheid van siening en segging:**

Dit is by die kunstenaar byna 'n vanselfsprekendheid. Hy sien dinge en mense op 'n natuurlike manier, maar tog in die lig van sy verbeelding met die gevolg dat die sluier vir ons as 't ware opgelig word en die alledaagse vir ons in 'n nuwe skoonheid verrys.

**(5) Milieu:**

Hierdie Franse woord beteken omgewing, agtergrond— „setting” soos die Engelsman sê; en het te doen met die bepaalde omgewing, die **lewensomstandighede** waarin mense beweeg.

**Leeslus en letterkundige smaak:**

Maar belangriker as al hierdie dinge is weereens die feit of leerlinge lus het om te lees, met vrug lees, en volgens 'n skema wat letterkundige smaak ontwikkel, lees. As dié dinge eers daar is, behoef ons ons nie oor al die geleerdheid te bekommer nie. Vergeet liewers die dorre boekgeleerdheid en gaan bring gelukkige ure deur in die grasige weides van ons literatuur.

**Die Drama:****Inleiding:**

Die drama wat eintlik **handeling** beteken, is een van die oudste letterkundige genres, omdat dramatiese handeling die mens van alle eeue af geïnteresseer het. Ons weet seker almal

dat die drama al in die tyd van die Grieke en Romeine gebloei het, terwyl die groot Nederlandse en Engelse kunstenaars dit al heel vroeg beoefen het. Die Duitse drama is natuurlik van oudsher wêreldberoemd. Die ouer dramas is almal in gebonde styl, d.w.s. op 'n bepaalde metrum of maat geskryf. Daarom word die drama vandag nog soms as poësie beskou, maar dit is tog nie nodig nie, want die drama neem vandag altyd die vorm van gewone prosa in dialoogvorm aan.

In 'n sekere sin is die drama miskien die belangrikste kunsoort, want elke mens gaan van tyd tot tyd na 'n „konsert” of „opvoering”, en smaak in hierdie verband behoort dus 'n *sine qua non* te wees.

### **Ontwikkeling:**

Soos reeds gesê, het die drama 'n geweldige ontwikkeling agter die rug: Die klassieke kunstenaars skrywe onsterflike dramas, in die middeleeue tree dit in diens van die moraliste en word gevolglik meer didakties as esteties, maar in die sewentiende eeu is daar weer 'n ongeëwenaarde letterkundige opbloeit met 'n reuse-figuur soos die Ned. Vondel aan die splits. Seker elke ontwikkelde mens weet dat Engeland sy Shakespeare en Duitsland sy Goethe en sy Schiller aan die wêreld gegee het. Ook ons eeu het sy groot dramaturge. Dink aan 'n Ibsen, 'n Shaw en 'n Pirandello.

Ons letterkunde is nog maar arm aan dramas, maar 'n Grosskopf, 'n Fagan *cum suis*, het tog hulle bydrae gelewer.

### **Soorte (volgens aard en tyd):**

As ons wil praat van die soorte dramas wat bestaan, hang dit daarvan af of ons die tydperk of wel die algemene verloop en die afloop in gedagte het.

As ons dink aan die aard en tydstip, kan dramas **klassiek** of (net soos romans) **romanties**, **realisties**, ens. wees.

Die **klassieke** of **neo-klassieke drama** (die navolging van die klassieke drama in Holland en ander lande) is die **sober**, **stemmige** drama van 'n Seneca en 'n Vondel; die **romantiese** drama is die **kleurvolle** kunswerke van 'n Shakespeare, terwyl die **realistiese** dramaturg die **werklikheid** uitbeeld soos 'n Heyermans, 'n Ibsen dit doen.

### **Verskil tussen die Klassieke of Neo-Klassieke Drama en die Romantiese of Realistiese Drama:**

Maar die klassieke en romantiese dramas en hulle verwante is so verskillend van aard, en stel tot so 'n mate twee strominge voor, dat ons die verskil 'n bietjie breedvoerig moet bespreek:

(1) **Aard:**

Die klassieke drama is stemmig, sober, statig, verhewe van aard. Dit is die rustige skoonheid van die ouderdom. Hier geen moord en doodslag nie, geen bonte lawaaierigheid of blitsvinnige handeling nie. Nee, dit is die **bedaarde woordkuns wat die breë, epiese gang uitbeeld**. Die romantiese drama se wagwoord is **handeling, afwisseling, kleurrykheid, spanning**.

(2) **Intrige:**

Die romantikus wy baie aandag aan tegniek en lê hom meer toe op intrige. Hy hou wel deeglik rekening met die feit of die leser of toeskouer **geboei** word al dan nie. **Spanning** is hier 'n belangrike vereiste, maar die klassieke dramaturg is dit meer om **woordkuns as tegniese kuns** te doen.

(3) **Karakteruitbeelding:**

Die klassikus bekommer hom ewe min om breedvoerige karakteruitbeelding. Die mense praat dikwels die digterlike taal van die dramaturg; en die fyne differensiering tussen mens en mens, die afsonderlike *individualiteit* van elke mens bly dikwels in die gedrang.

(4) **Die Drie Eenhede:**

Die klassieke drama het meestal vasgehou aan die drie eenhede, **d.w.s. eenheid van plek, tyd en handeling**. Die drama het gebeurtenisse voorgestel wat min of meer gelyktydig plaasvind, in elk geval nie langer as vier-en-twintig uur uit mekaar uit nie, en wat op dieselfde plek plaasvind. Ook was daar net een sentrale handeling, een hoofgedagte, met feitlik geen bykomstighede nie. Die romantiese drama verwelkom 'n blote verandering van plek en tyd, en maak ryklik gebruik van bykomstige episodes naas die hoofhandeling.

Die primitiewe toneelomstandighede van die klassieke tyd het feitlik die drie eenhede noodsaaklik gemaak. Met die ontwikkeling van die toneelkuns is die drie eenhede nie meer as so 'n onontbeerlike faktor beskou nie.

(5) **Reisange:**

Die klassieke drama het tussen die verskillende bedrywe of selfs tonele **reisange of koorsange** gehad. Natuurlik het die romantiese drama dit nie.

### **Komiek, Tragiek, ens.**

Soos reeds gesê, kan ons die drama ook klassifiseer volgens die strekking — of die uiteinde tragies of komies is. In die **Komedie** of **Blyspel**, al is daar ook treurige oomblikke, loop alles per slot van rekening goed af. Dit is 'n kwessie van „eind goed, alles goed”, en die deursnee-leser sit die boek tevrede neer, omdat sy held(-in) na baie wederwaardighede getriomfeer het.

In die **Tragedie** of **Treurspel** gaan die held(-in) ten gronde ten spyte van 'n heldhaftige geworstel. Daar mag wel grappige insidentjies wees, maar die tragiek verwoes alles. Dit is miskien goed om op hierdie stadium te sê dat tragiek en treurigheid nie sinonieme is nie. As die Voorsienigheid iets soos 'n ongeluk of 'n pes oor my laat kom, dan is dit treurig, maar bloot treurig, want dit is gebeurtenisse buite my beheer; maar, as ek ten gronde gaan as gevolg van magte **binne in my** wat ek wel bekamp, maar wat op die lang duur te magtig blyk te wees, dan is dit voorwaar tragies.

Die grens is ook op dramatiese gebied nie te duidelik vas te stel nie. As 'n drama geeneen van die twee is nie of miskien albei, dan praat ons van 'n **Toneelspel**.

Is 'n spel opsetlik komies-fantasties, byna belaglik (in die goeie sin) soos Langenhoven se „Onmoontlike Tweeling”, dan praat ons van 'n **Klug**.

### **Die Een-bedryf en sy Verwante:**

Soos daar op die gebied van die vertelkuns die kortverhaal met sy besondere konsentrasie is, so is daar op die gebied van die drama die **een-bedryf** wat deur sy **besonder gekonsentreerde vorm** details uitkakel en die lig laat val op hoofienskappe en -momente. Dink aan Grosskopf se een-bedrywe.

### **Die samespraak en die monoloog:**

Langenhoven se samesprake en sy monoloog in „Ons weg deur die Wêreld” is baie bekend. Die samespraak is eintlik 'n dramatjie in dialoog-vorm en die monoloog 'n alleenspraak.

Ons stel aan hierdie twee vorme geen besondere tegniese vereistes nie, hoewel spanning en afgerondheid hier ook baie bydra tot die kunstigheid.

### **Vereistes vir die Drama:**

Die vereistes vir suksesvolle dramatiese kuns het met verloop van tyd baie verander veral wat die tegniese sy betref. Die kritici van die ou skool het bv. gesê dat elke drama 'n **Begin, Verwikkeling, Hoogtepunt, Ontknoping en Slot** moet hê. Dit het

'n soort reëlmatige kurwe veronderstel en 'n waterdigte verdeling in bedrywe. Daardie beskouing word vandag as ouderwets bestempel; die meeste dramas beantwoord seker tot 'n mate aan die vereistes, maar 'n definitiewe afbakening is onmoontlik. Wie sal bv. presies sê waar verwickeling en ontknoping begin en waar die hoogtepunt (soms is daar 'n paar) is? Nee, ons beskou die saak anders, maar ons pas natuurlik ook maatstawwe toe:

### (1) Die Opvoerbaarheid:

Ons moet altyd onthou dat die drama moet opgevoer word. Gevolglik moet die dramaturg verveling vermy en vir 'n redelike mate van natuurlike spanning sorg. Ons wil beweging en **karakter-in-aksie** sien, en ons wil meegevoer word deur die breë stroom van lewensgebeure. Al is die drama ook owerigens hoe skitterend, as die gehoor die hele aand nooit die prikkelende opgewondenheid van 'n dramatiese oomblik voel nie, sal die toeskouers teleurgesteld huis-toe gaan. Aan die ander kant, as die skrywer se verbeelding die wildste en onnatuurlikste spronge maak, dan ontaard die spanning in 'n belaglike klug.

### (2) Die mensbeelding alweer:

In die drama is die manier waarop die mense beskrywe word seker belangriker as in die roman, want die toneelspeler moet mos later **vertolk**. Beide die skepper en die vertolker moet mense se drange, hulle emosies, hulle skrynende smart en jubelende lewensvreugde kan deurvoel en vertolk. Meer as een dramaturg skep belaglike, eensydige **karikature** wat vir 'n tydjie popagtig lewe en dan sterf. Maar 'n Shakespeare het 'n Hamlet geskep en 'n Goethe het 'n Faust geskep wat tyd en ruimte trotseer, en altyd daar staan as magtige, monumentale skeppinge. As ons na 'n konsert gaan, moet ons altyd vra hoe **dink** en **voel** daardie persoon, hoe **handel** hy, hoe **praat** hy. Sal ons die figuur môre nog onthou?

### (3) Botsing:

As 'n drama tegnies versorg is en die mense is uit 'n waaragtige kunstenaarsiel gebore, dan sal dit 'n groot drama wees. Die ander dinge spruit daaruit. Maar op 'n paar bykomstighede kan ons tog let: **Stryd** is die wesenselement van die drama — stryd wat 'n **botsing tussen vyandige magte** in 'n mens self of tussen mense veronderstel. Ons voel mos soms asof dit **ons** stryd is. Dit is hierdie soort ding wat aan 'n drama 'n bepaalde **grondgedagte**, 'n **boodskap** gee. Het die grote Goethe nie self gesê dat al sy werke brokstukke van 'n groot lewens-konfessie is nie?

## HOOFSTUK XIII

### Oefeninge

#### Inleiding:

Daar is baie soorte taaloefeninge wat leerlinge vandag *probeer* doen, wat vir hulle betreklik min nut het. Dit help mos tog nie iemand vra my die uitspraak, meervoud, teenoorgestelde, betekenis, afkorting ens. van 'n bepaalde woord, as ek dit hoegenaamd nie weet nie. Dit is tog beter dat al daardie dinge vir my gesê word, of (nog beter) dat ek hulle **korrek swart op wit sien** (want leerlinge skrywe baie verkeerd neer). Dan kan ek hulle **korrek sien en leer**. (Met die oog daarop is die taalwerk in hierdie boek so breedvoerig en prakties moontlik behandel, sodat die leerling die korrekte ding kan sien en leer (dikwels sonder 'n oorbodige oefening). Daar is egter ook ander aspekte van die saak, ander terreine soos stelwerk, sinsbou, letterkundige waardering ens., waar beoefening alles is en teorie maar min. In verband met sulke sake moet leerlinge baie kans kry om te **skrywe**. Leerlinge word ook dringend verwys na ander oefeninge — veral na die vraestelle in die verskillende eksamens van die verskillende provinsies. Die aanskaf van baie vraestelle sowel as die uitruil daarvan verskaf 'n geweldige hoeveelheid oefenmateriaal, en bring buitendien afwisseling en verskeidenheid.

#### Algemeen:

1. Noem en bespreek 'n paar opsigte waarin Afrikaans van Nederlands verskil.
2. Bespreek die kwessie of Afrikaans „'n arm taal” is.
3. Watter bronne (woordeboeke, woordelys, grammatika-boeke ens.) kan 'n mens vandag raadpleeg om uit te vind of jy „korrek” praat en skryf? Wat moet jy met jou probleme doen?
4. Wys hoedat korrekte taal 'n relatiewe begrip is, d.w.s. hoedat wat eers as verkeerd beskou is, later die korrekte word.
5. Maak 'n lys van (a) jou eie taalfoute en (b) jou omgewing se taalfoute. Skrywe hulle nou **twee** keer netjies korrek neer.

#### Die Opstel:

1. Skrywe twee netjiese paragrafies neer oor enigiets waarmee jy elke dag te doen kry.
2. Skrywe veertig reëls oor enigiets of -iemand wat jy baie goed ken of vertel in veertig reëls van iets wat jy in die geskiedenis of die wetenskap interessant gevind het.
3. Skrywe enige dialoog of 'n spookstorie of 'n speurverhaal of 'n ander verhaal of 'n humoristiese skets of 'n digterlike opstel oor iets wat jy waarlik mooi vind.
4. Organiseer 'n klasjoernaal of 'n debat (bydraes moet uitgeskryf word) of skrywe bydraes vir 'n skooljaarblad of 'n ander blad.
5. Soek in u skool of omgewing dinge wat moet opgestel word soos advertensies, biljette, konstitusies, skoolreëls ens., en stel hulle op.
6. Maak skryfkompetisies van ander skole, kolleges en universiteite bymekaar, en neem daaraan deel.
7. Skrywe opsommings van gelese verhale.

8. Soek onderwerpe vir opstelle uit eksamenvraestelle uit.
9. Skrywe net die raamwerk van enige opstel neer.
10. Soek mooi opstelle of ander stukke prosa uit en skrywe hulle letterlik netjies oor. (Let op parafering, interpunksie, taalgebruik ens.)

#### **Die Brief:**

1. Vind uit hoe 'n adres op 'n koevert moet geskryf word. Maak dan koeverte bymekaar, en kyk of die adresse korrek is.
2. Vind in u dorp uit watter soort briewe in die verskillende vertakkinge van die samelewing geskryf word, en skrywe dan van daardie briewe.
3. Skrywe private briewe aan: (a) Enige familiebetrekking, (b) 'n vriend(in) hier of in die buiteland, (c) 'n onbekende oor een of ander saak, (d) (iemand op wie jy verlief is).
4. Skrywe een van die baie briewe wat na en van regeringskantore geskryf word.
5. Skrywe 'n formele uitnodiging of 'n telegram met die antwoord of 'n rekening met die voldaan of 'n aanplakbiljet vir 'n skoolkonsert of 'n brief van gelukwensing aan 'n oud-leerling met 'n groot prestasie of enige brief van deelneming.
6. Stel 'n adres op vir 'n vertrekkende onderwyser of predikant.
7. Skrywe aan een van: 'n minister, 'n parlamentslid, 'n administrateur, die S.G.O., 'n professor, die kerkraad, die stadsraad oor een of ander saak.
8. Skrywe die brief wat jy die graagste sou ontvang.
9. Skrywe neer wat eendag op jou grafsteen moet staan of skrywe vir jouself 'n getuigskrif.
10. Gebruik in sinne: Na aanleiding van, per kerende pos, agterstallige rekening, by voorbaat dank, gefrankeerde kovert, skadevergoeding, onverwyld, slordige verpakking, met verwysing na.

#### **Parafrase en Indirekte Rede:**

1. Blaai jou voorgeskrewe digbundel deur en parafraseer van die kortste gedigte.
2. Soek 'n mooi stuk prosa uit, en probeer dit net so mooi weergee, maar in jou eie woorde.
3. Soek nou 'n ander stuk uit, en probeer dit oorskrywe soos een of ander van ons kunstenaars of jou Afrikaans-onderwyser of een van jou klasmaats dit sou doen.
4. Soek uit jou voorgeskrewe boeke dialoog uit en verander dit tot die direkte rede.
5. Soek nou weer voorbeelde van die indirekte rede uit en verander hulle tot die direkte rede.

#### **Die Uittreksel:**

1. Soek 'n non-politieke inleidingsartikel van enige blad uit, en verkort 'n belangrike gedeelte daarvan tot een-derde van die oorspronklike lengte. (Onthou dit moenie 'n telegram wees nie).
2. Gee die kern van 'n toespraak of preek wat jy gehoor het in honderd woorde weer.
3. Stuur 'n koerant die kernverslag van 'n voetbalwedstryd of van 'n groot gebeurtenis op jou dorp of van een of ander geleenthedstoespraak.
4. Kampvuur. Spookstories. Verdwyning van Jan en Piet. 'n Wit gedaante. Gille. Die ontmaskering. Gelag. Bou jou eie verhaal (en ander soortgelykes).
5. Moenie vergeet om vraestelle ook in dié verband te raadpleeg nie.

**GRAMMATIKA:—****Klankleer:**

1. Benoem met voorbeelde die verskillende klanke wat jy in Afrikaans ken.
2. Gee voorbeelde van 'n kort klank, 'n lang klank, 'n tweeklank, 'n ope lettergreep, 'n geslote lettergreep.
3. Wat is fonetiek? Waarom skrywe ons nie soos ons praat nie?
4. In watter opsigte verskil die Afrikaanse spelwyse van die Nederlandse?
5. Wat weet jy van die S.A. Akademie en van Professor Smith?
6. Gee i.v.m. 'n paar klanke voorbeelde van wildvreemde woorde, bastervorme, tipiese Afrikaanse woorde.
7. Plaas die deelteken waar nodig: Seel, seen, geseend, gereeld, tee, teen, offisieel, doopseel, allerwee, moeë, reunie, individuele, oorgeerwe, kersvers, soologie, egoïsme, dieet, pieteit, teegeet, proteïne, geys, adenoïde, waarseer, geallieerdes, geyl, eende, daeraad, geïllustreer, geïnteresseerd, bedleend, kooperasie, geoliede, ongeewenaarde, konsensieus, definieer.
8. Stel jou eie lys op, waarin die **f** en die **v**, die **d** en die **t**, die **ie** en die **y**, en die **aa** en die **ae** voorkom.
9. Gebruik in sinne: wie en wîe; leer, lêer en lêer; wee, weë, wîeë; veer en veër; teel en teël; keel en keël; soe en sôe; bere en bêre; na en ná; die en dié; appel en appèl; gésels en gesêls.
10. Gebruik in sinne: Hy's, hys, huis; berg en berug; gerig en gerug; dink en dunk; heil en hull; seil en suil; yl en uil; pal, paal; vyl, feil, veil, vuil; inlei en inlui; kryt, kruut, kruid; sier en suur; seer en seur; neet en neut; skyf en skuif; lys en luis; slik en sluk; keer en keur; leen, leun, leuen.
11. Volgens watter beginsel deel jy 'n woord in lettergrepe? Soek enige stukkie uit en verdeel die woorde in lettergrepe.
12. Hoe verskil die aksent in Afrikaans van dié van Engels? Soek by „minister” en „biologie” nog ander voorbeelde uit.
13. Skrywe voorbeelde van verkeerde uitspraak uit jou omgewing neer.
14. Skrywe voorbeelde van klankverlies en -toevoeging uit jou omgewing neer.

**Buigingsleer:**

1. Wat is verbuiging en vervoeging? Hoe verskil Afrikaans, Nederlands, Engels ten opsigte van die twee?
2. Wat is die belangrikste meervoudsuitgange in Afrikaans? Skrywe onder elkeen 'n groep voorbeelde en probeer maklike reëls formuleer.
3. Gee soveel moontlik voorbeelde van elk van: Woorde wat net in die mv. of die enk. voorkom, wisselvorme in die mv., onreëlmities, geleende meervoude, twee meervoude met verskil in betekenis.
4. Wat is die mv. van: Teks, wors, jong, klong, malva, mamba, akasia, ab, diktator, hotel, skip, argitek, deug, dinee, donga, eggo, eksaminator, kamas, kneg, komma, kroeg, meerkat, mud, oase, orkes, rib, studie, idee, kommandant-generaal, bruilof, bruidegom, dak, deksel, dialek, gamat, hiëna, hings, hof, konflik, kontak, matras, soldaat, lap, splint, massa, roset, tenk, vent, piekniek, tuinier, roersel, vonnis, oorlog, gebod, vat, voorskoot, potlood, gat, stad, suid, slot, wa, gelid, bedrog, barbier, bed, bedrag, bevel, een, twee, drie, tien, brug, dal, fee, leuse, gebed, gedig, guns, wees, wese, voog, kalf, das, jas, kok, les, geweer, neus, lied, maag, professor, twis, adres.
5. Neem 'n woordeboek of die woordelys en stel 'n lys op van „moeilike” meervoude. Doen dit ook i.v.m. geslag, verkleinwoord,

verbuiging van die adj., deelwoorde, afleidinge, samestellings, betekenis ens.

6. Hoe word die vroulike in Afr. gevorm?

7. Verklaar die begrippe: **manlik, vroulik, onsydig en gemeenslagtig**; en vergelyk Afrikaans met ander tale wat jy ken t.o.v. geslag.

8. Wat kan ons opmerk i.v.m. die gebruik van „hy” en selfs „sy” vir lewelse dinge?

9. Gee die teenoorgestelde geslag van: Ab, bakker, bedelaar, wewenaar, vors, voorsitter, president, monnik, kleremaker, regisseur, masseur, goewerneur, regent, sekretaris, leier, bibliotekaris, christen, donateur, gemaal, eggenoot, graaf, jong, klong, swaer, voog, vlieënier, tikker, slaaf, profeet, akteur, god, baron, strooijonker, bulkalf.

10. Wat het jy op te merk i.v.m. vroulike vorme soos „dievegge”, „leerlinge”, „studente”? (Wat sou hulle mv. wees?)

11. Hoe vorm ons verkleinwoorde?

12. Wat druk verkleinwoorde uit behalwe verkleining? Gee voorbeelde.

13. Wat het jy op te merk i.v.m. „mandjietjie”, „meisietjie” ens.?

14. Gee die verkleinwoord van: Ma, pa, ouma, buro, kommando, boor, boord, boordjie, skip, vat, gat, pad, laai, ram, toring, lantern, bom, rib, nôi, lewe, kostuum, hof, hoof, vlag, vlaag, insek, oog, uitweg, lokomotief.

15. Vergelyk Nederlands (Dts.) en Afrikaans ten opsigte van Naamval? Noem gevalle waar die 1e en 4e Naamval verskil in vorm.

16. Ken jy die verskillende naamvalle? Is dit nodig om hulle te ken?

17. Verduidelik met voorbeelde die ou Genitiewe en ou Datiewe.

18. Wat doen 'n byvoeglike naamwoord? Onderstreep tekenende byv. nwe. uit ons literatuur. Skrywe self tekenende byv. nwe. voor nwe. uit die daaglikse lewe.

19. Wat beteken „attributief” en „predikatief”? Ken jy adje. wat net in een van die vorme voorkom?

20. Noem 'n paar gevalle (met vbe.) wanneer byv. nwe. verbuig word.

21. Wat het jy op te merk omtrent die figuurlike gebruik van die adj.?

22. Skrywe die adj. tussen hakies korrek waar nodig: (Kou) water, (sleg) mense, (fyn) spot, (fyn) proewers, (soet) kinders, (vuil) taal, op (opvoedkundig) gebied, (los) praatjies, 'n (koper) kleur, (sag) gefluister, (droog) klere, (fluks) kinders, (trots) vaders, die (laat) uur, 'n (muf) ruik, (moeg) esels, (grof) brood, (log) massas, (oop) veld, ons (daaglik) brood, (ru) soldate, (silwer) hare, (sku) meisies, (kras) bewerings, 'n (nors) voorkoms, 'n (bars) antwoord, (beknop) vertrekke, (bros) strooi, in (ieder) geval, 'n (koel) ontvangs, (ruig) maanhaar, 'n (eng) poort, (ruim) vertrekke, die (groot) gros, 'n (skor) stem, (skel) geluide, (stoer) Voortrekkers, (ydél) vermake, 'n (sterk) persoonlikheid, (dwaas) besluite, (swaar) take, jou (duur) plig, 'n (ferm) houding, (lomp) kinders, sy (flink) optrede, op so 'n (laat) uur, (gewoon) verlof, 'n (kalm) gelaat.

23. Wat is die onderskeid tussen: „'n Naar man” en „'n nare man”, „'n arm man” en „'n arme man”, „'n seker man” en „'n sekere man”, „'n heel ruit” en „'n hele ruit”, „mooi, versorgde kinders” en „mooi-versorgde kinders”?

24. Hoe vorm Afr. die trappe van vergelyking?

25. Wat het jy op te merk i.v.m. vorme soos „allerliefs”, „bes moontlik”, „'n opperste vabond”?

26. Wanneer gebruik ons „meer” en „mees”? „as”, „dan” en „soos”?

27. Gee die trappe van: Goed, baie, min, ru, nuut, sleg, arm, lelik, presies, pessimisties, dwaas, woes, breed, laag, verlate, inspirerend, doelbewus, gebroke, vaag, moeg, fluks, troebel, sku, eg, heg, romanties, opdraand, tevrede.

28. Wat is die belangrikste voornaamwoorde?
29. Verduidelik deur middel van sinnetjies die gebruik van: Jy, u, U, hare, self, homself, hom self, u s'n, waarmee, met wie, wie se.
30. Vul die regte vnw. tussen die hakies in: Almal behalwe (jy, jou). Laat (ek, my) sien. 'n Mens weet nie wat (jou, hom) voor die deur staan nie. (Ek, my) is gevra om 'n mening uit te spreek. Ek laat my nie (jou, jy) en (jy, jou) van elkeen nie.
31. Skrywe 'n aantekeninkie oor die lidwoord in Afrikaans in vergelyking met ander tale.
32. Maak deur middel van sinne die verskil duidelik tussen: „opstal”, „op stal” en „op die stal”; „op hande” en „op die hande”; „op slot” en „op die slot”; „plek soek” en „die plek soek”; „vrou soek” en „die vrou soek”; „aan wal” en „aan die wal”; „oor draad” en „oor die draad”; „oor hoop” en „oor die hoop”; „onder lede” en „onder die lede”.
33. Noem 'n paar belangrike soorte werkwoorde met voorbeelde. Wat beteken Sterk en Swak, Oorganklik en Onoorganklik?
34. Stel 'n tydsindeling van die werkwoord in Afrikaans op. Wys hoe 'n sekere vorm dikwels 'n ander begrip uitdruk (bv. „ek kom toe daar” het 'n „teenwoordige” vorm en 'n „verlede” betekenis).
35. Afr. het minder tydsvorme as Nederlands en Engels. Hoe word dit vergoed? Wys hoe dit ons taal vergemaklik.
36. Skrywe in die verlede: Jy behoort te weet. Ek wil dit doen, maar ek kan nie. Hy mag dit doen, maar hy durf nie. Hy word gestraf. Ek sien hom gaan. Dit is 'n voorreg om dit te kan doen.
37. Maak deur middel van sinne die verskil duidelik tussen: „sal gedoen het”, „sou gedoen het” en „sou doen”; „moes kom” en „moes gekom het”; „ek wou dit gedoen het” en „ek wou dit gedoen hê”.
38. Kan alle werkwoorde passief gemaak word? Hoe gaan ek te werk?
39. Skrywe 'n ww. in al die tye in die aktief neer en verander dit dan tot passief. Maak verder passief: Toe die skeidsregter die fluitjie blaas, het ek al die bal geskop. Ons het gister 'n vark geslag. Teen daardie tyd sal ek al die werk gedoen het. Hy sou my die tyding gestuur het. Loop haal die koeie. Wie het my geslaan? Ek het hom sien gaan.
40. Skrywe die verskillende wyse neer met 'n voorbeeld by elk. Hoe beveel, wens, veronderstel ek in Afrikaans?
41. Hoe word die aanvoegende wys in Afr. gevorm? „As ek jy was, sou ek dankbaar wees.” Hoe gaan ek dit in die verlede en in die toekoms skryf?
42. Skrywe 'n paar voorbeelde neer om die verskillende gebruike van die infinitief te illustreer.
43. Vul die regte vorm van die infinitief in: Na dit (doen) het hy vertrek. Jy behoort toe (kyk), voordat ek daar was. Dis te (hoop). Bly u te (ken). Sê hom wat (doen). Die te (betaal) bedrag. (Vloek) is lelik. Hy weet (geld maak). Hy is nie (beny) nie. In plaas van (lag), hull hy.
44. Watter twee deelwoorde is daar in Afrikaans? Hoe word hulle gevorm en wanneer word hulle gebruik? Skrywe aantekeninge oor die sterk en swak verlede deelwoord.
45. Soek 'n aantal belangrike wwe. uit die woordeboek of woordelys en skrywe hulle teenwoordige- en verlede Deelwoord(e) voor 'n nw. neer. Doen dit ook met: Vra, eg, skryf, grawe, verlaat, bedrieg, bespreek, doen, ontain, prys, roep, steel, uitsoek, deursteek, volbring.
46. Wvs na aanleiding van „vasbeslote” en „desverkieende” hoedat dwe. verskillende funksies kan hê.
47. Wvs na aanleiding van „teleurgestel” en „teleurgesteld” wanneer die -d weegval. Wanneer is daar geen -e- voor die verl. dw. nie? Wat is die verl. dw. van „herberg” en „herkou”?
48. Gebruik in sinne: Begewe, bekommer, bemoei, beroep, bevind, misgis, ontferm, verspreek, verstout, verwonder.

49. Wat doen bywoorde? Sou jy na aanleiding van „'n vreeslike warm dag” (vgl. „'n vreeslike, warm dag”) sê dat hulle verbuig word? Hoe vorm hulle die trappe van vergelyking?

50. Gebruik in sinne: Luidkeels, geredelik, stormenderhand, begrypikerwys, billikheidshalwe, selde, gerade ag, gewonne gee, goedsmoeds, goeder trou, druiptert, skoorvoetend, aanstons, ongetwyfeld, bepaald, eersdaags, weliswaar, dienooreenkomstig, grootskeeps, naasteby, inmiddels, ruimskoots.

51. Gebruik die vlg. voorsetsels in sinne: Luidens, blykens, betreffende, benewens, jeens, weens, niesteaande, ondanks, ongeveer, aangaande.

52. Maak deur middel van sinne die verskil duidelik tussen: Behoort aan, behoort by, behoort tot; dink aan, dink om, dink van; glo in, glo aan; bestaan in, bestaan uit; voorsien van, voorsien met, voorsien in; kom by, kom na, kom om; wag vir, wag by, wag tot; stuur na, stuur om.

53. Gebruik in sinne: Beswyk aan, verwys na, beskik oor, verlekker op, inteken op, in die gedrang bly, te pletter loop, onder voorwendsel van, te bowe kom, onder lede hê, aan die dag lê, wars van, in toom hou, uit die weg ruim, in die reïne bring, opsien na, in my enigheid, op die vooraand van, deur jou eie toedoen, op die spel hê, met iets gediend wees, langs dieselfde vuur sit, teen die hoof slinger, teen die bors stuit, aandring op, tred hou met, opgaan in die arbeid, bedien van, op die stadium, in beroering bring, van stryk bring, op die proef stel, in beslag neem, onder verpligtings bring, te lyf gaan, op hom inwerk, in die gedrang bly, resorteer onder, strook met, uit volle bors, sonder erg, op die hals haal, lig in die broek, van die eerste water, benede jou stand, benede jou waardigheid, die skrik op die lyf ja, aan die man bring, op die nippertjie.

54. Teken uitroep uit die spreektaal aan, en sê wanneer hulle gebruik word.

### Woordvorming:

1. Skrywe 'n opstelletjie oor „Hoe 'n Taal se Woordeskat uitbrei”.

2. Maak deur middel van voorbeelde die verskil duidelik tussen **Samestelling**, **Afleiding** en **Samestellende Afleiding**.

3. Maak deur middel van voorbeelde die veelvuldige gebruik van die koppelteken duidelik.

4. Noem en illustreer die gebruik van verbindingsklanke. Ek sê „God se liefde”, „Gods liefde”, „'n godswonder”, die Darlingse veldblomme”. Verduidelik na aanleiding hiervan die gebruik van die Genitiefs-s, die verbindings-s en se.

5. Vorm samestellinge van: Seun — skool, meisie — skool, lewe — taak, lewe — stryd, salaris — skaal, gees — toestand, weerstand — vermoë, bruid — skat, begrafnis — stoet, dood — kleed, vrou — trou, verbuiging — uitgang, ster — kyker, lewe — standaard, man — koor, voorsorg — maatreël, bad — kamer.

6. Skrywe 'n eenvoudige leidraad met voorbeelde vir die aanmekaar skrywe van woorde.

7. Wat is die onderskeid tussen: Blindeman en blinde man; makbokie en mak bokke; blinkleer en blink leer; drie voete en 'n drievoet; vier kleure en die vierkleur; twee klanke en 'n tweeklanke; af loop en afloop; dis goedso en dis goed so; alte en al te; 'n handvol lekkers en 'n hand vol lekkers; 'n oop brief en 'n ope brief.

Kan jy nog voorbeelde van differensiasie noem?

8. Wat is die verskil tussen: Klerekis en kisklere; 'n tafel druive, tafeldruive en 'n druivetafel; tabakrook en rooktabak; uurwerk en werkuur; blikkiesmelk en melkblikke; boomstam en stamboom; plaas-skool en skoolplaas; boerbok en bokboer; vashou en 'n houvas; opklim en klimop; afbeen en been-af.

9. Lees 'n paar bladsye uit enige boek en onderstreep al die samestellings. Gebruik nou bekende woorde soos „huis” en „man” om samestellinge te vorm — eers voor en dan agter, bv. „huisbaas”, „huis-huur”, „woonhuis” ens.

10. Wat verstaan jy onder skeibare en onskeibare wwe.? Hoe weet ek wanneer ek 'n ww. se dele moet skei? Wys hoe dieselfde woord skeibaar en onskeibaar kan gebruik word.

11. Skrywe die verl. dw. na „het” (en ook voor 'n nw. waar moontlik): Omkoop, opraap, gadeslaan, naaap, uitstal, aanvaar, misken, misluk, ondermyn, onderwerp, volbring, omhels, weerkaats, goedvind, gelukwens, ginnegaap, gekskeer, glimlag, seëvier, wantrou.

12. Gebruik skeibaar en onskeibaar in sinne: Omvat, omsoom, deurboor, deurloop, onderteken, oorlê, onderskep, deurdring, oorskat, oorstem, oortuig, oorwerk.

13. Bespreek deur middel van voorbeelde die beperkte rol wat klankwisseling speel in vergelyking met die geweldige rol wat voor- en agtervoegsels speel. Wat verstaan ons onder *produktiewe* en *onproduktiewe* voor- en agtervoegsels?

14. Skrywe die bekendste voor- en agtervoegsels met hulle betekenis neer en bou woordfamilies met hulle. Bou spesiale groepe met agtervoegsels wat manlike persoonsname en abstrakte selfst. nwe. help vorm.

15. Wie woon in (gee ook adj. waar moontlik): Argentinië, Brasilië, Hongarye, Indië, Java, Natal, Abessinië, Skotland, Swede, Vlaandere, Wallis?

16. Maak deur middel van sinne die verskil duidelik tussen: Souterig en soutagtig; praterig en gepraat; wysheid en wysgeid; hoogte en hoogheid; duisternis en duisterheid; reuk en ruik; deuk en duik; verstoek en ontstoke; druk en drukking; uitstal en uitstalling; beskawing en beskaafdheid; inniglik en innerlik; kruin en kroon; vlam en ontvlam; gedink en gedenk; erken en herken; mensdom en mensheid; gemeenskap en gemeente; bekom en ontkom; vyandig en vyandelik; sinloos en sinneloos; stadhuis en stadshuis; waternood en watersnood; onmeetlik en onmeetbaar; oorval en toeval; verspil en verspeel.

17. Sit soveel voorvoegsels moontlik voor elkeen van die vlg. en kyk hoe die betekenis gewysig word: Stel, staan, kom, gaan, stuit, ken, loop, lê, dien, spreek, praat. Nou weer agtervoegsels na die volgende: Huis, vrug, mens, vrou, kind, meester. Soek nog uit, en bou dan met voor- en agtervoegsels.

18. Vorm abstrakte selfst. nwe. van: Vergenoeg, besadig, bevrug, bevry, geslepe, onbeholpe, ongeërg, geleë, geneë, uittree, aanvaar, vervreem, kasty, bely, ontstel, bedrewe, verwoes, beknopt, bekrompe, liberaal.

19. Vorm wwe. van: As, glas, hoof, half, afgod, damp, klad, einde, invloed, rym, kruis, blaam, ruïne, genade, kleed, groen, voordeel, masker.

20. Wat is Denominatiewe en Deverbatiewe Wwe.? Wys hoe afgeleide wwe. kan gevorm word.

### Sinsleer:

1. Noem al die rededele wat jy ken met 'n voorbeeld by elk.

2. Gebruik elkeen van die volgende as soveel rededele moontlik: Kies, durf, rou, streep, van, sluk, by, put, elf, as, gevolg, hul, werf, trots, saai, week, ons, net, mos, vas, bal, meer, koek, dis, wel, slag, dig, steun, korrel, vlei, wit. Brel die lys uit.

3. Gee soveel moontlik verskillende voorbeelde van: Onderwerp, Gesegde, Direkte Voorwerp, Indirekte Voorwerp, Bepalings.

4. Verduidelik die volgende deur middel van voorbeelde: Elliptiese sin, Parentetiese s'n, Vols'n, Enkelvoudige sin, Hendiadys (gestaan en praat), Samegestelde sin, Veelvoudige sin.

5. Wys deur middel van voorbeelde die verband tussen: byvoeglike naamwoord, byvoeglike bepaling, byvoeglike bysin; bywoord, bywoordelike bepaling, bywoordelike bysin; onderwerp, onderwerpsin; voorwerp, voorwerpsin; voltooiing van die gesegde, gesegdesin.

6. Wys deur middel van voorbeelde hoe bepalings kan bysinne word en omgekeerd.

7. Maak 'n noukeurige studie van die gebruik van interpunksie by die verskillende sinsele.

8. Moet leerlinge aangemoedig word om kort of lang sinne te skrywe? Wat is elkeen se voordeel? Sal ons sinsbou regkom, as ons elke sin „uitdink”, voordat ons dit skrywe?

9. Wat verstaan jy onder Normale en Omgekeerde Woordorde? Skrywe aantekeninge oor die woordorde in Afrikaans (met verwysing na ouer tale, veral Engels).

10. Verdeel die voegwoorde in klasse volgens woordorde en die soorte sinne wat hulle inlei. Gebruik die minder bekendes in sinne, en gee baie aandag aan jou punktuasie.

11. Gebruik in elk geval in sinne: Tog, nogtans, egter, daarenteë, inteeëndel, immers, trouens, desnoods, desondanks, mits, tensy, aangesien, opdat, dewyl, na gelang (van) dat, deste.

12. Wys hoe „waar”, „of”, „wanneer”, „hoe” verskillende soorte sinne kan inlei.

13. Begin met 'n hoofsin, bv. „Hy het gekom” en bou twee bywoordelike bysinne en 'n byvoeglike bysin aan. Doen dit op verskillende „patrone”.

14. Skrywe enige vier enkelvoudige sinne neer, en voeg hulle dan saam tot een samegestelde sin. Nou weer met vier ander ens.

15. Ontleed die sinne wat jy so gebou het.

16. Ontleed 'n paar sinne uit jou laaste opstel.

17. Ontleed sinne uit enige blad of boek.

18. Waarom ontleed 'n mens sinne?

19. Wys hoe die betekenis van 'n sin kan gewysig word deur verskillende woorde te beklemtoon.

20. Skrywe aantekeninge met 'n algemene leidraad by die dubbele ontkenning.

### Betekenisleer:

1. Wys na aanleiding van begrippe soos Betekenisbeperking, Betekenisverruiming, Differentiasie hoe woorde kan verander van betekenis.

2. Skrywe 'n aantekening met voorbeelde oor Figuurlike Betekenis.

3. Gebruik die vlg. woorde in meer as een betekenis en vul die lys aan: Huis, uitlê, as, pomp, set, span, geld, gril, in, pas, roer, stoof, smoor, klaar, lap, veer, opsteek, was, veel, wig, bog, bont, opskiet, kruis, yl, ys, blaas, lok, getroos, lopers, hef, ontmoeting, ewenaar, es, besig, tuit, uitlek.

4. Wat beteken Sinonieme, Homonieme, Antonieme, Paronieme?

5. Gee sinonieme vir: Abattoir, genre, munisipaliteit, trousseau, parlement, applous, professor, fotograaf, simpatie, opinie, anoniem, arreste, apologie, admisssie, advies, blameer, horizon, gratis, inherent, hoflik, innemend, genant, dokter, felisiteer, biblioteek, (aspres), karikaatuur.

6. Gee antonieme vir: Verneder, traag, werknemer, ontmoedig, seën, openhartig, verjong, modern, bevestiging, wispelturig, gebrek, 'n republiek, 'n outokraat, erns, tragedie, inkomste, waarheid, afdank, verkort, groot lantern—, jou doen en—, hemel en—beweeg, dit kan nie hoër of—nie, hot en—, hier te kort en—, hoe meer haas—, van 'n naald tot—, oop en—aankom, die sieke dra die—, Sondag is langer as—, iets swart op—hê, ver van jou goed,—.

7. Slaan die behandelende Homonieme en Paronieme na, en kyk of jy daarop kan uitbrei.

8. Watter plan maak jy om jou woordeskat stelselmatig uit te brei? Soek tien onbekende woorde of uitdrukkings uit 'n boek of 'n blad uit, skrywe hulle in daardie verband neer, onderstreep en leer hulle. Doen dit elke week.

9. Gebruik nou in sinne: Verwen, flankeer, imponeer, goedgegunstelik, afsloof, tewens, uitgeleide doen, as sou, puik, oënskynlik, terrein, temperament, uitbuit, vindingryk, aspirasies, uitkraam, letsel, louere, snak, ontgin, galant, inskerp, anargis, ontsyfer, smeul, ingewing, staaf, kwinkslae, ylings, verdigting, bevinding, gemeenplaas, opwel, episode, radikaal, verknegting, potsierlik.

10. Gebruik verder in sinne: Keil, kyl, kuil; harslag, hartslag; wasser, waster; wyser, wyster; pit hê, pitte hê; in omtrek, in die omtrek; binne skiet, te binne skiet; voordag kom, voor die dag kom; toe nou, nou toe nou; tot verhaal kom, tot die verhaal kom; dit sê nie, dis nie te sê nie; nou net, net-nou; op loop, oploop; marke, markte; wie, wigte; hakies, hakkies; gemaak, gemaakt; versit, verset; omsit, omsit.

### Idiome:

1. Skrywe 'n algemene opstelletjie oor idiome.

2. Teken plaaslike idiome aan en bring hulle na die klas.

3. Probeer die bekendste Engelse idiome in Afrikaans vertaal.

4. Verduidelik met voorbeelde die rol wat rym speel.

5. Kyk of jy nog die behandelde idiome ken. Verduidelik verder: Dis so in my kraal. Uitgeslaap wees. Die tweede dwaling is erger as die eerste. Kop bo water hou. Die gewente maak die gewoonte. Naaste by die vuur sit. Jy is laat. Hy sal nou nog kom. Jou kop in 'n bynes steek. Daar het suurlemoensop deurgeloo. Die poppe is aan die dans. Skiet gee. Droogsit. Grond koop. Hans groot-maak. 'n Ander deuntjie sing. Die spat neem. Lont ruik. Kaf-loop. Iemand 'n gat in die kop praat. Aandik. Handgemeen raak. Jou dreuning teenkom. Sy hart lug. Iemand hoog aanslaan. Lewende hawe. Platsak wees. Iemand ter syde staan. Voete kry. Harde korsies (af)byt. 'n Uitgemaakte saak. In die vervolg. In die verskiet. Iemand 'n vlieg afdang. Die woord by die daad voeg. 'n Geykte uitdrukking. Die pyp rook. Die paal haal.

### Anglisismes en Vertalings:

1. Skrywe oor: Taalpurisme of taalsuiwerheid, -ismes, bastervorme en leenwoorde. In hoeverre moet ons ons taal probeer suiwer hou? Is daar vordering? Wat is ons probleme in dié verband?

2. Vertaal die vlg.: When the schools reopen, father is going to open a shop. How does he take it up, when you are not in time? You must look up the word instead of tearing up papers. Which subjects did he take for his degree? At the party they drank on his health. Sometimes business-men have to take stock. The other day I got a fright. Have you got time on you? He gave me an angry look. To pull his leg. To book your seat. You must not be long. Nowadays. Spare time. To take it up wrongly. We wont even miss you. To miss the train. Teachers make up registers, book-keepers make up books, while actors make themselves up too. We must get up a party during the week-end. Seeing that you "bunked" class, you are in for trouble. After all pupils should see to their own note-books. My friend always enjoys himself at a dance. Come by five to see him off at the station. May I see you for a minute or two? His scheme does not work. All of us find fault.

3. Stel 'n lys anglisismes uit die taal van jou omgewing op.

4. Vertaal: Top-boots, cost-price, porch, stock-fair, traveller, foundation, turn-over (in business), plots, pull-over, spats, dropper, handles, drop-handles, waterless cooker, vamp, prompt, cot, socket, nib, signal, shandy, rod, baseball, beach-pyjamas, tail-coat, shorts, top-hat, slacks, sweet-corn, chime(s), suspenders, score, studs, match, patent-leather, coatee, skirt, page-boy, buffet, hall-stand, surgery, fruit-salad, wholesale or retail, flats, postal order, cutlery, money-order, shunt, speaker, hardware, tournament, tax, torch, whiskers, cultivator, plus-fours, extra-strong, adenoids, tonsils, cottage, tonic, tap-dancing, sundowner, siren, cocktail, punch, dose, stop-valve.

5. Maak 'n lys van Engelse woorde wat in jou omgewing baie tussen die Afrikaans in gebruik word; vertaal dan die „vertaalbares” en stuur die ander na 'n taaldeskundige.

6. Soek 'n gebied uit soos die motorwêreld, kruideniersware, sport, naaldwerk, poswese, in verband waarmee baie Engelse woorde gebruik word. Skrywe (of praat) dan (met behulp van 'n woordeboek) 'n bladsy of twee suiwer oor jou gekose gebied.

### Taalverskynsels:

Verklaar die vlg. met voorbeelde: Klankverlies, Klanktoevoeging, Betekenisverruiming en -beperking, Doeblette, Etiese Datief, Hendiadys, Analogie, Kontaminasie, Volksetimologie, Toutologie, Reduplikasie, Assimilasie, Archaïsme, Neologisme.

### Styl:

1. Skrywe verskillende voorbeelde neer om die gebruik van hoofletters te illustreer.

2. Skrywe voorbeelde neer om soveel soos moontlik die verskillende gebruiksmaniere van die volgende te illustreer: die komma, die koma-punt, die vraagteken, die uitroepteken, aanhalingstekens, die aandagstreep, aksentstrepe.

3. Soek 'n stuk uit waarin baie punktuasie-teken is; laat een leerling dit lees, terwyl die ander dit oorskryf en punktueer.

4. Volgens watter beginsel paragrafeer 'n mens?

5. Skrywe 'n aantekening oor „taal en styl”. Kan 'n leerling sy styl „verbeter”? Indien ja, hoe?

6. Laat die hele klas in die biblioteek voorbeelde uitsoek van wat vir hulle mooi is. Hou eers daarvan 'n „voordrag-konsert” in een periode en dan 'n stylbespreking in die volgende periode. (Onthou dat 'n mens styl moet **ontleed**, d.w.s. jou bewerings met voorbeelde uit die stuk staaf).

7. Soek uit ou vraestelle vroe oor styl.

8. Watter bronne sou jy raadpleeg, as jy meer van styl wil weet?

### Literatuur:

1. Maak 'n lys van ons roman- en kortverhaalskrywers, digters en dramaturge (a) volgens die tyd waarin hulle geskrywe het en (b) volgens hulle stof (bv. vaderlandsverse, liefdesgedigte, speurverhale, dierverhale ens.).

2. Maak 'n lysie van jou geliefkoosde skrywers (skryfsters) en/of boeke, en berei jouself voor om daarvoor 'n praatjie voor die klas te hou. (Jy moet kan beklemtoon van watter soort boeke jy hou en waarom).

3. Dink na en skrywe oor letterkundige smaak. Kritiseer die letterkunde-onderwys in ons skole.

4. Wat beteken die volgende: Beeldspraak, Alliterasie, Assonansie, Stemming, Plastiek, Komiek, Humor, Satire, Dramatiese Dialog, Oorspronklikheid?

5. (As jy nie kan sê wat bostaande beteken nie, maak dit nie veel saak nie!) Soek dan maar net van 'n paar daarvan voorbeelde uit die literatuur uit, saam met stukke wat jou „sommer tref” en skrywe hulle by jou volgende stelwerk.
6. (Probeer 'n slag (vir 'n verandering) taalkundige en letterkundige „take” van verskillende aard i.p.v. die gewone opstel).
7. Skrywe oor: Ritme, maat, versoet, skandering.
8. Verdeel poësie in hoof- en onderdele (met kort verklarinkies).
9. Verdeel ook prosa (behalwe die drama) in soorte (met kort, verklarende aantekeninge).
10. Skrywe 'n opstelletjie oor die kortverhaal.
11. Verdeel die drama in soorte (volgens die afloop).
12. Wat is die verskil tussen klassieke-, realistiese- en romantiese dramas?
13. Skrywe oor: Spanning, intrige, romantiek, mensbeelding, dialoog, realisme, naturalisme; ook oor: ontspanningslektuur, didaktiek, satire, humor, stemming.
14. Soek (stukke uit) poësie, kortverhale, romans en dramas en bespreek hulle van 'n letterkundige standpunt voor die klas. (Verduidelik eers watter metode jy by so 'n bespreking volg).
15. Bespreek die kwessie of leerlinge letterkundige kritiek behoort te lewer.
16. Neem deel aan 'n kompetisie, waarin net die volgende afdelings is: Skool- of vaderlandsliedere, minneliedere, limmerike, spookstories, speurverhale, avontuurverhale, sprokies, langerige grappe, tweegesprekke, grappige verslae, fantasieë.
17. Nou weer 'n kompetisie van 'n meer gevorderde aard, waaraan die „groot kunstenaars(-esse)” van die skool kan deelneem.
18. Begin met 'n skoolbloemlesing.
19. Organiseer 'n redenaarswedstryd.
20. Wat weet jy van ander (as ons eie) kunstenaars(-esse)? Kan ons vergelykenderwys praat van „'n groot Afrikaanse letterkunde”? Wat is die taak van ons jong geslag — skeppers en lesers(-esse)?

## HOOFSTUK XIV

### Mylpale

Leerlinge wat in hulle eie taal onderrig ontvang en so heerlik Afrikaans kan lees, is geneig om te dink dat dit maar van oudsher af die geval was. Tog is dit nie so nie. Ons taal en letterkunde, soos ons dit vandag ken, is die produk nie alleen van 'n lang ontwikkeling nie maar veral van 'n heftige worstelstryd. Dit is gevolglik noodsaaklik dat leerlinge iets sal weet van die volstrede stryd en veral van die moedige pioniers en onverskrokke geloofshelde wat te midde van spot en verguising getrou gebly het aan 'n ideaal.

Voordat ons tot die **Eerste Taalbeweging** kom, moet leerlinge weer 'n slag Afrikaans naas moderne Nederlands lê (om nie eens van die Hollands van die jaar 1652 te praat nie). Dit is mos heeltemal 'n ander taal. Hoe het die geweldige verandering tog plaasgevind en watter faktore het bygedra tot die snelle ontwikkeling? (Ons kan die kwessie nie hier bespreek nie, maar gee tog die volgende ter bedenking): (a) Die natuurlike rigting van defleksie, d.w.s. die ontslae raak van buigingsuitgange; (b) die feit dat baie koloniste dialektiese Nederlands gepraat het; (c) die afwesigheid van kultuur- en algemene remmende invloede soos skole, kerke, boeke, blaaië ens.; (d) die invloed van ander tale en nasionaliteite.

Ons moet eintlik sê dat ons taal en letterkunde in die jaar 1652 met die koms van van **Riebeeck** begin. Hy het bv. 'n „**Dagverhaal**” geskryf wat al tot 'n mate 'n Afrikaanse gees adem. Ook die onverskrokke **Adam Tas** het 'n **dagregister** gehou, wat deur sy losse styl en sy rake spot 'n menslike dokument geword het. Sulke **dagboeke** is ook omstreeks die jare van die Groot Trek deur **Louis Trigardt**, **Erasmus Smit** en **Sarel Cilliers** gehou — geskrifte wat in vorm en inhoud meer Afrikaans as Nederlands is. In 1832 gee **Charles Etienne Boniface**, 'n Frans-Suid-Afrikaanse avonturier, 'n hekeldrama „**De Temperantisten**”, uit waarin daar stukke in die sg. Hotnot-Afrikaans in dialoogvorm verskyn. In 1844 maak ook die beroemde **Kaatjie Kekkelbek** haar debuut in 'n Engelse stuk. Sy praat 'n komiese brabbeltaal wat mense amuseer (en seker ook die idee laat posvat dat Afrikaans „'n konkoksie van alles wat” is. Toe 'n sekere **Louis Henry Meurant** tussen 1844 en 1850 redakteur van „**Het Kaapsche Grensblad**” was, het daar van tyd tot tyd stukke in Afrikaans verskyn. **Meurant** skrywe ook 'n politieke pamflet, nl. „**Zamenspraak tussen Klaas Waarzegger en Jan Twyfelaar**” oor afskeiding tussen die Oostelike en Westelike Provinsies, en hierin **tref ons die**



Afrikaans te vertaal soos 'n silwre draad dwarsdeur die geskiedenis van die taalbeweging loop.

Op 7 November 1874 rig Pannevis 'n brief aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap waarin hy weer die behoefte aan bybelvertaling beklemtoon en S. J. du Toit (sonder sy medewete) as vertaler aanbeveel. (Laasgenoemde het teen hierdie tyd al bekendheid verwerf as 'n moedige stryder vir Afrikaans in „De Zuid-Afrikaan”. Ook het hy al elementêre spelreëls opgestel). Ds. Morgan, die plaaslike verteenwoordiger van die genootskap, maak die saak in Julie 1875 aanhangig by 'n predikante-konferensie op Wellington, wat teen die maatreël besluit. Dit lei tot 'n samespreking deur die voorstanders van Afrikaans op 14 Augustus 1875 in die Paarl. Hulle besluit dat, hoe noodsaaklik die bybelvertaling ook is, die tyd daarvoor nog nie ryp is nie. Hulle gaan oor tot die belangrike stigting van „Die Genootskap van Regte Afrikaanders,” wat onder die besielende aanvoering veral van ds. S. J. du Toit so 'n krag in die volkslewe sou word.

Die oprigters was: C. P. Hoogenhout, 'n Hollands-Afrikaanse onderwyser wat soveel waardevolle pionierswerk help doen het D. F. du Toit (Oom Lokomotief), ook 'n onderwyser, 'n ouer broer van ds. S. J. du Toit en 'n ware ou staatmaker, ds. S. J. du Toit, daardie reuse-gees, onvermoeide werker en die siel van die beweging, A. Ahrbeck, aspirant-predikant, S. G. du Toit, aspirant-onderwyser, G. Malherbe, P. J. Malherbe en D. F. du Toit. (Pannevis het eers later toegetree, maar om gesondheidsredes gou bedank. Later het o.a. ook nog aangesluit eerw. J. P. Dempers, J. W. van der Ryst en die bekende G. R. von Wielligh, o.a. skrywer van „Jakob Platij”. Hoewel hy nooit amptelik lid was nie, was president F. W. Reitz die beweging baie simpatiek gesind, en hy het dan ook in daardie periode 'n hele aantal gedigte bygedra. Melt Brink wat later baie bekend sou word as die skrywer van grappige versies, toneelstukkies en verhale (veral „Die Reis naar Kaapstad van Oom Gysbert van Graan”), was wel die sg. Afrikaanse beweging nie eintlik te gunstig gesind nie, maar sy luim in die losse Nederlands-Afrikaanse taalvorm het baie mense laat lees, veral toe die G.R.A. se invloed aan die verdwyn was).

Dit is onmoontlik om die strewe en doel van die genootskap breedvoerig uiteen te sit, maar dit moet beklemtoon word dat hulle „gestaan” het „ver ons Taal, ons Nasie en ons Land”, dat hulle besluit het om „Die Afrikaanse Patriot”, 'n maandblad, uit te gee, en dat hulle ook 'n Woordeboek en 'n Spraakkuns so gou moontlik die lig sou laat sien. Hulle was voorwaar moedige bouliede.

Die genootskap het dan ook nie gras onder die voete laat groei nie. Die twee Du Toits, Pannevis en Hoogenhout publiseer die bekende „Afrikaanse Volkslied”, waaruit 'n sterk Afrikaanse gees spreek. Kort daarna publiseer hulle in „De Zuid-Afrikaan” 'n manifest, waarin hulle „die Afrikaanders met Afrikaanse

harte", „die regte Afrikaanders", aanmaan „om same met ons te erken dat die Afrikaanse taal ons moedertaal is . . . om same met ons te staan ver ons taal deur dik en dun; en nie te rus nie vóór dat ons taal in alle opsigte algemeen erkend is as die volkstaal van ons land." Bepaald 'n definitiewe program!

Op 15 Januarie 1876 verskyn die genootskap se mondstuk, „Die Afrikaanse Patriot" wat aanvanklik bittere beledigings en felle hoon moes verduur — nie in die eerste instansie van Engelse kant nie, maar van Hollands-Afrikaanse kant. Die geleerde mense het gepraat van 'n veragtelike „patois", 'n hotnotstaaltjie, 'n kombuistaal, en „patterjots" het 'n beledigende woord geword. (Dis tog vreemd watter wondere die tyd kan verrig). Na 'n geweldige worstelstryd word die blad omstreeks die jare 1880 een van die populêrste blaale in die land. Hierdie populariteit moet veral toegeskryf word aan die feit dat die blad sterk kant gekies het in die politiek. „Die Patriot" het nl. te velde getrek teen die anneksasie-beleid en die algemene uitlander-invloede. Toe Ds. du Toit in 1880 die magtige Afrikanerbond stig, word „Die Patriot" sy invloedryke mondstuk. Die Afrikaner kon nou politiek lees en politiek skrywe. Voorwaar 'n benydenswaardige voorreg!!

Maar „Die Patriot"-manne was veelsydige werkers. Luister 'n bietjie na die volgende prestasies: In 1876 verskyn Ds. du Toit se „Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal", 'n elementêre baanbreker-grammatikaboek. In 1877 publiseer hy (met 'n bietjie hulp van ander) weer die eerste Afrikaanse Geskiedenisboek, 'n teëwig teen die bestaande „Cape Histories". Klaas Waarzegger, Jr. (C P. Hoogenhout) publiseer in 1879 „Catharina, die dogter van die Advokaat," 'n eerste Afrikaanse novelle. Ongeveer dieselfde tyd verskyn daar van die hand van Oom Willem (J. W. van der Ryst) 'n spel- en leesboek vir Afrikaanse kinders, ook baanbrekerswerk. Jan wat versies maak (C. P. Hoogenhout) stel ook belang in kinderlektuur en gee in 1880 'n „Eerste Afrikaanse Printjies Boekie ver Soet Kinders" uit. In 1878 het die eerste versameling Afrikaanse gedigte, oorgedruk uit „Die Patriot", al verskyn. In 1880 publiseer Ds. du Toit 'n geskiedenis van die beweging wat baie waardevolle inligting bevat. Intussen het hulle nog gedurig aandag gegee aan hulle groot ideaal, nl. om die Bybel te vertaal. Hoewel veelvuldige werksaamhede en ander moeilikhede hulle van die verwesenliking van die ideaal gehou het, het Ds. du Toit van tyd tot tyd dele soos Genesis, Matteus, Openbaring en Die Psalme by wyse van proewe vertaal. Hierdie rustelose geeste het voorwaar noueliks 'n terrein van die lewe braak laat lê.

In 1896 word weer 'n baie belangrike mylpaal bereik met die hou van die Eerste Taalkongres in die Paarl. Daar word besluit om 'n taalkunde op te stel, die Bybel te vertaal, en om 'n beleid uit te spreek ten gunste van Afrikaans as kanseltaal. Die belangrikste besluit op hierdie kongres was egter om 'n tydskrif,

„Ons Klyntji”, uit te gee „om Afrikaanse skrywers en dus ’n Afrikaanse letterkunde te form.” Daar sal nou op taal en styl net soveel gelet word as op inhoud. Dit was dus ’n moedige voorloper van latere blaaie soos „Die Huisgenoot” e.a. In „Ons Klyntji” het o.a. verskyn „Magrita Prinsloo”, ’n historiese toneelstuk, en „Die Koningin fan Skeba”, ’n historiese roman en een van die belangrikste uitgawes van die beweging. Albei is van die hand van ds. S. J. du Toit. Twee dele, nl. „Di Afgunsduiwel” en „Di Baasduiwel” van die later bekende „Sewe Duiwels” van J. Lion Cachet, het ook in die blad verskyn sowel as „Jakob Platji” van G. R. von Wielligh.

Voordat ons afstap, moet ons Die Eerste Afrikaanse Taalbeweging in sy regte perspektief sien. Van ons standpunt beskou, was hulle nie groot kunstenaars nie. Hulle het betreklik min geskrywe wat ons vandag nog ontroer. Ons moet hulle kultuur-historiese prestasies as baanbrekers en voorlopers egter baie, baie hoog skat. Om agterna krities te staan is immers geen kuns nie, maar om in donkere dae leiding te neem en ondanks teenstand en verguising doelbewus voort te swoeg op die kronkelpad na ’n ideaal—daarvoor moet ’n mens ’n held wees. As sulks beskou ons ons moedige voorlopers, en ons hou hulle nagedagtenis erkentlik in ere.

Amptelik het Die Genootskap van Regte Afrikaanders en sy mondstukke nog tot na die Anglo-Boere-oorlog bestaan, maar in die werklikheid het die Genootskap en dus die Beweging al voor die oorlog doodgeloop. Die geskiedenis van daardie donker tydperk is nog nie presies te boek gestel nie. Die eens-gevierde intellektuele leier, redakteur-skrywer en volksman, S. J. du Toit, word daarvan beskuldig dat hy Rhodes te simpātiek gesind is. Baie van sy trouste volgelinge en helpers verlaat hom, en, toe die oorlogskanonne in 1899 begin bulder, swerwe die meeste kampvegters werklik doelloos in die woestyn rond.

Na die oorlog is die toestand op taal- en letterkunde-gebied natuurlik maar treurig. Vrystaat en Transvaal lê feitlik stuip-trekkend, en van die Kolonie sou Jan wat Versies maak weer kon sê: „Engels! Engels! alles Engels!” Wat die toestand vererger het, was die feit dat Afrikaners (behalwe ’n aantal noemenswaardige uitsonderinge) wat nie verengels het nie, heftig teen Afrikaans as skryf- en kanseltaal gekant was. Dit was ’n toestand vol verwarring en stryd. Die geskiedenis van ons taal en literatuur is egter ’n geskiedenis waarin neerlae altyd gevolg is deur die ewige herryensenis.

Ten spyte van heftige bekamping pleit die onverskrokke en ywerige adv. J. H. H. de Waal al sedert 1903 in „De Goede Hoop” vir Afrikaans. Hy plaas ook baie stukke in Afrikaans.

Uit die Noorde kom gou weerklank: Die bekende Gustav Preller, toe onder-redakteur van „De Volkstem,” publiseer ’n „manifes”, waarin hy betoog dat Afrikaans kragtens sy worteling

in die volkslewe die regmatigste en grootste kans op voortbestaan het. Hierdie profetiese betoog word afgesluit met die wonder-skone „Winternag” van Eugène Marais. Preller vind soveel byval, dat **Die Afrikaanse Taalgenootskap (A.T.G.) in 1905 op Pretoria gestig word om die Afrikaanse taal en literatuur deur woord en daad te help ontwikkel.** Die bestuur was: Dr. N. Hoogenhout, A. J. v. d. Walt, J. Visser, adv. N. J. de Wet, F. P. Nicholson, Gustav Preller en Izak van Heerden. Dr. D. F. Malan, Totius, H. C. Jorissen, S. W. Pienaar, ds. W. Postma, J. S. Rabie en ds. Snyman is ook genooi om die vergadering by te woon.

In 1906 volg die Suide die Noorde se voorbeeld, toe daar in Kaapstad 'n Afrikaanse Taalvereniging (A.T.V.) gestig word met dieselfde oogmerke as die A.T.G. Hoofbestuurslede van die A.T.V. was o.a. adv. J. H. H. de Waal, dr. D. F. Malan, dr. D. F. Malherbe, dr. D. F. du T. Malherbe en dr. A. I. Perold.

Die letterkundige voortbrengsele bly ook nie lank uit nie: In Mei 1906 verskyn „Die Vlakte” van Jan Celliers in „De Volkstem”, en omstreeks hierdie jare publiseer De Waal sy „Johannes van Wyk” wat oorspronklik in „De Goede Hoop” verskyn het.

Die stroom kon nou nie meer gestuit word nie, en dit was duidelik dat algehele verowering net 'n kwessie van tyd was.

In 1908 word die S.A. Akademie vir Taal, Lettere en Kuns gestig. Hoewel hierdie liggaam meer as een oogmerk gehad het, noem ons net dié belangrike feit dat dit vanaf 1915 Afrikaanse spredeë vasgestel het en Afrikaanse woordelyste opgestel het.

Dank sy die hartstogtelike taalliefhebber en vurige stryder, C. J. Langenhoven, se optrede, besluit die Kaapse Provinsiale Raad in 1914 dat Afrikaans i.p.v. Nederlands tot en met Std. vier as voertaal gebruik mag word. Vrystaat en Transvaal volg gou die voorbeeld. Vanaf omstreeks 1917 geld dit vir die hoër-sowel as die laerskool in al die provinsies. Die universiteite het ook nie lank op hulle laat wag nie, en gou het Afrikaans ook hierdie vesting verower. Dr. D. F. Malherbe word aangestel as die eerste hoogleraar in Afrikaans aan die Grey-Universiteitskollege te Bloemfontein. Professor Smith word in 1919 tot die eerste Afrikaans-professor op Stellenbosch benoem, en Jan Celliers word die volgende jaar buitengewone professor.

Ons kan hier nie op die geskiedenis van die bybelvertaling ingaan nie. Ons wys egter op S. J. du Toit *cum suis* se aspirasies in die verband. Preller en Langenhoven het ook daarna sterk vir vertaling gepleit. In 1914 gee dr. B. B. Keet 'n lesing voor die A.T.V. op Stellenbosch waarin hy samewerking tussen die kerke bepleit ten einde die grootse ideaal te verwesenlik. Die gevolg was 'n besluit in dier voë deur die Vrystaatse Sinode in 1916. Die kerke werk saam, en 'n kommissie word benoem van wie die volgende, bygestaan deur taaldeskundiges, die werk in 1933 voltooi: Dr. J. D. Kestell (voorsitter), dr. J. D. du Toit (Totius), dr. E. E. van Rooyen, dr. H. C. M. Fourie en dr. B. B.

**Keet.** Hierdie gebeurtenis behoort naas die stigting van die aantal genoemde liggame tot die groot gebeurtenisse in ons taalstryd. Natuurlik het die verskillende kerke teen hierdie tyd al toegelaat dat die diens in Afrikaans gehou word — tot groot ergernis van baie konserwatiewe geeste.

Na die Bybel het die Psalm- en Gesangboek en die Halleluja aan die beurt gekom. Totius het al in 1920 met die psalmberyminge begin, 'n reuse-taak wat hy feitlik alleen voltooi het. Die eerste Afrikaanse Halleluja verskyn omstreeks 1931. Aan die Afrikaanse Gesangboek in sy geheel word op die oomblik nog gewerk, hoewel Langenhoven, en Celliers, Louw en Gerdener in 1923 en 1924 onderskeidelik al proewe van Gesange in Afrikaans gepubliseer het.

**In 1925 word Afrikaans deur beide die Volksraad en die Senaat as een van die amptelike tale van S.A. erken. S. J. du Toit se droom het waarheid geword!**

Tydskrifte (koerante kan ons hier nie bespreek nie) verdien spesiale melding. Vanaf 1910 tot 1922 doen „Die Brandwag” vir die grootste gedeelte van die tyd onder die redaksie van dr. W. M. R. Malherbe en later van Gustav Preller, uitstekende taal- en letterkundige werk. In 1916 verskyn „Die Huisgenoot” onder die bekwame redaksie van Professor Smith. Nadat dit as geïllustreerde weekblad uitgegee is, groei dit eers onder die redaksie van dr. H. G. Viljoen en later onder die van mnr. J. M. H. Viljoen tot een van ons mees-gelese tydskrifte.

(Die verskillende tydskrifte wat na die wordingstydperk tot stand gekom het, kan nie behandel word nie. Die leerling moet hulle trouens ken en lees, aangesien die tydskrif net soveel of meer vormende waarde as die boek het. Dit is allesins die moeite werd om alle tydskrifte in ons biblioteek verteenwoordig te hê; dit verryk ons algemene kennis en woordeskat, en laat ons werklik belangstel in wat in ons vaderland op allerlei geblede gedoen word).

Ds seker nie onvanpas om hier daarop te wys wat op ander kultuur-terreine gedoen word nie: In die laaste aantal jare het daar 'n hele paar vertalende woordeboeke en woordelyste verskyn, terwyl Professor Smith besig is aan die standaard-woordeboek. Oor ons taal word heelwat in boeke, tydskrifte en koerante geskrywe, en die Afrikaanse taaleksamens doen baie verdienstelike werk om veral nie-Afrikaans-sprekendes in Afrikaans te laat belangstel. Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (die F.A.K.) het die kultuurkragte saamgesnoer en doen nou kultuurwerk op allerlei gebiede. Ook moet ons die werk van toneelvereniginge en -geselskappe dankbaar noem. Alles saamgevat, kan ons sê dat die „veragte kombuistaal” haas elke gebied tenminste amptelik verower het en dat dit al lank al vir ons 'n letterkunde gegee het, waarvan ons die voor- en

latere geskiedenis met trots kan volg, en wat ons lewens kan veraangenaam, verdiep en verryk.

Die Tweede Afrikaanse Taalbeweging wat na die Boere-oorlog begin het en in 'n sekere sin nog altyd voortduur, kan nouliks met die Eerste Beweging vergelyk word. Die voorlopers moes die volk beïnvloed en hulle geskrifte was propagandisties, verstandelik en „volks”. Die Tweede Beweging is veel meer as 'n taalbeweging. Wat die volk ervaar het, het hom ryp gemaak. Ontwikkelde mense het die taalstryd gou gewen, en daarnaas en daaruit is gebore die uiting van wat in die siel omgegaan het. Nou nie meer 'n gespartel om 'n medium erken te kry nie, maar die voorreg om spontaan te kan sê wat die grotes van alle nasies en tye in hulle eie taal gesê het.

Ons leerlinge kon nie deelneem aan die veroweringsveldtog nie, maar ons het die ewe belangrike taak om te **handhaaf en te bou**. Mag die visioene en die getrouheid van die voorlopers nooit van ons wyk nie!

## HOOFSTUK XV

### Beskouinge

Die onderrig van Afrikaans dateer, relatief gesproke, nog maar van gister af. Dit is dan ook geen wonder dat daar nog baie probleme i.v.m. die saak is nie. Een van die probleme wat kan genoem word, is die gebrek aan sistematiese voortbouing, afronding en eenvormigheid. As 'n leerling se taalbeheer en smaak, vandat hy die dag in die skool kom, stelselmatig, traps-gewys (van standerd tot standerd) en doelbewus ontwikkel word, sal hy op die stadium, waarop hy die skool verlaat, wonderbaarlik ontwikkel wees. Daardie kontinuïteit ontbreek soms nog. Eenvormigheid is daar ook nie, aangesien die verskillende provinsies en eksamens se standarde verskil. Wat kan leerlinge nou daaraan doen? Op die oomblik nie veel nie. Maar hulle moet tog bewus wees van die toestand, probeer uitvind wat ander leerlinge doen, en veral op eie inisiatief doelbewus taal- en letterkunde-ideale nastreef.

'n Ander vraagstuk wat nog onopgelos is, is waar die klem moet val — op die **formele** of die **praktiese**. Moet 'n leerling weet **waarom** of moet hy kan **gebruik**. Sonder om hier te heftig kant te kies (vir die ander sy is daar seker ook goeie argumente), wil ons hier die noodsaaklikheid en die interessantheid van die praktiese beklemtoon.

Leerlinge het ver gevorder, as hulle geleer het om die taal nie net as iets *van die klaskamer* te beskou nie, maar veral as iets van die lewe. Dit moet o.a. beteken dat leerlinge onverwyld taalaantekeningboekies moet aanskaaf, waarin hulle bv. taalfoute soos uitspraakfoute, vormleerfoute, sinsboufoute, verkeerde woordgebruik, leenwoorde, anglisismes ens. aanteken. In so 'n aantekeningboek moet leerlinge ook treffende en veelseggende woorde en sinne aanteken. Wat daarbuite gehoor word, moet leerlinge na die klaskamer bring, en wat in die klaskamer geleer word, moet leerlinge daarbuite kan gaan toepas. **Die oor is immers die magtigste faktor by taalonderrig.** Dit is 'n veelseggende waarheid, en beteken o.a. dat alles wat leerlinge in en buite die skool hoor, 'n taalles is. As leerlinge se ore louter korrektheid en skoonheid gehoor het, dan sou die taal- en letterkunde-onderwysers op die wapad wees. Maar helaas!

Op die meeste plekke hoor leerlinge soveel taalfoute, dat daar vergoeding moet wees. Die ideale metode hier is lees. As leerlinge die regte boeke op die regte manier lees en dit 'n lewensgewoonte maak, het die taal- en letterkunde-ontwikkeling geen perke nie. Wat die regte boeke is, moet voorligters sê, maar die

regte leesmetode is die leerling se saak. **Hard lees en met 'n potlood lees om nuwe woorde en uitdrukkings te onderstreep, en om daardie dinge, in die taalles behandel, aan te stip en prakties na te gaan — dit het 'n geweldige vormende waarde.** As leerlinge hierby nuwe woorde (sê uit 'n woordeboek) doelbewus leer, dan moet hulle met verloop van tyd die taal wonderlik magtig word.

Die twee faktore wat die meeste tot leerlinge se ontwikkeling in die verband bydra, is die **indrukke** wat hulle ontvang en aan die ander kant die **uitdrukking** wat hulle gee aan hulle gedagtes en gevoelens. Indrukke is die gevolg van wat die leerling hoor en lees (soos ons aangetoon het). Nou moet ons ten slotte die belangrikheid van uitdrukking soos bv. skryfwerk beklemtoon. As leerlinge na die punte-indeling van vraestelle kyk, sal hulle sien watter groot rol skryfwerk speel, maar afgesien daarvan kan ons die belangrikheid van skryfoefeninge en skryfwerk nie oorskat nie.

Leerlinge hoef nie net self te probeer skep nie, maar die skryfwerk kan en moet dikwels aan die leeswerk gekoppel word. As leerlinge bv. stukke uit boeke letterlik sou oorskryf waarin die gebruik van interpunksie, grammatika-sake (soos tyd, samestellings, sinsbou ens.) en woordgebruik geïllustreer word, sou hulle langamerhand net so korrek leer skryf soos ons kunstenaars.

Maar die belangrikste aspekte bly natuurlik vertolking en die eie skepping. Mooi lees, voordragte en toneelspel moet wel 'n leerling se gemoed ontvanklik maak vir die skoonheid van die gesproke woord. Maar die geskrewe woord, daardie ontwikkeling van letterkundige aanleg op die baie gebiede? Taalonderwys wat dit nie ten gevolg het nie, is sonder siel en besieling. Leerlinge moet verstaan dat die grootste voorreg en vreugde van 'n ontwikkelde mens moet wees dat hy in staat is om eie sieleleed en -verrukking, die diepste roersele van die gees, weer te gee. As ons eers verstaan dat ten spyte van soveel wisseling en kortstondigheid, die groot geskrewe woord ewig en onsterflik is — die mens se allerskoonste monument, dan word ons taal- en letterkunde-onderwys (wat dit behoort te wees) 'n blywende genot en 'n besieling tot in lengte van dae.

